# Die Here is Daar...

**(DEEL 2)**

**Esegiël 25-48 en Haggai**

**Ds. P.G.W. SNYMAN**

# Die Here is daar

## Die Hemele geopen

PREKE OOR DIE PROFESIEË VAN
ESEGIËL (DEEL 2) EN HAGGAI

deur DS. P. G. W. SNYMAN
(In lewe leraar van die Gereformeerde gemeentes Krokodilrivier en Enkeldoorn, Rhodesië)

1967

## INHOUD

1 AMMON DIE VALSAARD ........ 3
2. MOAB — 'N SUIGKRAG ........ 8
3. BROEDERTWIS — DIE GROOT SKULD ........ 12
4. ONS DOODSVYANDE ........ 15
5. TIRUS! BELANGE-POLITIEK ........ 19
6. WÊRELDRUÏNE OF TIRUS SE ONDERGANG ........ 24
7. GOD SE IRONIE ........ 27
8. SIDON, DIE STEEKDORING VAN VERAGTING ........ 31
9. EGIPTE SE ONDERGANG ........ 35
10. GODS SOEWEREINE BESKIKKING OOR LANDE EN VOLKE ........ 39
11. DIE JONG MANNE VAN ON KOM OM EN DIE DOGTERS VAN TAGPANHES GAAN IN GEVANGENSKAP ........ 43
12. OOR MENSE, VOËLS EN ANDER DIERE — WATERDRINKERS ! ........ 47
13. VLOEKSANG OOR FARAO ........ 51
14. FARAO SE “TROOS” ........ 55
15. 'N NUWE OPDRAG: DIE BRANDWAG ........ 58
16. DIE TWEE UITERSTES IN DIE SONDE ........ 62
17. HOORDERS MOET SLEGS APPLOUDISSEER ........ 66
18. DIE HERE, DIE GOEIE HERDER VAN SY VOLK ........ 69
19. DIE VERKEERDE TOON, KENMERK VAN DIE AFVALLIGE BONDSKIND ........ 75
20. MENSETERS ........ 79
21. OM SY HEILIGE NAAM ONTWIL! ........ 82
22. VERNUWING VAN ISRAEL ........ 86
23. GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES ........ 91
24. GOG — DIE ANTICHRIS AAN GODS LEIBAND ........ 96
25. DIE PREDIKING VAN DIE MUUR ........ 102
26. DIE TAFEL VOOR DIE AANGESIG VAN DIE HERE ........ 107
27. NET DIE MUUR ........ 111
28. DIE HERE HERE, ONS BESITTING ........ 115
29. 'N REGTE WEEGSKAAL, 'N REGTE EFA EN ‘N REGTE BAT ........ 119
30. ORDEMAATREËLS ........ 124
31. DIE GROEIENDE WATERSTROOM ........ 128
32. GENESENDE WATERS ........ 132
33. VRUGTEBOME ........ 136
34. GRENSE ........ 140
35. OOR DIE GANSE BREEDTE ........ 144
36. DIE HERE IS DAAR! ........ 149
37. DIE VEROORDELING VAN DIE VERONTSKULDIGINGS VAN DIE GESONDE VERSTAND DEUR GODS EIS VAN LIEFDEDIENS ........ 154
38. DIE KRAGTIGE WERKING VAN GODS WOORD AS GENADEMIDDEL ........ 158
39. 'N GODSWOORD TOT BEMOEDIGING ........ 162
40. DIE BESMETLIKHEID VAN DIE SONDE ........ 166
41. KERKBOU EN AKKERBOU ........ 170

# 1 AMMON DIE VALSAARD

**Lees**: Eség. 25:1—7; 21:28—32; Ps. 79:1—3.

**Teks**: Eség. 25:2, 7(b).

Die vreeslike oordeelsbedreiging oor Jerusalem is reeds voltrek. Die onafwendbare het geskied. Jerusalem lê verwoes, soos die digter dit betreur:

*U heiligdom se heiligheid geskend,*
*Jerusalem tot puinhoop omgewend.*
*Die lyke van u knegte lê verstrooi,*
*hul vlees aan al wat skeur en aas ten proo***I.**
*Daar's bloed soos water om die stad gestort;*
*en niemand wat daar meer begrawe word.*

Die wêreldryk Babel het Juda ook ingeslurp en die glorieryke koninkryk van Dawid het geen naam en geen plek meer op aarde nie. 'n Trotse voet vertrap nou die verkore volk, en 'n bose hand dwing hulle om in ballingskap rond te swerwe. Natuurlik, hierdie lot het Juda dubbeld en dwars verdien. Juda het sy troue Verbondsgod verlaat — en wie God verlaat, het smart op smart te vrees.

Maar gemeente, stel u eens in die plek van die ballinge toe die vlugtelinge uit die ondergegane Jerusalem by hulle aangekom het en vir hulle die oordeelsvoltrekking oor Jerusalem berig het: die instorting van die mure, die verbranding van die stad deur vuur en... o vreeslik was dit... die smaad, die leedvermaak van Ammon, Moab, Edom en die Filistyne! Swarte dag was dit! Die son van die HERE se guns het in die nag van lyde ondergegaan! Sou dit nou vir goed wees? Ja, dis vir goed! So hoon die heidene en omwonende volke! En nog meer! Met die stad en tempel het ook Israel se God ondergegaan.

Maar die gelowige kern, die dogter Sions, worstel in die duisternis — klaag haar nood by die HERE,

en wag gedurig op die HEER,
tot Hy die Ligbewerker
die nag in daagraad keer!

En, gemeente, dis nou tot die ballinge in hierdie nag-toestand oor die toekoms van die puinhope van Jerusalem dat Eségiël nie meer die nag van oordeel nie maar die *daeraad* aankondig.

In hoofstuk 1—24, het hy vir die afkerige kinders niks as ondergang aangesê nie — maar nou gaan die profeet begin om iets uit die opgang uit die hoogte te verkondig.

Toe die mure en tempel van Jerusalem nog daar gestaan het as grond van Israel se vertroue, het die duisternis van die oordeel gedreig. Maar nou dat die valse grondslag deur die oordeel vergruis is, nou gloor die lig van 'n nuwe dag. Die daeraad kom! *Daar is troos.*

Sy profetiese boek val verder uiteen in twee groot dele, wat tesame vir Israel 'n troosboek is.

Die *eerste deel*, hoofstuk 25—32, spreek *negatief* van Israel se herstel, deur die vernietiging aan te kondig van Israel se vyande, wat gewaan het dat die volk van God met hulle God en al nou vir goed van die toneel verdwyn het.

Die *tweede deel,* hoofstuk 33—48, gaan spreek *positief* van Israel se herstel: van die herbou van stad en tempel.

En Eségiël begin in ons teksverse met die negatiewe vertroosting van Israel deur die ondergang van Ammon aan te kondig.

Twee sake tree hier op ons toe:

1. Die ewige selfliefde Gods — Ammon sal weet dat Ek die HERE is;

2. Die toorn van die selfliefde Gods oor Ammon, die valsaard.

**I.**

Eségiël begin dan sy heropbouwerk, sy vertroosting van die ballinge in hulle lydensnag, deur Gods oordele oor die vyande van die volk van God aan te kondig.

God het sy eie volk nie gespaar nie — Hy sal die heidenvolk ewe min spaar. Na Jerusalem kom hulle aan die beurt.

En, gemeente, dit is 'n heerlike troos vir die volk van God. Dis bemoedigend. Dis mooi!

Nie omdat gedink mag word: So ja, nou kry die "wêreld" ook sy beurt nie! Want dit sou ook maar sondige leedvermaak wees — die sonde wat juis aan die volke verwyt word.

Maar dis so mooi, dis so troosryk wat die HERE nou doen, omdat uit hierdie volgorde van die oorlogsweg, omdat uit hierdie verskriklike oordeelsvoorsegginge oor die omwonende volke die *ontsaglike grote liefde van God blyk.*

Ja, kyk hieroor nie verbaas op nie. Dit was sy heilige liefde wat sy eie, maar troubreukige verbondsvolk van Hom afgestoot het in ballingskap en die puinhope van Jerusalem in as laat smeul het.

Die oorlog oor Jerusalem was 'n roede, gemaak uit die goud van Gods heilige liefde. Dit was Gods uiterste remedie!

En as die HERE dan hoor dat die vyande van Israel lag en spot; as hulle 'n vreugdedans uit leedvermaak uitvoer rondom die swart gebrande mure van Jerusalem; as Hy merk hoedat die heidene nog verder wil gaan as Hyself om die weinig wat na sy raad ontkom voor te staan, te smaad en selfs die genadeslag toe wil dien — dan spring die heilige God in sy liefde op soos 'n getergde leeuwyfie wat oor haar welpe brul.

Wie Gods Verbond aanraak, raak Gods oogappel aan.

Dit is die liefde van God wat die wee uitroep oor Ammon: Omdat jy ha! ha! geroep het oor my heiligdom sal Ek Rabba verwoes en julle sal weet dat Ek die HERE is.

Hierdie liefde van God is nie die liefde van God vir sy volk nie, maar dis die liefde van God vir *Homself.*

Die liefde van God word veelal verhumaniseer, vermenslik! Dit draai om die mens! Gods liefde word gemeet aan die mens as maatstaf. Die mens is so die hoogste wese waartoe God se liefde kan uitgaan. Die mens, ag, as God hom nie sou lief hê nie, dan is daar vir hom nie sprake van God se liefde nie. Dan word God gou gemaak tot 'n wrede God. 'n Onregverdige God, *want Hy ontsien die mens nie!*

Geliefdes, dis die valse Godsbegrip, wat maak dat God vir hulle dan eers 'n God van liefde is as Hy glad nie straf nie, ja as daar oor die mens geen ewige straf sal wees in sy goddeloosheid nie maar as God hom met sy sonde en al altyd net lief het! Hoe ter wêreld kan die onuitbluslike vuur gerym word met die ontroerende waarheid: God is liefde? — So word gevra!

Dis hierdie valse Godsbegrip wAäronder die ballinge geleef het. God het Jerusalem en Juda lief! Hy kan hulle nie straf nie!

En dis ook onder dieselfde valse godsbegrip dat menige sg. Christen homself vandag probeer troetel te midde van 'n sondige lewe.

Nee, geliefdes, hierdie opvatting van die liefde Gods is uiters oppervlakkig. 'n Liefde wat nie in heilige toorn kan ontvlam nie, is die naam van liefde nie werd nie. Dis swakheid of slegte toegeeflikheid, maar geen liefde nie. En die liefde van God openbaar sig 'n heilige toorn, Omdat God Homself in sy verbond lief het toorn Hy teen Israel wat dit verbreek, toorn Hy teenoor die volk wat daaroor bly is!

Maar dis ook 'n vergissing om te meen dat die liefde van God net bestaan in 'n liefde *vir* die mens — dan moes God se liefde eers ontstaan het toe die mens Adam op die toneel getree het.

Maar God *word* nie liefde nie; Hy is liefde van ewigheid, voor daar nog 'n mens was. En God het Homself ewig lief. En as daar iemand of iets was wat God meer kon liefhê as Homself, dan sou daardie iemand of iets 'n hoër goed bo God moet wees. Dan sou God geen God meer kon wees nie.

Maar nou dat God Homself ewig lief het met die hoogste liefde, handhaaf God Homself as die hoogste Goed! Daarom sluit God se liefde vir Homself die oordeel oor die sondaars nie uit nie, maar onverbiddelik juis in. Want as God die HERE die mens wat hom tot die uiterste toe teen God verset, tog nog sou ontsien in 'n week liefde, dan sou God daarmee bewys dat Hy die sondige mens meer lief het as Homself en sy geregtigheid en heiligheid. — Daarom, Gods ewige selfliefde eis die ewige haat teen sy haters.

Gemeente, dis hierdie heilige selfliefde van God wat hier teen die omwonende volkere aan die woord is. Die HERE neem dit vir sy volk op, omdat die heidene in Israel God self aantas: “Omdat julle geroep het ha! ha! *oor My heiligdom”!* Julle het leedvermaak oor My gehad, sê die HERE. Want die heidene het die voorstelling gehad dat as 'n volk sy land en sy heiligdom kwytraak, hy daarmee ook sy godheid kwyt is, en dan moet hy liewer die oorheerser se god aanbid. En dit het hulle op Israel toegepas! Met die ondergang van stad en tempel is julle God ook daarmee heen. En daaroor is hulle bly!

Dit gaan dus nie meer om die volk Israel nie maar om God Self. Sy eie Naam is in die gedrang. Daarom neem sy heilige selfliefde tans die woord en sê vir die spotters: *Julle sal weet dat Ek die HERE is.* Julle sal ondervind dat Israel se God eie en enigsoortig is, ver bo alle gode. En julle sal dit ondervind op twee maniere: Ten eerste deur die redding van My volk. As God eenmaal vir Dawid gesê het: U troon sal ewig wees, dan sal dit gebeur. Dit eis Gods liefde tot sy eie waarheid. Die wêreld sou lag as die kerk ondergaan! Maar dit kan nie. God is heilig aan Homself verplig om tog die ballingvolk nie te laat vaar nie; om sy verstrooide volk weer uit die as te laat verrys en sy werk ewig te bewaar. So is die totale ondergang van die kerk 'n onmoontlike ding! Die sekerheid het ons nie te danke daaraan dat ons God so lief het nie, of omdat ons so waardig is dat God nie anders kan as om ons lief te hê nie, maar enkel omdat God Homself so liefhet, en in Homself na sy heiligheid en geregtigheid ook sy volk, sy kerk. Dit sal Ammon ondervind.

Maar Ammon sal ook aan sy eie vel ondervind dat God Homself liefhet, deurdat God as straf vir dié smading van Hom sy oordeel oor Ammon sal beskik.

Die vraag is nou of ons ook so lief het na die beeltenis van onse Vader? Of het ons slegs die week, pap toegeeflikheid om ons maar aldeur weer te skik na die sondaar se sondes! Of is ons so lou en laf teen die kerk dat ons by die wêreld selfs inskakel en saam die kerk van die Here beskimp? Het die heilige God teen sy vurige selfliefde by Ammon ingeval en Ammon geregverdig in sy smaad teen Jerusalem? O, dis wat die liefdelose sondaarmens doen. Ons mense praat selfs kinders voor in hulle beskimping van die kerke, van die predikant, ouderling

en diaken. Dan word Herodes en Pilatus vriende. Dan dink hulle eenders, dan spot hulle saam! Ammon, Moab, Edom en die Filistyne.

Daarom is dit die troos van die kerk van alle eeue dat God Homself ewig liefhet en nie sal toelaat dat sy kerk ooit sal ondergaan nie.

**II.**

Laat ons let op die vyand, Ammon, oor wie God se heilige selfliefde in opstand is!

Dis opmerklik, geliefdes, dat Eségiël *Gods toorn* hier teenoor 'n *sewetal* volke aankondig! Dertien Godsprake teen sewe volke. En in hierdie getal is dit opvallend dat Babel by name ontbreek. Dit is eerstens omdat na Gods bestel volgens Jeremia, Babel die bakermat moes word waaruit die bekeerde en herbore Israel weer te voorskyn sou tree en die verwoesting van Babel destyds ook 'n verwoesting van die oorblyfsel van die kerk sou beteken.

Maar die vernaamste rede is dat met die *sewetal* vyande hier tog alle vyande van Israel saamgevat is — ook Babel. Daar was wel meer vyandige volke, maar Eségiël noem net *sewe.* Hierdie sewetal bevat hier 'n heilige simboliek. Vir Israel het die sewetal heilige beduidenis. Die sewende dag is heilig, die onreinheid duur sewe dae lank in Israel. By sekere offerfeeste moes sewe of 2 maal 7 offerdiere geslag word; die offerbloed moet sewe maal gesprinkel word. Die kandelaar het sewe arms, en in Israel se tydsindeling kry ons sewe dae, 7 maal 7 dae, 7 jare en 7 maal 7 jare.

En hierdie sewetal vyande het hier 'n diepere geestelike beduidenis. Dit blyk veral daaruit dat die godsprake hier nie in tydsorde geplaas is nie, maar in saaklike orde. Voorop gaan die vier volke wat die meeste kontak met Israel gehad het (Ammon, Moab, Edom, Filistyne). Daarom moet ons hier tot die diepere skrifsin deurdring.

Die sewe volke verteenwoordig die vyandige wêreldmag teen die kerk van die Ou en Nuwe Testament. En wie die onheilige taktiek van die vyande van die kerk wil bespied, of wie wil weet hoe dit met die vyande van God sal afloop, moet die sewe oordele van Eségiël oor die sewe volke lees. Soos die vyand hier opgetree het, so tree hy altyd op. Sy wapentuig mag hy moderniseer, maar hy bly steeds dieselfde.

Dis dan ook opvallend dat in Eségiël teenoor Jesaja, hier geen heil in die minste vir een van die volke aangekondig word nie. Daniël wat tegelykertyd optree, sal die Evangeliese heil ook vir die volke verkondig. Maar Eségiël se profesie behels hier die besondere beduidenis om die vyande van die kerk en hulle oordeel aan te kondig.

So is trouens ook die oordele Gods in die boek Openbaring in die sewetal uitgebeeld: dis sewe seëls, sewe basuine, sewe weë, sewe donderslae, sewe engele met sewe wraakskale.

Daarom moet ons die simbolies profetiese beduidenis van die vyand Ammon hier benader. Die kerk het sy stryd van binne en van buite, want sy vyande is ook van binne en van buite. Daar is Ammon, Moab (Lot) en Edom (broer van Jakob), wat bloedverwante volke is, en Tirus, Sidon, Filistia, Egipte wat sonder bloedverwantskap was. So staan hier 'n drietal bloedverwante vyandige volke wat die kerk van binne bedreig teenoor die viertal (die getal van die wêreld) sonder bloedverwantskap, as absolute wêreldlinge.

Die sewetal van die oordele van God wys ons op die voltooiing van die werk Gods hier. Die straf Gods sal volledig uitgevoer word, voltooi word oor die vyande van God en sy kerk.

En die oordeel oor Ammon gaan voorop. Wat is Ammon dan? Ammon is die gevaarlikste vyand, want hy spreek goeie en vriendelike woorde. Ammon is *vals,* want hy is vyand, maar hy doen hom as vriend voor. Ammon is Satan in die gedaante van die Engel van die lig. Dit het Ammon se ganse geskiedenis teen Israel bewys. Van die begin af was hulle vyandig teen

Israel. Ammon was een van die eerste verdrukkers van Israel in die Rigterstydperk (Rigters 10). Reeds Amos het die Ammoniete verwyt dat hulle Gilead se swanger vrouens oopgesny het om hulle gebied uit te bre**I.** Hulle is deur suiwer landhonger gedrywe. Hierdie vyandskap kry eers sy haatlikheid as ons bedink dat Ammon deur hierdie gruwelike moordparty in diens van Satan gestaan het om die geboorte van die Messias te verhinder. Nes Farao en Herodes die kindertjies wou wegruim, net so ook Ammon. Ammon weet wie die belofte van die Messias ontvang het, nl. Israel. Dit was 'n stormaanval op die Christus. Vyande van Israel was die Ammoniete in die hand van Satan.

En veral in die dae van Eségiël het Ammon die vriendskaps-masker opgesit teenoor Juda. Toe was die Ammoniete gedurig besig om deur valse inkruiperigheid Sedekia van Nebukadnesar afvallig te maak. 'n Palestynse statebond teen die wêreld-monarg. Die skoonste beloftes en die heerlikste toekoms is deur Ammon voorgespieël. Jeremia het daarteen gewaarsku, maar Ammon het dit geskel vir vroompraatjies! Die verstandige oorlog bo vroom stories!

En inderdaad het Sedekia na Ammon geluister en geloof geheg aan sy vleiende lokstem. O Ammon die valsaard met slim planne! Want toe alles vir Sedekia misluk, toe toon Ammon eers sy ware aard. Hoewel Ammon die eintlike aanstoker tot die opstand was, het hy sy aaklige Sataniese skaterlag in 'n uitbundige leedvermaak oor Jerusalem uitgestort. Toe ver-maak hy hom oor Juda se domheid. Ha! ha! — die leedvermaak van jou vyand wat voorgee dat hy jou vriend is!

En, gemeente, nog altyd tree Satan op as 'n Engel van die lig en nog gereeld stel hy “Ammoniete” in sy diens! Hierdie Ammoniete is vyande van die kerk binne in die kerk. Dis mense wat van alles weet en aan die kerklike leer en lewe selfs verwant is. Maar daar in die kerklike lewe is hulle besig om met vriendelike gebare, skone vooruitsigte en beloftes, 'n versigtige verdrag met die hel te sluit. Daar sit *voordeel* in! Al stryk dit nou nie met wat die ouderling en die dominee sê nie — ag hulle het van besigheid tog nie soveel verstand nie. Besigheid is besigheid en elkeen is 'n dief in sy nering! *Landhonger!!*

En, gemeente, sulke mense is hoflik, innemend, vriendelik. En die duiwel is selfs ook vroom. Maar dit alles aartsvalsheid. Want as alles op 'n mislukking uitloop en die man slaan sy oë in die verderf oop in pyn, dan sal hy daar sy “vriend”, die Duiwel, ontmoet, wat satanies skaterlag oor sy goedgelowige prooi en hom verbly oor die verwoesting wat hy aangerig het. Duiwelse leedvermaak.

Hoeveel is nie die slagoffers van vals vriendskap in die lewe nie! Die man is jou intiemste vriend in elke transaksie. Tot die moeilikheid kom, dan lag hy vir jou!

Tog is hier troos vir die kerk, vir die gelowiges: Hoe magtig die vyand van die vals vriendskap in die kerk mag wees — God self sal in sy ewige selfliefde daarteen opstaan, soos teen Ammon eertyds. Want dit is Ammon se oordeel, en elke valsaard se oordeel; Rabba, sy woonplek, sal gemaak word tot 'n onbewoonde plek; weiveld vir die kamele, lêplekke vir die kleinvee. Woes! Elke sondaar vleg sy eie toue waarmee hy geslaan sal word. Ammon wat gedurig daarop uit was met slim planne en vals vriendskap om vir hom 'n naam te maak en sy gebied uit te brei, sal uit die ry van die volke weggeblaas word en sy stede sal tot 'n woesteny gestel word.

Ammon het gelag: Ha! ha! Maar dié wat die laaste lag sal die beste lag: die wat in die hemel woon sal lag. Ammon is dan ook verwoes en deur die Arabiere totaal ingesluk! Ammon is nie meer nie. 'n Sprekende vervulling van die profesie oor die valsaards.

En die kerk van die Here verstaan ook iets van die heilige lag. Die kerk weet ook as die Satan huishou en oor haar ruïnes huppel van dol vreugde — dat die heerlikheid van sy ryk ondergaan in die buitenste duisternis. En dat Sion die laaste en daarom die beste sal lag en haar

tong gevul sal word met gejuig as die Here die gevangene van Sion sal bevry in ewige heerlikheid.

**Amen.**

## 2. MOAB — 'N SUIGKRAG

**Lees**: Eség. 25:8—11; Num. 22:1—6; 25:1—5.

**Teks**: Eség. 25:8—11.

Ons het u reeds gewys op Ammon. Ammon is 'n sluwe vyand maar spreek die vriendelikste woorde as hy op Juda voordeel kan behaal ter bevrediging van sy gedurige landhonger. Ammon is die skynheilige valsaard wat gedurig lê en loer op die kerk. Hierdie vyand vang met sy sluwe valsheid duisende uit die kerk, en agterna belag hy hulle in leedvermaak. 'n Ander vyand is Moab, waarby die profeet nou ons aandag bepaal. In 'n enkele trek vat hy die vyandige siel van Moab teen die verbond van God saam as hy sê: "So spreek die Here HERE: Omdat Moab sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies"! As Moab sê: Kyk die huis van Juda is soos al die nasies — dan gee hy hier nou

(1) 'n droewe maar juiste tekening van Juda; dan spreek hy daarin

(2) sy ewige bespotting uit oor die HERE God; en dan openbaar hy hiermee

(3) die wesenlike aard van sy vyandskap teen die Verbond, teen die kerk van die Here.

By hierdie drie gedagtes wil ons met u kortliks stilstaan.

**I.**

"Kyk die huis van Juda is soos al die nasies"! Hierdie woorde van Moab konstateer 'n droewe feit! Moab het nog steeds in gedagte gehad die woorde wat Bileam gespreek het maar wat tog so teen die wens van Balak was toe hy van Juda gesê het: *"Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon* en *hom nie tot die nasies reken nie"* (Num. 23:9). Hierdie *woorde* van Bileam het Moab nie net dwars in die krop gesteek nie, maar veral die werklike posisie van Juda vroeër dae, het hom gegrief: die tyd toe Juda aan die spits van die volke gestaan het en by geen nasie te vergelyke was nie. Die tyd toe deur Gods wonderdade in Juda sy skrik op al die nasies geval het, toe die Rooi See voor hom gesplits het, die Jordaan voor hom gestuit het, burgte voor hom ingestort het (Jerigo) — die tyd toe die HERE al sy haters ver en wyd laat wegvlug het voor sy oë. Moab was met wrewel vervul oor die glansrykheid van Juda,

En toe Juda en Jerusalem nou eindelik voor Nebukadnesar swig en van sy eeue-oue verhewenheid neerstort — toe roep Moab met terugslag op die profesie van Bileam met welgevalle uit:

"Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies!" Soos al die nasies word Juda ook maar in ballingskap gevoer! So dryf Juda ook maar afgodery! So is Juda ook maar sedeloos en in hoerery vervalle. So heers in Juda ook maar sosiale ongeregtigheid. Ook godsdienstig-sedelik staan Juda nie meer verhewe nie. Nóg innerlik, nóg uiterlik was daar enige onderskeid te bespeur tussen Israel en al die ander nasies. Israel woon nie meer afgesonder nie!

Gemeente, die tragiese van die uitlating van Moab oor Juda, oor die Verbondsvolk, oor die Ou-Testamentiese Kerk, is dat dit *waar* is! Juda, die kerk, het net soos die nasies geword! Godsdienstig, sedelik, maatskaplik, politiek *het* Juda met die nasies versmelt! En die ergste is dat Juda self dit nie berouvol erken nie.

En, gemeente, die wêreld let noukeurig op die kerk. In die stilte verwag die wêreld van die

kerk wel deeglik 'n geestelike meerderheid. Onbedoeld swig die wêreld voor die majesteit van die Woord en die stille invloed van die vrees van die Here. Maar as die kerk nie kan openbaar dat hy geestelik die wêreld se meerdere is nie — dan gaan die wêreld aanstonds met God en godsdiens spot. Dan stel die wêreld die kerk spottend aan die kaak! Kyk daar! 'n Lidmaat van die Gereformeerde Kerk! Kyk net! Lidmate van die Gereformeerde Kerk lieg ook maar, bedrieg ook maar nes wêreldlinge! Hulle jaag ook maar net so hartstogtelik na geld en aansien in die wêreld. Hulle werk ook mekaar met die elmboë uit! Hulle skel en klaag ook maar net so oor die slegte tye. Hulle dobbel en vat ook maar lootjies. Hulle dans en speel ook maar ydel spele! Hulle huweliksmoraal staan op 'n nog laer peil as die wêreld s'n. Hulle trap ook maar oor die tou!

O die geestelike verhewenheid van die kerk bo die wêreld lyk na 'n belaglike ding! Die wêreld lag in sy vuisie daaroor! Die kerk het met die wêreld saamgesmelt, met gans die wêreldlewe!

Gemeente, waar staan ons as die Heilige Skrif dan met die hoë eise vir die kerk kom: Die kerk is die sout van die aarde; 'n stad op 'n berg, 'n kers op 'n kandelaar; 'n pilaar en vastigheid van die waarheid? Hierdie woorde stel ons diep beskaamd voor die Here! Want die triomf van die liefde en van die geloof van die kerk kan in ons tyd nie gewaar word nie. En die selfsug vertrap die selfverloëning van die kerk. Ag, nog steeds het die wêreld aanleiding om te spot met Juda, met die kerk: Juda, die kerk is soos al die nasies. Wat verbeel die kerkmense hulle miskien? Pas op vir die vromes! — Selfs gryp hulle terug op die Skrifkerk en sê smalend in ons tyd: Wie was Abraham? Die sogenaamde vader van die gelowiges: Hm! 'n Onsedelike wat veelwywery daarop nagehou het. Jakob was 'n bedrieër en het veelwywery gehandhaaf. Sy kinders was selfs hoere! Wat het Ruben, wat het Juda, wat het Dina nie gedoen nie? En Dawid? 'n Moordenaar vanweë sy wellus!

Is die pentekening van die wêreld, van Moab, die vyand van die kerk, nie droewig waar nie: *Kyk die kerk is nes die wêreld!* Sal ons ons hieroor vererg? Of ons hieroor bedroef? Toe die Here vir sy dissipels gesê het: Een van julle sal My verraai — het hulle stil bedroef geword. En menigmaal moet ons dit ook berouvol erken dat 'n opstandige lidmaat sy sonde motiveer deur vir die ouderlinge te sê: Ja, kyk maar na dié en dié; hulle maak só en só. En dan kan ons wel vir hom sê: Broeder, jy kan jou sonde nie goedpraat met ander se sonde nie — maar die pynlike is tog dat ons moet erken: Ja, dit is soos jy sê! Maar nog pynliker is dit wanneer Moab, die vyand van die kerk kom en met sy vinger wys! “Kyk, die kerk is soos die wêreld!”

En as God nou reeds Moab uit die ry van die nasies deur die Galdeërs laat wegvee en daarna totaal laat beroof deur die Bedoeïene, net omdat hulle spottend opgemerk het: Juda, die kerk, is soos die nasies! — hoe sal sy toorn dan nie wees teen die kerk self wat tot die spottaal aanleiding gegee het nie — tensy reformasie en waaragtige bekering intree!

Laat die gemeente dit steeds bedink, dat as die kerk nie soos die wêreld *word* deur sy sonde nie, dan sal God die kerk nie aan die wêreld *gelykmaak* tot sy straf nie. En daartoe is die Here God uit sy ewige selfliefde genoop; want Juda self is die oorsaak dat Moab nie net vir Juda nie maar ook Juda se God hoon! Want as die wêreld die kerk van die Here en daardeur die Here van die kerk hoon, dan is dit die kerk self wat daartoe aanleiding gee. Die sonde van die kerk skend die majesteit van die Naam van die Here dubbel. Daarom dat ons Here Jesus die bede op die lippe van die kerk gedruk het: Laat U Naam geheilig word, d.i, gee ons eerstelik dat ons U reg ken, en U mog heilig, roem en prys in al U werke waarin U almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn; *en ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig, dat U Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word.*

## II.

En hiermee kom ons tot die tweede gedagte! As Moab sê: Kyk Juda is soos al die nasies, dan bespot hy daarmee Gods Naam. Want dit was vir Moab eeue lank bekend dat dit nie somar 'n opmerking van *Bileam* was toe hy van Juda gesê het: Kyk 'n volk wat afgesonderd woon en hom by die nasies nie reken nie — maar dat *dit 'n opdrag van die HERE God* was wat Bileam op straf van die dood moes uitspreek. En as Moab dan nou spottend opmerk: Kyk Juda is soos al die nasies, dan is die skampere opmerking eintlik gerig teen die HERE God wat dit van Juda laat sê het. As God dan nou wel Juda se sondes aanskou en Juda nie meer afgesonderd van die nasies hou nie maar dAäronder verstrooi en selfs minder as die nasies reken blykens die sware straf, dan maak Moab skaamteloos sy mond teen die HERE God oop en vra: Kyk, HERE God, kyk Juda is soos al die nasies! Van U woorde bly tans niks oor nie.

So spot Moab dan met Gods Woord, met die HERE se Verbond, ja met God self in sy onveranderlike verbondstrou. Moab tas met sy mond die hemel aan.

So gaan dit met 'n wêreld wat God nie ken nie. In sy sondeblindheid sper hy sy mond oop teen die grote God, wat hy nie eers ken nie. Omdat Moab die Verbondswoord, die Verbondsgod in sy ewige trou nie ken nie, daarom kan hy nie verstaan dat God, juis omdat Hy Homself lief het, hierdie weg van ballingskap oor Juda beskik nie. Juis omdat Hy nie strawweloos kan toelaat dat Juda soos al die nasies word nie — juis daarom die ballingskap. Juis langs hierdie weg wil die HERE tog nog sy seën deur Bileam uitgespreek oor Juda uit-werk! As Juda ontrou word en hom vermeng met die nasies, dan sal God nie ook ontrou word en Hom met die sonde vermeng nie maar met sy tugtiging Juda teenkom. As Juda God nie lief het nie — dan het God Homself in sy verbond nog immer lief en sal Hy in sy liefde toorn.

En nou kom Moab in sy sondeblindheid, en in waan roep hy uit: God, Juda se God, is ook maar onmagtig en onwaaragtig.

Gemeente, hier sien ons wie praat so van God! Dis die vyand van die kerk. Maar die vyand wat naby die kerk woon, ja half binne in die kerk soos Moab! En as ons dan die mens van die twintigste eeu hoor vra in sy waanwysheid: As die HERE dan God is, waarom laat Hy die kwaad so toe, waarom die oorloë — dan moet ons weet, dis die vyand van die kerk, al is dit nog 'n lidmaat van die kerk! Dis die vyande van die gekruisigde Christus, wat uitgeroep het: As U die Seun van God is, kom af van die kruis! En: Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou red as Hy behae in Hom het (Matth. 27).

Dit kan alleen die vyand van die kerk, die vyand van die Christus, die vyand van God wees, wat skampere spotopmerkings oor God en sy wêreldbestuur maak! Die gelowige wat God ken en lief het en wat in geloof leef na Gods Verbondswoord, kan met God nooit spot nie. Die apostel Petrus het reeds gesê: Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af (2 Petrus 3:3, 4). Dis Moab! Moab spot met God en sy Woord: HERE, U het gesê: Juda is 'n volk wat afgesonderd woon — en kyk, Juda is nou soos al die nasies.

Maar God laat Hom nie bespot nie. Daarom, so sê die HERE, kyk Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is — aan die kinders van die Ooste sal ek dit as besitting gee sodat die kinders van Moab nie meer genoem sal word nie. Moab het dan ook verdwyn. Die Arabiere bewoon vandag sy land en van Moab is daar geen sprake meer nie. O gemeente, dis 'n vreeslike gruwel om met God en met sy Woord die spot te dryf! Dis die vyand van God.

## III.

Maar laat ons ten slotte op die wesenlike aard van die vyand self let. As Moab met leedvermaak kan uitroep: Kyk, Juda is soos al die nasies, dan gee hy daarmee te kenne: dis die vrug, dis die uitkoms van my werk. Ek het my kragte ingespan dat Juda nes al die nasies moet wees en kyk nou, Juda is nou ook soos al die nasies.

Hierdie helse ywer van Moab dateer al van koning Balak af wat vir Bileam laat roep het om vir Israel te vloek. Moab het van vroeg af probeer om Israel van sy afgesonderdheid neer te haal tot dieselfde peil as al die nasies. As al die nasies onder die vloek staan — laat ons dan poog om Juda uit die bevoorregte posisie van die seën van die HERE te ruk en ook onder die vloek neer te haal!

En Moab het dit gepoog nie met wapengeweld nie! Want as Israel die Amelikiete, Sihon, die koning van Hesbon, en Og, die koning van Basan, verwoes het, dan sien Balak in dat hy 'n ander middel moet aanwend om Israel verneder te kry. Hy wend geestelike middele aan. Hy sal Bileam laat haal om Israel te vloek. En as dit blyk dat Bileam nie kan vloek nie, dan sal hy op raad van Bileam self Israel tot 'n val bring deur 'n afskuwelike lokaas.

Hy sal Israel uit sy afgesonderde posisie neertrek met die suigkrag van die sonde. Hy sal offerfeeste aanrig en Israel uitnooi om ook van die afgode-offers te eet en saam te hoereer. Dis hier waar Moab se gemeenheid om die hoek loer. Hy sal deur die lokmiddels van die sonde trag om alle andersheid tussen Israel en die heidendom tot nul te reduseer, en as dit geluk het sal hy Israel uitlag!

Gemeente, dis die Moabs-taktiek teen die kerk van die Here om met die *suigkrag* van die sonde die kerk tot 'n val te bring. O die suigkrag van die sonde is 'n uitgesoekte middel van Satan om die hel vol te maak — soos wat die Woord van God Gods genademiddel is om sy kerk te vergader. Moab is nie die soort wat kerke aan die brand steek en skavotte vir martelaars oprig nie! Moab is nie die soort vyand wat in tronke sal stop nie. Nee nooit. Moab is die verfynde, beskaafde verleier deur lokmiddels van die *sonde.* Moab werk met middels om die grense uit te wis en alle verskille tussen goed en kwaad, tussen heilig en onheilig weg te vaag. Moab rig vrolike feeste met sy wulpse dogterskaar aan om met hulle stem en sang, met hulle mooi figure, met hulle elegante bewegings, met hulle sierlike kleredrag Israel se sinne te prikkel tot begeerlikheid, tot wellus, tot vuil gedagtes. Moab sal Israel trek met kuns, met verfynde en gekultiveerde lokmiddele. Met bioskope en teaters, met rolprente en nakende meisies sal hy die siel van die kerk verpes en die laaste druppel geestelike lewe uitsuig, totdat die jeug, die sieraad van die kerk, die jong seuns en jong dogters, net so voos en uitgeput is soos die wêreldlinge. Moab suig die laaste druppel geestelike bloed van die kerk uit. En as hy dit uitgesuig het, spoeg hy die kerk uit met sy spottende opmerking: Kyk, hulle is nes die wêreldlinge. O Afrikanerdogter! Hoe suig Moab jou siele-adel uit! En as hy klaar van jou geniet het, spoeg hy jou uit! O die suigkrag van Moab het aan die kerk meer skade gedoen as alle brandstapels en sware vervolginge van die kerk. Lieflike jong seuns en meisies, die toekoms van die kerk — tot wrakke gemaak wat selfs in komende geslagte vir die kerk niks werd is nie. Ja, selfs huisgesinne afgebreek, selfs ouderlinge, diakens en predikante van hulle ampte beroof en tot wandelende skandale gestel!

O, die dogters van Moab wat ons seuns binnehaal, met wie hulle hulle verloof en straks trou — hulle het die geledere van die kerk uitgedun. En die seuns van Moab wat die dogters van God aansien, nie minder nie. En dan sê Ma miskien: Dis tog so 'n goeie seun! Hy het sulke mooi maniere. Maar straks is daardie gesin ook weer vir die kerk verlore. En dan grynslag Moab — Satan: Kyk, hulle is ook soos al die nasies!

O, dis teenoor die Moab-sonde dat die ware kerk (144000) in Openbaring 7 en 14 geteken word as bekleed met wit klere, wat hom met vrouens nie besoedel het nie en as synde maag-

delik rein. Moab hoon jou vanweë jou antitese en lag jou daarna uit vanweë jou sintese! Afgesonderd — saamsmelting. Waarom word so baie uit die kerk na die plan van die wêreld neergesuig, en waarom trek die kerk die wêreldlinge nie op uit hulle slyk na bo nie?

Waarom is dit so? Dit is omdat die Verbondswoord verontagsaam word. Dit is omdat die gespot met die Woord van God, die minagting vir die Woord van God, ons siele vir die Woord veelal laat sterf het. Dis die spotters van die Woord van God, die veragters van Gods verbond wat in Moab se hande val.

Maar die geestelike helde en heldinne, hulle wat Gods Woord en verbond liefhet en bewaar — dis hulle wat sing met die digter:

> *"Van Moab sal'k my waskom maak,*
> *oor Edom, nog belus op wraak,*
> *sal Ek in hoogheid triomfeer."*

En baie mag weggesuig word. Maar God in die hemel is wakker oor sy kerk.

God het eenmaal getoorn op Moab omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het. Hoeveel te meer sal Hy nie toorn oor die leed wat Moab *sy kerk* aangedoen het nie, deur die lewensbloed van die kerk uit te suig en dan te lag vir die kerk wat aan al die nasies gelyk geword het. Dis die kerk se troos. Maar laat die kerk van die Here dan tog ook op sy hoede wees teen die gevaarlike suigkrag van Moab — Satan, tot eer van die Here, die Koning van die kerk en tot die ewige vreugde en blydskap van die Engele in die hemel en van sy heilige kerk.

**Amen.**

## 3. BROEDERTWIS — DIE GROOT SKULD

**Lees**: Obadja en Eség. 25:12—14.

**Teks**: Eség. 25:12—14.

Hierdie profesie bepaal ons aandag by die derde van die sewe vyande van die verbondsvolk, van die kerk. Die eerste drie, Ammon, Moab en Edom, is verwante volke. Hulle is die vyande *binne die poort.* Van die eerste drie is die aandag reeds gevestig op Ammon en Moab. Hulle is *kleinneefs* van Israel, van Juda, en die vyandskap openbaar hom in leedvermaak oor die ondergang van Juda. Maar Edom, die *broedervolk* van Juda, openbaar sy vyandskap in *bitterheid* van siel en *wraaksugtige* handelwyse teenoor Juda, die Verbondsvolk, die kerk van die Here. *Bitterheid en wraaksug.*

Die agternefies spreek tog nog vriendelike woorde waar hulle lê en loer op Juda se erfenis. Maar agterneefs doen meermale so. Edom is egter 'n bloedeie broer, en nog wel 'n tweelingbroer van Jakob. En 'n mens sou verwag dat Edom die stem van die bloed tog nog sal laat spreek, veral toe die ander volke sy broedervolk na die keel gryp en sy rug oopploeg. Maar Edom stel so diep teleur: hy het die bloedstem die swye opgelê en alle gevoel van verwantskap gesmoor, soos Amos dit uitdruk, en hy het, toe ander sy broedervolk half dood geransel het, Juda nog 'n skop agterna gegee.

Hier tree die afgryslike vyand van broedertwis na vore. *Broedertwis!* Dit maak *baie skuldig.*

Wat hierdie broedertwis so afgryslik maak, is dat dit 'n ou oorgeërfde sonde is in die boesem van die Verbondsgesin, binne in die kerk van die Ou Testament.

Tussen Esau en Jakob het dit nooit gevlot nie, nie voor of met of na hulle geboorte nie. Dit

was 'n bitter wrok wat selfs onder Esau se trane nie weggespoel het nie en in die omhelsing van Jakob nie doodgedruk is nie. Hierdie bitterheid en wrok het gesmeul soos 'n onheilsame onderaardse vuur en het soos 'n vuurspuwende berg so nou en dan in die geskiedenis gewerk en swael en vuur gespuug.

Esau het wel trane geskrei maar die twisvuur het in sy hart bly gloei! En daar is niks oor gepraat nie. Dit was stil. Niemand hoor van die wrok nie. Jakob praat of vermaan niks. Esau sê ook niks! Die mense reken die kwessie is uit die wêreld; want hulle het mekaar omhels en daar is hardop geween en gesnik oor mekaar se halste. — Maar, gemeente, dis die sonde. Daar is nie oor gepraat nie. Daar is niks bely nie — nie deur Esau nie. Daar is bygevolg ook niks vergeef nie.

Dit het later ook uitgekom. Waar die haard van vyandskap bly smeul, laai later hoë vlamme op. Sluimerende nyd is nie dood nie. Slaap is wel die broer van die dood, maar dis nog nie die dood nie. En om die nydige hart met omhelsing en trane te sus, om daar 'n snikkende wiegeliedjie by te sing — mag 'n werk wees van die kortsigtige sondaarmens, wat darem nog altyd *mens* is, maar dis beslis nie die werk van die strydende kerk wat die sondevyand tot die dood toe moet bestry, wat die twisvuur algeheel moet blus nie.

O Jakob, Israel, die Verbondsvolk, die kerk, het in Esau die broervolk die twisvuur omhels en nie getug nie. En die bloedbroer Esau het sonder berou of belydenis hom die omhelsing laat welgeval en self ook enkele traantjies daarop laat druppel. Die twisvuur is nie geblus nie! En as 'n mens vuur nie doodmaak nie, dan brand hy mos nog en bars weer uit.

Dit het in die geskiedenis tussen die nasate van Esau en Jakob altyd weer geblyk: onder Dawid, Jósafat, Joram, Amasia, Agas en ten laaste onder Sedekia met die val van Jerusalem. Gedurige rusie. Die twisvuur van Esau het 'n plooi in sy karakter en in dié van Edom as volk gelê, sodat dit 'n volk met 'n nydige, wraaksugtige hart was, wat nooit berou gekry het nie, nooit bely het nie en ook nooit vergeef het nie. Elke profeet: Amos, Obadja, Eségiël — wys dan ook almal asof uit een mond op die onversoenlikheid en wraakgierigheid as die deurgaande groot lewenssonde van Edom teenoor Juda.

En o, gemeente, as ons moet terugkom na ons eie volk toe, dan dring die vraag hom aan ons op of daar nie ook in die Afrikaanse volkskarakter 'n plooi van twisvuur gelê is nie! 'n Nydigheid en wraaksugtigheid van Afrikanerbroers op mekaar om altyd op mekaar te lê en loer! 'n Gedurige rusie, waaroor ons teenoormekaar nie uitpraat nie! 'n Twisvuur wat ons teenoormekaar verswyg! En nou moet jy nie oor die vlamme, oor die hitte van die twisvuur spreek nie! Bly stil! Moenie mekaar seermaak nie. Moenie verwyte slinger nie. Moenie die twisvuur blus nie. Moenie die verdorwe natuur kruisig, vervloek, doodmaak en begrawe nie! Druk hom toe deur Afrikaner-eenheid. Begrawe dit nou onder die gemeenskaplike strewe van afskeiding van die Britse Ryk en kroon!

Ons moet verenig.

En, gemeente, dit vloek met Gods profetiese Woord. Op so 'n volkslewe, op so 'n vereniging rus Gods vloek.

Hoe 'n kerk moet daar nou onder so 'n volkslewe bestaan! Niks anders nie as 'n kerk met twisvuur in sy boesem wat gesmoor word. U sal self kan sê, broeders en susters, hoe u harte waar u op hierdie banke sit teenoormekaar gesmoor is. Soos tussen Jakob en Esau word daar nie gepraat nie! Dis stil. Niemand vermoed nie. En as ons die verbondseëen moet kom ontvang, dan wil ons met verdienstelikhede kom. Esau is weg in die veld om 'n bokkie te soek en Jakob bring met bedrog sy bokkie in hande met velle toegedraa**l.** As ons Nagmaal toe kom, dan trek ons fluweelhandskoentjies aan! Goeie dag! Hoe gaan dit?! Altwee kom soek 'n verbondseën!

En laat ons daaraan dink, hierdie kwaad het uit 'n huisgesin voortgekom — tweelingbroers. 'n Sondige opwelling van broers en susters teenoor mekaar in die huisgesin word, as dit nie so spoedig moontlik met wortel en tak uitgeroei word nie, 'n sondige trek, 'n sondige plooi in die karakters. Hulle groei tot sulke twisterige persone. Kindertjies, wat 'n magtige preek is dit ook nie vir julle nie?

En, gemeente, om die broedertwis van 'n ander aspek te benader — die profeet sê, hierdie sonde maak *baie skuldig!* Dit bring *groot* skuld! Ons moet daarop let. Dit skok ons effe. Want ons is geneig om die sondes van nyd, toorn, twisgierigheid, onversoenlikheid as 'n kleinigheid te behandel. Dis vir ons ook wel 'n kwaad in die gemeente wat nie daar moet wees nie. Maar is dit vir ons 'n *groot* skuld! Nee, gemeente, lelike dinge is vir ons: dronkenskap, diefstal, hoerery. Maar dit moet ons juis weer hoor uit Gods Woord: die verbittering en wrok tussen broeders, dit is die groot skuld. Die onversoenlikheid in die gemeente waar God die Evangeliewoord van versoening neerlê — dit maak *baie skuldig.* Hoe kan ons in onversoenlikheid voortlewe as God dan versoening laat preek? Hoe kan ons dan met die hart bid: vergeef ons ons skulde, om dan net uiterlik met die mond te prewel: soos ons ook ons skuldenaars vergewe?

En dis verder 'n groot skuld, omdat God die wortel van die doodslag soos nyd, toorn, wraakgierigheid, haat, en dit alles vir doodslag hou. Daarom sal dit vir die Siriër, wat menseliggame met dorswaaiers uiteenskeur, en vir die Filistyne, wat slawerugge *met* die kats oopploeg, verdraagliker wees as vir die *broeder* wat wraakgierig handel. Die broeder moet versoenlik, vergewensgesind, belydend wees.

En omdat die skuld groot is, is die straf ook swaar.

En dit is nie maar somaar Ou Testament nie. Onse Here Jesus, die Hoogste Liefde Self, wat gesê het: groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. En Hy wat sy lewe vir sy vyande gegee het, het gesê: *elkeen wat vir sy broer* sonder rede kwaad is, moet verantwoording doen voor die gerig; en elkeen wat vir sy broer sê: Raka! moet verantwoording doen voor die groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur (Matth. 5:22).

Twisvuur word gelaai uit die hel en dit maak ook klaar vir die hel. Twisvuur wat nie geblus word nie, is helse vuur. Wie daarom die twisvuur wellustig stook, speel met vuur van die hel, waar die twisvuur in ewige selfsug nooit geblus word nie!

Nee, in die gemeente waar die broeders saamwoon, moet 'n gans ander vuur brand: die liefdevuur wat deur die Heilige Gees in die gemeente aangesteek is, toe Hy uitgestort is met Pinkster. Dis 'n hemelse vuur. Dis 'n vuur wat die hart van liefde laat brand om die sonde te bely, en te vergeef. Die liefdevuur smoor nie, maar spreek uit en vergeef. Dan word 'n gemeente ook gebou.

Maar die twisvuur verwoes reeds in hierdie lewe die kerk.

Dis 'n verdere aspek in die broedertwis — vyand van die kerk. Die onsalige vuur van twis, partyskappe, vyandskappe en rusies bewalm en verteer die kerk.

Die oorlogsvuur van verwoesting in Spanje, Rusland, Europa het verwoesting aangerig en *kerke* in puinhope gelê, maar dit kan nie so radikaal en volledig die gemeente van God verwoes as die *twisvuur* wat uit die harte van kerkmense oplaai nie. Die ergste, die grofste kerkverwoesters is dikwels lidmate van die kerk self. Deur sulke vyandskappe word die persoonlik-geestelike lewe verwoes, want nyd, hartstog is verrotting vir die gebeente (Spr. 14:30)! Deur sulke vyandskap word skeiding gemaak tussen broers van dieselfde huis en bly die plek aan die Nagmaalstafel oopstaan. Deur twisvuur in die kerk word die kerk van die Here in 'n

onnoemlike aantal kerkies gesplits en word die geloofskrag verteer. Soos loodstuk druk die groot skuld van broedertwis op ons huidige kerklike lewe.

Ons sing baiemaal in die gemeente:

> *"Hoe goed is dit 'n huis vol lieflikhede*
> *Dat broeders woon in onverstoorb're vrede."*

En hierdie stem is wel *Jakobs stem,* maar die hande waarmee die broeders mekaar die ore was in onenighede, in dispute in die politiek, is *Esau se hande.* Ag, as ons die *werklikheid* wil sien van ons eie hart en huis en kerk, dan is die wêreld van vyandskappe so ontstellend groot en is hier *ons* sonde afgeteken as ons lees: Omdat Esau wraaksugtig gehandel het teen die huis van Juda.

En hiermee speel ons die Antichris in die hand. Want die Antichris sal in die kerk kom sit. Ja, in die kerk! En die Antichris bou op die puin van die kerk wat hy deur twis en tweedrag verskeur het.

Het Edom dan met die Antichris te make? Ja alles!

Edom bewaar immer gramskap.

Esau wat sy broer Jakob wou doodmaak.

Die Edomiet Herodes wat moordplanne op Jakob se heilige kind Jesus Christus beraam het en die Antichris wat aan die einde van die eeue met Christus se wederkoms sy skendende hande dan nog aan Jakob se saad sal slaan, dis almal seuns van dieselfde huis. Deur al die valse haat-oë loer die ou slang.

Daarom gemeente, as u nie medestryders van die Antichris, van die kerkverwoesters wil wees nie, lê dan alle vyandskap af, soek die vrede en jaag dit na. Luister na die apostoliese woord van die gryse apostel Johannes wat teen die Antichris gewaarsku het en die kerk gebied het: Kindertjies, julle moet mekaar liefhê.

Seker, uit onsself is ons niks beter as die vyandige wêreld nie en die hart van Jakob is ewe sondig as die hart van Esau. Alleen maar, Esau het wraaksug *immer* bewaar, terwyl Jakob se wrok deur die liefdevlam van Gods groot liefde verteer is.

Was Gods liefde nie daar nie, dan sou ons ewig Lameg se lied van die haat gesing het.

Daarom roem ons nie in ons liefde nie, maar in die liefde van Gods ewige welbehae, wat soewerein verklaar het: Jakob het Ek liefgehad, en Esau het Ek gehaat, waar in Jakob net so min as in Esau iets was wat Gods liefde waardig was.

**Amen.**

## 4. ONS DOODSVYANDE

**Lees**: Eség. 25:15—17; Jeremia 47.

**Teks**: Eség. 25:15—17.

Die profesie teen die Filistyne bring ons by die vyande van die kerk *buite die kerk. Die Filistyne, ons doodsvyande.*

In die ganse Ou-Testamentiese openbaring staan die Filistyne in die *voorste ry* van die vertrappers van Gods volk. Daar is byna nie 'n tyd te bedink in Israel se geskiedenis waarin die Filistyne, die onbesnedenes, nie as 'n grimmige roofdier gereed gelê het om sy roof te bespring nie.

Onder Isak was dit die Filistyne wat die putte van die aartsvader Abraham toegestop het. Alombekend is die lewenslange worstelstryd wat Simson, die magtige van Israel en tipe van die Christus, met die Filistyne gevoer het as die aartsvyande van sy volk. Onder Saul en Dawid was dit met name die Filistyn Goliat wat die slagordes van die lewende God dag na dag gehoon het. En daar is byna geen profeet van Joël tot Eségiël toe wat nie 'n knop in die keel gekry het nie as hulle dink aan al die leed wat aan Gods volk berokken is deur die Filistyne. Dit was waarlik geen oordrywing nie dat Gods volk in Ps. 129 gesing het:

> *"Al van my jeug af was ek martelaar,*
> *Laat Israel dus klaag sy lewensklugte."*

En die haat het hom versadig op die dag toe Juda uit die volkery weggevaag en opgesluk is deur die Babiloniese wêreldmag.

Op daardie dag het Ammon, Moab, Edom en die Filistyne 'n wilde vreugdedans uitgevoer oor die puinhope van Jerusalem en het die Filistyne bo die ander wraak geneem *"met veragting in die siel, om te verwoes met ewige vyandskap".* En dit was nog dieselfde veragting waarmee Goliat Israel en Dawid verag het. En die Filistynse oogmerk het steeds dieselfde gebly, nl. om Israel te verwoes uit 'n ewige vyandskap. Dit was 'n onuitroeibare haat — die Filistynse haat.

Ons sou hierdie vyandskap kon verklaar uit *rassehaat,* geliefdes. Want die volk Israel was 'n Semitiese ras, terwyl die Filistyne 'n Germaanse ras was wat vanuit die noorde afgesak het. Hulle het Kreta bewoon en word daarom ook Kretiërs genoem. En, gemeente, dit is nie uitgesluit nie dat daar ook rassehaat in hierdie Filistynse haat teen Israel gemeng was. Rasseteenstellings en Jodevervolgings is nie 'n verskynsel net van ons eeu nie. En buitendien, rasseteenstellings loop nie net altyd in Jodevervolgings uit nie. Rassehaat is niks anders nie as uitbarstings van die immer smeulende vulkaan van die sonde, wat in sy wese haat is teen God en die mens. Rassehaat is per slot van rekening ook maar net die konsekwente openbaring van die sondemag tot in sy uiterste omvang. Die Heilige Skrif leer dat die sondemag nie net verwoestend werk in huisgesinne van elke volk en van elke ras apart nie, maar dit werk verwoestend ook van persoon teen persoon, van huisgesin teen huisgesin, van volk teen volk, van ras teen ras! Rassehaat is 'n magtige aanklag teen die verdorwenheid van die mensdom as geslag! Aaklige gedagte, dat die sondemag nie net tussen die eerste twee broers, Kain en Abel, verwoestend gewerk het nie, maar ook tussen stamme en tale, en volke en nasies, tussen rasseroepe!

Watter ras, watter rassebloed is voor God verdiensteliker as ander rassebloed? Nee, Gods Woord, wat aan ons die uitbreiding van die sondemag oor alle rasse verkondig tot veroordeling van die ganse menslike geslag, veroordeel dit dat Germaanse bloed heilig sou wees en Joodse bloed alleen onheilig; veroordeel dit dat Afrikanerbloed verdiensteliker, regverdiger sou wees as Engelse bloed. Geen ras en geen bloed is heilig en regverdig voor God nie. Soveel as wat dit gespreek word dat 'n ras sy geregtigheid, sy heiligheid, sy bestaan en voortbestaan op sy *bloed* as uiterste fondament wil bou, soveel stoot daardie ras die Christus van hom af weg, soveel red en verlos nie meer die bloed van die Christus nie! Nee, dit moet ons preek vir die wêreld, vir alle stamme, tale, volke, nasies en rasse, dat die bloed van Jesus Christus alleen, van alle sonde verlos en red. Van sy bloed sal elke stam en taal en volk en nasie en ras dan ook eenmaal sing: U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie! — uit elke ras.

Daarom verkondig ons na Gods Woord nie rassehaat nie, maar *sondehaat.* En nie net om die sonde te haat nie maar om dit te kruisig. Nie net te kruisig nie, maar te dood en te begrawe — ook die rassehaat. Want deur die bloed van Jesus Christus is alle rasse met God ver-

soen en sal uit alle rasse, konings en priester Gods ewige lof sing. Die groot teenstelling is nie ras teen ras nie, maar deur Jesus Christus is dit alle rasse teen die sondemag.

Hoe dit ook sy, gemeente, die Filistynse haat kan hier dus slegs heel algemeen en heel sydelings as rassehaat verklaar word. Met die verklaring van rassehaat het ons die wortel van die Filistynse haat hier nog nie blootgelê nie. Wat hierdie Filistynse haat só vreeslik maak dat die profeet die Filistyne hier voorhou as een van die sewe vyande van Gods kerk, is nie rassehaat nie — want dan sou ons alle rasse hier moes opsom! Nee, hierdie haat is nie die van die Filistyn as Indo-Germaan teen die Jood as Semiet nie! Dis 'n veels te oppervlakkige beskouing. En, gemeente, ons moet u waarsku teen die goedkoop propaganda-teenstellings van ras teen ras wat vir ons tyd opgedis word. Hierdie geskreeu van antisemitisme is somar 'n straatkreet van 'n valse teenstelling wat ons aandag aftrek van die groot magtige teenstelling in die eeue-worsteling. Die Heilige Skrif roep die kerk van alle eeue hier op om die regte teenstelling van die haat weer te sien. Ons moet die sug slaak: Ag Here, verlos ons tog van die valse teenstellings van die twintigste eeu! Daar is 'n dieper agtergrond as dié van blote ras teen ras! Want teken die profeet hier nie ook vir Ammon, Moab en Edom as vyande nie, en hulle is almal Semiete, neef- en broervolke van Israel. En daar is ook die Egiptenaars, die Tiriërs en die Sidoniërs! Dit was 'n warnet van haat. Dit was Ammoniet, Moabiet, Edomiet, Filistyn, Egiptenaar, Sidoniër, Tiriër! *Maar* — en dis die sleutel van die verklaring — hulle is in hulle haat *een* as hulle Israel, as *Verbondsvolk van God, as Ou-Testamentiese kerk van die HERE* haat. Hoe verskillend hulle ook was — die sewe — hulle het mekaar gevind in hulle gemeenskaplike haat teen die kerk van die HERE!

Gemeente, dis die ware profeties-apostoliese teenstelling wat die kerk van die Here moet handhaaf, veral in hierdie eeu met sy rassehaat en rassestryd. Hierdie rasseteenstryd is meestal gekunsteld en gemaak; dis die vrug meestal van diplomasie, politiek en propaganda — vurige propaganda. En met die diplomatiese ommeswaaie, met politieke front-veranderinge, wissel ook weer rondom elke hoek die rassehaat en -stryd. Ons sien dit vandag in ons eie land.

O nee gemeente, die teenstelling wat Gods Woord vir ons openbaar, is die ware, blywende teenstelling tot die jongste dag. En hier moet u sorg dat u in die regte kamp staan deur die geloof in die Christus Gods. Want dit is die teenstelling: die haat van die onbesnede, onwedergebore Filistyn, van die vyandige ongeloofsmag teen die kerk van die HERE, die vergadering van die gelowiges.

In hierdie teenstelling alleen kry die woorde van onse Here Jesus tekening as Hy sê: “As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het” (Joh. 15:18). Hierdie woorde behels nie net 'n *profesie* nie maar ook *historie.* Dit was nie iets nuuts nie. Die ongelowige wêreld het Jesus nie pas toe Hy in die vlees gekom het gehaat nie. Die ongelowige wêreld het Hom gehaat daar in Isak, in Simson, in Dawid en in al die vromes van die Ou Testament. Ook in sy volk Israel. En hulle het Jesus gehaat in Stefanus, in Paulus, en Luther en Calvyn, en in elke ware gelowige vandag ook nog! En hulle sal Jesus haat tot op die jongste dag. Ook sy kerk. Orals waar Jesus opnuut gestalte aanneem in die wêreld, bars die haat teen Hom los. Die vreeslikste egter was die Filistynse ongeloofshaat teen die vleesgeworde Woord self toe Hy aan die vloekpaal genael was. Toe het selfs ook die Jode soos 'n Filistynse bende getier: kruisig Hom, kruisig Hom. En orals waar die gekruisigde Christus gestalte aanneem in die wêreldlewe, bars die *ewige* Filistynse haat los. Dit kan nie anders nie Maar natuurlik, waar Christus geen gestalte aanneem nie, daar sluimer die Filistynse haat. Waar net met die *mond* bely word, is geen gevaar vir helse storms nie. Sulke ongevaarlike Christene ag die Filistyne geen aanval werd nie, Ja, Simson het net dan vir Delila lief as hy sy Nasareërskap loën.

Gemeente, dis waar, die vyandskap van die wêreld teen die kerk is op sigself benouend, en glad nie begeerlik nie. Maar dit staan vas, die dag as die vyandskap van die wêreld teen die kerk uitbly, dan is dit 'n bewys dat die Christelike kerk Christus verloën het en dat Christus geen gestalte in ons kry nie. Maar waar Jesus Christus heerskappy kry en Hy deur die geloof *mag* gaan uitoefen, daar verset die wêreld sig as 't ware vanself. Die haat van die Filistyne teen Juda is die tweespalt van kerk en wêreld van alle tye. *Haat!*

Wanneer die wêreld in skaterlag met die vinger wys op 'n gelowige, op 'n Gereformeerde, wat in sonde geval het — dan is dit diep beskamend vir ons. Dit is 'n vernedering vir die kerk. Dan praat ons nie daaroor nie; dan lag ons nie saam nie; dan voel ons daar hartseer oor. Maar, gemeente, agter die lag van die wêreld verberg sig die gryns van die haat! As die wêreld sy onbekeerlikheid probeer verontskuldig met die gebrekkige wandel van die kerk — dan moet ons sê; Nee vriend, dis nie waarom dit gaan nie. Dit is dat jy Jesus *haat.*

*Haat! Filistynse haat!* Gemeente, dit verstaan u as u dit vergelyk met Edom se leedvermaak! Die Filistyn gaan baie verder as die Edomiet met sy gedurige broedertwis. Esau kan dit nie verkrop dat hy onterf is nie. Edom se haat dra die karakter van nyd en jaloesie. As Edom net sy slawekettings kon afruk en as heerser oor Jakob kon regeer, dan sou Edom volkome tevrede wees. — Maar daarmee is die Filistyn nie tevrede nie. Anders as Edom het die Filistyne nie net wraaksugtig gehandel nie, maar hulle het hulle *"erg gewreek met veragting in die siel, om te verwoes met ewige vyandskap".*

Die volkome *vernietiging* van die kerk is dan ook die innige begeerte van die Filistyne. Hierdie bedoeling van die Filistyne het voor die dag gekom, daardie dag toe Jerusalem geval het! Toe het die Filistyne hulle met wellus gewerp op die weerlose vlugtelinge uit die brandende stad om sodoende die laaste oorblyfsel van Juda om te bring. Totale vernietiging! Haat!

Dis waar, geliefdes, die Here God het baie male die Filistyne die land van Juda laat inval tot 'n straf vir Juda. Dit was Gods oogmerk. Maar elke maal het die Filistyne die grens van bevoegdheid oorskry. Die Filistyne het nie net verder as Edom gegaan nie, maar ook verder as wat die HERE God self gewil het. Die Here God wou Juda deur hulle hand *gelouter* het as sy volk, maar die Filistyne wil Juda nie *louter* nie maar *vernietig.* Haat!

Dan is dit dat die troue Verbondsgod opstaan tot 'n troos vir sy volk, vir sy kerk. Dan staan Hy op om die Filistyne uit te roei en sy laaste oorblyfsel te vernietig. Troos vir die kerk! Die kerk van die Here sal nie vernietig word nie, maar die wrede vyand van die kerk sal vernietig word. Die poorte van die hel sal die gelowiges nie oorweldig nie. Fier met die hoof omhoog kan die ware gelowige daarom die wrede Kommunistiese vervolging van die kerk die hoof bied, wetende dat die ware kerk wel vervolg sal word, gelouter sal word, maar nooit vernietig sal word nie. Ja die haters van die kerk sal sekerlik nog vernietig word. Want wie kan bestaan voor die haat van God en die toorn van sy Lam?

Haat! Filistynse haat teen die kerk van God! Dit, gemeente, is die ware antitese. Dit lê opgesluit in die Filistynse teenstelling teenoor Gods volk. Dis geleë in die Kommunistiese anti-Godbeweging; in die twintigste-eeuse anti-kerkgesindheid. En dan staan die ongelowige Germaan en die Jood wat Christus verwerp nie meer teenoormekaar nie maar anti-Christelik naas mekaar. Ja, dit is besig om werklik te word in die Antichris. Die herleefde Filistyn sal die Antichris wees, 'n vleesgeworde duiwel, wat as 'n wêrelddiktator sal optree en die laaste kerkmure donderend sal laat intuimel. Hy sal nog wilder dans as die Filistyne op Sion se reste, want die lyke van die laaste twee getuies van Openbaring 11 sal in die strate van die stad Babilon onbegrawe lê.

Maar nes die Filistyne sal ook hy hom vergis. Want net soos die Here Juda uit die dood

van die ballingskap laat herleef het, so ook sal die kerk van die Here uit die vuur van die antichristelike vervolging herrys tot ewige heerlikheid. Want Dawid het die Filistynse reus Goliat met 'n slinger neergevel, maar dan sal Dawid se grote Seun die Antichris-Filistyn, wat opkom om die Naam van die lewende God te hoon en te laster, neerslinger tot die ewige seëpraal van die kerk. Dan sal nie slegs in die vergelykende trap gesing word: Saul het sy duisende verslaan maar Dawid sy tienduisende nie. Nee, dan sal die oorwinningslied van die hemele aangehef word: “Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar!”

Maar vir die teenwoordige, gemeente, al is dit selfs moontlik dat die Antichris-Filistyn nie in ons dae sal verskyn nie, tog, in die Bose wat rondgaan soos 'n briesende leeu, gehelp deur sy twee troue bondgenote, die wêreld en ons verdorwe vlees, staan die Filistyn in lewende lywe voor u. En hou nou tog nie op om te veg nie! Dis u doodsvyande! Hulle wil die vernietiging van u liggaam en siel. Hulle is vol haat. En ons kan nie anders nie as om die doodsvyande te bestry met hulle eie wapens, nl. haat. Geen sagtere houding is teenoor die doodsvyande moontlik nie. Moet nie soos Edom die vyand wil diensbaar maak nie; moet nie die sonde terugdring in die hoek van diensbaarheid nie, maar *haat* die sonde, *kruisig, dood* en *begraaf* dit.

Haat teenoor haat. Die waaragtige bekering is om die sonde te *haat* en te ontvlug.

Dit gaan om lewe en dood.

O, onse Vader wat in die Hemele is, omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kon stand hou nie, en omdat daarby nog ons doodsvyande, die duiwel, die wêreld, en ons eie vlees nie ophou om ons aan te val nie, wil U ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie maar altyd sterk teenstand kan bied, totdat ons eindelik vir goed die oorhand behou.

**Amen.**

## 5. TIRUS! BELANGE-POLITIEK

**Lees**: Eség. 26.

**Teks**: Eség. 26:2, 3.

Ons aandag word nou bepaal by die volgende vyand: Tirus, die Fenisiese stadstaat.

Wat dadelik opval, is dat Eségiël bykans drie hoofstukke wy aan hierdie vyand, teenoor slegs enkele verse oor die vorige vyande. Dit moet dus, nes Egipte, 'n vyand van groot formaat gewees het.

Vir die ballinge moes dit wonderlik gewees het om te hoor dat tot Tirus ook oor die val van Jerusalem geroep het: “Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes”.

Tirus wat van die ou tyd af vriendskaplike betrekkinge met Jerusalem onderhou het! Tirus wie se koning, Hiram, 'n “broederbond” met Salomo gesluit het. Tirus wat met Hiskia sy aan sy gestry het teen Sanherib! Tirus wat enkele jare voor Jerusalem se val, Juda o so graag ook in die Palestynse Volkebond wou opgeneem hê teen die wêreldveroweraar, dieselfde Nebukadnésar (Jer. 27:3)!

Dieselfde Tirus verander eensklaps van houding, skaar hom onder die vyande en roep met innige leedvermaak oor die smeulende puine wat nog nie eers koud is nie.

En dit is as volg te verstaan. Tirus met Sidon was Fenisiërs. Hulle was die seekusbewoners bo van Arwad tot by Tirus bokant die Karmel en het geleef en gebloei van die *handel* en *see-*

*vaart.* Hulle was vir hulle graan afhanklik van die binneland, van Kanaän. Vandaar die vriendskapsverbond met Salomo! Dit was nie sy *beginsel* om vriendskap met Jerusalem te hou nie, maar sy *belang.*

En verder, deur die handel en skeepvaart het Tirus geword die verteenwoordiger van die wêreldgrootheid van die volkere, van die koopliede van die aarde, van die sondige wêreld- en kultuurmag. En dit het Tirus gemaak 'n magtig groeiende vyandelike mag van Jerusalem, van die Volk van God.

Ons let nou op

1. Tirus met sy belange-politiek; en
2. Tirus as verteenwoordiger van die vyandige wêreld-en kultuurmag teen die kerk.

**I.**

Tirus, gemeente, was 'n Fenisiese handelstad, gebou op 'n rotseiland vlak by die kus. Daar was niks teen in te bring dat Tirus handel gedryf het nie. Handel is op sigself 'n geoorloofde, ja 'n gebode saak!

Jerusalem self het in daardie dae ook handel gedryf. Soos die skepe uit die Middellandse See almal na Tirus, die groot handelsentrum, gevaar het, so het die karavane met hulle handelsware deur Jerusalem soos deur 'n poort getrek. Jerusalem was die knooppunt van al die karavaanroetes. Die karavane uit Egipte en veral uit Elath moes oor Jerusalem trek as dit na Tirus wou gaan, en omgekeerd. En Jerusalem het met die karavane handel gedrywe en hulle tol laat betaal. Daarom word Jerusalem dan ook deur Tirus die “deur van die nasies” genoem.

Die handel was en is vandag nog op sigself niks verkeerds nie.

Dit was die bymotiewe, en newe-doelstellings wat Tirus se vyandskap teen Jerusalem verklaar. En die bymotief was die *geld.* Tirus staan onder die plak van *Mammon!* Tirus het *goudkoors.* Dis sy goudkoors wat hom so opwin dat, toe die berig van Jerusalem se verwoesting hom bereik het, sy inwoners deur die strate van die rotsstad gedros en uitgelate geskreeu het: Ha-ha die poort van die volke is gebreek! Die tolmure het geval! Nou stroom die hele handel na ons toe. Nou sal ons ryk word, want Jerusalem, ons konkurrent, is verwoes!

Daar is nou 'n vrye internasionale handelsrelasie en nou sal geld en goud in Tirus instroom. *Ha! Dit sal nou alles goud word in Tirus!*

So word die wêreldgebeure op die beurs in Tirus met spanning gevolg. En die verwoesting van Jerusalem sal 'n baie gunstige invloed hê op die geldkoers in Tirus. Daar sal 'n ongekende oplewing kom! Vir die handel en industrie kom daar nuwe perspektiewe. En aangesien alleen geld vir Tirus beweeg, skreeu die gewetelose, trouelose Tirus van uitbundige vreugde: Ha-ha! Verbreek is die deur van die nasies.

Maar, gemeente, Tirus het met sy goudkoors en belange-politiek gereken buite die God van hemel en aarde! Die spekulasie op Tirus se beurs was 'n *kans*berekening met alle faktore en dit was vir hulle 'n sekere saak — maar die *grootste faktor,* God, was op die beurs uitgeskakel.

Daarom sal God nou 'n streep trek deur Tirus se belange-politiek, en Tirus se vreugdestemming omsit in 'n ware paniekstemming, want daarom — so sê die Here HERE: “Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek”. God sal Tirus straf omdat dit op die doolweg van 'n belange-politiek deur die goud so verblind is, dat dit die ondergang van 'n konkurrent met welgevalle aansien.

Tirus meen dat, soos die golwe van die see die rykdomme na Tirus aangevoer het, so sal

nou ook die binnelandse volkesee en karavaangolwinge die rykdomme na Tirus aanvoer. Maar die Here God sal Tirus onaangenaam verras en in heilige wraak 'n volkeresee van vyande in oorweldigende golwinge teen Tirus aanvoer en Tirus van die rotseiland afwas — hom as 'n buit vir die nasies gee, sodat dit 'n droogmaakplek van nette sal wees! Só het Nebukadnésar, en na hom Alexander die Grote, en daarna die Sarasene, Tirus verwoes, dat dit met sy grootheid uit die wêreld verdwyn het.

O, dames en here handelaars en konkurrente in die groot en in die klein, *goudkoors, Mammondiens* staan onder die vloek Gods! Want aan die goud word huisgesinne, maatskappy, stede, lande en volke opgeoffer. O, here staatsliede en koopliede, God hoor u in die Raadsale, in die konferensiesale, op die beurse, waar daar gespreek word van diens, van sogenoemde oplossing van die sosiale kwessie en vrede, maar weet dat u eintlik bedoel: petrol, rubber, tin, olie, lande, kolonies, yster, geld, goud!

God lees ook die beursberigte, die lange lyste van bankrotskappe, en Hy lees die geweld, bedrog en geknoei daarin. Dis alles *belange-politiek!* Daar word nie meer gevra na God en sy gebod nie. God en sy Woord tel niks nie, maar die enigste finale rede is: dis nie in ons belang nie!

Twintigste eeu, kyk, God het dit teen jou met jou belange-politiek, met jou dodelike goudkoors! God laat die nasies soos seegolwe optrek teen die wêreld se belange-politiek. God sal in oorlogsvlae soos magtige seegolwe die wêreld se goudkoors enkele grade afbring!

Maar vreeslik is dit, gemeente, dat Tirus vir Sedekia, die koning van Jerusalem, met sy belange-politiek meegesleep het. In die belange-politiek, in die politiek om eiebelang het Sedekia ses jaar gelede aangesluit by die Palestynse Volkebond teen Nebukadnésar.

O, die samesmeltingspolitiek, dis by uitstek ook 'n belange-politiek, en dit was Juda se ondergang! Die kerk is verwoes, o,a. deurdat die kerk, Jerusalem, nie meer *beginsel*politiek, nie meer teokratiese politiek, nie meer profetiese politiek voorgestaan het nie maar self ook belange-politiek gevoer het.

En dis die sonde van die kerk, van die gemeente, van die gelowiges ook van die twintigste eeu! “Elkeen” kyk na sy eie belange en steur hom aan God nog sy Woord. Ag, hoe is die kerke ook al vol van die belange-politiek — van goudkoors.

Die goudkoors, Mammon — O Mammon Amerika — gryp die mens van die twintigste eeu aan. Daar is net 'n geraas na goud i.p.v. te luister na Gods profetiese Woord, God wat gesê het deur onse Here Jesus Christus: Jy kan nie twee here dien nie, óf jy sal die een liefhê en die ander haat; jy kan nie Mammon en God dien nie!

En dieselfde Christus het die wee uitgespreek teenoor die kerk wat die Tirus-politiek voer en gesê: Dit sal vir *Tirus* verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle!

Daarom, laat die kerk na Gods Woord luister en ons belange is daarmee veilig, vir tyd en ewigheid!

**II.**

Maar, gemeente, dit, die belange-politiek, die goudkoors wat Tirus “ha, ha!” laat roep het oor sy konkurrent Jerusalem se val, was nog maar 'n bymotief van Tirus se vyandskap teen Jerusalem.

Die groot teenstelling — en daarop vestig ons ten tweede u aandag — is dat Eségiël Tirus hier teken as die *sondige kultuurmag,* teenoor Jerusalem *as die verteenwoordiger van die koninkryk van God.*

Tirus teen Jerusalem!

Tirus, die kultuurmag-organiseerder vir die Antichris, teen Jerusalem, die kerk, die organisasie, die instelling van die Christus.

In Tirus werk die antichristelike mag, die Bees, teen die mag van die Christus Gods in Jerusalem, teen die Gees, die kerk.

Tirus, die handlanger van Satan, teen Jerusalem, die Christelike kerk, die dienaar Gods.

Tirus — Satan teen die kerk van God.

En daarom was die geroep met uitgelate dansvreugde oor Jerusalem se val 'n *vreugdegeroep vanuit die dieptes van die hel.* Dit was 'n kreet van die Vors van die Duisternis oor die Ryk van die Lig se teenslae. Al die goed, al die goud van die aarde sal in Satan se mag bly en nie eiendom van die Christus word nie!!!

Die wêreld beywer hom om die besit van die goud van die sonde, teen die Christus wat dit met sy heilige bloed gekoop het. Tirus wil nie net die *goud* van die kerk hê nie — nee, Tirus wil geen *kerk* hê nie. Hy roep "ha, ha!" oor Jerusalem *in puin!*

Die kerk is vir die wêreldlike kultuurmag 'n *heimelike hindernis.* Solank as wat daar nog net 'n stuk muur van Jerusalem staan, solank as daar nog net 'n oorblyfsel van die kerk is, kan Tirus hom nie uitleef nie. Alle kerkdeure moet daarom radikaal ingetrap word. Vandag nog.

Daar mag 'n tyd wees dat die wêreld van koophandelaars die kerk van Christus só goedgesind is dat hy vriendskaps-verbonde sluit en met sy belange-politiek die kerk só vlei, dat menige die vyandskap nie gewaar nie. Maar die dag as die kerk as 'n geestelike mag verdwyn, dan roep dieselfde sogenaamd vriendelike kultuurmag: Ha, ha!

En dit sal die Tirusmag konsekwent doen tot die einde, soos Openbaring 11:10 dit openbaar. As die twee getuies, dit is die kerk wat getuig van Jesus Christus, doodgemaak sal wees en hulle lyke in die straat van die wêreldstad onbegrawe sal lê — dan sal "die bewoners van die aarde bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar *geskenke* stuur, omdat dié twee profete, die bewoners van die aarde gepynig het!"

Ja, dis te begrype; want Tirus is ook Babilon, die wêreldstad. Tirus lê in 'n regte lyn met Babilon in Openbaring 18. Tirus-Babilon, handel en koopman van goud en silwer, en edelgesteentes en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor; en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer, en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape en perde en waens en slawe — en... *mensesiele!* (Openb. 18:11—13).

Vir Tirus-Babilon is mensesiele ook handelsware wat ver-koop moet word vir goud! En daarby nog slegte handelsware, want hulle noem die mensesiele selfs na skape en perde!

Terwyl vir Jerusalem, die kerk en ryk Gods die mens — slaaf van die sonde — gekoop is met die bloed van die Lam! Nie goud en nie silwer nie, geen handelsware is werd wat die verloste mensesiel kos nie. Jerusalem, die kerk, stel 'n perk vir die wêreldmag van die groot handel: alles kan jy koop en verkoop, maar nie die verloste mensesiel nie! Nie die Christus nie! O, dit was die Tirusmag wat vir Christus minder gegee het as vir 'n slaaf. Hy was as nikswerdslaaf 20 geldstukke werd. En die "nikswerd"-Christus kom stel 'n perk vir die Tirusmag in sy kerk se getuienis: mensesiele kos nie goud of geld nie maar die kostelike bloed van die Lam van God. Daarom wil Tirus-Babilon die kerkdeure plat trap!

O Tirus, Tirus! En so skep jy die vreeslike sosiale kwessie met sy talle probleme van ar-

moed en oorvloed; van hongerige ondervoede mense — en skemerpartytjies; van 'n armblankedom en oorvoerde markte; van inflasies en deflasies; van berge van geld en banknote — en finansiële krisisse met werkloosheid. Want wat is mense vir Tirus werd? Minder as 'n perd, wat ekonomies voordeliger is as lastige arm mense! En Tirus wil dan die sosiale kwessie oplos op die grondslag van ekonomiese skemas, Volkebondstoesprake, syfers, rapporte; deur ontwikkeling; deur 'n skema van sosiale arbeid; deur 'n rewolusionêre kultuur, oorlogsverwarrings wat God as 'n nietigheid wegstoot en die mens op die troon plaas. Tirus wil ekonomies verlos, met uitbanning, met vertreding van die kerk van Christus. Want die kerk verkondig en getuig van die Christus wat op die wolke kom en met sy *wonderoordeel* oor Tirus-Babel die sosiale onregskwessie sal beëindig, die Tirushandel vir ewig sal beëindig! Christus sal Tirus, die Antichris-propagandis, kom verwoes! O daarom die ha-ha-geroep oor die dooie getuies in die strate van die wêreldstad! Want só oordeel en glo Tirus: as die sigbare stoflike liggaam gedood is, dan is die getuies vir goed uit die weg geruim.

Dis die Tirus filosofie — teenoor die Christelike leer! Tirus is die historiese materialis wat die vorige eeu in Marx weer herleef het, die Marxisme, die Sosialisme, die Kommunisme wat in die taal van Tirus leer: daar is geen plek vir God, geen plek vir Christus, geen plek vir die Christelike kerk nie. Dis die broodvraagstuk wat teen God en teen die Christus en die Christelike kerk beslis. Die mens *is* wat hy eet en nie wat hy glo nie!

O Tirus, Tirus, dis so goed te verstaan. Die kerk preek teen Tirus in: nie die stoflike dinge nie maar die ewige geestelike waarheid, in Christus geopenbaar, beslis. Die kerk met sy twee getuies, Moses en Elia, wet en profesie, geloof en gebed, het 'n magtige invloed op die loop van dinge. Die kerk verkondig Gods Plan, Gods Raad, teen Tirus se belange-politiek, teen sy arbeidskemas en sosiaal-ekonomiese rehabilitasiestelsels. En of Tirus nou wil of nie, maar die kerk met sy prediking van Gods Woord neem sy plek in. En dis só, dat die rypwording van die wêreldgeskiedenis ten nouste verbonde is met die getuienis werk van die kerk deur die eeue heen!

Daar is die kerk met *geloof:* want Moses se tekens teen Egipte met sy slawearbeid en sosiale probleem wat die Verbondsgod uitskakel, verbind die Hebreër met die *geloof.* Deur die *geloof* het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en omdat hy die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte!

En ten tweede staan die kerk met die *gebed* daar in die wêreld! Die gebed, want so sê Jakobus, Elia het deur sy ernstige gebed vir drie en 'n half jaar nie laat reën nie, en hy het weer gebid en dit het gereën.

Die geloof en gebed mag vir die Marxis, vir die Liberalis, vir die Kommunis, vir die Sosialis, die Nasionaal-Sosialis, vir die Fascis en die Imperialis nietig en belaglik lyk, vir God in die hemel is dit sy gegewe, werklike geestesmagte. Dit kom uit die hart na bo en dit keer van bo na onder terug en openbaar hom in die stuiptrekke van die wêreldmagte — soos voor Moses en Elia.

Die dade van die Bruidegom Christus is nie te skei van die mag van die bruid op aarde nie: die kerk, die bruid, wat met Christus, die Bruidegom, meeworstel en op Hom in sy eindkoms aanworstel in geloofstryd en in gebedskrag — want sy Heilige Gees woon in sy kerk.

En daarom, o Tirus, jy voel dit aan, die kerk met sy Christusgetuienis, met sy geloofstryd en gebedskrag is vir jou 'n hindernis, 'n veroordeling en vloek in die wêreld en jy staan onder die oordeelsprediking van die kerk. Vir Tirus met sy goudkoors en belange-politiek — gewisse verwoesting! So aaklig, dat die wêreld verbaas staan daaroor.

En, gemeente, dis 'n geestelike taak om soos Moses deur geloofstryd die kerk uit die wêreld te haal en soos Elia deur gebedskrag die wêreld uit die kerk te ban. Dis die dubbele triomf van Jerusalem oor Tirus, van die kerk oor die sondige kultuurmag, van die gees oor die stof, van die Gees oor die Bees, van Christus oor die Antichris, van God oor Satan.

**Amen.**

## 6. WÊRELDRUÏNE OF TIRUS SE ONDERGANG

**Lees**: Eség. 27 (Openb. 17—19; Génesis 10).

**Teks**: Eség. 27:3b, 27, 34.

Eségiël moet nou 'n lied aanhef, 'n klaaglied oor Tirus.

Tirus 'n ruïne!

Met die klaaglied betree ons 'n digterlike gebied (eers beskrywing, dan ramp en klag). En die profeet-digter sien Tirus daar op die rots gebou, as 'n magtige, weelderige handelskip. 'n Seekasteel! Die profeet besing eers die kultuurmag, die heerlikheid, die rykdom, die weelde, die prag, die kuns, die tegniek van Tirus onder die digterlike beeld van 'n reuse-seeskip. 'n Seeskip waaraan geen koste gespaar is nie en wat op geheel enige wyse beman is.

"O Tirus, jy sê: Ek is volmaak in skoonheid. In die hart van die seë is jou gebied; jou boumeesters het jou skoonheid volkome gemaak".

As die profeet Tirus onder die digterlike beeld van 'n skip besing, dan is dit nie uit die lug gegryp nie. Tirus, die grote handelstad daar op 'n rotseiland gebou met sy hoë vlagpaal waaraan sy weelderige vlag wapper, wek die indruk van 'n magtige seekasteel.

Al die *houtwerk* is van sipreshout uit Senir (Hermon). Sipreshout wat anders slegs vir die binnemure van *paleise* gebruik word, was noueliks goed genoeg vir mashout van die weelderige skip, Tirus.

*Seile* en *roeirieme* — Basan se eikebome, die hoogste eikebome uit die verre landstreek, moes vir die roeispane gebruik word. En wat die *seil* betref — dit was ongelooflik! Nie gewone seildoek is geneem nie, maar fyn, veelkleurige Egiptiese sy wat met goud betaal is; pers en purper stowwe uit die kuslande van Elisa was jou hutbedekking.

Die dek van die skip waarop die matrose met hulle plompe stap moes loop, was van *dennehout* wat met *elpebeen* ingelê is.

Die bemanning van die towerskip is nie roeiers wat soos gewoonlik uit slawerekrute geneem is nie, maar dit bestaan uit vrye manskappe, uit vrywilligers van Sidon en Arwad. Sowel die skippers (stuurliede) as die skeepstimmerliede, was *wyse* en bedrewe manne.

Alles op die stadstaatskip, van die kaptein op die kommandobrug tot die koks in die kombuis, was van die allerbeste. Alles te kies en te keur. Dit moes *mooi* en *betroubaar* wees.

Daar staan Tirus! Ons sien hom al, die moderne handels- en kultuurmag! Ons sien 'n letterlike beskrywing daarin van die wêreldomvattende kultuurmag van die twintigste eeu. Ons sien hoe hieruit groei en nader beskryf word Babilon van Openbaring 18, 19 — die antigoddelike kultuurmag van die einde van die eeue!

Seewaardig soos die luukse-handelskip, Tirus, was daar nog nie een nie. 'n Wonder moet gebeur as die skip so moet vergaan!

Trotse skip, met seeliede en al. Hulle kies in hulle trots die hoë ope see. Die magtige ose-

aan word getrotseer.

Tirus bly nie 'n blote stad nie; dit beheers die ganse aarde. Die handels- en kultuurmag bly nie beperk tot enkele groot stede nie. Nee, dit word 'n *wêreldmag!* Al die lande en al die volke van Gen. 10, word hier genoem as synde beheers deur die handels- en kultuurmag van Tirus. Die hele ou aarde, na die Noorde, Weste, Suide en Ooste, volkome beheers deur die handels- en kultuurmag verteenwoordig in Tirus.

*O die antigoddelike handels- en kultuurmag!* Hy is soos 'n weelderige seekasteel vol kuns en tegniek! En met sy handelsartikels, koopware, seevaarders, stuurliede, tussenhandelaars, krygsmanne, seil hy somaar oor die oop volkereseë en hy gryp aan en beheers alle lande, stede, volke, nasies oor die ganse aarde.

Om in die taal van Johannes op Patmos te spreek: dis die hoer wat op baie waters sit en die bees, die antigoddelike politieke mag bery, bestuur, te pakke het! Tirus groei uit tot die, Babilonstad van Openbaring 17—19. Tirus-Babilon, die *hoerstad* met sy selfsugtige eiebelang, in haat teenoor Jerusalem die bruidstad, die kerk Gods met haar selfopofferende liefde, met haar bediening van die barmhartigheid van Christus.

O, die sondige handels- en kultuurmag, deurdronge van die gees van die goddelose wêreldstad! Daar is die mens se gees vry gemaak, om te dink wat hy wil, te doen wat hy lus het. Daar is hy besig net om die tegniek uit te buit vir die godlosse mens se gemak en genot — vir sy selfsugtige eiebelang, terwyl 'n land, 'n volk, krepeer van ellende! O die sondige kultuurmag, besig om alle behoeftes, alle modes, alle prag en praal, alle genotmiddele uit te dink, aan te prys en alle aanbod en aanvraag op die ganse wêreldmark te reël, van koring, mielies, vee, tabak, hout, ens. En rondom die kultuurmag van die wêreld, as konsentrasiepunt van alle kragte en magte, konsentreer die ganse wêreldgeskiedenis. O Tirus, die seekasteel van gekulmineerde kultuur, is die bolwerk van *gekonsentreerde sonde.* Alle hoër vorme van maatskaplike lewe op die verste uithoeke van eensame plaaslewens word deur die groot stad, deur die kultuurmag beheers, sodat die lot van die wêreldstad ten slotte die lot van die hele wêreld is. Op die groot geldmark, die wêreldbeurs, word die hele maatskaplike lewe van die wêreld beslis. Die kultuurmag met verblindende weelde, sy verfynde kultuursin, sy wêreldverkeer, oor lug, see, onder die see, met sy wêreldheerskappy en oorwig op die wêreldmark, omvat die aarde soos 'n magtige hand! Die mensheid is besig om sy laaste reuseskip te bou! Dit sal nie meer 'n Tirus, “Atlantic”, “Titanic”, “Normandië”, “Queen Mary” wees nie. Maar dis die stad Babilon: Tirus-Babilon. Straks is dit die reusagtige ten volle ontplooide wêreldkultuurmag. En soos Tirus beloof dit om aan alle arbeiders werk te gee; dit beloof wêreldwelvaart wat alle krisisse sal wegblaas; dit stel genot en gemak en vryheid in vooruitsig. Dit weet te vertel dat daar nooit weer oorlog sal wees nie maar 'n ewige vrede, met 'n wêreld waar tegniek en kultuur tot 'n toppunt opgevoer is, waar genot en vermaak nie sal ontbreek nie,

En die kaptein van die reuseskip? God self het die kaptein al genoem: die Antichris!

Hy sal sy reuseskip, die wêreldkultuurmag, op die hoë en wêreldvolkeresee aanstuur en in alles handel drywe (Openb. 18:12—13).

En die wêreldkultuurmag sal dans van vreugde oor die vervolgde, verwoeste kerk en sy getuies: Ha, ha, die poort van die nasies, die kerk met sy prediking van die sleutelmag is gebreek. Ek word vol van die aarde en sy goedere — die kerk lê verwoes!

Maar dan! — en dis die klaaglied — soos Tirus die verwoesting deur Nebukadnésar nooit verwag het nie; soos die oseaanskip, die “Titanic”, in absolute versekerdheid, met dans en dobbelspel, met wêreldse musiek en drank, plots onverwags deur 'n ysberg soos blik gesny is en met man en muis vergaan het — so plotseling sal Tirus-Babilon, sal die goddelose wêreldhandel en wêreldkultuurmag verpletter word. Want handel en kultuur sonder God dra sy dood

in hom om. Skepe, tegnies nog so geperfeksioneerd en kultureel nog so genotvol weelderig, het reeds ondergegaan en vergaan. Daar was nog maar een skip wat al God se storms, al God se orkane, al God se vreeslike golwe kon deurstaan, en dit was — *Noag se ark.* Want Noag se ark is gebou in geloof aan Gods Woord. Noag se ark is 'n skip na Gods verbondswoord! Noag se ark is draer van die Christus, afgebeeld in Noag! Noag se ark is 'n prediker van God se geregtigheid, van Christus Jesus, van die verbond Gods! En, my broeder en my suster, julle skepies vergaan as julle Gods Seun nie aan boord het nie, as julle in die Christus Gods nie glo nie, as julle na sy Verbondswoord nie luister nie. O, julle kan maar vir die wêreldkultuurmag en vir die groothandel van die wêreldmark julle goud, julle silwer, julle lood, julle yster, julle tin, julle elpebeen, julle edelste houtsoorte, julle wol, julle koring bring, — as julle na die Christus se woord nie luister nie, sink julle skepies somaar om die kus van Afrika. En plotseling is julle mark weg in die golwe — die golwe van Gods toorn! O julle kan maar tabak bak na die verfynde kultuursmaak van al die meisietjies met hulle rooi lippies wat rook, na die vereistes van die wêreld-kultuur — as julle Christus se woorddiens versmaai, as julle sy heilige Sabbat nalaat — die kultuurmag, valslik opgebou op die selfsugtige grondslag van goud en eiebelang sal tog wegsink! En hy sal die wêreld met hom in die dieptes wegruk, onder die golwe van Gods toorn.

Net die ark van Noag, net die Verbond Gods, net die kerk Gods wat in die Christus glo, sal behoue wees.

Die wêreldkultuurmag sonder God, sonder Christus, sonder die Woord Gods gaan gewis onder, en daarmee die hele wêreld: die *delfstowweryk* (Openb, 18:12—13), die *planteryk*, die *diereryk*, die *ongelowige Tiruswêreld.* En dan sal gehoor word die klaagsang van alle klaagsange! Die smartgeroep van alle angsgeroepe. Die stuurmanne van die wêreldkultuurmag — die leidsliede se harde angsgeskreeu sal die volkereseevlak laat bewe! Al die wêreld se tegniek, die wêreldhandel, die wêreldkultuur sal wegsak.

En dan sal die *konings* hulle klaaglied aanhef. Die konings van die kuslande huiwer van skrik met donker aangesigte.

Die *handelaars* onder die volke fluit oor jou — jy het 'n verskrikking geword en sal tot in ewigheid nie meer wees nie.

Die *seeliede,* die arbeiders van die aarde sal op die land gaan staan, *verweg* gaan staan en bitterlik skreeu! Julle — o arme ongelowige arbeiders in diens van 'n goddelose wêreldkultuurmag — julle sal 'n weeklaag oor die kultuurmag en handel, 'n klaaglied aanhef en sing: Wie was soos Tirus, die doodstille *daar in die see!* Waar was nog so 'n uitgebreide wêreldhandel — waarvan die markte tans kaal en grafstil is? Geen kopers, geen bieërs nie!

O, wat 'n klaaglied! Al hierdie mense: konings, koopliede, seeliede staan van ver, staan daar op die land en hef hulle klaaglied aan! *'n Klaaglied van ver* is 'n klaaglied van volkome *magteloosheid* van die konings, koopliede en seeliede! Hulle almal saam kan nie help of red in die groot nood nie. Dis 'n klaaglied in magtelose wêreldsmart en vrugtelose trane wat by Babel se ontblote fondamente geskrei sal word, wat by die onderstebo gekeerde en verwoeste kultuurmag geskrei sal word.

O ja! want Tirus-Babel het God tevergeefs laat roep dat Golgota die wêreld oorwin het deur die droefenis van die Seun van God. Tevergeefs het die wêreldkultuurmag God die smarte en weë van die Seun van die mens, die konings-mens laat uitgil!

En Jesus Christus het nie van ver af oor Jerusalem geween nie! Maar toe Hy *naby* die stad gekom het, toe Hy *by* die stad gekom het, toe het Hy geween! En straks toe Hy in die stad was op sy smarteweg, het Hy aan die kruispaal sy smartkreet geklaag! Dit was nie smartkrete van vér af nie! Dit was nie 'n geklaag van magteloosheid toe Hy uitgeroep het: "My God, My

God, waarom het U My verlaat” nie. Dit was, en dit *is* hulp- en reddingswoorde vir u stad wat sonder dié woorde anders verlore was! O! Jerusalem, Jerusalem, stad waaroor Christus sy trane gestort het. O Christelike kerk vir wie Christus in verlorenheid geroep het, om jou te red!

En nou roep Hy u nog deur die diens van sy Woord en sakramente. Dis nie die markgeskreeu met metaalstem om goud en hebsug nie, maar dis 'n troos en heilryke woord. Dis die verlossingswoord wat elke Sondag nog verkondig word. Dis die poort van die nasies, die sleutelbediening van Gods Woord waaroor Tirus hom so bloedig kan erg. Dis die profetiese Woord wat vir elke Empire-kultuurmag oor die hoogwaters van die volkeresee so 'n vervloekte struikelblok is, deurdat dit preek dat mensesiele nie mag verkoop of verhandel word vir goud nie.

Gemeente, wat maak u met die kruisgeroep van die Christus wat elke Sondag tot die wêreld roep! Het die Tirus-mag, die wêreldkultuurmag met sy markgeskreeu om wol en tabak, koring en mielies, genot en gemak, weelde en luukse u nie dalk so beet dat u vir die stem van die bloed van die Lam Gods nie meer tyd het nie? O Tirus, Tirus met jou goudkoors en belange-politiek, jy versmoor die stem van die kerk, omdat sy profesie vir jou 'n struikelblok is. O Tirus, Tirus-Babilon, julle breek die deure van die kerk nes die poorte van die nasies liefs af en sien dit verwoes! O Tirus, jy eis die Sabbat vir jou mark, vir jou goud, vir jou tegniek, vir jou kultuur, vir jou genot en gemak op. O Tirus, die kerk is in jou pad.

Waar staan u, broeder en suster: op die markte, in die groot handelshuise met hulle baie mooi koopware van goue en silwer voorwerpe, edelgesteente en pêrels, fyn linne en purper, en sy en skarlaken, kosbare hout, sink, koper, yster en marmer, kaneel en reukwerk, en salf en wierook, en poeier en olyfolie en fynmeel, en koring en tabak, grootvee en skape? Of staan u in Jerusalem, die poort van die nasies, die kerk van Christus, waar die lieflike beloftes van God verkondig word, kosbaarder as die fynste goud, ewige onverganklike skatte!

Staan u op die markte van Tirus — weet dan dat daar 'n klaaglied van ewige verlorenheid in die dieptes van Gods toorn uitgejammer sal word!

Staan u in die poorte van Jerusalem waar u Here vir u geween en innig gejammer het aan die vloekpaal, waar sy beloftewoord gepreek, geglo en bewaar word — sing, ja begin dan nou reeds om die Hallel van hemelse triomf te sing. Sing die ewige nuwe lied. Halleluja.

**Amen.**

## 7. GOD SE IRONIE

**Lees**: Eség. 28 :1—19.

**Teks**: Eség. 28:2 en 8b.

Eségiël het 'n klaagsang oor die ondergang van die grote Tirus gegee. Daarna moet die profeet nou 'n klaaglied oor die vors van Tirus aanhef, Eségiël moet vir hom sy dodesang sing terwyl hy nog *springlewendig* is.

God se klaaglied is so anders as die mens se klaaglied. Ons klaagliedere is in die reël te laat! Maar God se profetiese klaaglied kom vooraf. God gaan Hom teenoor Tirus se vors nie onbetuig laat nie. Dit moet beangstigend wees vir 'n man om sy grafrede te hoor terwyl hy nog lewe. Maar die vors van Tirus het vir so 'n grafrede geen angs gehad nie, want hy het gemeen immers dat hy self god is. Dit was god teen God; gods-woning op aarde teen Godswoning in die hemel; godewoord teen Gods Woord; antigod en God.

In die klaaglied word aanvanklik baie waarderende woorde gespreek oor Tirus se vors. Eségiël noem hom seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Hy was Eden, die tuin van God. Allerhande edelgesteentes was sy bedekking. Hy was 'n gerub wat beskut. Maar daarna verval hy in ongeregtigheid en daarop volg die oordeel Gods. Waarop hierdie waarderende woorde vir die vors van Tirus sinspeel, is vir ons tot nog toe in die duister gehul.

Maar ons kan die dinge ook maar veilig in die midde laat. Die groot saak hier is duidelik, naamlik dat God vanuit sy Godswoning in die hemel spot met die Vors van Tirus.

Ons beluister in hierdie woorde 'n Goddelike ironie! Tirus se vors sê: "Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning *in die hart van die seë!"* En laggend, spottend sê die Here: Eségiël, hef 'n klaaglied aan en sing vir Tirus se vors: "Jy sal *in die hart van die seë* die bittere dood sterwe". Sy naam word hier op 'n tekenende wyse nié genoem nie, en niemand ken hom eers meer nie, die god van Tirus met Tirus as godswoning! Maar uit die opgrawings leer ons dat dit Ittobaäl II was.

Hy het hom nie net 'n god gevoel in sy gedagtes nie, maar hy het dit uitgespreek. Sy uiterlike omstandighede het sy waan van selfvergoding gevoed. Geen vors van daardie dae was magtiger as hy nie. Tirus het die see beheers en die wêreldmark. Tirus was die stapelplek van onmeetlike rykdomme. In Tirus het volk nog vors hom langer van iemand afhanklik gevoel. En kon so 'n vors dan nie met goeie rede sê nie: Ek is 'n god! Bowendien, Tirus was vir daardie tyd 'n onneembare vesting op 'n rotseiland in die hart van die seë. Dit het by al sy vyande die gedagte gewek van 'n ongenaakbare "godeberg".

Hy lag dus: " ... Ek Ittobaäl, heer van die seë, besitter van die skatte van die aarde, die magtige van die aarde met 'n krans van goddelikheid om my slape en die ganse mensheid voor my in die stof gebuig, van my afhanklik! Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning!"

Maar Hy wat in die Hemel sit, het gelag! En Hy stuur sy profeet met die boodskap: "Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het en jou glans ontheilig".

En teen Hom, vors van Tirus, vermag jy niks! En sal jy dan werklik sê, in die aangesig van hom wat jou doodmaak: ek is 'n god, terwyl jy tog 'n mens is in die hand van hulle wat jou deurboor, en geen god nie?

Ons vind in hierdie profesie twee gedagtes waarby ons u aandag wil bepaal;

(1) die altyd weer terugkerende sonde van selfvergoding; en

(2) die Goddelike spot daarmee.

**I.**

Hierdie verskynsel wat ons hier aantref by die kaptein van die staatskip Tirus, is nie nuut nie! Mensvergoding, Empaaierverheerliking, Führerverering, staatsvergoddeliking is nie dinge wat in ons twintigste eeu vir die eerste maal opduik uit die see van die mensewêreld nie. Eségiël het hierdie verskynsel van selfvergoding reeds in die magtige en nietige Ittobaäl II, die koning van Tirus, aangeteken. En Eségiël het met hierdie tekening tegelyk verder teruggegryp in die verlede en vooruit gegryp tot in die verste toekoms.

In die verlede — want hierdie vors van Tirus was nie die eerste wat homself tot 'n god geproklameer het nie. Eségiël vermeld nie sy naam nie en weier dus om vir ons hier 'n blote stukkie geskiedenis van menslike verwaandheid uit sy tyd te boek te stel, asof dit nou iets snaaks sal wees vir nakomende geslagte dat daar nou werklik 'n mens was, 'n koning wat homself 'n god genoem het. O nee, gemeente, Eségiël het by die lig van Gods openbaring die

staatsmens, die regeermens tot op die bodem van sy siel deurskou! Wat hy hier sê van die vors van Tirus, sê hy van hom as verteenwoordiger van 'n eeue-oue gedagte. Gaan maar terug na die paradys, en daar staan dit vermeld dat die mens se begeerte daarna gehunker het *om soos God te wees.* Ja, vors van Tirus, jy was in Eden, die tuin van God! In jou hart het opgekom net wat maar ook in die eerste mens se hart opgekom het om soos God te wees! En hierdie sug van die sondige mensehart het nou so konkreet geword dat hy nie meer soos God wil wees nie, maar al self *'n god* is.

En hy blik profeties in die toekoms, tot die verste toekoms op die jongste dag, en dan rys voor sy profetiese oog die verwaande figuur van die toekomstige wêreldvors op. Die naamlose vors van Tirus is maar net sy voorloper en ons weet sy presiese naam ook nie, maar geestelik word hy genoem die Antichris. Ons kan sê: Ittobaäl die Derde!

Tirus se vors spog dat hy in die hart van die seë woon, maar hy is nog maar net 'n skim, 'n skadubeeld van die bees wat opkom *uit* die hart van die see, die mensesee! Die vors van Tirus sê: “Ek is 'n god”, maar die Antichris sal hom verhef bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is (2 Thess. 2:4).

Die Antichris sal dus tegelyk antigod wees. Hy sal *bo* God wil wees en sal as sodanig vir hom die aanbidding van die ganse aarde opeis (Openb. 13:3, 8, 12, 15). Hy sal 'n nuwe godsdiens invoer, waarvoor alle bestaande godsdienste moet wyk. Die Kommunisme van vandag wil nog alle godsdiens uitroei, maar ons weet by die lig van hierdie profesie dat die Kommunisme nog maar 'n trap is in die ontwikkeling van die staatsmag tot selfvergoding. Die Antichris sal 'n beter mensekenner wees as die Kommunis, en hy sal insien dat dit dwaasheid is om die godsdiens uit te roe**I.** *Hy sal die godsdiens juis gebruik as 'n middel om sy mag te verheerlik!* Hy sal homself die glansende middelpunt van die godsdiens maak. So was die Romeinse staatsmag dan ook 'n mag wat aanbid moes word, waarvoor geoffer moes word. En die bees was wel gewond, maar hy genees tans spoedig. Die staats-absolutisme, die alles te bowegaande Empaaieridee, die totaal-staatgedagte, en korporatiewe staat, die arbeidersklasstaat, die magstaat van die twintigste eeu, is al klaar verafgood. En die mense loop blindelings daaragter en verheerlik dit. Die gedagte laat hom duidelik aanvoel: vir die staat mag jy Gods Woord nie preek nie. Die staat met sy ministers, leiers, diktators, is onaantasbaar! Wys jy die staatsman op God, dan laat hy jou verstaan hy is self god. Verkondig jy Gods Woord, dan is sy woord self goddelik. So is die vors van Tirus. So is die mens wat hoof is van die wêreld se politiek — kulturele wêreldmagte. Hy maak gou-gou 'n einde aan God se woord. Hy sal elke Godsprediker nog vang en sy monde vir hom toemaak. En die massa is daarvoor al aan die ryp word. Laat dit maar na die kant van jou politiek kom: dan sal jy gou hoor wat 'n predikant moet preek en wat nie! Preek vir my siel, stig my, preek vir my van Jesus wat mensliewend was vir almal — maar bly weg van die vors van Tirus!

En so skry die mensheid voort van Adam af, vanuit Eden, via Ittobaäl, Nebukadnésar, Antiochus, Epiphanes, Caesar, Augustus, Duce, Führer, Ryksmeester, tot in die Antichris. Dan sal hierdie sonde van selfvergoddeliking sy hoogtepunt bereik. Dan sal die mens van die sonde hom waan in die hof van Eden en na die hemel roep: 'n god is ek, 'n godewoning bewoon ek, in die hart van die seë op 'n godeberg!

Eségiël het die ganse geskiedenis en toekoms goed deursien. Maar hy het ook gesien: in die hart van die see sal jy sterf die grusame dood van een wat verslaan is — 'n oneervolle dood.

Dit is die adventklok wat die allerlaaste triomf van die Christus inlui as hy die vergoddelikte mens sal wegblaas deur die Gees van sy mond en hom deur die verskyning van sy toe-

koms tot niet maak!

O mens, sal jy werklik sê in die aangesig van Hom wat doodmaak: Ek is 'n god! In die hart van die seë sal jy sterf!

**II.**

In die lig van die koms van Jesus Christus sal die Goddelike spot met die mens se vergoddeliking hom voltrek.

Met hierdie goddelike spot kom Eségiël dadelik die vors van Tirus teë: Kyk, jy is wyser as Daniël, as Daniel wie se wysheid spreekwoordelik geword het. Maar jy is nog wyser! Alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie!

Maar nog erger, nog bytender word die goddelike ironie waar God sy straf oor die vors van Tirus aankondig. Tirus se roem word sy straf! Tirus se *godewoning* word sy *grafwoning.* Hierdie ironie is 'n wesenlike bestanddeel van Gods strawwende geregtigheid, deur die eeue heen oor volke en individue. Dit kom hierop neer dat die mens met sy eie sondes die toutjies vleg van die gésel waarmee hy gegésel word. Die sonde waaraan ek vashou is die graaf waarmee ek my eie graf graaf. Tirus *verdrink* in sy heerlikheid, — die seegolwe waarop hy hom beroem het. Dis 'n ou wet en tog steeds weer nuut.

So gaan dit altyd, gemeente. Tirus verdrink met sy onverwinlike handelsvloot en al. So gaan dit vandag ook. Dit was mos die wysheidskreet van ons eeu gewees dat die wêreld met 'n oorbevolking van mense bedreig word en dat hulle soos rotte die hongerdood sal sterf. En nou, nou stik die wêreld in 'n teveel van produkte. Daar is te min mense vir wat die wêreld produseer! So verstik Israel in hulle vleislus. So verdrink die dronkaard in sy glas! So knyp die gierigaard die siel morsdood tussen die dollars, ponde, sjielings en pennies. So blaas die wellusteling sy gees uit in sy drifte wat hom laat hyg! En hy wat sy broer doodslaan — o goddelike ironie — slaan homself dood.

Die ondergang van die hoog opgevoerde kulturele wêreldmag sal voor alles *natuurlik* wees. Ons moet dit tog goed verstaan, die kulturele wêreldmag sal instort, nie deur uitheemse, vreemde magte nie maar *deur die toedoen van die wêreld self.* Sekerlik, die skale van Gods toorn word van bo af uitgegiet, maar dit werk dan van benede! Die krag van ontbinding sit by die sondige wêreldkultuurmag van binne. Dit is 'n huis wat teen homself verdeel is. En as die groot diktator van die sonde, die Antichris verskyn, dan moet voor sy heerskappy wyk almal wat die botoon wou voer, En dit sal juis Babel se ondergang wees. Op die bodem van selfvergoding organiseer die antichristelike mens hom nie net teen die Lam nie maar ook teen magte van homself — ironie! Die onderlinge wêreldoorlog sal die wêreldruïne die mees natuurlike ding laat wees. Die verderwing van goddelik gewaande vorste, ryke, state, Empaaiers, sal deur magte van benede voltrek word. Sekerlik, God sal dit voltrek; *daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan* (vers 18).

God is geen tiran nie. Hy gee aan elkeen wat hy wil hê! God ruïneer slegs die huis wat teen homself verdeel is en wat so nie meer *kan* bestaan nie. Gods oordeel trek net die konsekwensie van die wêreld se sonde en voer dit tot volkomenheid in die ontbinding.

As hy wat geen god is nie maar 'n mens, durf sê: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godswoning in die hart van die see — dan sê God net: In die hart van die see sal jy sekerlik sterf! Onder die Goddelike ironie-straf staan elkeen wat die Naam van Jesus Christus nie noem nie. En elkeen wat Jesus Christus se Naam bely, lê die ongeregtigheid af, want alleen in Christus is daar verlossing van die strafvloek oor die selfvergoding van die mens. En die gelowige, die mens wat Christus bely lê die ongeregtigheid af, nie uit vrees vir die straf nie, maar uit liefde vir Jesus Christus wat alleen reg het op die Naam van Seun van God en Self ook God is. Jesus

Christus alleen het reg om Gods woning te bewoon. Want Jesus Christus het sy godewoning, Gods woning verlaat en het hier op aarde die bytende ironie van die strafvloek Gods gedra toe die soldate met sy koningskap gespot het, Hom 'n koninklike spotkleed omgehang, 'n koninklike spotkroon en 'n koninklike spotsepter in die hand gedruk het. En toe Hy aan die vloekpaal gehang het, is Hom spottend toegevoeg: “As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou afkom van die kruis en ons sal in Hom glo!”

En eindelik het Hy drie dae in die hart van die aarde gelê! En dit terwyl Hy geweet het dat Hy Seun van God is, self God is en 'n Godswoning bewoon het!

Hy, Seun van God, God self, het sy Godswoning verlaat en in die hart van die aarde verstorwe gelê om as ons Borg u en my te verlos van ons sonde van gode te wil wees en godewonings te wil bewoon! Hy het ons verlos van die bytende spot Gods: In die hart van die seë, in die dieptes sal jy sterf.

En nou word sy kerk vertroos met sy wederkoms. Nou roep Hy sy kerk teenoor Tirus toe: Laat julle harte nie ontstel word nie. Glo in God, glo ook in my — in die huis van My Vader is vele wonings.

Kinders van God is u wat glo in Jesus Christus. Ons wil Hom, die spotkoning, ons Borg, in gedagtenis hou, Hom en sy doringkroon, en ons wil huil en lag. Sy spot gee ons die erekroon. O Christus, ons dink aan u doringkroon as ons sing:

*“Ons hef die hoof omhoog weer sterk deur Gods vermoë.*
*Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons tewe*
*en onse koning is deur Isrels God gegewe.”*

Gods woning, 'n godewoning gaan elk van Gods kinders bewoon!

Uit vrye guns alleen.

Uit ewig mededoë.

**Amen.**

## 8. SIDON, DIE STEEKDORING VAN VERAGTING

**Lees**: Eség. 28:20—26.

**Teks**: Eség. 28:4.

Die profeet Eségiël staan nog steeds stil by die sewe vyande van Israel, wat die vyande van die kerk van Christus deur die eeue heen verteenwoordig. En nou kom ons by Sidon. Eintlik moet ons sê: Tirus-Sidon. Want die twee word in die Heilige Skrif steeds in een asem genoem. Onse Here Jesus verbind ook die twee as Hy sê: dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir Kapernaüm en Bethsaida.

Geen wonder ook nie, gemeente, want hulle was albei twee Fenisiese stadstate wat van die handel en skeepvaart gebloei het. Maar waar die Kanaäniete 'n landboubevolking was, het die Grieke die Kanaäniete wat handel dryf Feniseërs genoem. Tirus en Sidon was dan ook twee konkurrente op die gebied van die handel en skeepvaart. Dit was tussen hulle 'n voortdurende wedloop wie vooraan sal staan. Twee stede wat albei die wedloop na die geregtigheid Gods, na die ewige onverwelklike kroon nié geken het nie. Hulle gejaag was net na kulturele grootsheid, goud, prag en roem. Dan staan Sidon vooraan, dan weer Tirus. Uiteindelik het Tirus Sidon oorvleuel in die dae van Eségiël. Maar dit was al stryd wat hulle geken het.

Maar hierdie onderlinge rusies word vergeet as hulle maar eenparig vyande van die kerk kon wees. Dit gaan so deur die eeue heen: Tirus en Sidon, Pilatus en Herodes, liberaal en sosialis word vriende en sluit verbonde as dit teen Jesus Christus gaan. Tekenend staan daar dan ook dat Sidon, die konkurrent van Tirus, onder dié was wat Israel verag het. Hierdie veragting was nie soseer teenoor die volk Gods nie as wat dit teen God self was. Want in Jerusalem lê die Boekrolle van God se wet en profesie, ten spyte van Israel se afvalligheid. En Jerusalem word verag juis om die Openbaring Gods daarin.

In Jerusalem word Hy wel die God van hemel en aarde genoem, wat geen stad nog van sy god gesê het nie — en tog is Jerusalem plat getrap deur Babel. Daar is dus, so smaal hulle, nog magtiger gode as Jahwê! En dis hierdie hoon van die God van Jerusalem, van die HERE van die kerk, van sy Woord in die boekrolle daar in die heiligdom en van die verbondstekens daar in dieselfde Jerusalem — dis hierdie veragting wat oor Jerusalem na die hemel loop, wat God Hom persoonlik aantrek.

Daarom kondig die profeet nou Gods sware oordeel aan: So spreek die Here HERE: Kyk ek het dit teen jou o Sidon en Ek sal My binne in jou verheerlik, en hulle sal weet dat Ek die HERE is, as Ek strafgerigte oefen en My in hom as die Heilige laat ken. Pes in die huise en bloed op die strate van Sidon, sal God stuur. En hulle sal weet dat God, die Here HERE is; dat Hy besitter is van hemel en aarde, en dat Hy die troue Verbondsgod is van sy volk. En dan volg die belofte vir Israel. Die eerste lig wat deurbreek vir Israel deur die donker hemel van Godsgerigte. En daar sal vir die huis van Israel geen steekdoring en smartlike distel meer wees nie, onder almal wat rondom hulle is, wat hulle verag.

Hierdie woorde is vir Israel nog negatief, want dis woorde wat die profeet tot Israel spreek, vir hulle vertroosting: maar dis woorde positief teen Sidon.

Sidon se vyandelike veragting word hier geteken as 'n steekdoring en smartlike distel.

Die steekdoring waarvan hier sprake is, word beskryf as 'n doring wat 'n boosaardige, pynlike ontsteking veroorsaak; 'n doring wat smetlike gifstof inent waar hy steek. Waarskynlik is hierdie beeld geneem van dieselfde soort doring wat die Christusdoring genoem word — 'n kwaai soort steekdoring waaruit die kroon van onse Here Jesus gevleg en op sy hoof veragtend gedruk was.

Sidon se vyandskap teen Jerusalem, Sidon se vyandskap teen God, teen Christus en die kerk van Christus word nou geteken as 'n steekdoring van veragting, 'n steekdoring wat boosaardige gifstof afgee waar hy mag wond. Waar Jerusalem, waar Israel in aanraking met Sidon gekom het, het Sidon Israel gewond en die kwaai gifstof van veragting vir die Heilige op Israel ingeënt. Deur aanraking met Sidon het sy smetstof van veragting vir die heilige ook in Israel ingedring en hom vergiftig.

Sidon het behoort tot die volke wat volgens Jer. 27 'n sterk Siro-Palestynse koalisie begeer en gepropageer het teen die groot moondheid Babel. Die klein Palestynse staatjies moes hulle nouer aan mekaar sluit om die juk van die dwingeland af te skud. En ook Juda, Jerusalem is sterk beïnvloed vir die Palestynse volkebonds-politiek. Die leuse wat aangehef is, was: kragtige aaneensluiting vir 'n groot vryheidsoorlog. Veg vir die Palestynse vryheid teen Babel. Veg vir nasionale regte en vryhede. Die vriendelike versoek aan Jerusalem om mee te doen aan die komplot het daar aanloklik uitgesien. Israel het daar geen giftige steekdoring in gesien nie. Hulle het 'n rosegeur daaruit gesnuif. Hoewel Jeremia Jerusalem gewaarsku het teen hierdie mooi klinkende steekdoringpolitiek, wou Israel nie luister nie. Jeremia word geskel vir 'n pessimis, vir 'n verraderlike oorloper na die kamp van die vyand. Klaar is Israel aangesteek deur die veragtingsgif van die steekdoring Sidon! Israel verag die profesie, verag die heiligheid van die stad as openbaringstad, van die tempel met die heilige boekrolle, van die

offertekenis voor die heiligdom. Wat? Sal ons nie meedoen aan die Palestynse volkebonds-politiek vir die nasionale vrymaking van Jerusalem nie!? Was dit nie 'n mooi gees van eensgesindheid wat daar by die onderhandelinge geheers het nie? Het die Sidoniese afgesante om met ons te onderhandel nou nie ons nasionale saak by onsself bepleit nie! En moet die Jeremia — verraaier wat hy is — nou nog daarteen profeteer? Applous vir die Sidoniërs! Na die put met Jeremia! O smartlike distel! O giftige steekdoring! Die heilige afsondering van die wêreldsgees word verag.

Israel is gevang net met die punt van die steekdoring van 'n sogenaamde nasionale stryd. 'n Bond in belang van 'n sogenaamde nasionale selfstandigheid. Maar die gif is dat dit 'n nasionale beweging is sonder die heilige, sonder God. Dit was wel nasionaal — maar 'n antichristelike, 'n antigoddelike nasionale beweging. Dit was gemunt teen die kerk. Dit was 'n Sidoniese soort van nasionalisme vol van veragting vir die heilige, vir Gods Woord.

En die rewolusionêre Jerusalem met aangesteekte Sidoniese nasionalisme het daarvan die slagoffer geword. Die troulose bondgenoot Sidon staan nou veragtend daaroor en lag, dat die kerk Jerusalem dodelik getref is en die Sidoniese nasionalisme-leer geseëvier het. Jerusalem verwoes, die volk sit in ballingskap. En nou lag Sidon. Die geurige roos, wat aanvanklik so lekker geruik het, het geblyk 'n giftige doring te wees. Wat daar nou nog is, is net die afgekapte stomp, die oorblyfsel na die verkiesing van Gods genade daar om die Kebarrivier. Die vergiftiging was so swaar dat God 'n ballingskap-operasie moes uitvoer om die stam te behou. Byna was dié ook vergiftig.

Gemeente, ons spreek gewoonlik van drie doodsvyande van die kerk, Satan, die wêreld en ons eie vlees. Maar die profesie leer ons van baie meer vyande van die kerk. Ons het hulle herken uit hierdie profesie. Die een werk met lis, die tweede met geweld, 'n derde maak 'n frontaanval, 'n vierde 'n flankaanval. Op duisende plekke tegelyk dreig die aanvalle op die kerk. Die Nieu-Testamentiese kerk is daar nie beter aan toe nie. Satan, die wêreld en ons vlees is maar die drie opperbevelhebbers, en elkeen het weer 'n kolonne agter hom: die geestelike booshede in die lug waarteen die kerk moet stry, is waarlik meer as drie. En dAäronder met name die vyand in die gestalte van Sidon, wat tekenend profeties aangewys is.

Dit is die giftige steekdoring van veragting van die Heilige. Dis 'n aansteeklike besmetting. Dit doen hom vriendelik voor, aanloklik, maar dis uiters giftig.

Johannes op Patmos sien uit die put van die afgrond sprinkane opkom en hulle het hare gehad soos vrouens — lief, aanloklik, bekoorlik — maar hulle sterte was soos dié van skerpioene, en daar was steekangels in hulle sterte, om die mense te pynig.

Die infeksiegevaar van die steekdoring bedreig steeds die liggaam van Christus, die kerk. En waar daar verwondinge kom in die kerklike liggaam, opereer God, sny die vergiftigde lidmate uit om die liggaam gesond te hou. Vandaar die verskriklike amputasies, afsnydings van die liggaam van Christus — deur oorlogballingskap.

Om maar die vraag vir ons tyd toe te pas: nasionalisme is mooi, maar is ons nie vergiftig met die steekdoring van 'n nasionale stryd wat nasionaal wil wees sonder God, sonder Christus, sonder die profesie, sonder die heilige tekens van Gods verbond nie? Soos Sidon van destyds, is die steekdoring-gees van ons eeu nog teen die kerk. Eg Sidoniese lok-leuses: Vir vryheid en onafhanklikheid, vir ons selfstandigheid, vir die demokrasieë; vir 'n beter wêreldorde! Dit klink mooi en aanloklik. Maar dis vir die kerk steekdorings van 'n vreeslike infeksie, skerpioensterte met pynigende angels. Want daarin skuil vyandskap teen die kerk, teen die Evangeliewoord, teen die verbondstekens. En meer as vyandskap: veragting vir die kerk. Onder hierdie selfde mooi leuses moet die kerk in die prediking van die Woord dit ontgeld. Daar is geen agting, geen eerbied vir Gods Woord by hierdie eeu met sy Sidoniese

steekdoringpolitiek nie, dog net veragting.

Ons praat ook in ons land in opgewondenheid vandag van 'n eie Afrikaanse nasionalisme. Maar wat word eintlik met hierdie platvorm-towerwoord bedoel? Is ons dalk nie al besmet met 'n twintigste-eeuse Sidoniese steekdoringpolitiek wat Gods Woord nie net netjies opsy stoot nie maar die vreeslike kiem van Skrif- en kerkveragting in hom omdra nie? En, o gemeente, dis so 'n gevaarlike geestesiekte. Hy steek aan sonder dat jy dit voel. Voordat jy reg agterkom, trek jy jou neus op vir die kerk.

Moenie vir my op politieke erf preek nie — preek in die kerk. Preek is in ons eeu 'n veragtelike woord. Ook in ons Sidoniese kultuurwêreld met sy wedywerende handel en skeepvaart, met sy mooie en gemaklike, met al sy genotmiddels. Sidon se kultuurbeleid teenoor Jerusalem was ook 'n steekdoring-kulturelebeleid. Jerusalem is gewond en aangesteek met 'n kultuurlewe wat die kerk verwond het, Neem maar 'n letterkundige boek en lees hom, en daarin staan Sidoniese karakters op wat in 'n veragtelike toon spreek oor kerk en preek! Ons eeu is besmet met 'n Sidonsgees wat elke vermaning bejeën met die veragtelike opmerking: *Ag kom nou, moet nie vir jou vroom hou nie!* Die Christelike vroomheid staan ook al in veragting. En die jong mense is skaam vir ons tydsgees, dat hulle dalk sal uitgemaak word vir: *vroom!* As hulle nie wil meedoen nie, dan word hulle van godsvrug beskuldig: ag, man, jy is net weer bang vir die *kerkraad,* Die doop van 'n kindjie is nie sakramentsbediening nie — wat wil sakramente tog sê? — dis 'n aantreklike aardigheidjie, 'n seremonie van naamgewing.

En hierdie gees word stelselmatig gekweek daar in die huisgesin, in die skool en Universiteit — waar Christelike onderwys dogma sou wees. Veragtelike iets! En Christelike wetenskap — dis meer as veragtelik! Dis 'n belaglike poging van fanatieke kerkmense, wat sieklik dweep met Calvinisme!

Dis asof ons afloop in die hoofstraat van Sidon! Die gees van Sidon het die stede van Kapérnaüm en Bethsaida aangesteek. En waarlik, dis asof Kapérnaüm en Bethsaida vir Sidon voor is in die veragting vir Jesus van Nasaret. Dis of die aangesteekte kerkmens vanweë Sidonsgees erger is in sy veragting van die kerk as die Sidoniese wêreldmens.

En dan is ons tyd op sy agterpote oor die liggaamlike gesondheid en word alle maatreëls geneem teen besmetlike liggaamlike siektes, en dis goed, maar teenoor al hierdie geestelike besmettinge van die siel, teenoor die geestelike infeksiegevare staan ons roekeloos. En nog meer as roekeloos, want heel naïef meen ons eeu se mens dat hy geestelik gesond is. Hy is doodreg, en veilig, selfs immuun: hy kan nie aansteek nie. Hy sal nooit leer drink nie! Hy sal hom oppas! Hy sal nooit in onsedelikheid verval nie. Jy beledig hom as jy vir hom preek dat ons so *swak* is dat ons nie een oomblik kan stand hou teen ons doodvyande: die duiwel, die wêreld, ons eie vlees en Sidon se steekdoringgif van Christus-veragting nie. Want hy is sterk. Hy triomfeer uit eie krag, sonder die verlossing van Jesus Christus. O Sidon, Sidon! Steekdoring om die kerk van Christus te verwond. Die Sidonkultuur het ook sy eie *Sabbatsleer.* Wie gaan nou Sondag kerk toe, om na die ideetjies van 'n onderduimse predikant te luister! Dis meer stigtend om maar in jou kamer jou godsdiens agter jou toe te sluit. Dis 'n saak, 'n privaatsaak tussen jou en God en niemand het daarmee iets te maak nie.

Hierdie Sidonsgees het die kerk gewond. Vir hulle goeie besigheid, handel en welvaart, doen lidmate op die Sabbat wat hulle vroeër nooit sou gedoen het nie. Die Sabbatsheiliging kom in minagting, en dan later in veragting, en as laaste stap lag jy saam met Sidon as die heilige tempels in puin lê en daar nou geen Sabbat meer is nie.

Sidon het ook sy eie *huweliksmoraal.* Dis Sidonies om mekaar net vir 'n proef te vat. En as hulle dit albei goedvind, ontslaan die een die ander ewe deftig! En dis liefde om selfs ongehuud saam te leef!

En met hierdie giftige steekdoring wond Sidon die kerk in die huisgesin. Die Christelike huwelik en huisgesin kom in veragting!

En, gemeente, ons moet ons afvra of ons nie meer leef uit die denke, spreke en handele, uit die gees van hierdie eeu as uit die geloof nie. Die Christendom is ontsmettend. Die Christen wat uit die geloof leef, werk bederfwerend, werk reinigend, en nie soos Sidon *besmettend* nie. Die nagmaal-ganger gaan leef dankbaar teen Sidon se gees, uit die geloof, vol eerbied en ontsag vir Gods Woord en sy heilige sakramente. Die gelowige soek die prediking elke Sabbat en dryf die slegte smetstowwe, die Sidoniese steekdoring uit, sodat daar geen steekdoring is in sy politiek, in sy handel en besigheid, in sy maatskaplike en kulturele lewe, in sy huisgesin en skool nie. Die Woord en sakrament ag die gelowige lidmaat hoog, want dis die enigste medisyne teen die steekdoringgif van Sidon. Gemeente, dis u nabetragting. Wie nie so die Sidoniese steekdoringgif wil weer nie, moet dit weet: God sal hom van die liggaam van die kerk afsny. Soos Hy 'n groot stuk van die volksliggaam van Israel afgesny het, so sal Hy dit weer doen! En Sidon self sal dit ondervind: bloed en pes, besmetting tot sy dood sal uitbreek! 'n Oorlog en pes.

Ag, gemeente, sal ons dan teen Gods Woord in so dwaas wees om sy Woord en sakramente te verag? Wie dit doen, moet weet dat hy 'n steekdoringkroon gevleg en dit veragtelik op Jesus Christus se hoof gedruk het: Kom Koning Jesus! U verbeel U mos dat U oor my iets te sê het.

O, die steekdoring wat die Heiland van ons ontvang het. Ons het Hom met ons Sidonslewe gewond, die Hoof van die kerk getref. Sal u dit weer wil doen?

O, laat ons as lewende lidmate van die stadskerk Jerusalem die bederf van die Sidoniese steekdoringgif uit ons lewe weer, ons God tot eer, en tot ons saligheid.

**Amen.**

## 9. EGIPTE SE ONDERGANG

**Lees**: Eség. 29:1—16.

**Teks**: Eség. 29:3, 16.

Egipte kom aan die beurt as die sewende groot vyand van die kerk van God, van die Here God op aarde. Al hierdie vyande van Jerusalem, van die kerk, het hulle tipies-profetiese betekenis gekry uit hulle besondere verhoudinge tot Jerusalem in die tyd van Nebukadnésar. In daardie tyd het Egipte, ook 'n eersterangse wêreldmoondheid, getrag om vaste voet te kry in die Siropalestynse lande. Die bewoners van die Nyldal het die Palestynse staatjies nodig gehad, nie net as *voorposte* teen die snel opkomende Nieu-Babiloniese wêreldryk van Nebukadnésar nie, maar besonder as 'n *brug* om in aanraking te kom met die ander middelpunt van handel en kultuur, die Eufraat-Tigrusvlakte. En as Egipte nou as kaptein op die brug, Palestina, kan staan en die verkeer kon reël langs die groot handelsroete, die karavaanweg tussen Egipte en Babel, dan sal dit beslis in sy voordeel wees. Dan kan Egipte die groot internasionale handel beheers en so feitlik die ou kultuurwêreld. Handel en rykdom was dus ook toe die beslissende faktore. Die handelsbeurs het ook toe beslis oor oorlog en vrede. En met die begeerte om vaste voet in Palestina te kry, het Farao Hofra, die koning van Egipte, vir Sedekia, die koning van Jerusalem, gewapende tussenkoms beloof, teen Babel, teen Nebukadnésar. En hy het Sedekia aangehits: “Verset jou teen Babel!” Sedekia sou op sigself alleen nooit daaraan gedink het nie. Selfs die Palestynse volkebond het hom te swak gevoel teen Babel. Maar toe die magtige Egipte kom en sê dat hy Jerusalem sal steun — toe het Sedekia met sy Egiptiese partypolitiek homself sterk gevoel en astrant genoeg om Babel die hoof te bied!

Ten spyte van al die waarskuwings van die profeet Jesaja (wat Egipte in sy troueloosheid geteken het as “Rahab wat stilsit”, sodat, as Jerusalem in gevaar kom, dan sit Egipte doodstil; en ten spyte van Jeremia en Eségiël se waarskuwings om nie op Egipte te vertrou nie, want hy is soos 'n riet wat breek as jy op hom leun en die hand deurboor); ten spyte daarvan het die Egiptiese party maar weer die oorhand in Jerusalem gekry wat op Egipte vertrou het vir hulp.

En wat het gebeur? Nebukadnésar het 'n strafekspedisie teen Jerusalem gestuur, en toe Farao Hofra se magte Jerusalem moes help, het hulle hul in veiligheid voor die Babiloniese troepemagte teruggetrek. En Jerusalem is verwoes.

Hierdie profesie is uitgespreek nadat Jerusalem nou al vir 'n jaar beleër is deur Nebukadnésar en Jerusalem tevergeefs op Egipte gewag het. Dit is op die 12e Januarie 587 voor Christus voor die ballinge aan die Kebar deur Eségiël uitgespreek.

Hier word van die ondergang van Egipte aangekondig, en in hierdie gerig-aankondiging oor Egipte wys ons u op drie sake:

(1) Hoe dat die Here God Egipte in sy selfverheffing straf.

(2) Hoe dat God op dié wyse die afgod uit die hand van sy volk slaan.

(3) Hoe die Here God sy eer handhaaf.

**I.**

Duidelik teken die profeet vir ons hier Egipte se trotse selfverheffing, nie teenoor Jerusalem of Babel nie maar teenoor die Here God self, as hy sê: “My stroom (dit is die Nyl) is myne en ek het dit vir my gemaak”. Egipte voel hom in sy trotsheid soos 'n krokodil in die stroom van die Nyl: “My stroom is myne en ek het dit vir my gemaak”.

Deur uitgebreide kanale en irrigasiewerke, waardeur die vrugbare Nylwaters ver uit die oewers gelei is, het Egipte baie van die Nyl gemaak en sy waarde verhoog. Maar waar Egipte dit gedoen het, het hy nog maar net gebruik gemaak van die Skepper se werke en gawes. Sy verwaandheid is egter so hoog dat hy hom nou self die skepper van die Nyl gewaan het.

Ons sien in hierdie optrede die gesindheid van die moderne wêreldryke wat hulle groot waan in hulle moderne kultuur en tegniek. Dis nog maar die trotsheid van elke wêreldimperium. Na Egipte het dieselfde Nebukadnésar, voor wie Jerusalem in Egipte destyds geswig het, uitgeroep: “Is dit nie die grote Babel wat ek gebou het nie!” En ons hoor dit: die groot Empire wat deur Groot-Brittanje tot stand gebring is, die groot Duitse Ryk wat deur Hitler opgebou is, die Fascistiese staat wat deur Mussolini tot stand gebring is. By die verwaandheid van die moderne mens is God uitgeskakel. En dis waarlik geen wonder dat God, wat so in sy Skeppers-eer aangetas word, die groot mens slag op slag sy kleinheid laat voel nie! Terwyl die laaste sprong gedoen word na 'n herwonne paradys, na 'n nuwe wêreldorde, na sogenaamde vrede en vryheid, laat God dit neerstort. Die toenemende bankrotskap en radeloosheid van die teenwoordige wêreld is net God se antwoord op die verwaandheid van alle eeue.

Dit het met Egipte ook nie anders gegaan nie. Beeldryk sê Eségiël: “So spreek die Here HERE ... kyk Ek sal hake in jou kakebene slaan en die visse van jou strome aan jou skubbe laat klewe; en Ek sal jou uit jou strome optrek, saam met al die visse van jou strome wat aan jou skubbe klewe. En Ek sal jou wegwerp in die woestyn, jy en al jou visse; jy sal nie bymekaar gemaak of begrawe word nie; die wilde diere van die aarde en die voëls van die hemel sal jou verteer”. Totale ondergang en verwoesting, van die Egiptiese vors met sy volk wat aan sy skubbe vaskleef en glo dat dit hulle sal beskut!

Nou ja, die ondergang van Egipte was 'n ramp nie net vir Egipte nie maar ook vir die na-

burige lande. As een groot wêreldryk so totaal instort, dan word die hele wêreld in 'n vreeslike krisis gedompel. Ondergang, krisisse, wêreldinstorting en totale ontvolking deur vernietigende oorloë is maar net God se antwoord op die brutaliteit van die mens. God sal die handelsrelasies, die rykdomme en die luister afbreek en alle welvaartsbronne laat opdroog!

Egipte het God nie net misken nie, maar hy het homself in die plek van God gestel toe hy vir die klein Palestynse staatjies en met name vir Jerusalem gesê het: “Verlaat jou tog (nie op God nie maar) op my. Vertrou (nie op God nie) maar op my.”

Ons hoor hierdie taal elke dag vandag! Groot-Brittanje werp hom op as die beskermer van die klein nasies en selfs van die Christendom! Duitsland waarborg die klein nasies hulle volkome veiligheid! 'n Mens sal sê: Nou, daar is nie meer 'n God nodig nie! Groot-Brittanje of Duitsland, of Frankryk of Italië of Amerika, dié sal dit doen! Vertrou op hulle, klein nasies. Verlaat jou op hierdie of daardie moondheid, Christendom! Dan, o dan is jy veilig! Asof 'n wêreldryk met kanonne en swaarde die Christendom kan beskerm! Ag, onse Here Jesus kan Homself in Getsémané al met swaarde beveilig het. Dis tog die Christus, die Christendom wat Brittanje, Duitsland, die wêreld sal red.

En soos Egipte, so is hulle vandag ook; rietstawe! Leun, vertrou net daarop! Dit skeur jou hele skouer oop, en jy breek jou heupkragte en jy wankel en val!

*Moet op prinse nie vertrou nie*
*by wie niemand heil kan vind —*
*Op die mens jou hoop nie bou nie;*
*want as God hul gees ontbind,*
*keer hul na die aarde weer*
*en hul raadslag stort terneer.*

Die vleiende moderne staats- en wêreldrykmagte is voorwaar u vyand, 'n gevaar vir die kerk! Hulle is aldeur besig om die kerk van God en sy Christus af te trek en in te sluk! En die ernstige vraag vir ons tyd se Christene is of elkeen nie probeer vasklou agter die draak se skubbe nie?

**II.**

Ons vestig dan ook ten tweede u aandag daarop dat God met die ondergang van Egipte Juda se ou afgod uit sy hand weggeslaan het. Want waarlik, Sedekia en die inwoners van Jerusalem asook die ballinge aan die Kebar het hierdie mooi beloftes van die trouelose Egipte eerder geglo as die profetiese woord van die getroue Verbondsgod. Jeremia, wat op die trouеloosheid van Egipte gewys het en die stad vermaan het om van Hom alleen alles goeds te verwag, is uit woede van die pro-Egiptiese partypolitici in Jerusalem in 'n put gegooi en verguis! Waarom? Omdat hy dit durf waag het om teen Egipte iets te sê. Egipte kan nie bekritiseer word nie. Egipte is 'n god wat getrouer is as die HERE God.

Egipte, o Egipte alleen sal ons die oorwinning besorg! So is elke empire, of totaalstaat nog verafgood! En as die Here God sy oordeel oor die wêreldryke bring, dan moet die kerk nie daaroor ween en vra nie: “Ag Here, waarom, waarom tog so!” Want as die Here God vir Egipte straf, dan doen God dit met die oog op Jerusalem! Jerusalem, al word hy nog voor Egipte verwoes, moet voordeel trek uit Egipte se verwoesting. Glo u dit? Die kerk gaan trek voordeel uit hierdie oorlog! Nie stoflik nie! Maar geestelik! Ontsaglike wins, gebore uit verlies — dis lewe uit die dood. Want die voordeel van so 'n verwoestende oorlog is dat die afgode waarop die mens — ook twintigste-eeuse Christen, — gesteun het, plat geslaan word. Die afgode waarop menigeen in die handel, die kultuur, die politiek, vertrou het, sal nie meer daar wees nie. “En Egipte sal vir die huis van Israel geen voorwerp van vertroue meer wees nie”. Die afgodiese voorwerp van vertroue slaan God kapot met sulke strafgerigte oor wê-

reldstate.

Die strafgerig Gods oor 'n wêreldempire laat die mens weer van die nietigheid en die onbetroubaarheid van die aardse magte en rykdomme grondig oortuig word! En dit laat ons weer tot die Here ons toevlug neem. Hierdie radikale middel van oorlog teen 'n wêreldempire is dus nodig in Gods hand — is altyd weer nodig. Die mens moet tot bankrotskap kom, sodat hy tog weer na God sal kan gaan.

So slaan God die Egipties gesinde reorganisasiepolitiek van Sedekia die nek in. Sedekia wou dit nie prys gee nie — nie vir Gods profetiese Woord nie, nie vir Gods guns en genade nie, nie vir God self nie!

Vreeslik! Maar Gods weergalose mokerhou waarmee Hy Egipte in verwoesting weggeslinger het, was die enigste wat die ballinge van die Egiptiese partypolitiek bevry het. Dit het die kerk van die ongeloofs-politiek verlos. Dit het die kerk weer skriftuurlik politiek laat beoefen! Dit het die kerk weer tot die altaar in Jerusalem gebring, waar die lammetjie geslag en sy bloedjies gesprinkel is! Weg van Egiptiese soldate en leërmagte.

Dit bring die ware gelowiges weer tot die gekruisigde Christus en sy bloed; weg van miljoene leërs en vliegtuie en kruisers, en kanonne en miljoene ponde! Dit ontwapen ons van die Goliatswapentuig en laat ons in eenvoud weer die Dawid-slinger in geloof opneem.

O, dis 'n wins vir sy uitverkore kind! Die instorting van Empires en totaalstate. Sal ons dan nog pateties vra: “Ag, waarom al die vreeslike dinge?” Laat ons sien op onse God en Christus Jesus. Hy is ons verlosser, ons beskermer, ons ewige heilaanbringer, Hy alleen.

## III.

Die allergrootste wins van die strafgerig oor Egipte was eindelik dat God weer die eer van sy Naam ontvang het. Daar het dit eintlik om gegaan! Die Here is die Skepper van alle dinge; die Here is die totstandbringer van magtige wêreldryke. Hulle kom op deur sy beskikking, en as hulle teenoor Hom verwaand word, laat Hy weer 'n ander een opkom om die verwaande te straf. En as Israel nou nog op die verwaande Egipte steun, dan doen Israel mee in die wederregtelike berowing van die ere van Gods heerlike Naam. En wanneer Israel as 'n arme, berooide vlugteling weer na sy God, sy troue Verbondsgod toe vlug, dan neem God sy verslae volk weer aan. Dan kry die Here deur die vernietiging van Egipte nie net sy volk terug nie maar ook die eer van sy Naam. Sy geroofde eer, deur Egipte en deur Israel, kry Hy terug. En daar is dit God ten slotte om te doen. Die vernietiging van wêreldmagte, van groot Empires, die ineenstorting van kapitaal en handelsbeurse, die bankrotskap van groot handelshuise, die verarming van volkere, groot krisisse, oorlog, honger en pes — *dit alles stel God diensbaar aan sy eer.* Dan erken die wêreld: Nee, God bestier, Of hulle vloek God. Maar sy gelowige volk, sy ware kerk, kruip voor Hom in aanbidding en met sondeskuldbelydenis dat hulle sy heilige Naam verloën het en beroof het van sy eer. Dan, al is daar 'n sware stoflike armoede, is Gods kerk nie net wel deur die geloof en die ware godsvrug behoue by God nie, maar ontvang die Here God die verskuldigde eer van sy Naam.

As ons dan hoor vra, waarom bring die Here die groot rampe van oorloë, verwoestings, bankrotskappe, vernietiging van groot wêreldryke! Waarom soveel jammer en wee deur instorting van 'n so swaar en met soveel moeite opgeboude kultuur, so verwoes en verlate dat daar nie eers 'n mens of dier se voet deurgaan nie, so verlate — waarom?

Hier het u die antwoord. Daarom, sê die Here! Daarom: omdat Ek die sondige verwaandheid van wêreldryke wil straf!

Daarom, omdat Ek my kerk, die uitverkorene se oog weer wil oopmaak dat hy weer sal sien die goed wat nimmermeer vergaan en so die kerk van Christus wil behou!

Daarom, omdat die Here die verganklike dinge, Empires, totaalstate nie meer voorwerpe van vertroue wil laat wees nie, maar dat die Here onse God ons ewige Toevlug en vertroue is, en dat Hy sy eer mag terugontvang in 'n volk wat sy verminkte afgode weggegooi het en nou skreiend na Hom toe vlug. Soli Deo Gloria.

God alleen die ere. Daarom, en daarom veral die verwoestings van alle Egiptes, van élke wêreldryk. Mag die verslae mens God dan nie vloek tot sy ewige oordeel nie maar berouvol kruip tot sy God, tot sy ewige voordeel.

**Amen.**

## 10. GODS SOEWEREINE BESKIKKING OOR LANDE EN VOLKE

**Lees**: Eség. 29.

**Teks**: Eség. 29:17—21.

Ons teksverse behels die jongste profesie uit die hele boek van Eségiël. Dit is uitgespreek in die 27e jaar na die wegvoering van Jojagin. Hierdie paar verse is twee jaar jonger as die jongste profesie van Eségiël (hoofstuk 40—48). Ons het dus hier in die profesie nie 'n *tydsorde* nie maar 'n *saaklike orde*, en dit pas in by die profesieë teen Egipte. En dit was 'n *Nuwejaarsprofesie* — op die eerste van die eerste maand 571 voor Christus, dit is Maart—April van die Joodse jaar. En hierdie rede het betrekking op die veldtog wat Nebukadnésar teen Egipte onderneem het, om die land te tugtig vir al die moeilikhede wat dit hom, die koning van Babel, aangedoen het.

Nog al die jare het Egipte die Nieu-Babiloniese ryk probeer dwarsboom. Eers was dit *Farao Psamtek I (616*—609), toe was dit *Farao Nego II* (609—593) wat die hernuwing van die Assiriese ryk in die Horanstreek gesteun het om daardeur 'n sterk konkurrent op die been te help teen die opkomende ryk onder Nebukadnésar. Daarna was dit weer *Farao Hofra (588*—569) wat 'n Siro-Palestynse volkebond voorgestaan het om te dien as teëwig teen Babilonië. Hierdie anti-Babelpolitiek was dan ook mede die oorsaak van die beleëring van Tirus deur Nebukadnésar wat dertien jaar geduur het (585—573). 'n Jaar of twee na die val van Tirus het Nebukadnésar hierdie strafekspedisie teen Egipte onderneem, omdat hy die ophitser, Egipte, en die Palestynse statebond wou inbreek.

Dit, gemeente, was die politieke samestelling waarin die koning van Babel ingegryp het. Maar die profesie spreek in 'n ander taal. Want Nebukadnésar se beleg van Tirus en sy ekspedisie teen Egipte word aangedui as *huurlingwerk* onder die Here God, en die buit van Egipte is sy betaling. Nebukadnésar sou daaroor gelag het as hy moes hoor dat hy blote knegswerk vir Jahwe, die God van Israel, moet verrig. En tog was hy in die eerste piek nie 'n Oosterse despoot nie maar 'n huurling, 'n loondienaar by God — 'n arbeider in diens van die soewereine God wat vrymagtig oor lande en volke beskik. God laat sy straf oor Egipte en Tirus uitvoer, om ook Israel en Jerusalem, die kerk van die Ou Testament, ten goede te kom. Ons wil dan met u stilstaan by hierdie Nuwejaarsrede en let op

(1) die soewereine beskikking van die Here God, oor lande en volke;

(2) die heerlike wins vir die kerk van die Here daaruit.

### I.

God het Nebukadnésar in sy diens geneem. Toe hy Tirus vir dertien jaar met hoë kostes en 'n miljoeneleër beleër het, was hy slegs 'n *kneggie* in diens van God. Want Tirus het hom teen God verhef en gesê: “Ek is 'n god en bewoon 'n godewoning in die hart van die see”. En as

Nebukadnésar na al die jare se uitputtende beleëring weer afsit na Egipte met 'n strafekspedisie, is hy bloot 'n huurling van God om ook daardie land te straf. Want ook Egipte het trots uitgeroep: “My strome is myne en ek het dit gemaak”. Van begin tot end voer Nebukadnésar sy eie planne uit, en tog verrig hy onbewus en onbedoeld God se werk!

Gemeente, dis 'n ontsettende gedagte en waarheid: die vrymagtige soewereiniteit van God waarin Hy oor die lotgevalle van lande en volke beskik en selfs magtige heersers as loondienaars vir sy saak inspan!

So leer ons die Here God se Raad en werke ken, veral in oorlogstyd. Dis niemand anders as God se oorloë wat gevoer word nie! Dis God se leërmagte wat gemobiliseer word! Dis God wat vorste en trone omwerp. Ons kan selfs vandag se gebeurtenisse vanuit menslike standpunt vertel, maar die dieper agtergrond gee die profesie vir ons ook hier naamlik: God is dit wat die beslissende woord spreek; God sit die stukke op die skaakbord van die wêreldgebeurtenisse, met name in die oorloë, soos Hy wil. Hy keer die een leërmag teen die ander. Hy gee die een volk tot 'n buit vir die ander volk, en só dat elkeen presies kry wat hom toekom sowel aan loon as aan straf. Hy sit daarbo die hemelboog, Hy verneder en verhoog!

So is dit vandag God se oorlog wat in Europa uitwoed! En of hulle dit wil erken of nie — dis alles slegs arbeiders-werk in God se diens. En die een wat God se dienswerk verrig, sal God self ook finansier soos vir Nebukadnésar. Ons leer ons Here God ook ken as die grootste Skatkisbestuurder! Onse Here God is ook die grote wêreldhuishoudkundige (ekonoom) oor die lande en volke van die aarde. Op die Nuwejaarsdag slaan God sy boeke na om te sien of die afgelope jaar se arbeiderswerk en arbeidersloon behoorlik afgedaan en vereffen is. God se boeke klop van jaar tot jaar! Die Here God gaan nie met tekorte en skulde die nuwe jaar in nie. Regverdig beloon Hy sy arbeider, Nebukadnésar. As die dertienjarige beleëring van die trotse Godtergende handels- en kultuurstad, Tirus, vir Nebukadnésar skatte en skatte kos, as sy soldate hulle hoofde kaal en hulle skouers seergedra het en daarna geen behoorlike buit ontvang nie, dan merk die Here dit aan — al is dit 'n ongelowige heiden — en sê: Maar hy en ook sy leër het van Tirus geen loon gekry vir die diens wat hy daarteen verrig het nie. Daarom, so sê die Here HERE: “Kyk, Ek gee Egipteland aan Nebukadnésar, die koning van Babel, en hy sal die rykdom daarvan wegdra en die buit daarvan buitmaak en die roof daarvan rowe, en dit sal die *loon* vir sy leër wees!”

So finansier God die wêreldoorloë, tot vervulling van sy raad, al mag die vorste en diktators nie eers daarvan droom dat hulle in Gods diens staan nie. As Nebukadnésar daar niks van geweet het, daar ook nie eens op aanspraak gemaak het nie, dan maak die Here daar nie misbruik van soos 'n skelmagtige besigheidsman nie. Nee, die Here het Nebukadnésar in diens geneem, en die Here is aan sy eer verplig en dra daarvoor sorg dat Nebukadnésar nie te kort sal skiet nie. Heerlik is God verhewe bo alle behendige en slim streke om die loon van sy arbeider in te kort. Strik regverdig dra die Here sorg dat die loon volkome in ooreenstemming is met die gelewerde arbeid en dat die koning van Babel, — al besit hy al die hele wêreld en is hy al ryk genoeg — tot die laaste duit sy jaarloon uitbetaal kry.

En hoe sal die Here dit doen? Wel, alles is die Here s'n, die vee op duisende berge. Syne is ook die ryke Nyldal van Egipte met al sy skatte. Tot straf vir Egipte, vir sy tergende Godverwerping, vat die Here al sy skatte en gee dit vir Nebukadnésar, om aan te vul wat Tirus in loon te kort geskiet het. Wat 'n vernedering vir die verwaande Egipte. Hy word nie eers as 'n eersterangse moondheid deur die Here bejeën nie. Hy is maar 'n aanvulling van Tirus! Waar Tirus te kort skiet, moet Egipte aanvul. Egipte het die Here God van sy eer beroof, nou sal God hom van sy eer en van sy skatte laat beroof, letterlik. So kry dan tegelyk Egipte sy regmatige straf en Nebukadnésar wat God se werk verrig, kry sy loon! Dit klink alles soos 'n klok!

Waarlik, ons moet met die digter uitroep:

U loon, U straf beantwoord aan U eer!

En al mag Nebukadnésar na sy land terugtrek en spog met sy eer en roem wat hy nie eens weet nie, dit doen God: Hy lag ook en sê: alles in orde en elkeen het sy deel. My smader, Egipte, het Ek sy straf, en my arbeider, Nebukadnésar, het Ek sy loon gegee. Die arbeider is sy loon waardig!

Ons moet ons diep skaam voor onse God, die regverdige Werkgewer, wat so stiptelik sy loon uitkeer aan sy arbeider, en sy straf aan die oortreders.

Dis 'n prediking vir die wêreld juis in oorlogstyd. Wie, wat word nie alles in diens, in oorlogsdiens geneem nie? En word die lone ooit uitgekeer? Dis bedrog van die een end tot die ander! Die heilige reg raak totaal soek!

Maar dis 'n prediking vir elke werkgewer, ook in vredestyd, om sy lone regverdig te betaal aan sy arbeiders. Ons teenwoordige wêreld is geoefen daarin om aan die klem van Gods Woord te ontkom. Ons kan byvoorbeeld Nebukadnésar beklaag dat hy slegs aardse loon ontvang het, skatte wat die mot en die roes verteer, maar die goed wat nimmer vergaan, het hom ontgaan, omdat hy nie *gewillig* en *bewus* die Here gedien en gesoek het nie en nie 'n getroue en gelowige medearbeider van God was nie. En dit is alles waar! *Maar hiermee kom ons netjies by Nebukadnésar uit en nie by onsself nie.* Want is daar nie meer rede om onsself te beklaag nie? Want die skat in die hemele sal ons ook ontgaan as ons weier om navolgers van God te word as geliefde kinders. Daarmee, naamlik om as sy kinders te wandel, verdien ons die hemel, nie as loon nie, maar ons lê getuienis af dat ons uit genade kinders van God geword het deur Jesus Christus wie se beeld ons nou weer vertoon. En sy beeld vertoon ons ook deur van jaar tot jaar ons boeke na te gaan en in geregtigheid die arbeider sy loon te betaal en die ongeregtigheid te bestraf.

En nou, gemeente, ons is opgeroep om vandag in die Britse Ryk tot God te bid en natuurlik vir die Britse Imperium te bid. Daar staan Churchill met diktatoriale magte in 'n oorlog gewikkel teen Hitler, die Führer van Duitsland. Nou word ons opgeroep om te bid. Hoe moet ons nou bid? Ons het nie die profesie so gekry dat ons weet wie vandag in hierdie oorlog God se dienswerk verrig, wie gestraf moet word en wie loon moet ontvang nie. Maar dit het ons ook nie nodig nie. Hierdie profesie leer ons dit, naamlik om op die Soewereine God, beskikker van die lotgevalle van volke en nasies na sy welbehae, te vertrou. Hy voer die oorlog uit *net* in sy diens. En ons moet vandag op grond van hierdie profesie bid: Here seën die wapens van U arbeider wat in U dienswerk staan. Beloon U arbeider met 'n groot buit, vir sy sware dienswerk! — al weet ons nie gewis wie hy is na Gods Raad nie. Maar daar het ons ook niks mee te maak nie. Ons pleit is nie vir die een teen die ander nie; ons pleit is net om Gods heilige raad, dat sy wil mag volvoer word, sy dit die een tot loon en die ander tot straf. Ons kan tog nie teen wil en dank vir die een bid, met verontagsaming van Gods Raad en van Gods dienswerk nie! Hierdie profesie wil daarom dat ons ons gelowig vertrouend sal neerlê by Gods Raad en wil, en daarom en daarvoor alléén sal bid.

**II.**

Want, gemeente, so alleen is die heil, seën en voorspoed van die kerk van die Here gewaarborg. Wanneer die Here sy arbeider in sy dienswerk neem, ook in die oorlog, en die skuldiges straf, dan, op dié dag, so sê die Here, sal Ek vir die huis van Israel 'n horing laat uitspruit, en Ek sal vir jou opening van die mond gee onder hulle; en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Ons let ten tweede hierop.

Ons moet by hierdie profesie verder tog steeds in gedagte hou dat dit wel teen Egipte gaan

en in die guns van Nebukadnésar, maar dit is nie uitgespreek tot Egipte self of *tot* Nebukadnésar nie. Dit was uitgespreek tot *Israel,* die ballinge aan die Kebar, die kerk van die Here onder die Ou Testament. Hierdie profesie teen Egipte in die guns van die Babiloniese ryk is voor die ore van Israel alleen uitgespreek. Israel vorm na alles die middelpunt van die hele oorlogsbedryf onder God se soewereine beskikking. En, ten eerste, Israel sit in ballingskap as hy hierdie profesie hoor. Dis ook al Israel, die kerk se sonde wat so gestraf word; want hulle het op Egipte vertrou, wat God goddeloos onteer het, en hulle het saamgespan met Tirus wat hom self in sy goddelose kultuur en tegniek verafgod het. En nou verkondig die Here aan Israel: Kyk, so slaan ek jou afgode uit jou hand, Israel.

Maar nou dat hulle neergeslaan word deur Nebukadnésar, my arbeider, wat ek beloon deur hom suksesvol te maak — nou, Israel, sal jou krag weer uitgroei soos 'n horing. Nou sal Israel, die kerk, meer geestelik bloe**I.** Nou sal daar weer geestelike lewe kom; want die *geestelike lewe* van Israel is verstik, onder die gewetelose en godtergende *markgeskreeu* van die wêreldhandelaar Tirus, en die geloofskrag is ondermyn deur die vertroue op Egipte, die rietstok. Israel sal nou weer die goed soek wat nimmer meer vergaan, geestelik gaan lewe, en nie Tirus se goed, wat die mot en die roes verteer, gaan soek nie. Israel sal nou weer op die Here God vertrou en deur die geloofskrag stry in plaas van met die vleeslike krag. Hierdie krag van Israel sal waarlik weer goddelike krag wees. Want die HERE sê: “Ek sal Israel 'n horing laat uitspruit”. En dit is die HERE, verbondsgod. Gods verbondsgenade, Gods verbondsbeloftes, Gods verbondsgawes, Gods verbondseëninge sal in Israel weer herleef.

O, gemeente, God se oorloë is waarlik tot seën vir die ware kerk, net soos dit tot straf is vir die vervalste kerk! Dis waarlik 'n trooswoord dié vir die ware gelowige, vir die ware kerk van die Here. Die Nuwejaarsrede is 'n riem onder die hart van die mees gefolterde kerk van die Here. Dis 'n troos vir ons wat so nou aan Nederland verbonde is, veral in hierdie dae. Waarlik, die profesie is vir ons 'n lig. Daarom, laat ons ons verlaat op Gods Raad na sy welbehae oor volke en nasies; laat ons tog weer die geestelike goedere soek wat nimmer meer vergaan nie! Laat ons nie met Tirus die handelsgod aanbid met sy skatte wat vergaan nie. Laat ons nie op Empires vertrou soos Israel op Egipte nie, maar op ons Here se alvermoë. Dan sal niemand anders as die Here nie ons horing laat uitspruit, selfs onder die mees vernietigende oorloë uit.

Maar daar is nog 'n seën. En dit is dat die Here sy profeet se mond tog nou weer sal oopmaak, dit is dat die Here vrymoedigheid sal gee om te preek. Want waarlik, was Egipte se ondergang nie 'n heerlike bevestiging van Eségiël se profesie teen Egipte nie? Die feit van Egipte se val was self al 'n prediking van die profesie. Dit het die siel van die profeet laat herleef. Sy getuienis is waaragtig. En, gemeente, wat 'n seën is dit, dat God sy knegte se monde oopmaak en sy woord laat getuig en preek in hierdie duistere wêreld! Die wêreld leef mos as hy alles kan verduister. Swyg, predikante! Pasop wat julle sê! Anders beland julle in die put, soos Jeremia, omdat hy dit durf waag het om teen Egipte te profeteer. Maar deur die uitslag van die oorlog het God sy kneg se mond oopgemaak. Die God wat die oorlog beskik, dieselfde God se Woord moet gepreek word. Daarom dat Eségiël hierdie laaste profesie van hom beëindig met die vaste vertroue en toekomsverwagting sowel vir die volk van God as vir homself: vir sy volk nuwe krag, vir homself vrymoedigheid om die lof van die Here te verkondig,

Laat ons dan ook so by die lig van die profesie leef in hierdie donkere tyd. Laat ons die geestelike dinge soek; laat ons op onse God vertrou wat alle dinge soewerein en seker beskik.

**Amen.**

## 11. DIE JONG MANNE VAN ON KOM OM EN DIE DOGTERS VAN TAGPANHES GAAN IN GEVANGENSKAP

**Lees**: Eség. 30.

**Teks**: Eség. 30:2b.

Die oordeel van God oor Egipte word nou nader geteken, en die profeet gaan in op besonderhede van die oordeel oor Egipte op die gerigsdag. “Huil julle! Ag, die dag! Want naby is 'n dag, ja, naby is 'n dag van die HERE, 'n dag van wolke!”

Dit laat ons voel dat die gerigsdag oor Egipte slegs 'n kleine voorspel was van die oordeelsdag wanneer onse Here, onse Redder as onse Rigter op die wolke sal kom om gerig te oefen teen al sy vyande, wat ook die vyande is van sy kerk!

Die nadere gerigsaankondiging oor Egipte geskied in 'n viertal samehangende godsprake wat telkens ingelui word met die woorde: “So sê die Here HERE”.

Die eerste van die Godsprake (vers 1—5) maak in die algemeen gewag van die “dag van die Here” as 'n dag van finale afrekening, nie net met Egipte nie maar met almal wat Gods wil weerstreef het. Daarom is dit 'n dag *vir al die nasies,* selfs vir afvallige verbondskinders. Egipte se fondamente word afgebreek en sy rykdom weggevoer.

In die tweede Godspraak (vers 6—9) word beklemtoon dat al Egipte se bondgenote en ondersteuners *mét hom* verwoes sal word. Al die stutte van Egipte sal weggeneem word sodat sy instorting 'n volkome verwoesting sal wees. Egipte se instorting sal vir die steunsels net 'n voorbode word van eie ondergang. Hier leer die profesie ons dan dat Egipte se oordeelsvonnis 'n voorspel is van almal wat met Egipte saamspan teen die Here God. Die groot dag van die Here kom seker en gewis oor al die vyande van God.

Die derde Godspraak (vers 10—12) toon aan deur wié die oordeel oor Egipte en sy bondgenote voltrek sal word, naamlik deur Nebukadnésar, die koning van Babel. Hier kondig Eségiël nou direk vir Egipte aan dat die Here deur Babel 'n einde gaan maak aan die pragtige Nyldal. Let op dat Nebukadnésar se magte self ook kwaaddoeners genoem word, want hulle bly heidene, al doen hulle dienswerk vir ons Here. Hieruit word Gods vrymagtige soewereiniteit vir ons op 'n heerlike wyse verkondig!

In die vierde Godspraak (vers 13—19) bereik die oordeelsaankondiging teen Egipte ten slotte sy hoogtepunt. In hierdie gedeelte word afgereken met Egipte se talle *gode.* God se wêreldoorloë teen die wêreldryke is nie soos die volke en ryke dit self in hulle blindheid noem: *politieke, koloniale, ekonomiese* oorloë nie, maar dis in die grond van die saak God die HERE se kryg teen die *afgode* — dus teen Satan! Die inset en einddoel van die wêreldstryd is nie in die eerste plek die vernietiging van die vyande van die kerk nie en ook nie die rus van die kerk nie, *maar die ere Gods.* God laat 'n wêreldstryd ontbrand teen Egipte en sy bondgenote, om die volke te oortuig *van die nietigheid van hulle afgode.* Die refrein wat telkens tot ons terugkeer in hier die profesieë is: *“en hulle sal weet dat Ek die HERE is”.* Dit gaan dus hier om die ere Gods teen die nietigheid van die afgode. En die konkrete punt waarin die nietigheid van die afgode hier uitgewerk is, lê opgesluit in die woorde: *dat die jongmanne van On en Pi-Beset deur die swaard val en dat die jong dogters van Tagpanhes in gevangenskap gaan* — ten spyte van die baie gode.

Egipte, gemeente, is die land van *gode!* Egipte was deur die eeue heen die land wat verlei het tot afgodery en die aanbidding en verering van natuurverskynsels. Dis die son, die maan, die sterre, die heilige koei, die valk, die hond, die kat, die krokodil, die gans, die ram, die padda, die miskruier en wat nie al nie. Dis almal gode in Egipte. En elke god het in een of

ander dorp of stad sy residensie en sy priesters. En hier in ons profesie word nie die naam van die massa gode genoem nie maar slegs hulle residensies. Daar word genoem:

1. Nof (Memfis) waar die god Ptah vereer word, die kunstenaar en boumeester sogenaamd van die skepping, wat hom in 'n *swart bul* openbaar.
2. Patros, die hoofsetel van Amen met sy Amendiens.
3. No (Thebe) word drie maal genoem omdat die eeue-oue skatte in Amen se tempel daar weggebêre is. Geweldige paleise, en dodetempels verkondig die heerlikheid en mag van Egipte. Rykdomme.
4. On, (Heliopolis) waar die sonnegod Rê of Amon Rê setel, die hoofgod, die eerste Ryksgod aan wie die gans en ram gewy is. Daar staan die vreeslike sonnetempel en daar woon Egipte se magtige priesterskaar. Die Egiptiese ryksmag is daar gehuisves. Daarom dat Josef, as hoogste onderskeiding, die dogter van Potifera, die priester van On, as 'n vrou gekry het. Die jongmanne van On was die trots van Egipte.
5. Pi-Beset — daar het die godin Bast gesetel, die godin van vreugde en genot, aan wie die kat gewy was.
6. Dan word nog genoem die vestingstede Soan—Tanis Sin (Pilusiun) en Tagpanhes wat die sleutelposisies was van Egipte. Dit was die residensies van die Farao's en hul veiligheidsplekke. Daar was die jong dogters beskut, en daar was hulle tot beskikking van die Farao's in hulle vleeslikheid. Dit was die woonplek vir die uitgesoekte dogters van Egipte. Die mooistes en skoonstes van Egipte was daar gehuisves. Die sieraad van Egipte.

En so, gemeente, het die polsslag van Egipte geslaan, daar by On, waar die jongmanne (priesterskaar) setel; by Pi-Beset waar hulle hul vreugdeoord het; en daar by Tagpanhes, die tuiste van Egipte se prag en skoonheid, die jong dogters. En hulle is omring van 'n skaar van gode: van geluk, voorspoed, vrugbaarheid, welvaart, beskerming, genot, vreugde. O, die Nyldal was 'n tuin van gode!

En, gemeente, wat kan nou aantrekliker wees vir jongmanne en dogters as dit alles — veral as hulle die troue Verbondsgod van Israel nie ken nie en van sy ewige heilsbeloftes en heerlikheidstoekoms nie weet nie. Wat kon hulle dan beter begeer as die Nyldal met sy veelbelowende gelukkige jongmanne en dogters?

O, die Nyldal se godeleer was so oorweldigend oor die sondaar se hart, dat selfs Gods Verbondsvolk die verleiding en die versoeking daarvan nie kon weerstaan nie. Al het hulle dit nie in die openbaar wou toon nie, tog het hulle in die hart heimelik die Egiptiese gode bewierook. Egipte se gode het ingesluip in God se heiligdomme. Die jongmanne staan langs die koperaltaar en vereer die Sonnegod. Die vroue en dogters treur en verlang daarna! Die ou manne het daarvoor gewierook. Egipte se honderde gode het die Een waaragtige God van sy eer beroof, deurdat hulle God se eie volk, wat Hy uit Egipte verlos het, weer van God teruggeroof het. Jerusalem se hart sit gevange — Jerusalem het God, die ewige fontein, verlaat om te gaan drink van die waters van die Nyl. Die jongmanne, die toekoms van Jerusalem, die saad van die kerk, het gevry na en hulleself uitgegee aan die dogters van Tagpanhes; en so ook die jongdogters aan die jongmanne van On en Pi-Beset.

O Egipte, *aartsverleier* van die jeug! Jy wat die volk van God, wat met die bloed van die Lam uit jou vrygekoop en in die vryheid van die heerlikheid van God gestel is, verslaaf het en as met ysterknelle boei! O Egipte, wat die klein kindertjies doodmaak en verdrink in jou afgodestroom!

O Egipte, die eerste en enigste jongman wat uit Jerusalem se geweste in jou kloue geval het, naamlik Josef, het jy soos 'n seekat vasgesuig.

Want Josef het as godvrugtige jongman wel die eerste versoeking weerstaan van Potifar se sinlike vrou en tot eer van sy God en HERE uitgeroep: “Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God!” Josef, as 'n jongman van God, het wel hier 'n oorwinning geboek, teenoor *Potifar se vrou,* maar teenoor Potiféra, priester van On en sy dogter Asnat, met wie Josef getrou het, het hy 'n groot geestelike nederlaag gely! Want toe het hy, die jongman van God, geword die *eerste* jongman van On! Toe het hy opgegaan in die priestergilde van die Sonnegod Amon Rê, van On! Soos die graf swyg die Skrif oor enige verdere geloofsoorwinning. Wat die Skrif ons wel verder meld van dié Josef, die jongman van On, is dat hy ook 'n goue beker gehad het (wat in Benjamin se sak beland het) waaruit hy gedrink het en *waarmee hy waargesê het.*

En Josef het die heerlike en ryke droomprofesieë van die Here God as verouderd opsy gestoot vir die waarsêery van On se Sonnegod. En sy vrou se naam was nie meer vir hom 'n Eva, 'n lewensmoeder nie; hy het die Messias-verwagting, die Christusbelydenis opsy gesit toe hy 'n jongman van On geword het en sy vrou was Asnat — dit beteken: toegewyde aan die krygsgodin Noet. Toegewy, nie meer aan die diens van die HERE God nie maar aan 'n ydele Egiptiese oorlogsgodinnetjie. En so, gemeente, is die gevaar waarmee Egipte die volk van God bedreig 'n gevaar van twee kante vir die jongmanne en die jongdogters. Want aan die *een kant* bruis die jongman se energieke lewensbloed in hom, en as hy sy God en Here nie vasklem nie, dan val hy in die omarming van die Potifar se vrou. En aan die *ander kant* wil die jongman en die jongdogter, vir wie die toekoms so gesluierd, so raaiselagtig is, 'n toekomsperspektief hê en hulle ideaal verwesenlik sien — en dan dreig die gevaar van Potiféra se dogter, om deur ongeloof, bygeloof, afgodery van die Here God en onse Here Jesus Christus weggeruk te word en op sulke nietighede soos die Egiptiese gode met sy priestersheerskappy en waarsêery te steun, te vertrou, daarvan heil te verwag.

Egipte, met sy dodelike gevaar ook vir die jongman en jongdogter van ons eeu, naamlik die seksuele gevaar Potifar en die afgodiese priestergevaar Potiféra! Tussen die twee vure in staan die jongeling en die jongedogter, die toekoms van die kerk.

Is dit dan nog 'n wonder dat in Openbaring 11 geskryf staan van *“die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is!”* Egipte, waar onse Here gekruisig is! Egipte is hier 'n geestelike bedreiging — die bedreiging van sinnelus, onsedelikheid en van waarsêery en afgodiese praktyke, ydele uitspattigheid.

Só, gemeente, is dit waar dat ons binne Egipte verkeer. Die jongmanne van ons eeu verkeer binne in die On van Egipte van vandag met sy Christusloëning en profesieveragting, ja met sy afgodery en waarsêery. Ons jong manne is gevang in die speelse nette van die Pi-Beset van vandag met sy swart katjies. Ons jongdogters verkeer met hulle moderne ideetjies veilig in die vestingstad Tagpanhes en is besig om hulle aldeur net mooi te maak.

O, dis hard om dit te sê, maar as die godvrugtige Josef nie daarteen bestand was nie, dan moet ons tog nie waan dat ons daarvoor onvatbaar sou wees nie! Laat ons dit nader vir u aantoon!

Gemeente, ons wil hier nie uitwei oor die rampryke gevolge as 'n jongman trou met 'n Asnat nie, dit is 'n toegewyde aan 'n moderne god waaraan sy haar hart gegee het, liewer as met 'n godvrugtige jongedogter wat haar hart aan haar Here toegewy het. Ons wil ook nie afdaal in die duisenderlei nagdieptes of ons ook nog die son aanbid, die sterre se geluk-sprake glo of met bekers waarsê, of paddas of skatte van Pi-Beset vereer soos die Egiptenaars gedoen het nie!

Die saak hier is dat die *afgodery* en *sinnelus* vandag nog net so aktueel is as in die dae van Egipte. Afgodery is dit dat ons in die plek van die enige ware God wat Hom in sy woord geopenbaar het of voor Hom iets anders versin of het waarop die mens sy vertroue stel. Elke gebrek aan vertroue in God is al afgodery. En al het die teenwoordige jeug nie meer goue Josefbekers om waar te sê nie, het hulle tog talle ander waarsêer-kunste. Maar dis nie vir ons hier om daarop in te gaan nie. Die eintlike saak is dat God uit die afgodiese *leer* en *lewe* van jongmanne en dogters oorsaak neem om 'n wêreldoorlog teen hulle te ontketen!

Laat ons dus raaksien dat, hoewel jongmanne en jongdogters nog nie vorste of konings, ministers of generaals is wat prominent vooraanstaan in die politiek van die dag, die diplomasie en strategie nie, hulle leer en lewe selfs die politiek en diplomasie van ou ministers so beïnvloed dat dit op 'n wêreldbrand kan uitloop! En dit is vandag 'n feit dat wêreld en landsbeleid om die jeug draa**l.** Die wêreld se *trots* is, soos vroeër in Egipte, die jongmanne van On en Pi-Beset, en die wêreld se *sieraad* is soos vroeër in Egipte die jong dogters van Tagpanhes! O, die jongmanne van die land en die jongdogters van die stad is die polsslag van ons twintigste-eeuse wêreld.

En as daar 'n wêreldoorlog ontbrand het en tans woed, dan is die brandendste vraag vir die jongmanne en die jongdogters: Wat is ons leer, en wat is ons lewe voor die Here onse God, die God van die hemel en die aarde? Want dit is 'n oorlog waarvan die skerpte gerig is teen die jongmanne wat die wapen dra; en dis 'n oorlogsramp wat die jongedogters in die gebombardeerde stede in groot angs laat gil. En die straf is dat die jongman omkom in die oorlog en die jongdogter die rampryke gevolge van die oorlog moet dra, sodat al haar skoonheid vergaan en sy, van smart verouderd en geplooid, nie meer aangesien word nie.

Jongmanne en jongdogters van die kerk van onse Here, van die Verbond, wees daarom gewaarsku: Elkeen wat met God se vyand in hier die lewe saamspan, sal deel in die afgryslike straf met hulle. Laat ons daarom ons toevlug neem tot die God van die Genadeverbond, tot ons Here Jesus Christus, ons Verlosser. Laat ons sy profetiese Woord glo en bely. Laat ons alle kwaad deur Gods genade weerstaan. Laat ons gelowig en godvrugtig lewe uit die Verbond van onse God wat ons uit Egipte verlos het. Laat ons priesters en priesteresse wees van die Here onse God. Laat ons ons lewe toewy aan die Heilige Gees om in ons harte te woon. Laat ons jongedogters hulle versier, nie met die verganklike vleeslike skoonheid van Tagpanhes nie maar met 'n godvrugtige hart, met 'n sagmoedige en stille gees wat kosbaar is voor God.

Maar, gemeente, ons moet u nog ten slotte wys dat Egipte só nie net van sy jongmanne en jongdogters beroof is nie maar — en dit was die grootste ramp vir so 'n afgodiese land — *ook van al sy gode!* Die goue en silwer heilige koei, kat, krokodil, padda, gans, ram, swart bul, is deur Nebukadnésar weggevoer, saam met al die skatte van Egipte, sodat Egipte geword het 'n land sonder gode. Geen land kan sonder gode bestaan nie, en die ware God ken hulle nie, 'n Verwaarloosde Nyl met opgedroogde kanale was Egipte se totale verwoesting.

So, gemeente, vernietig God die HERE die afgode. Só laat Hy Hom ken as die enige ware God. So moet die nasies leer dat die Here God is en niemand meer nie. So breek God al sy vyande. So word Egipte se arms albei afgebreek dat hy daar lê en kerm soos 'n gewonde.

En dit moet die kerk weet!! Dit moet Eségiël vir die ballinge vertel in vers 20 tot 26. Egipte, op wie julle vertrou, se arms sal albei gebreek word. Daarom, Jerusalem, kerk van die Here, vertrou op die Here en op Hom alleen. Verwag van Hom alleen alles wat goed is, en leef tot die ere van sy Naam, syne alleen.

**Amen.**

## 12. OOR MENSE, VOËLS EN ANDER DIERE — WATERDRINKERS !

**Lees**: Eség. 31:1—18.

**Teks**: Eség. 31:6, 14.

Die oordeel van die Here oor Egipte en besonderlik oor Farao teken Eségiël hier vir ons met 'n beeld. Hierdie tekening word gegee net twee maande voor Jerusalem se val, terwyl Israel ten spyte van alles nog op Egipte bly steun! Deur die aankondiging van hierdie oordeel moet ook die ballinge aan die Kebarrivier — waar die profeet ook is — verstaan dat daar uit Egipte nooit hulp sal kom nie. Die beeld wat gebruik word, is dat Farao vergelyk word met 'n denneboom wat hom trots na omhoog verhef.

Waarskynlik is die vermelding van Assur (in vers 3) 'n skryffout, sodat in die Hebreeus liewer gelees moet word *teassur,* wat die *sederden* is waarvan in Jesaja 41:19 en 60:13 ook sprake is. Want die hoofstuk is verder ook vol van die trotse denneboom. Die onvergelyklike prag van Egipte was soos hierdie den — skoon van takke, hoog van groei, met sy top tot aan die wolke. En hierdie denneboom is geplant langs 'n stroom, die Nyl. Die Nyl met sy uitgebreide kanaalsisteem het Egipte so groot gemaak. Geen boom in God se tuin was by die sederden, Egipte, te vergelyk nie. En met pragtige profetiese oordrywing sê Eségiël dat al die bome van Eden wat in die tuin van God was, die denneboom, Egipte, beny het.

Twee momente in die lewe van hierdie denneboom word dan geteken. Die eerste is: In sy onvergelyklike prag het al die voëls van die hemel in hom nes kom maak, al die wilde diere van die veld het onder sy takke kom aanteel en allerhande groot volke het onder sy skaduwee gaan sit. Dan volg die tweede moment. Omdat die denneboom, Egipte, so trots en hoogmoedig geword het oor sy hoogte, het God hom aan 'n magtige onder die nasies oorgegee, wat die boom afkap, neerwerp en verwyder het, sodat sy trotse takke oral versprei lê. Die volke van die aarde gaan dan weg van die boom en laat hom net so lê, en die voëls van die hemel kom sit op sy stomp en die wilde diere van die aarde op sy takke.

En die doel hiervan is dat al die ander bome wat by die water staan, hieruit sal leer om nie so hoog en trots te groei nie — al die ander magtige wêreldryke moet hieruit leer om hulle nie te verhef nie, want hulle is almal nes die denneboom, Egipte, net *waterdrinkers* in hulle afhanklikheid.

Ons wens om u aandag ten eerste te bepaal by die mense, voëls en ander wilde diere onder die boom.

Ten tweede by die les dat al die trotse bome, mense, voëls en wilde diere moet onthou dat hulle slegs *waterdrinkers* is,

### I.

Dis 'n aangrypende verskynsel dat die profeet onder die trotse den, Egipte, mense, voëls en wilde diere in een asem noem. Want as ons dit met aandag lees, dan bemerk ons dat die voëls en wilde diere *mense* is, en dat die mense diere is. Ja, nie na hulle wese en bestaan nie, maar na hulle gedrag en verhouding tot Egipte. Want nes die voëls en die diere word die groot volke hier geteken as aartsegoïste. Die voëls kom na die denneboom, net om daar nes te maak vir hulle kleintjies, en die wilde dier kom om ter eie beskutting onder sy takke aan te teel. Die naburige ryke kom soek Egipte se bondgenootskap ook nie uit naasteliefde, of ter vestiging van die wêreldvrede, of tot beskerming van die klein moondheidjies, of tot enige ander wedersydse diens nie, maar net uit pure eiebelang, net om steun en voordeel by die magtige trotse Egipte te soek.

So teken Eségiël hier mense, voëls en wilde diere in een asem. So het die mense godsdien-

stig, sedelik, politiek ontaard. Hier is waarlik geen ewolusie van voëls en diere tot 'n betere wese, die mens nie. Nee hier is devolusie, ontaarding van die mens tot — ja laat ons voorlopig maar sê: tot op die peil van voëls en diere: sonder godsdiens en sonder moraal. Ons moet daarom hierdie Ou-Testamentiese gelykenis van die trotse hemelhoë denneboom met sy voëls en voëlneste nie verwar met die Nieu-Testamentiese vergelyking van die koninkryk van die Hemele, deur ons Here Jesus, met 'n mosterdsaad, 'n ou klein saadjie, sonder trotse hoogheid, maar wat tog darem so onverwags groot groei dat die voëltjies daarin kom nes maak nie. Hierdie vergelyking van ons Here Jesus van die koninkryk van die Hemel met die mosterdsaad wil vir ons die *verborge krag* van die koninkryk van God leer verstaan.

Maar Egipte, die denneboom, ken niks kleins nie, dis alles trots, hoog tot in die wolke, onvergelyklik groot. Alles is hier uiterlik. En die hele beeld spreek hier van ontaarding. Dis die sonde van die wêreldryke teenoor die koninkryk van God — hulle verwaandheid. Egipte het ontaard, die mense, voëls en wilde diere spreek van ontaarding, Want kyk verder, toe Egipte, die denneboom, deur die geweldigste nasies omgekrap word, toe het sy bondgenote hom in sy nood nie bygestaan nie. Toe het sy geallieerdes wat altyd by hom geskuil het, van hom weggegaan en hom laat lê. En nog meer! Want die voëls en wilde diere is mense! Toe kom die mense soos voëls en wilde diere terug na die gevalle den, die gevalle Egipte, om te roof en te plunder wat daar nog te ase was. Hier teken die profeet nou eers reg die *dierlike* van die ontaarde, selfsugtige mens.

So is die mens, o Egipte. Dieselfde diere wat jou eers nodig gehad het, pluk jou nou kaal en deurknaag selfs jou afgekapte takke soos wurms. Dieselfde mens wat eers jou takke, jou skadu nodig gehad het, help jou nou verder uitroe**I.** Ag die ontaarde mens! Dis pure selfsug as hy by jou staan en roep: broederskap, unifikasie, eenheid, verdraagsaamheid, wêreldvrede, geen rassehaat, nooit meer oorlog nie. En dis eers reg pure selfsug as hulle daarna as roofvoëls aangevlieg kom om te verwoes en te plunder.

Die vergelyking tussen mens en dier is hier feitlik nog te gunstig, te moo**I.** Want geen tier is so bloeddorstig, geen slang so giftig as die mens, geen haai is so verskeurend as die mens in sy boosheid nie. En watter mens is nie van nature boos, ontaard nie? Ons bely dat ons van *nature* geneig is om God en ons naaste te *haat.* En wat 'n mens ook van roofvoëls en wilde diere kan sê, een ding is seker: hulle *haat* nie hulle prooi nie. Die kat *haat* nie die muis, die leeu haat nie die lam nie maar vang hom en byt hom dood omdat hy honger het.

Maar die mens *haat!* Die mens pla sy broer, ook as hy nie honger het nie! Hy roof as sy sakke reeds vol is. Hy beny as hy nog glad nie gehinder word nie. O, Kain het vir Abel nie doodgeslaan soos wat 'n wolf 'n lammetjie vang nie! Van alle wesens op aarde is daar nie een so gevaarlik as die *mens* nie, selfs in vergelyking met bloeddorstige roofdiere en skadelike insekte. Want alles wat hulle kan doen, is kinderspeletjies in vergelyking met wat die mens kan doen in sy haat! Sy tong is skerper as 'n skeermes (Psalm 52:4). Onder sy lippe is addergif (Psalm 140:4). En as hierdie middels nog te swak is vir sy bose hart, dan gebruik die mens sy verstand, iets wat die roofdiere nie eens het nie. Dan bedink en maak hy messe en swaarde en byle en lanse en spiese en pyle. Dan gaan hy verder en die ganse wetenskap en tegniek stel hy in die diens van sy hatende hart, met kruit, staal en lood, met vliegtuie, met kanonne, met duikbote, met granate, bomme en gifgasse. As ons dit só hoor, dan verstaan ons Dawid se bede: Laat die heidene weet dat hulle *mense* is (Psalm 9:21). Want eers as die *mens* hom so leer ken in sy ontaarding, eers as die mens sy *ellende* ken, eers dan kan hy ook met Dawid die ander bede bid: Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees (Psalm 51:12)! Want dan eers is jy 'n *mens Gods!* Dan pas jy nie meer by voëls en wilde diere nie, maar dan eers gelyk jy op God. Die mens bly soos 'n ondier God en sy naaste haat, *tensy!* tensy, dat hy deur Gods Gees wedergebore word. Die wedergeboorte deur Gods Gees

en Woord is die enigste middel, om die ondier, die selfsugtige mens, dood te steek. Die wedergebore Christen *is* nie en kan ook nie meer so 'n ondier wees wat selfsugtig op ander teer en ander selfs beroof nie. Die wedergebore mens het lief! God en sy naaste. Die wedergebore mens is vriendelik en nie jaloers nie, praat nie groot nie, en is nie opgeblase nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitter nie, reken die kwaad nie toe nie. Die wedergebore mens bedek alles, glo, hoop, verdra alles. Hy bevorder die nut van sy naaste, waar dit kan en mag. Hy sal selfs aan sy vyande goed doen!

Gemeente, hoe staan dit met u? In hoeverre het u al die *ondier* in u kwytgeraak? In hoeverre is u nog selfsugtig? Dink na in u lewe dat die goddelike Boek u portret hier vir *u* ophang deur te spreek van: *mense, voëls* en *ander diere!*

**II.**

So is Egipte, die hoë trotse boom wat sy kruin tot in die wolke van verwaandheid verhef, tog nietig en verganklik. So word die reuse boom neergevel en sy takke oor die aarde versprel. Dan gaan die profesie in vers 14 in een asem ook verder aan met die woordjie: *"sodat".* Dit doen die Here aan die trotse den, Egipte, *sodat* al die bome wat by die water staan, nie so hoog groei en hulle top verhef bo die wolke nie — sodat die ander groot moondhede, wat ook maar soos Egipte net *waterdrinkers* is, sal leer om hulle nie te verhef teenoor God en sy hemelryk nie.

O gemeente, hier leer ons weer ons Here God ken. Hoewel onse Here nie verantwoording skuldig is teenoor sy skepsele waarom Hy só en só handel nie, gee onse Here hier tog verantwoording waarom Hy met Egipte *so* handel. God handel nie sin- en doelloos nie. God se soewereiniteit en vrymag beteken nie blinde willekeur nie. God is 'n regverdige koning, en nie somar 'n diktator of diktatoriese vors nie. As Hy so met Egipte handel, dan is daar *rede* voor!

Die een rede was: Gods volk, Jerusalem, die kerk! Die Here gaan die magtige Nylgebied verwoes, om vir Israel die één lessie te leer, dat hulle as verbondsvolk nie op wêreldryke moet vertrou nie. Dis 'n dure les, maar juis 'n allernoodsaaklikste les.

Die tweede en vernaamste rede waarom Egipte verwoes moes word, is die eer en Naam van God self. Egipte, met sy tientalle van gode, het Israel se hart van die Here God afgetrek, en Egipte het selfs ook God se Skeppers-eer aangerand toe hy verwaand uitgeroep het: *Die Nyl is my stroom, ek het dit vir my gemaak.*

Maar nou kom ons profeet en ontvou hier veral nog 'n derde rede waarom die Here Hom opmaak om Egipte te ontwortel. Die Here se oë deurloop tog die ganse aarde. Hy is ook met innerlike ontferming bewoë oor die lot van die volke. Hy wil nie maar net met oordeelstorme die volke wegvee en uitwis nie! Onse Here wil deur die oordeelsvoltrekking oor Egipte ook 'n Onderwyser vir die volke wees. Hy waak oor kerk *en wêreld.* En die les wat Hy vir die volke wil leer, lui soos volg: *"sodat al die bome wat by die water staan, nie hoog sou groei en hulle top nie sou verhef tussen die wolke nie, en hulle magtiges nie sou gaan staan in hulle hoogheid, almal wat water drink nie!"*

Die Here wil dat al die vorste, al die moondhede hulle aan Egipte sal spieël. Egipte, die trotse boom is deur Gods almag gevel! Daarom, wees nou tog versigtig, volke! Moet nou nie julle hoof in die wolke gaan verhef en julle so en so magtig waan nie! Want daar lê Egipte soos 'n baken in die see. So roep God tot die wêreld: As julle My nie eer nie, volke, sal julle net so vergaan! En ons moet daarop let dat hierdie les nie aan 'n bepaalde adres gerig word nie! Dis nie net vir sekere volke bedoel nie! Dis vir *al* die bome langs water! Dis vir al die magtiges — en vir al die moondhede. Hieronder val Nebukadnésar self ook, wat self instrument in die verwoesting van Egipte is!

Almal is tog maar net *waterdrinkers.* Hierdie naam is nie verkleinerend nie, maar wel kleinhoudend, en daarmee wys Eségiël aan al die Farao's, Caesars, konings, prinse, diktators, genieë, talente, groot en klein moondhede hulle plek onder Gods son aan. *Waterdrinker!* dis 'n naam van diepe *afhanklikheid.* Al die grootpratery van: die Nyl het *ék* gemaak, die grote Babel wat *ek* gebou het, maak hierdie naam stil. *Waterdrinker*, hierdie naam stoot die mens van sy opgetimmerde troontjie neer en laat hom homself ken as slegs waterdrinker langs 'n stroompie. Waterdrinker! — dit wil die mens leer: jy is slegs verbruiker en geen vervaardiger nie; skepsel — en geen Skepper nie; slegs genieter van die voorrade wat aanwesig is.

Onse goeie God het alle mense en moondhede geplaas op hierdie Skepping wat tot barstens toe vol voorrade deur God gevul is. Daar is hier totaal niks wat die mens self skep of produseer nie.

Van die *brood,* die daelikse brood waaroor meer geveg as gebid word, het God bepaal dat jy net jou saad in die akker moet lê en dan maar gaan slaap — dit skiet vanself op en dan moet jy dit oes en gebruik.

Die *gaud,* wat oor oorlog en vrede beslis, maak die een trots en verwaand, en die ander een wat dit nie het nie, tot 'n opstandeling en rower — die goud het God weggelê in sy onderaardse brandkaste. Ons moet dit slegs uithaal en gebruik.

Ons kan dit nie maak nie.

Die steenkool waarmee die mens vuurmaak en sy kos kook; die petroleum waarmee hy sy masjiene dryf; die staal waaruit die mens sy ploeg en sekel smee; die lug waardeur die mens met sy vliegtuie vlieg en wat die klanke oor die aardbol dra; die klere waarmee die vrouens hulle oppronk; die wapen waarmee die mens hom verdedig — alles, van die kleinste tot die grootste, lê as voorrade op die mens en wag en hy moet dit net gebruik of, as hy wil, dit misbruik. Selfs die geniaalste uitvindings is geen skeppinge van die menslike verstand nie. Dis slegs *uitvindinge* wat al die tyd in die skepping gelê het. As die twintigste-eeuse mens so baie in die tegniek presteer, dan getuig dit net hoe blind en dom die mens werklik is om dit nou, terwyl dit eeue lank voorhande gelê het, nóú eers te sien en te gebruik.

O mens, jou waterdrinker, jou verbruiker van God se baie goed! Wat spog die mens dan tog met sy kultuur en tegniek, met die rykdomme van lande en hul wonderlike fabrieke, Waarvoor sit die moondhede 'n groot keel op oor hulle Ryke, hulle kolonies, hulle handel en skeepvaart? Asof God, die goeie God, nie die Skepper van hulle bodems en grondstowwe is nie; asof God nie hulle welvaart bepaal het nie! Spog die mens dus hier trots met: ek, ek, ek, ek! — dan spot en lag God: ag, arme waterdrinker!

Gemeente, hier is dus 'n les vir elke mens, vir elke volk, vir elke moondheid, vir elke wêreldryk.

Maar hier is vir die ware gelowige nog 'n aangrypender les. Die feit dat ons slegs waterdrinkers of verbruikers is, in die groot en in die klein, stel ons voor die vraag: Hoe gebruik ons die goedere? Uitsluitend vir onsself? Stel ons onsself aan as volstrekte eienaars, makers daarvan? Of is ons daarvan deurdronge dat ons dit slegs vir *gebruik* gekry het, om onse God daarmee te dien? Weet ons nog dat as onse God ons seën en ons laat groei en toeneem in welvaart, ons dan daarmee die gebrek van ander armes moet aanvul? As onse God vir ons water gee, dan leer Hy ons om ook vir dié wat dors het daarvan te gee. Ons is maar waterdrinkers en ons kry om te drink, maar dis ook ons taak om God daarvoor te dank.

Soos Egipte, so besteel die mens God, nie net van sy *eer* nie maar ook van sy *goed.* Alle gierigheid, alle misbruik en verkwisting van God se gawes is diefstal, en so is die mens 'n roofdier!

O, laat ons dit tog as gelowiges verstaan: Ons is niks meer as houthakkers en waterputters, en waterdrinkers, van Gods tuin nie. En dis ons heerlikheid en ons troos dat ons weer net deur Christus se verdienste sal opgeneem word in God se ewige paradys, waar die rivier van lewende waters bruis. Ons is waterdrinkers uit die waters van die Rotssteen Jesus Christus, om nooit weer te dors nie maar ewig sy lof te verkondig. Nie net *afhanklik* nie, maar beslis ook *aanhanklik* aan Hom, ons Verlosser Jesus Christus. Vir die wat in Hom glo is dit nie meer 'n vernedering of kleinering om 'n waterdrinker te wees nie, maar 'n eer, verlossing, saligheid, troos en ewige lewe,

O, onse Here, géé tog deur u genade in Christus Jesus, en maak ons tog nederige waterdrinkers uit die fontein van u Heil, uit die rivier van die water van die lewe, waar die boom van die lewe, dit is Jesus Christus, hoog groei tot in die hemelse gewelwe, en waar ons eet van die vrugte van die boom van die lewe en waar ons drink van die water van die rivier, U ewige Naam ewig ter eer.

**Amen.**

## 13. VLOEKSANG OOR FARAO

**Lees**: Eség. 32:1—16; Openb. 8:1—13.

**Teks**: Eség. 32:2, 16.

Hier is 'n klaaglied oor Egipte, wat Eségiël gesing het agt maande na die val en verwoesting van Jerusalem. Dit is eintlik nie 'n klaaglied nie maar veel eerder 'n *vloeksang.* Die profeet noem dit nietemin 'n klaagsang om daarmee met Farao te spot — terwyl Egipte hom nog steeds teen Nebukadnésar se leërs veilig gewaan het!

Eségiël kry opdrag om Farao aan te spreek as: Jong leeu! — maar hy is tog verlore. Farao is 'n seedraak, 'n Nylkrokodil wat leef in die slikryke waters van die Nyl. Soos 'n netwerk sal die nasies saam hulle met mekaar vervleg teen Farao. En hulle sal Egipte verwoes en Farao soos 'n krokodil met die net uit sy stroom sleep en hom op die oop veld goo**I.** En die hele land sal vol lê van sy vleis en van sy bloed. Groot is sy val! Sommige volke sal bekommerd staan en die ander verbaas wees oor Egipte se verwoesting. Dis tog *die Here* wat in Nebukadnésar se strydmagte teen Egipte optrek. En spottend lê die Here dan die klaagsang in die mond van Egipte se bondgenote wat op Egipte soos op 'n god gesteun het,

Maar, gemeente, wat vir ons tekenend in hierdie profesie van Gods vloek oor Egipte is, is dat hier nie net die ondergang van Farao vermeld word nie maar dat hier met soveel woorde sprake is (1) van die verwoesting van die land tot 'n wildernis (vers 15); (2) van die stil lê van die waters en van die uitsterwing van die dierelewe in die strome wat nou stil soos olie vloei sodat niks roer nie (vers 13 en 14); (3) van die lug, die sterrehemel wat swart gemaak sal word, die son wat oordek is en die maan wat nie sal lig nie, en die verduistering van die sterre (vers 7).

Hierdie verskynsels in die profesie van Eségiel wys soos 'n vinger vanuit die Ou Testament na dieselfde verskynsels in die komende oordeel van die Here in Openbaring 8. En ons wil met ons nabetragting met u stilstaan by hierdie profesie, naamlik dat die land tot 'n woeste wildernis gemaak word; dat die groot waters leweloos word en die riviere stil vloei soos olie; dat die lug, die son, maan en sterre verduister word. Hierby mag gevra word: Wat is dan verkeerd met die wêreld? Hoe kom dit dan dat die aarde woes en leeg geword het? Hoe kom dit dat die groot waters leweloos is? Wat is dit dan met die son, maan en sterre? Dis tog immers 'n klaagsang, 'n vloeksang oor *Farao!* — en nie oor die aarde, die plante, die waters, riviere, son, maan en sterre nie!! Om dit te begryp, moet ons let op:

(1) die beskrywing (openbaring) van die krisis (oordeel) hier;

(2) die oorsaak van die krisis;

(3) die profetiese getuienis van die krisis.

**I.**

In hierdie klaagsang oor Farao word vir ons geopenbaar 'n wêreldramp, 'n wêreldkrisis, 'n wêreldoordeel! Ons lees hier van Farao en van Egipteland, en intussen somaar van baie volke, van nasies, van vorste, van dogters van die nasies wat in hierdie oordeelsvoltrekking ingeruk word. Nou praat ons tyd baie van 'n wêreldkrisis, en in die studeerkamers word daar teorieë opgebou oor wat, oor hoe hierdie krisis daar sou uitsien. Maar hier word nie 'n *krisisteorie* voorgehou nie — hier word vir ons 'n *openbaring* van die wêreldoordeel gegee.

Luister ons na wat die mens van hierdie eeu te sê het oor krisis, — dan hoor jy Karl Marx en sy volgelinge, die Sosialiste en Kommuniste wat vir jou vertel dat in die kapitalistiese maatskappy telkens die ewewig versteur sal word tussen produksie en verbruik van goedere. Oorproduksie sal die handel lamslaan, werkloosheid sal volg, om so die lewe in boeie en honger en naaktheid te werp. So ontstaan die krisis. En nou, sê die mens, hierdie krisisse moet deur kollektiwistiese sosialistiese aksie oorwen word. Op die ruïnes van die kapitalisme sal en moet hulle 'n nuwe wêreld laat verrys.

Wat is die krisis dus vir die mens? Dis klassebotsing, of 'n rassekwessie, of 'n politieke magskwessie waarin wêreldryke bots. Maar dit sal verbygaan, want dis net die barensweë in die geboorteproses van 'n nuwe en beter orde!

Maar, gemeente, in die *openbaring van die krisis* kry ons van dit alles geen spoor nie. As Eségiël sy klaagsang aanhef, dan klaag hy nie van die een klas teen die ander nie; nie van kapitalis teenoor proletariër nie; nie van ryk teenoor arm nie; nie van stand teenoor stand nie, Hier word die krisis geteken op die *geestelike* erf, op *godsdienstige* gebied. Hier bestaan die teenstelling tussen kerk en wêreld, tussen geloof en ongeloof, tussen Egipte en Gods ewige Verbondsvolk. Hier lees ons van Egipte as 'n draak teen wie die Here God met 'n vloeksang optree! Die ellende is nie net onder sekere stande en klasse nie maar oor alle kringe, alle stande, alle range, sonder onderskeid. Hier gaan dit oor volke, nasies, oor konings, vorste en hulle onderdane. En verder is by die krisis van die openbaring geen sprake van oor-produksie nie, maar eerder dat die produksie so verhinder en verwoes word dat die werkgewers en die werknemers, die rykes en die armes, die konings en die onderdane gelyk getref word.

Die natuur word hier na alle kante getref. Die aarde word verwoes en wild. Dit raak nie net die arm man met sy stukkie grondjie nie maar ook die woude en grasvelde van die miljoenêr. Die groot waters word stil. Die oseaan word leeg sonder skepe. Dit tref nie net die matroosarbeiders nie, maar ook die groot kapitalis.

Die rivier vloei stil soos olie, die water is vol van die dood. Dit tref nie net die vis nie maar elke drinker, waterdrinker, vors en slaaf. En die dampkring, son, maan en sterre word duister en swart. Dit verstoor dag en nag, somer en winter, saaityd en oestyd — nie net vir die boer nie maar vir elke broodeter, vir Farao sowel as vir sy slaaf, vir vors en onderdaan.

Hier is 'n krisis wat alles fundamenteel ontredder. Ryk en arm sal hier gelyklik ineenkrimp onder die gerigte wat oor die land gaan. Hier is krisis van die openbaring. So lees ons dit in Eségiël. In Openbaringe gaan dit nog erger toe.

As die seëls oopgebreek word (hoofstuk 6), dan word 'n *kwart deel* van die mense verwoes en die aarde en die see beskadig en geskud. En as die Engele die basuine blaas (hoofstuk 8), dan word 'n *derde deel* van die bome, plante en die gras verwoes: 'n derde deel van die see

word bloed; 'n derde deel van rivier word vergiftig; 'n derde deel van die son, maan en sterre word swart en duister.

En as die wraakskale uitgegiet word (hoofstuk 16), word die *geheel* aangetas: die *aarde* beskadig; die *see* en, alle lewende siele in die see sterf; die *fonteine en riviere;* die mense, die stede, die eilande, die berge verdwyn; dan word die son 'n verwoester van die mens.

Eségiël spreek aanvanklik nog slegs van Egipte en gaan sydelings oor tot die nasies en volke. Maar Openbaring sê duidelik eers 'n kwart, dan 'n derde en dan die geheel — die aarde, die see, die riviere, *al* die mense.

Hierdie krisis kom nie vanweë maatskaplike ewolusie nie *maar vanweë Goddelike geregtigheid.* Die wêreldgeskiedenis word beheers, so sê die profesie, deur die krisis heen, nie deur die teenstelling van arm of ryk nie; nie deur die teenstellings van maghebbers of magteloses nie; van sterkes of swakkes nie; van wêreldryke of onderdrukte volke nie, maar deur die teenstelling van regverdigheid of onregverdigheid; van geloof of ongeloof, van heiligheid of vuiligheid van sonde.

Die krisisopenbaring van die Skrif ken nie die sonde net van één stand, van één klas, van één ras nie, maar dit gaan oor die *sondaarsmens van elke stand en klas'.*

Hierdie krisisopenbaring stel aan die grille en willekeur van die sondaarsmens vir goed paal en perk om teenoor die sondige onwilligheid en selfverheerliking van die mens weer die reg van God te verseker. Die ewige reg Gods beslis.

*En daarom is daar maar vir een soort mens ontkoming aan die vreeslike wêreldkrisis,* slegs vir een soort mens is daar troos en hoop onder die swaar dreigende krisis. En dis vir die *gelowige,* arm of ryk, werkgewer of werknemer, koning of onderdaan, uit elke ras, of stam of volk of nasie.

Vir die ware nagmaalganger alleen is daar 'n blye vooruitsig wat hom streel: sy Christus, sy Redder, kom as Regter.

Vir die kind van God kan die son maar duister word en die sterre swart. Want sy Son is die Christus Gods wat opkom oor die ewige dag, na die swart nag. En die gelowige as die ware wyse sien sy ster en volg dit deur die nag van hierdie lewe — die ster van die Groot Koning Jesus Christus. Hoe kan die nagmaalganger dan nie vol moed die groot wêreldkrisis tegemoet gaan nie! Die komende krisis en die komende Christus staan byeen vir die nagmaalganger.

**II.**

Agter die verskil tussen die wêreld se krisis-teorie en die Bybel se *krisis-openbaring* lê dus die groot verskil van lewens- en wêreldbeskouing. Die mens van die eeu het sy ydele filosofie — blote gedagte-versinsels — maar die profeet van God het sy teologie, sy Godsleer! Daarom is daar ook so 'n groot verskil tussen gelowiges en ongelowiges oor die oorsaak van die krisis.

Die mens van die twintigste eeu het soos die Farao's van Egipte van die vroegste tye af die ware Verbodsgod uitgeskakel uit hulle wêreld. Egipte het gevra: “Wie is die Here? My gode bring net genot, geluk en rykdom!” Die twintigste-eeuse mens sien vir alles die oorsake in die sosiaal-ekonomiese toestande. Die godsdiens, die sielelewe, die geloof, word beheers deur die sosiaal-ekonomiese kwessie, deur die goud! God en die geestelike lewenshoudinge het op die goudmark geen waarde nie. Die godsdiens beheers nie die broodvraagstuk nie maar die broodvraagstuk beheers die godsdiens. Die mens is met sy hoof en hart wat hy eet met sy mond. Die sakramentele ete van die nagmaal inspireer nie en gee geen krag vir die lewe nie, maar die vleeslike eetmale en die drankwinkels besiel meer. So word God, godsdiens, Woord

en sakrament uitgeskakel, omdat dit geen *invloed* op die lewe het nie.

Uit die standpunt van die ongeloof is elke ellende, elke benoudheid, elke krisis bloot net die produk van sosiale omstandighede. Geen sprake daarvan dat in so 'n krisis Gods reg hom sou openbaar nie! By hierdie ongeloofsmens gaan die krisis verby — sonder dat dit hom omkeer. Dit roer *nie tot bekering* nie. Dit beweeg nie net tot klagtes nie en skep hoogstens die uitsig na beter tye. Dit laat hom slegs nuuskierig vra: hoe lank sal dit nog so aanhou! Van plaag tot plaag leef Farao by die gedagte: Nou sal dit seker verby wees. O Farao! Jy sal nooit na God vra as die sosiaal-ekonomiese toestande van Israel se slawediens vir jou alles bepaal nie. Jy kan nie verder as om te vra nie: Wanneer sal die krisis oorgaan? Maar Faraomens, jy wat God sy diens, sy Woord en sakrament uitskakel, as synde van geen betekenis vir die lewe nie — die profesie spreek nie van 'n verbygang of oorgang van die krisis nie, maar van 'n *verskriklike verskerping* van die krisis! Dis plaag op plaag, tot die tiental toe, tot jou neerstorting en verwoesting! Dit gaan van krisis tot krisis. Van Eségiël tot Openbaringe. Dit bly selfs nie eens by Egipte nie maar verbrei van Egipte tot die nasies en die volke! Van seëls gaan dit tot engele met basuine, tot wraakskale toe. Daar sal geen einde wees voor die ganse Egipte verwoes is nie. *Want! — Want die krisis word nie veroorsaak deur sosiaal-ekonomiese aangeleenthede nie; nie deur 'n topswaar maatskappy nie; nie deur ekonomiese skokke nie. O nee, die krisis is 'n ingrype van God!* Die krisis word gevoed deur die godsdiens, die krisis word aangeblaas deur profetiese woord en sakrament, deur geloof en gebed.

Eers is dit die seëls van God wat losgebreek word, waarby *kwart dele* getref word. Dan word derdes aangetas as die basuine blaas. Eindelik word die wraakskale omgekeer en uitgegiet om die hele aarde te verwoes. Maar onthou dit: die wraakskale word gevul vanaf die reukofferaltaar, die plek waar geloof en gebed regeer.

**III.**

O gemeente, wat is dit dan tog vreeslik om te glo in Gods profetiese Woord. Wat is dit 'n verskriklike iets om Nagmaal te gebruik en hier by die offer te aanbid. Want hier uit die geloof in die profetiese Woord, hier uit die diens van God, hier van die nagmaalsdis word oorsaak geneem deur niemand minder as God Self nie om die ganse wêreld te verwoes onder die vreeslikste oordeel.

Want die profetiese woord getuig van die komende krisis oor die ongelowige en goddelose wêreld. En elkeen wat die profetiese woord glo en bewaar, stuur daarom direk af op die komende krisis. Elkeen wat die nagmaal sakramenteel eet, elkeen wat, deur die geestelike mond van die geloof Christus die gekruisigde aanneem en met Hom gemeenskap het, honger en dors na die komende Christus as Regter en laat so die geestelike beslis. Die kerk wat die Woord glo en geestelik die sakrament eet, omdat dit vernamer is as die lewe en as die liggaamlike natuurlike ete, worstel met die profesie en gebed op die Christus aan, leef bewus die krisis tegemoet! Want die kerk moet uit die wêreld en die wêreld uit die kerk gehaal word. Die goud moet uit die erts en die erts uit die goud verwyder word. Die silwer moet uit die skuim en die skuim uit die silwer verwyder word. En dit kan nie anders nie as deur die vuur. Dit kan nie anders nie as deur die krisis, die oordeel heen nie.

O kerk van die Here, wat 'n vreeslike liggaam is jy wat aldeur getuig en roep en aanworstel op die vreeslikste krisis! O kerk van die Here, Bruidegom van Christus, wat 'n vreeslike eter en drinker is jy wat hier sakramenteel by die Nagmaalstafel, etende en drinkende die oordeel oor die wêreld tegemoet gaan totdat die Christus, die Bruidegom, gekom het, en as Hy gekom het, dan gaan jy eers reg feestelik en geestelik eet, die groot maaltyd van die Bruilof van die Lam. Die bloed-bruilof, omdat Hy die wynpersbak van Gods toorn sal getrap het. O kerk van Christus, wat 'n vreeslike liggaam van mense wat ewig die Halleluja sal sing! Die

wêreld is onder! Loof die Here, die ou aarde is verwoes met sy plante, waters en strome, met sy sterre, en die ganse heirleer van Farao, van die aarde!

O gemeente. Dis 'n vreeslike iets, die kerk. Maar Goddank, vreeslik vir die Farao's, vir die wêreld van ongeloof, maar heerlik, ewig heerlik, vir elke ware kind van God.

**Amen.**

## 14. FARAO SE “TROOS”

**Lees**: Eség. 32 :17—32.

**Teks**: Eség. 32:31, 32.

'n Weeklag in die tempo van 'n dodemars moet die profeet hier uitspreek. En met die weeklag moet die dogters van die nasies, as verteenwoordigers van die nasies, van stap tot stap instem. O dis 'n oneindige graflied. Dit teken, as slotstuk van die profesieë teen die vyande van God en van sy kerk, Jerusalem, die uiterste einde van die Farao, die ewige aaklige dood. Die profeet het tot hiertoe Gods strafgerigte uitgespreek oor Ammon, Moab, Edom, Filistyne, Tirus, Sidon en Egipte, en dit geteken hoe vreeslik hulle getref sal word. Maar hier vat die profesie in 'n graflied die eindbestemming van al die vyande van God en van sy volk saam. Voordat Eségiël die Nuwe Godsryk in vooruitsig gaan stel in die derde deel van sy profesieë (hoofstuk 33—48) moet hy eers die ewige algehele verplettering van al Gods vyande vasstel. Dit is waarlik soos die Kategismus leer! Voordat kan gesê word dat Jesus Christus as hemelse regter “my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap neem”, moet die ontsettende keersy eers uitgevoer word, naamlik dat “Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp”.

In die aaklige graflied word die neerwerping in die hel van al Gods vyande besing. Ons sou as gepaste opskrif bokant hierdie Skrifgedeelte kan plaas: “In die Hel”. So loop die einde van die tweede deel van Eségiël se profesie oor die vyande van Gods kerk uit op 'n realistiese tekening van die doderyk en van die diepste kuil in die doderyk.

Die profeet vat ons as 't ware by die hand en voer ons langs die eindelose ry van die wat daar in die onderste velde van die doderyk lê. Daar is Assur met sy ganse menigte; daar is ook Elam; daar is Meseg en Tubal; daar is Edom, daar is die vorste van die verre Noorde en daar is ook Tirus en Sidon. Hulle almal dra hulle skande met diegene wat in die kuil neergedaal het.

En in die onderste dele van die hel word as laaste neergeworpene vermeld die eens so magtige Farao — en as enigste “troos” vir hom meld die profeet met 'n vlymskerpe ironie, dat daar méér van die ongelukkiges is. Farao sal hulle sien en hom *troos* oor die hele menigte van sy lotgenote.

Gemeente, ons wil nou met u stilstaan by hierdie aaklige, enigste *troos* van die Farao, om langs dié weg die vreeslike dood van onse Here te verkondig en so vir u die ware, enigste troos te bied.

Gemeente, die vraag mag tog opkom: Hoe kan ons nou 'n nagmaalspredikasie gee oor die neerwerping van Farao in die kuil van die doderyk? Dis tog immers nie Christusprediking nie! Maar in die boekrol is geskrywe van die Christus — ook as dit die neerwerping van Farao in die kuil van die doderyk vermeld. Want hier is dan ook 'n *doodgedenking*, 'n gedagtenis aan die dood van die groot Christusverwerper, ja van die aartsbestryder van die Christus — die Farao van Egipte, wat nie opgehou het om die kerk van God te verwoes nie. En dis nou hierdie selfde straf van die dood waaruit Christus sy uitverkorenes verlos het en vir hulle

die geregtigheid en die ewige lewe weer gegee het. Dis die troos van die gelowige wat in Christus sterf. Ons word dan by die hand gevat om die dood te gedenk van die vyande van die Christus. Gemeente, hier word voorwaar die eentonigste graflied aangehef wat ooit gesing is. Ons word getref as ons dit so lees dat almal in hierdie doderyk genoem word: onbesnedenes, onwedergeborenes, hoewel die onderskeid gemaak word dat sommige onder hulle helde is, magtigste helde!

Almal het as sterkes, as eiemagtiges opgetree in hierdie wêreld en met hulle swaarde skrik en angs versprei in die land van die lewendes. Almal op geweld gesteun. Almal het verval in groot skande en skaamte. Tog mag ons ons oog nie daarvoor sluit dat Eségiël hier 'n sekere gradasie in die aaklige ryk van die dood teken nie. Daar is onderskeie kringe en die straf is vir die een swaarder as vir die ander. Die skande en die skaamte is vir die een groter as vir die ander. Dit is soos onse Here Jesus ook gesê het: Dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die dag van oordeel as vir julle, Chorasin, Bethsaida en Kapérnaüm. Vir almal in die verderf is dit verskriklik, maar vir die een sal dit verskrikliker wees as vir die ander.

En Farao kry die volle maat, Want as Egipte in die doderyk neerdaal, dan tref hy eers die vernaamstes, die magtigste helde (hoofstuk 21). Die vernaamste helde spreek die Farao en sy gevolg toe. En hulle het die diepste veragting vir die Farao en wil met hom niks te doen hê nie. Hulle voeg hom veragtend toe: lê daar by die onbesnedenes!

Farao moet dus dieper afdaal in wat hier genoem word *die kuil.* Sy deel is met die onreines, die onbesnedenes van die uiterste graad. Vir die Egiptenaar was dit 'n skande om onbesny en vreeslik om onbegrawe op die velde te lê. En nou kom Farao, wat homself met die oog op 'n ewige lewe laat balsem het, in die hel tot die ontnugtering dat hy beland in die hellekragte, waar die onbesnedenes lê wat op die slagvelde omgekom en daar vergaan het. En so is die hel 'n plek van ontnugtering; 'n plek waar jou lewens-illusie, jou groot vergissing oor die lewe en die dood jou aangryp. Farao was nie die enigste wat tot so 'n aaklige ontnugtering gekom het nie!

Die ryk man wat sy oë in die doderyk in die pyn opgeslaan het, het ook nie gedink dat dit sy ewige lot sou wees nie. Die man wat die bruilofskleed nie aangehad het nie, was self ook verstom toe die koning ingekom het en hom op sy tragiese vergissing gewys het. Baie eerstes sal die laastes wees, en baie laastes die eerstes. Baie sal nog kom en sê: “Here Here” en tot hulle vreeslikste ontnugtering hoor: “Gaan weg, Ek het julle nooit geken nie”.

Sien u, geliefdes, die dood en die hel trek alle maskers af, al die klere wat jy vir jou aangetrek het, die mooi gesig wat jy vir jou opgesit het. Die deugde wat jy vir jou toegeëien het, die geregtigheid wat jy vir jou aangematig het, die krag en sterkte waarin jy jou gewaan het — alles word van jou afgestroop omdat dit nie aan jou behoort het nie. So is daar ontnugtering vir elkeen wat hom aanmatig wat hy nie is nie. So is daar ontnugtering ook vir dié mens wat die kleed van die Christen aantrek maar in waarheid dit nie was nie. Ontnugtering dus vir elkeen wat die skyn bo die werklikheid verkies!

En waarlik, dis beslis geen troos om dan baie ander aan te tref wat dieselfde lot ondergaan nie! Dis geen troos om andere in die verderf teen te kom nie,

As Eségiël van Farao se troos spreek, dan is dit bytende spot! Want in die hel kan daar nie in mekaar se smart gedeel word nie, is daar geen simpatie nie, is daar juis in die geheel geen troos nie. Goddeloses mag op aarde nog in mekaar se smart deel; maar nie meer in die hel nie. Inteendeel, in die hel is *gedeelde* smart *dubbele* smart, soos in die hemele gedeelde vreugde dubbele vreugde is. In die hel is elkeen se beker van smart wat hy moet drink tot die boorde toe vol. Daar kan geen druppel meer by nie. Ook kry niemand sy alsumbeker daar ooit

in die ganse ewigheid leeg nie. Die vuur word nie uitgeblus nie en die wurm knaag immer deur. Bowendien, al sou die een die ander kon gehelp het, hy sal dit in die hel nooit wil doen nie. Die sien van mekaar in die hel verwek haat, uitbarstinge teen mekaar. So is dan Farao se “troos” juis sy diepste skande! Skande! — juis daarom, omdat hy hom die *magtigste* gewaan het, en nou val hy die *diepste.*

Dis nie 'n skande as 'n swakkeling neerstrompel nie, maar 'n skande as 'n groot fris kêrel neertuimel! En sy skaamte is dan ook die sterkste. Skande en skaamte as die mens wat skrik versprei het self verskrik word. Skande en skaamte as die held van die dag neergevel word. Skande en skaamte as die man wat hom goed gewaan ten slotte sleg blyk te wys. Skande en skaamte as die man wat voorgegee het om ewig te leef, soos Farao, onder die onbegrawe lyke van die onbesnedenes verval. Skande en skaamte vir elkeen wat hom hier heilig, goed, regverdig waan en tog ten slotte die deel van die onheiliges, slegtes en ongeregtigdes moet erf.

O Farao, wat het jy jou nie alles verbeel nie! Jou mag, jou glorie, jou sterkte, jou goedheid, jou sekerheid word van jou afgestroop omdat jy dit alles nié was nie. En dit is nou jou skande!

Teenoor Farao, die held van die magtige Egiptiese Ryk, kan ons maar een ware Held verkondig, die Held van die Godsryk Jesus Christus. Toe Hy belaai met ons sondeskuld aan die kruis die helse sondestraf ondergaan en in die helledieptes ingedaal het, toe het Hy in 'n magtige teenstelling tot die almagtiges en sterkes van hierdie eeu, in teenstelling tot al die Farao's wat Hy waaragtig was ook waarlik geblyk te wys, wat Hy waaragtig was, naamlik die Held Gods, Sterke God. Die helledieptes kon sy krag nie afstroop nie en Hom daarin nie in skande en skaamte laat verval nie. Want Hy was verskrikking vir die helledieptes. Al die onbesnedenes in die doderyk met sy kuil het die *aarde* verskrik, maar Christus het die magte van die duisternis verskrik en oorwin.

Christus Jesus is ook in sy versinking in die helledieptes nie ontnugter soos die Farao's nie, want Hy het Hom niks aangematig wat Hy nie was nie. Hy het Hom nie die geregtigheid of enige goedheid of enige deugde aangematig nie. Hy was regverdig en goed en volmaak! Hy het Hom nie krag of heiligheid aangematig nie. Hy was sterker as alle mense (waaragtige God) en Hy was regverdig en heilig, Die dood en die helledieptes kon Hom nie ontmasker nie, want Hy het geen masker op gehad nie. Hy is wat Hy is. Daarom was geen skande of skaamte sy deel nie. Hy het ook nie in die helledieptes beland soos 'n Farao teen wil en dank gedoen het nie, ondanks alle pogings om dit te ontkom. Nee, Hy het gekom om daar Sélf in te daal. Hy het ook nie na sy dood daar beland nie maar vóór sy dood daarin getree. Want Hy het gekom en daarin gegaan as Borg, as volkome plaasbekledende Borg van sy uitverkorenes om hulle te bevry van die dood, van die hel en van die graf en vir ons die geregtigheid en ewige lewe weer te gee. En dit is sy troos: As sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien. Hy sal dit daar verkry en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees (Jesaja 53:10).

En nou, gemeente, moet ons die dood van onse Here gedenk.

Let dan eers op Farao, die magtige vors onder al die magtiges. Hy het volkome gesteun op sy eie krag, op sy eie sterkte, op sy eie magte, op sy eie swaard! Hy het homself volkome goed en veilig gewaan en hom daarop verlaat. En hy het nooit bely dat hy swak en nietig en sleg is, of dat hy die geregtigheid en die lewe nié in homself het nie. En toe kom die dood met die verskriklike skokkende ontnugtering in die kuil van die hel, waarin hy 'n magtelose, vol skande en skaamte is.

Let verder op die dood van u Here Jesus Christus, die Sterke God, die Vredevors, die Ewige Vader, die Heilige en Regverdige wat alleen die dood, die graf en die hel oorwin het sodat

dit Hom nie kan hou nie. Middelaar en Verlosser is Hy alleen. Dit preek die gebreekte brood en die uitgestorte wyn u. Wie soos Farao waan dat Hy sterk genoeg is om homself te verlos, dat hy goed en gaaf en deugvol en regverdig is — ontnugtering en skande en skaamte in die kuil van die verderf is sy deel. Wie kom soos hy waarlik is, swak, nietig, vuil, onregverdig, onheilig, om die geregtigheid en die ewige lewe te soek in Christus Jesus — dié word hier beteken en verseël van sy geregtigheid en ewige lewe. So 'n mens word hier vertroos, in lewe en in sterwe. Vir so een wag nie helse ontnugtering nie maar hemelse vreugde en blydskap bo verwagting.

Laat ons dan dankbaar en belydend die dood van onse Here gedenk met die dood van Farao as belydenis van wat ons verdiende lot was.

**Amen.**

## 15. 'N NUWE OPDRAG: DIE BRANDWAG

**Lees**: Eség. 33:1—20.

**Teks**: Eség. 33:7.

'n Renbode — die outydse rapportryer — het in die 12e jaar van die ballingskap, op die vyfde van die tweede maand, by Eségiël gekom met die offisiële bulletin: *Jerusalem het geval. Die stad is ingeneem.*

Tot daardie dag toe het die ballinge geglo dat Jerusalem nie verlore kan gaan nie, omdat die Here verplig is om sy tempel te behou. Daarom het hulle ook steeds op Egipte bly hoop, teen die uitdruklike profesie van Eségiël in — oor Jerusalem en oor Egipte. En dan dié nuusberig!

Dit was die diepste punt van die vervulling van Eségiël se profesie.

Maar wie meen dat die profeet nou met stomheid geslaan is en soos die graf sou swyg, vergis hom. Want die profesie se mag is nie geleë in die geweld van aardse magte wat vernietig kan word nie. Dis juis die heerlike teenstelling tussen die verwoesting van Edom, Sidon, Tirus, Egipte — die vyande van Gods kerk — aan die een kant, en die val van Jerusalem aan die ander kant. In hoofstuk 32 is gehoor die ewige vloeksang oor Egipte en daarmee ook oor al die ryke van die aarde, terwyl die slotsang oor almal die aaklige, eentonige dodemars is. En weet dit, Satan staan graag by puinhope, om dan daarvandaan verder te gaan om nog meer puine te stig. Vernietiging is Satan se lus en afbraak en deformasie sy doel.

By Israel, by Gods verbondsvolk, by Gods kerk het Satan egter nie die laaste woord nie — daar is sake anders gesteld, al lyk alles verwoes en alles verlore. God breek wel af in die lewe van volke en persone, maar steeds met die doel om weer op te bou. God verbrysel en voeg dan weer saam tot die vrese van sy Naam. Puinhope is tog voorwaarde vir God se vernuwingswerk. As Jerusalem verwoes lê en die laaste hoop op menslike hulp van Egipte verdwyn het, dan pas gaan die Here die vernuwing van sy volk en stad begin. Daarom, bokant die puine van Jerusalem sal nié die aaklige dodemars gesing word soos oor Egipte nie maar sange van *bevryding,* van *opstanding* en *herlewing.*

Daarom sal die profetestem nimmer versterf nie. Die doderyk wat al die magtiges en vorste, die Farao's en ministers en diktators laat versterf, kan die profetestem, kan die Woord van die lewende God nie oorweldig nie. Eségiël se mond word nou éérs oopgemaak (vers 22), Hy gaan nou hiervandaan *heerlike dinge* verkondig — van vernuwing, van heropbou, van reformasie. Vroeër het hy Gods oordeel aangekondig. Nou nie meer oordele nie maar Gods barmhartigheid wat roem teen die oordeel.

Met hoofstuk 33 begin dan die stralende geskiedenis van Israel se vernuwing en heropbou — die derde hoofdeel van Eségiël se profesieë. Die tekening van die *nuwe heilstaat*, waarby die beskrywing van die nuwe tempel 'n belangrike plek inneem, word in hoofstuk 40—48 gebied. Oor die *voorbereiding* van die heilstyd word reeds in hoofstuk 33—39 gehandel. En dié voorbereiding is veral in die noodsaaklike bekering geleë. Die digter sing in Psalm 85:3 so skoon daarvan: die blye troos en vrede, die heilstaat, kom — *mits* “sy volk dan nie onagsaam weer, die voetstap na die pad van dwaasheid keer”.

Vir die nuwe taak van heropbou kry Eségiël nou ook 'n nuwe opdrag: “En jy, o mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku”. Hy is dus brandwag!

Ons let agtereenvolgens op:

(1) die eerste eis van die brandwag, naamlik om te hoor;

(2) die tweede eis, naamlik om te waarsku;

(3) die lewensgevaarlike verantwoordelikheid van die brandwag.

**I.**

Eségiël word dan hier deur die HERE God as 'n *brandwag* aangestel. “En jy, o mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel!” Maar dan volg onmiddellik daarop die allereerste vereiste vir hierdie brandwagamp, naamlik om goed te *luister,* om die woord uit Gods mond op te vang! Luister gaan dus voorop. Want niemand, geen brandwag, kan die stad behoorlik waarsku as hy nie eers in die donkerte van die nag *goed geluister het nie.* Sekerlik, 'n brandwag moet ook kyk, maar in die donkerte van die nag kom dit veral op sy *gehoororgane* aan. Daardie wag wat dan sy oor gespanne hou om elke geluid met onderskeiding op te vang en vas te stel, die kan die stad goed waarsku vir die komende gevaar. Eers luister — en dan spreek en waarsku.

Wie sal nou 'n dowe man in die nag op brandwag uitstuur solank hy maar net 'n goeie spreker is? Brandwag is nie 'n plek vir groot praters nie. Daar het jy fyne hoorders nodig. En tog wil ons teenwoordige tyd met sy talle vraagstukke, met sy duistere geeste, goeie predikers en goeie sprekers hê. Maar onse goeie God, as Hy 'n man roep, as Hy die bedienaar van sy Goddelike woord roep en in sy strydende kerk op aarde as 'n wag in die amp stel, dan eis Hy bowe alles: jy moet *goed hoor* na die woord van my mond! Die ware prediker, die ware profeet, is nie hy wat skerp kan disputeer en goed kan debatteer nie, maar dis die man wat hom asof op 'n wagtoring as 't ware uithef bo die volksgewoel, om sy oor nader te spits op die stem van die Here God. *Jy moet my woord hoor!* So het Paulus na die Arabiese woestyn gegaan om vir jare lank net eers te leer *luister.* So het Johannes die Doper in die woestyn geleef waar hy grotendeels *gepeins en geluister* het. So het ons groot Leraar onse Here Jesus Christus dikwels 'n eensame plek opgesoek waar Hy die wil van sy Vader besin het.

Jy, o mensekind, profeet, predikant, deur God in hierdie wêreld met sy dik duisternis en stryd teen die bose magte op die wagpos gestel — jy moet voor alles *luister na Gods Woord.* Jy moet jou afsonder uit die gewoel om in jou studeerkamer, in jou bidvertrek Gods ewige Woord in jou siel op te vang! Ja, gemeente, die predikant is die *eerste hoorder* in die gemeente, Niemand kan hoor as hy nie eers gehoor het nie. Wat beteken 'n kansel met 'n pratende predikant wat nie eers geluister het nie maar wat soos 'n ontroue wag sy pos verlaat en onder die volk rondslenter!

En dit geld ook vir volksmanne wat God roep en daar op die stoel plaas! 'n Minister wat na Gods Woord nie wil luister nie, kan die volk nie lei nie, al kan hy nog so boeiend spreek.

O, in hierdie donker nag van die twintigste eeu het ons predikante en volksmanne nodig, het ons 'n kerk, 'n volk nodig wat moet luister. Luister! Ja, waarna? Na die mense-massa? Na wat die mense sê? Na die vleitaal of die kritiek van die mense? Luister na die teorieë van ongeloof? Gaan luister na die praatfilms wat Hollywood gefabriseer het? Na die fluisterstemme van nagtelike ongeregtigheid?

Ja seker, hy moet daarna ook luister en sy ore oophou vir die vyandelike stemme wat die geeste uit die nagdieptes piep! Want die slapende stadbewoners het hulle lot en lewe in die hande van die brandwag gestel. Hy dra die verantwoordelikheid van almal se geestelike lewe. En as hy nie die nag-stemme van die vyand opvang nie, hoe sal hy dan die gemeente kan waarsku daarteen? Die predikant en die volksleier moet ook die dwaalleringe bestudeer, ook die ketterse boek, ook van die vuil boek kennis neem. Soos die wag in die nag, stel hy sy eie siel bloot teenoor die vuiligheid, maar hy moet daarvan weet om betyds daarteen te kan waarsku!

O predikant, mensekind, jy moet 'n oop oor hê. Maar vóór alle dinge 'n oop oor om te luister na die *Woord van God.* Want dis alleen by die lig van die Woord van God dat die dwaling onderskei kan word. O predikant, mensekind, jy moet jou oor ondersoekend, studerend, peinsend by die Skrifwoord van onse God lê om die stem van God daaruit op te vang, en wat jy daarin gehoor het moet jy preek. Net wat jy gehoor het, moet jy verkondig! Niks meer, niks minder nie, al staan dit die mense nie aan nie, net so min as vir die stadsbewoners wanneer diep in die nag die ramshoring blaas en dit hulle verontrus uit hulle slaap. Al vloek hulle jou, al skel hulle jou, al kritiseer hulle jou, al gooi hulle jou in die put soos vir Jeremia, al vlei hulle jou soos vir Eségiël en sê jy is 'n minnesanger. Wat jy gehoor het en net dit moet jy preek! Gelukkig is die kerk, gelukkig is die volk met sulke wagters wat verstaan om te luister. So alleen is hulle besielde en besielende, welsprekende getuies van die Here ons God.

**II.**

Na die hore kom dan eers die tweede eis vir die wag om nou ook *te waarsku* met wat hy gehoor het, want wat beteken 'n wag wat wel alles hoor en van die hele gevaar swyg! Dis 'n verraaier wat so maak, 'n oorloper. “Jy, o mensekind, jy moet my woord hoor en hulle van my kant waarsku”. In die Oosterse stad het die wag op 'n hoë wagpos gesit, hoër as die hele volk. Hy kan verder as almal sien en almal kan hom ook sien. En sien hy plunderaars of die vyand nader, dan blaas hy net op die bekende ramshoring sodat die hele volk kan hoor. En as hy geblaas het, dan kan niemand in die stad sê dat hy nie gewaarsku was nie. Maar as hy nié geblaas het nie, dan kom die bloed van die hele stad op sy kop. Daarom mag niemand in die stad ongewaarsku verlore gaan nie.

En dit geld ook vandag nog vir die kerk van die Here. In hierdie donkere tye moet 'n lidmaat nie kan sê: “Ja, maar die predikant het nooit teen die gevare gewaarsku nie”. Die prediker wat nie waarsku nie, sal vir die siele wat in die gevare omkom met sy eie siel moet boet. Die waarskuwende element, die dringende oproep tot bekering is so belangrik dat onse Here dit as die enigste eis hier noem.

Dit moet maar weer, oor en oor, die gemeente op die hart gebind word om ons elke dag te bekeer, want elke dag omring die vyand ons.

Maar laat ons dit dan nou ook weer goed verstaan dat die waarskuwende prediking nie 'n pleitrede is of 'n afskrikking met die hel, soos die metodiste dit doen nie. Dis ook geen dogmatiese verhandeling of 'n verklarende betoog nie. Ook nie 'n sielkundige praktyk om die mens se gesindheid vir jou te wen en hom te lok, sodat hy daaroor na jou moet kom nie. Nee, die waarskuwingsprediking is enkel 'n *boodskap* wat uit Gods Woord verneem is en wat nou *net oorgedra word.* Die waarskuwingswoord is soos 'n basuinestoot: gevaar! Jy mag nie steel

nie. Jy mag nie egbreek nie. Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig. En daarmee is dit klaar. Dis 'n goddelike boodskap, wat nie met menslike bymengsels vermeng moet word nie. Dis net die boodskap van die Here HERE, en daarna moet geluister word sonder nader motivering. Die Here sê so, en daarmee is dit uit en gedaan! Die Woord van die Here kan nie mooier of aantrekliker gemaak word nie. As jy behoue wil wees, moet jy luister! Een van twee: Jy luister en bekeer jou en word behou, of jy luister nie en kom om. Daar is geen ontkoming aan God se boodskap nie. Eségiël, profeet van God, predikant, bedienaar van die Woord van God, jy is van die woord van God *net oor en stem!* Oor om dit te hoor, en stem om dit uit te spreek, soos 'n waarskuwende basuinstoot. Geen getorring aan God se woord nie. So kom die woord van die Here tot u, gemeente, en u kan net een van twee: U luister of u luister nie. Wat wil u as God se brandwag in hierdie nag van krisis waarsku?

As daar 'n nuwe heilstaat opgebou moet word, 'n nuwe Jerusalem, 'n nuwe tempel en 'n ware Verbondsvolk, dan eis God so 'n brandwag teen die gevare en vyande van sy kerk. Maar daarmee eis Hy ook 'n vólk wat net so skerp sal luister na die basuinstote en wat dan ook verder self om hulle sal waarsku. So moet die ganse volk 'n brandwag Gods wees teen die sluwe vyande deur wie se toedoen Jerusalem in puin gelê is.

**III.**

Die huiweringwekkende verantwoordelikheid wat op die brandwag rus, moet verder nog beklemtoon word. Die moontlikheid dat Eségiël as moordenaar van mensesiele aangeklaag kan word wanneer die bloed van die wat aan hom toevertrou is van sy hand geëis kan word, staan hom dus voor die deur. O profeet, as jy nie *tydig* waarsku nie, as jy nie 'n getroue brandwag is na Gods Woord nie, dan hang menselewens, 'n volkslewe van jou af, hulle ewige wel of wee. En bowendien sal jy voor Gods troon gedagvaar word as sielemoordenaar, omdat jy nie trou die wag gehou het teen die vyande van Gods kerk, die nuwe Jerusalem, die heilstaat wat die Here nou gaan opbou nie.

En hierdie waarheid geld nie net vir die predikant nie, want elke gelowige staan in die amp van die gelowige, van Godsweë as 'n brandwag teen die gevare vir die kerk uitgeplaas. En hierdie brandwagamp lê op u so 'n gevaarlike verantwoordelikheid dat u straks as moordenaar van siele gedagvaar kan word voor Gods troon.

Dis die verontagsaming van die brandwagamp in die kerk wat maak dat daar meer moordenaars in die kérk sit as in die *kerker*.

Predikant-moordenaars. Ouderlinge-moordenaars. Gereformeerde moordenaars.

Want 'n ontroue brandwag is 'n moordenaar. As hy die stad nie waarsku nie, is hy die dood skuldig. O, die profeet wat ontrou is as brandwag pleeg verraad: ten eerste *teenoor die groot Wag*, onse HERE God, wat hom aangestel het. Hy het die Woord van onse troue Verbondsgod deur sy ontrou nie tot die sondaar oorgebring om hom te waarsku nie. God se Woord is 'n wagwoord teen die sonde. En wie die wagwoord verontagsaam, is skuldig tot die dood. Ten tweede pleeg hy verraad *teenoor die siele* oor wie hy as wag aangestel is, deurdat hy die oordeel van God nie aangekondig het oor hul goddelose dade nie, hulle nie tot terugkeer geroep en gewaarsku het dat hulle die verderf tegemoet gaan nie. Ten derde pleeg hy verraad *teenoor die heilige amp* waarin hy staan omdat hy in hierdie amp minder as enige ander skepsel soos Kain durf vra: Is ek my broer se wag?! Driedubbele verraad. Deserteurs wat die wagpos troueloos verlaat en aan die vyand oorgee. Hulle is niks minder as die dood skuldig nie. Wee die predikant wat nie waarsku nie, die gelowige wat teen die sonde nie waarsku nie. Jy hoef nie uit jou pad te gaan om te redeneer en te diskusseer nie. Jy moet net die basuinstoot gee! O, as die ampsdraer nie waarsku nie! — die bloed van die siel rus op sy hoof en roep om die wrake Gods.

Dis nie net die moderne predikers, die valse predikers, die dwaalleraars wat skuldig staan tot die dood nie! Dis veral die regsinnige, die ortodokse dominee, wat die kwaad sien maar daarteen opsien om te waarsku en om die volk wakker te blaas. Dis die Gereformeerde lidmaat, die gelowige in Christus Jesus op wie die salwing van Christus rus, wat die profeteamp het en sy broer sien sondig maar uit vrees vir rusie tjoepstil bly. O, hoeveel predikante, hoeveel lidmate uit die kerk gaan verlore omdat hulle net nie gewaarsku het nie! Sy lewe lank het Christus gepreek as profeet en ons op Homself gewys as die weg, die waarheid en die lewe. Hy was die troue wag van God. En wie sy wagwoord nie wil berig nie — sterf.

O gemeente, die heilige amp, met sy gewigtige roeping en verantwoordelike taak, word in ons nagtyd te weinig besef. En so word 'n gemeente soms 'n moordenaarskuil. Die veragtelik traak my nie gees teenoor 'n siel, is soos 'n brutale draak in die gemeente. Ons het verleer om mekaar te waarsku. Ons stoot ons daaraan dat die brandwag soms, wanneer ons op ons gemak wil wees en wil geniet, nou daaroor die basuin blaas. En daar staan dit: as die siel hom nie bekeer nie, sal hy sterwe. Daarom dat die Here, voordat aan die herbou van Israel se heilstaat begin word, eers die noodsaaklike voorbereiding doen, met die eis van waaragtige bekering. Daarvoor is nodig die brandwag, wat die moed moet hê om te waarsku! Gemeente, ons kan dit alleen doen as ons leef, diep leef uit die roeping waarmee God Self ons geroep het met die roeping wat Christus alleen waardig was: Ek stel jou, julle, as wag aan. En God wat roep, is getrou. Hy verleen alles wat daartoe nodig is. Maar Hy wat roep, vra van u *trou.* O, die gemeente van die Here is 'n brandwagpos in hierdie donker wêreld. Laat dan die stem van die Woord van u Here nie versterf nie. Waarsku, waarsku mekaar sodat u nie sterf nie maar kan ingaan in die heilstaat van ons God.

**Amen.**

## 16. DIE TWEE UITERSTES IN DIE SONDE

(Voorbereiding)

**Lees**: Eség. 33:1—20.

**Teks**: Eség. 33:10, 11.

Direk teen die profesieë van Eségiël en Jeremia in het die ballinge aan die Kebar en die oorgeblewenes in Jerusalem bly hoop dat die stad nie sal val nie. Die Here sou wel daarvoor sorg, en daar was geen rede om neerslagtig oor die toekoms te wees nie.

En tog is Jerusalem ingeneem. Die dag toe die renbode met dié berig by die ballinge aangekom het, het hulle in 'n swartgallige sielstemming van volslae en troostelose pessimisme verval. Die lugtige optimisme het soos 'n kaartehuis ineengestort. In plaas van hemelhoog juigend, word hulle ineens tot die dood toe bedroef. Meteens dink hulle terug aan die bedreiginge in die wet van Moses. "En die wat onder julle oorgebly het, sal oor hulle ongeregtigheid wegteer in die lande van julle vyande, ja ook oor die ongeregtigheid van hulle vaders saam met hulle wegteer" (Lev. 26:39). Met 'n swartgallige droefheid roep hulle uit: "Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg — hoe kan ons dan lewe?"

O, dis woorde uit sielenag-dieptes hierdie. Vertwyfeld sê hulle vir mekaar: "Gedaan, vir altyd gedaan met ons. Alle hoop het verdwyn". Bo die poorte van die ballingkamp staan vir hulle in vlammende skrif: "Laat vaar alle hoop, julle wat hier binnetree!"

Dit moes vir Eségiël weldadig aangedoen het om meteens uit die mond van mense, wat jare aaneen oor hulle sondes heengeloop het sonder enige blyk van skuldbesef, om uit hulle mond dié erkenning van sonde en oortredings te hoor. Maar die wanhoopskreet: "Hoe kan

ons dan lewe!", is 'n pessimisme wat nét so ongegrond en sondig as hulle lughartige optimisme van vroeër was.

Gemeente, ons wil vir ons voorbereiding met u stilstaan by albei hierdie sondige stemminge van die ballinge:

(1) by die sonde van hulle lughartige optimisme midde in hulle sonde;

(2) by die sonde van hulle pessimisme in die aanvoel van hulle sondeskuld.

**I.**

Hoe het die Jerusalemmers voorheen die profetiese woord deur die mond van Jeremia bejeën? En hoe het die ballinge die profesieë van Eségiël nie verwerp nie! Talle gode van die heidene het hulle in hulle harte vereer (hoofstuk 8): samesmeltingsgodsdiens, onsedelikheid bedryf, sosiale ongeregtigheid gepleeg, armes verdruk, pande geneem, geregtelike moorde gepleeg, bloed vergiet! En tog het hulle ewe lughartig volgehou teen die uitdruklike profesie in: ons het niks kwaads gedoen nie! Ja, ons vaders het suur druiwe geëet en nou moet ons daarvoor boet! Maar buitendien: Jerusalem kan nooit verlore gaan nie! Die HERE kan sy stad nie smadelik prysgee nie. Die dreigemente van ondergang deur Jeremia in Jerusalem en Eségiël onder die ballinge was vir hulle tog net gekke praatjies en sieklike bedenksels! Skuld, oortredinge, straf, oordele? Dis nie woorde wat in hulle godsdienstige lewe bekend was nie.

Hierdie lughartige optimisme misken desondanks die verskriklike erns van die sonde — al die gruwelbedrywe wat hulle in hulle boesems, soos skoothondjies gestreel het! Wat is nou so vreeslik verkeerd *om ook die sonnegod te vereer?* Al die volke doen so! En ons offer tog vir Jahwe ook — die HERE kan nie klaag nie! Hy kry gereeld sy offers. Sonde is maar net as jy nie gereeld die kultiese offers by die tempel bring nie, maar daar in die praktyk van die lewe is dit nie sonde *om jou voordeel te soek nie,* al moet jy ook ellendiges verdruk; *om jou belange* te behartig, al moet jy die loop van die gerig stuit sodat daar geen saak gemaak word nie; *om jou lewe te beskerm,* al moet jy bloed vergiet; *om jou plesier en genot te soek,* al moet jy ook van jou naaste se vrou gebruik maak; *om jou besitting te verseker,* al moet jy ook die arme se kleed in pand neem in die koudste nag! Dis alles niks! Almal doen maar so! Jy moet net sorg dra dat jy jou offers nie verwaarloos nie.

En so, gemeente, is die optimis se hele lewenshouding 'n ydele spel met die deug van God se geregtigheid! Hy reken wel dat gedurige offers nou eenmaal Jahwe se reg is en hierdie kultiese verpligting nagekom moet word. Maar dat God se geregtigheid tot God se *Wese* behoort, dat dit God se heilige verpligting teenoor Homself is om Homself te handhaaf na sy goddelike Wese — daaraan het die ballinge in hulle lughartige optimisme nie gedink nie. Hulle het die Here God van die profesie nie meer geken nie en het hulle self maar gedra na die eise van die god van hulle beskouing! O nee, Gods geregtigheid vloei uit sy ewige wese voort en Hy het dit teenoor ons openbaar in 'n *wetgewende* en *regterlike* geregtigheid.

Deur sy wetgewende geregtigheid het God vir die mens sy wette, sy verordeninge, sy insettinge opgelê om dit te doen. En deur sy regterlike geregtigheid oordeel God of die mens sy wette naleef en hou! En omdat God, wyl Hy God is, gehoue is om Homself te handhaaf, doen Hy uitspraak of die mens "onskuldig" of "skuldig" is. En waar die mens skuldig is, tree God se geregtigheid as strawwende geregtigheid in. God is aan Homself verplig om die skuld in ewewig te bring deur straf. God kan die sonde nie ongestraf laat nie. Hy sê vir die regverdige, deur sy profeet: "Jy sal sekerlik lewe". En Hy sê vir die goddelose: "Jy sal gewis sterwe!"

Nee, nee, sê die lughartige optimis! Dis nie reg nie! As die Here sy *offers* ontvang, moet Hy tevrede wees en my beloon! — verder is ek vry om goed of kwaad te doen. Nee, God se strawwende geregtigheid is noodsaaklik, maar Gods belonende geregtigheid is ongehoue, is

vry. God is teenoor niemand trou verskuldig nie; want ons is reeds alles aan die Here verskuldig. O, die optimis in sy sonde misken Gods deugde, speel met Gods geregtigheid, soos met 'n handelsagent! Daarom maak die optimis hom dan ook skuldig teen die bloed van die Messias. Die bloed van die offerlam by die altaar spreek nie meer van 'n bloedoffer om te boet vir skuld onder die straf van die dood nie. Die bloedoffer is ook maar 'n kultiese handeling. Die jongmanne kan vir die sonnegod ook maar offer! Wat sou dit alles spreek van 'n Christus se straf en vloekdood, onder die strawwende geregtigheid van God!! So 'n straf- en vloekdood is tog nie vir die optimis nodig nie. Dis wel met hom — hy het sy offer gebring! En hulle gly lughartig oor die sondes heen! Eségiël kan maar dreig met Gods oordele, Gods strawwende geregtigheid — hy is tog maar net 'n fantaseerder! Die Here se tempel is dit, en daar kry Hy sy offers; en die Here sal nooit, kan nooit sy tempel laat verwoes nie! Waar sal Hy weer offers kry! Met ons kan dit tog nét goed gaan. So speel die lughartige optimis met Gods geregtigheid en spot met Christus se plaasbekledende vloek- en strafdood.

En die sonde van lughartige optimisme is vandag nog hier. Dis die sieltjies wat sonder sorg deur die lewe grappig heen wip. Boetpsalm sing hulle nie. Oor die vraag hoe groot my sonde en ellende is, plooi daar 'n “onskuldige” glimlag! Die duistere afgrond van eie hart het hulle nooit gepeil nie! Berou oor die skending van Gods majesteit ken hulle nie. Maar hulle is darem goed gereformeerd. Hulle kom ook gereeld nagmaal toe. Hulle was laas ook by die nagmaal en hulle gee ook gereeld hulle kerklike bydraes, en daaruit volg as vanself dat alles met hulle in die haak is. *Natuurlik,* alles is mos reg!

Dat ons almal sondaars is, stem hulle teoreties geredelik toe, maar prakties sit die goddelose mense in die kerker en die deugsames in die kerk. Vir goddelose dade en gedagtes het hulle mooi name. Gierigheid is gepaste suinigheid. Hoogmoed beteken selfrespek. Onderdrukking van ellendiges is hulle reg! Afpersing is maar net wat hulle toekom. Eindelik nog die dooddoener: “Ag wat, 'n mens bly maar 'n mens. Volmaak kry jy hom nie”. En so vergoelik die optimis hom en verwag hy die beste, nie omdat God in Christus, so genadig, so goed is nie, maar omdat hy so goed is! So verwerp hy die gekruisigde Christus op die lughartigste wyse en kom nietemin soos 'n *skaap* ook aangestap Nagmaalstafel toe!

O gemeente, wat sal *ons* sê van so 'n ongegronde optimisme? Dit sê die Here: “Ek sal julle oordeel, elkeen volgens sy weë, o huis van Israel”. Die allerslegste sal dus die deel word van die onbekeerde: die buitenste duisternis, die ewige pessimisme!

**II.**

Is dit dan nie beter om dan maar liewer 'n pessimis te wees nie? Is dit dan nie beter om jou sonde eerder te swaar, as te lig op te neem nie? Is dit dan nie aangenamer voor God en die mense om wanhopig te snik, as om lughartig oor alles heen te loop nie?

Die droefheid, ook die sondedroefheid loop steeds gevaar om eensydig te word. Met betraande oë sien 'n mens nie helder en duidelik nie. Dit sien ons so duidelik by die ballinge wat in die mees troostelose pessimisme verval het. Toe hulle ten laaste hulle sonde en oortredinge sien — toe was dit vir hulle die een en al! Noudat Jerusalem ingeneem is, nou is dit net een mag wat bestaan: die duistere mag van die sonde. Daar sink hulle nou daarin weg, totaal weg — daar verdwyn die grote God nou ook. Daar hou die barmhartigheid en die trou van die Verbondsgod nou ook op om te bestaan. God Self is ook geen Lig, geen Lewe meer nie! Al mag wat daar voor die swartgallige sondaar staan, is sy sonde. Verder niks: *“Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons en daardeur teer ons weg — hoe kan ons dan lewe?”* Hier is droefheid, maar dis die aaklige droefheid *tot die dood!* Net die mag van die sondedood het oorgebly.

O gemeente, hier die swartgallige pessimis doen ernstige tekort aan die deugde van Gods

barmhartigheid en trou.

Soos die optimis die profetiese woord van Gods strawwende geregtigheid opsy stoot as 'n blote sielekrankheid van die profeet, so loën die pessimis die profetiese Verbondswoord — asof die troue Verbondsgod uit krag van sy ewige barmhartigheid nooit volkome verlossing, geregtigheid en ewige lewe aan ellendiges beloof het nie. Asof die Here God nooit in sy ewige goedheid uit Homself beweeg is om na sy vrymagtige welbehae ellendiges te red nie. Ja, veral Gods trou! Is God dan 'n mens dat Hy sou lieg of sou verander? Sou God dan dinge spreek wat Hy nie doen nie?

O, die hopelose en die troostelose het sy God met sy sonde mooi plat getrap, dat daar nie meer so iets bestaan as 'n barmhartige en genadige God nie. Sy ontrou het God se trou verkeer. Daar is dan nie meer so iets as 'n genadeverbond nie! Ook nie meer 'n genadeverbondswoord en genadeverbondstekens, sakramente, wat ons verseker en vergewis van die vergiffenis van sonde, van geregtigheid en ewige lewe in Jesus Christus nie.

As die pessimiste in die ballingskap in hulle hopeloosheid uitkerm: “Hoe kan ons dan leef?” — dan roep die Here hulle deur die mond van Eségiël toe: “Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?” Dis mos alleen Satan wat net in die vernietiging, in die dood en in die ondergang behae het! Maar die Here, julle troue Verbondsgod, het geen behae in die dood van die goddelose nie! Die HERE julle God is tog nie 'n swarte Satan nie! Die Here het behae daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg, en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weë! Waarom tog *wil* julle sterwe?

Die sondaar wat in die besef van sy ellende van die Christus *wegsterf* — die *wil* nie leef nie. Want in Christus Jesus het God die Here Hom in sy barmhartigheid en trou openbaar, soos die Hebreërbrief sê: “sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen” (2:17).

Die sondaar in wanhoops-vertwyfeling oor sy begane sondes sit daarom werklik en wegteer soos die ballinge. In sy vertwyfeling kom hy nie so ver om die genademiddels, Woord en sakramente, te gebruik, waardeur sy geloof versterk kan word in die sekerheid van sy sondevergifnis, geregtigheid voor God en die ewige lewe in onse Here Jesus Christus nie.

Buitendien, die sakramente is ook nie ingestel vir sulke pessimiste nie, maar vir die *gelowiges* in hulle stryd teen hierdie sonde! Hoe kan jy nou jou kind vir die doop aanbied of na die nagmaal kom met 'n wanhoops-vertwyfeling? Die sakramente *verseker* ons tog dat ons sonde in Christus Jesus vergewe *is* en dit versterk ons geloof. Vir sulke pessimiste wat so gruwelik te kort doen aan Gods barmhartigheid en trou, wat ons barmhartige en getroue Hoëpriester Jesus Christus in sy soendood so misken, is daar nie plek by die Doopvont of die nagmaalsdis nie.

Sekerlik, gemeente, die Heilige Skrif eis van die sondaar wat die gebruik van die Heilige sakramente aanvra: selfneerbuiging, boetedoening, berou en droefheid daaroor dat ons met ons sondes Gods hoë majesteit geskend het. Tog is dit nie 'n droefheid tot die dood toe nie maar 'n droefheid tot God, met die smekende begeerte: “ag Here, waarom sal ek sterf? Vergeef, uit u ewige barmhartigheid om die verdienste van Christus, uit genade, my sware sondeskuld”. Daar is ook lus en liefde om na al Gods gebooie te lewe.

Die ware bekering bly nie steek by die negatiewe stuk van 'n hartlike leedwese dat ons God deur ons sondes vertoorn het nie, maar dit moet aanstonds in ons droefheid deurbreek tot die positiewe lus en liefde om nou voortaan na al God se gebooie te leef. 'n Sondebesef, 'n skuldbesef wat ontaard in wanhoops-vertwyfeling is 'n sonde van ongeloof, van die miskenning van Gods genadige verbondsbeloftes en van die troue Verbondsgod self. Hierdie sonde sluit die toegang tot die Nagmaalstafel af. En dan spreek ons nie eens van die gemaakte

pessimiste, wat doen asof hulle hul sonde so swaar aanvoel en wat nie uitgepraat kan raak oor hoe diep bedorwe hulle is nie, om intussen hierdie gemaakte skuldbesef 'n grond vir hulle saligheid te maak. So 'n pessimis is 'n uithaler Fariseër wat net 'n tollenaarspakkie aangetrek het. Sy skuldbesef is 'n verdienstelike oorsaak vir sy saligheid. Oor sulke verfynde pessimiste verspil ons verder geen woord nie.

Laat ons dit maar net verstaan: by die kruis van Golgota met sy afsigtelike straf- en vloekdood is geen plek vir 'n lughartige optimisme wat met die sonde speel en tog nog hoop op geregtigheid nie. Die verskriklike erns van die straf- en vloekdood veroordeel dit. By die kruis van Golgota met sy stroom van versoeningsbloed wat daar sypel uit soveel wonde, is ook ewe min plek vir die vertwyfelde pessimis wat op geen versoening meer hoop nie. Golgota roep dit uit: “So waaragtig as Ek leef, sê die Here HERE, Ek het geen lus in die dood van die goddelose nie”. So afwysend soos wat die Here enersyds teenoor die sonde staan, so oneindig is Hy andersyds in sy genade teenoor die wat rou dra oor hulle sondes en tot Hom kom.

Daarom hou die profeet Eségiël hier twee persone teenoor mekaar voor: 'n regverdige en 'n goddelose. Die regverdige, wat vroeër geregtigheid gedoen het en nou weer onreg bedryf, moet dit weet dat sy vroeëre geregtigheid hom nie red nie. Die goddelose daarenteen wat hom bekeer en geen onreg meer doen nie, sal leef ten spyte van sy vroeëre goddeloosheid.

Daar by Golgotas kruis ontmoet God se geregtigheid, barmhartigheid en trou mekaar. Daar alleen kan sondaars staan, sonder om lughartig met Gods geregtigheid te speel en sonder om te kort te doen aan sy barmhartigheid en trou. Daar regverdig God boetvaardige goddeloses, sodat hulle as regverdiges 'n blye tyding laat hoor.

Dan verlang ons na die Nagmaal, om in die geloof aan vergifnis van sondeskuld en aan geregtigheid in die gekruisigde Christus versterk te word. En dan hef ons saam die blye lied aan:

*Regverdiges, laat hoor die blye tyding!*
*Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,*
*'n Sang wat juig oor skuldvergiffenis.*
*Sing, wie opreg van hart en wandel is!*

**Amen.**

## 17. HOORDERS MOET SLEGS APPLOUDISSEER

(Nabetragting)

**Lees**: Eség. 33:21—33.

**Teks**: Eség. 33:30—33.

Die ongegronde optimisme dat Jerusalem staande sal bly, was soos 'n muur waarteen die woorde van Eségiël vasgeslaan het — hy kon net so goed stom gewees het. Nadat die boodskapper met die Jobstyding van die val van die stad gekom het, is die rolle egter omgekeerd: Eségiël deel mee dat hy nie meer stom was nie, maar die ballinge het in swartgalligheid verstom — hulle het nie met mekaar gepraat oor wat met Jerusalem gebeur het nie en soos naggestaltes stom-geboë by mekaar verby beweeg.

So was dit egter nie met die reste wat as bendes in Palestina oorgebly het nie en hulle so goed of kwaad as wat kon, in die berge, bosse, spelonke en gate staande gehou het. Hulle het volhard in ongegronde optimisme, veral deur hulle op die geskiedenis te beroep. Was Abra-

ham dan nie 'n eenling wat tog die land in besit gekry het nie — en hulle is baie?!

Dit, gemeente, lyk na *geloof*, maar was in wese net volharding in hulle sonde en grootpratery, met valse roem op uitwendige voorregte: Ons is mos nakomelinge van Abraham en sal dus in sy erfenis ingaan. Tog was hulle in geen opsig geestelike kinders van Abraham nie. Daarom vat die profeet hulle sondes in twee reekse saam. Enersyds leef daardie reste in Juda nog met die vreeslikste samesmelting: terwyl hulle hul daarop beroem dat hulle uit Abraham stam, klim hulle tog op berghoogtes en dien die skandgode op gruwelik heidense wyse. Andersyds is hulle die prooi van totale sedelike verwildering: hulle steun op die swaard (en nie op die Here nie), hulle bedryf sosiale ongeregtigheid en onsedelikheid met mekaar se huisvroue.

Uit al hierdie gruwels is dit duidelik dat hulle nie Abraham se geloof het nie en ook nie in die genadeverbond leef nie. Hulle verwerp en ontheilig die Here, Abraham se Verbondsgod. Daarom sê die Here kort en klein: almal sal omkom, alles sal verwoes word (vers 27—29).

Onder die ballinge het daar egter teenoor Eségiël verandering gekom. Hy word voor die oog van almal gerehabiliteer vandat sy oordeelsprofesieë oor Jerusalem bevestig is — sy profesieë het baie in waarde gestyg! En vir die nabetragting wil ons, gemeente, u aandag bepaal by hierdie verandering, by die nuwe agting vir Eségiël se profesieë.

Uiterlik is die verandering sigbaar, ten eerste in die *aantal* hoorders wat hy voor hom het, en ten tweede in die *aandag* wat sy woorde nou geniet. Daar het dus verandering gekom!

Wat die *aantal* betref — tot nog toe was dit meesal net die *oudstes* van Israel gewees wat 'n sekere belangstelling vir die profesieë aan die dag gelê het — al was dit nie altyd onverdagte belangstelling nie. Maar nou kom die ballinge in groot *dromme* na die profesieë *luister*. Die “kerk” (om so te sê) was te klein vir die groot getalle wat nou kom luister, oud en jonk.

Waar jy ook al kom in huis of op straat, die naam van die profeet van die HERE is op elkeen se lippe — en ... dit is nou nie meer kritiek op die profeet nie. Nee, dis enkel lof. Niemand het dit toe gewaag om langer van Eségiël as 'n fantas, as 'n sielekranke te spreek nie. Sy profesieë staan nou nie meer onder die snoeimes van 'n ongenadige kritiek nie. Nee dis nou alles kolossaal! — wat kan die Eségiël tog profeteer! Het jy nog nie vir Eségiël gehoor nie! *Kom tog en hoor* hoe die man preek! Jy moet beslis saamgaan! Die man het 'n talent om te profeteer. Dit is nou vir jou 'n profeet hoor! En in groot getalle en met 'n gedrang drom hulle daar saam om Eségiël. En elke keer as Eségiël weer optree, is dit nog drukker, en jy kan 'n speld hoor val, so luister die saamgepakte skare in gespanne aandag en as 't ware met oop mond: wat 'n man! Wat 'n preek! So was daar dan ook groot verandering in die aandag! So het dit alles weer mooi gelyk, anders as vroeër!

Maar, gemeente, elke verandering is nog nie 'n verbetering nie. Daar sit nou die sogenaamde gretige kerkgehoor! Maar dan kom Gods ontdekkende woord en sê dat al hierdie veranderinge bloot net aan die buitekant is: hulle luister slegs met ydele nuuskierigheid — want hulle hoor wel die woorde en spreek druk daaroor, maar hulle *doen* dit nie; hulle handel en leef nie daarna nie. Hulle stem nog maar slegs met die mond toe en nie met die hart nie. Daar was nog maar slegs uitwendige verandering van lewenshouding, maar nog nie inwendige vernuwing van die hart nie. Eségiël het net hulle ore, maar nog nie hulle harte nie. Hulle is nog slegs blote *hoorders* van die woord, maar in die geheel nog nie *daders* van die profetiese woord nie.

Dit is alles vir hulle soos 'n minnelied, skoon van stem; dis soos een wat goed speel. Hulle *hoor* jou woorde maar hulle doen dit nie! Deur die skone vorm laat hulle hul meesleep en bekoor, maar die *inhoud* laat hulle stil lê, hierdie kerkgangers. Hulle apploudisseer luidop: “Mooi so, pragtig!” Maar as die kerk uit is, gaan hulle stilletjies of openlik voort met hulle

bedrieërye, met haatlikhede en vuil gewin.

Dit was nou vir jou 'n praatgodsdiens. Hulle maak liefdesverklaringe, praat alles mooi en reg. Maar in die harte was slegs plek vir vuil gewin: goud en goed. Mammondienaars! In daardie marskramersland, in Babel, die wêreld se groot besigheids-stad, het ballinge hulle toegelê op handel en besigheid en elk-een het maar net gesoek om saam te skarrel! Rykdom vergaar. En tree Eségiël op, dan stroom hulle om hom saam, dog meer om te geniet van sy kragtige profesie as om die Here te dien en te vereer deur sy Woord in hulle harte te bewaar en dit te gaan doen. Geen gans kom so droog uit die water nadat die druppeltjies afgeskud is nie, as hierdie mense uitkom onder wat hulle van Eségiël gehoor het. Die woord doen aan hulle niks: dit was alles die spel van die oomblik. Hulle gaan daar weer weg met hulle self en met 'n hart vol planne om geld te maak!

So het die kerk daar aan die Kebarrivier ontaard in 'n soort klankrolprentvertoning, waar hulle heen gaan om te hoor en te geniet, en *heelhuids* weer terug te stap! Dit was 'n soort geestelike ontspanningsoord. Die kerk het geword tot 'n plek om onder die gehoor in aangename sielstemminge te kom. Dit was 'n plek vir aandoeninge!

So het die klanke van Gods Woord slegs in die ore geklink maar is nie as saad in die harte ingeplant om op te skiet en vrug te dra nie. Die harte het sorgvuldig gesluit gebly.

Maar vir sulke kerkmense word die oordeel Gods aangekondig. Kyk, dit kom, die straf Gods, en dan sal hulle weet dat daar nie maar somaar 'n redenaar was om sy redes te voer nie, maar 'n profeet wat Gods heilige Woord bedien het. En, gemeente, laat ons teen hierdie groot misdryf gewaarsku wees. Want dit is juis die Ware voorbereiding tot die nagmaal — die positiewe bekering wat bestaan in 'n lus en liefde om voortaan na al Gods gebooie te lewe. Dit is ook wat die nagmaalsformulier op die hart bind; “ ... dat ons almal saam een liggaam moet wees *en dit nie net* met die *woorde* maar ook met die daad *teenoor mekaar* moet *bewys”.* Dit is trouens ook die ware nabetragting om dankbaar die gebooie van die Here te bewaar. Want dié wat sy gebooie bewaar, die het Hom lief. Die wat sy gebooie nie bewaar nie, die het Hom nie lief nie. Die is nie in Hom en ook nie in die Vader nie, en in hulle is Hy ook nie, en hulle dra geen vrug nie. Salig is diegene wat die woorde van die profesie van die boek bewaar. Hulle *word* nie salig deur die woorde te bewaar nie, maar omdat hulle salig is, die heil deelagtig is, bewaar hulle as vrug van die verlossende genade die Woord!

Daarom, laat ons nie vandag hier sit as blote hoorders van die woord met harte vol gouden goedplanne om goeie wins te maak nie. Laat ons tog ook nie net praat oor ons besigheid en oor ons markte nie. Dan is ons nog bedenkliker kerkmense as die ballinge — hulle het ten minste tog oor die profesie gepraat! En daarin was hulle die moderne kerkmens ver vooruit. Want ons moet goed verstaan: die kwaad was nie dat hulle daaroor gepraat het nie, maar dat hulle nét gepraat het. Ons moet tog oor Gods Woord met mekaar spreek. Maar ons moet nie net met mekaar spreek nie — ons moet dit ook doen, die Woord bewaar.

O, ons harte is meestal soos daardie deel waarop die struike en gewasse welig tier. Die saad van die Woord verstik. Dan is ons nagmaal ons tot 'n oordeel. Dan word die sakramente 'n getuienis teen ons.

En hierteen moet ons waak dat ons nie net *hoorders* van die woord is nie, want dit is 'n gevaar wat maar altyd weer die kerkganger bedreig. En lank na Eségiël bestraf Jakobus dié soort mens wat is soos iemand wat wel vir 'n oomblik sy aangebore aangesig in 'n spieël bemerk, maar daarna heengaan en vergeet hoedanig dit was. Wee ons as ons die Woord verlaag tot 'n *spieël*, 'n spieël wat bekoor, in plaas van saad wat lewe bring. 'n Spieël wat die selfbehae opwek, in plaas van 'n hamer wat vergruis en tot selfmishae bring — dan sal ons dit eenmaal onder Gods straf te wete kom dat Gods Woord nie 'n spieël is nie. 'n Spieël is wel 'n

wettige ding — jy skuif jou das reg en skik jou kleed. Maar spieëls verander geen harte nie. Nou, laat ons dan tog nie onder die woordbediening sit *meer om te geniet* as om die Woord te bewaar nie. Die erediens se eerste doel is ook nie om 'n siel te stig nie maar om die Here te vereer, deur sy Woord te bewaar! En hoe menigmaal beoordeel ons die Woordbediening nie bloot daarop of dit ons gestig het al dan nie! Het ons wel ook gestry om waarlik na Gods Woord die Here te dien? Nie om gestig te word nie, maar om te dien.

Waak dan, want soos dit was in die dae van Eségiël, so sal dit wees op die dag van die Seun van die mens. Hulle het geëet en gedrink, gebou en geplant, besigheid gedoen, winste nagejaag, preke geniet of bekritiseer, ook na die Woord geluister — maar net nie daarna gedoen nie. En dan sal onse Here op sy dag oordeel en sê: “Ek was honger en jy het wel baie gepraat oor die sosiale nood maar My nie gevoed nie. Ek was naak en jy het My nie gekleed nie. Ek was siek en jy het My nie besoek nie. Gaan weg van My in die buitenste duisternis”. En ook dan sal die gesaligdes hierdie woorde nie net apploudisseer nie maar ook met die *Amen*

van die hart paar. En ook daarin sal hulle salig wees wat die Woord Gods hoor en bewaar.

**Amen.**

## 18. DIE HERE, DIE GOEIE HERDER VAN SY VOLK

(Voorbereiding)

**Lees**: Eség. 34:1—31.

**Teks**: Eség. 34:2, 11, 14, 17, 24.

Die profeet kondig nou aan die seënryke tyd vir Israel, die komende heerlikheid van die land, onder die regering van Dawid, die kneg van die Here: die goeie Herder wat God self sal beskik. Onder hom sal die land gekroon en die tempel herbou word, die volk gered en bewaar word en alles vernuut.

Ons bepaal u aandag met voorbereiding by die volgende gedagtes:

(1) Die goeie Herder sal die slegte herders oordeel;

(2) Hy sal oordeel tussen skape en skape — tussen ramme en bokramme;

(3) die goeie Herder, Dawid, dit is Christus, is die kneg van die HERE, wat met sy verbond van vrede in die nooddruf van die heiliges voorsien.

**I.**

Die HERE onse God, self die Goeie Herder van sy skape, het dit teen die slegte herders van Israel “wat aan hulleself weiding verskaf”. Volgens Oosterse begrippe is hierdie herders die koning met die stamhoofde en hoë amptenare wat aandeel gehad het in die regeerfunksie oor Israel — dus nie die profete of priesters nie.

Nou teken die profeet die jammerlike manier waarop hulle die volk bestuur en hulle van hul goddelike opdrag gekwyt het. Die groot kwaad in Israel was dat die konings *hulleself gewei* het. Ten koste van die volk — die skape — het hulle eie voordeel, eie genot, eie veiligheid gesoek. Van die skape het hulle die melk, die wol, die vet ens. geniet, maar die volk het geen *versorging* ontvang nie. En gevolglik het die volk verstrooid geraak (vers 4). En verdwaalde skape raak maklik verlore, en so het die mense vir Israel se volksverband verlore gegaan. En teen dié soort konings, vorste, ministers, amptenare het die Here dit as Hy sê: “Ek

het dit teen die herders. Ek sal my skape van hulle hand eis”. Dit is dus 'n profesie teen die sosiale volksnood in Israel, soos dit deur Israel se slegte herdervorste veroorsaak is.

So sien ons dit vandag nog: konings, regeerders, ministeries, amptenare wat die skape tot prooi maak om op te teer. Die selfstandiges probeer hulle afhanklik maak; die afhanklikes, swakkes, siekes, gebrokenes, verlorenes word verdruk en aan hulle ellende oorgelaat. Streng lui die woorde: “Teen ons mag julle nie wees nie, want julle leef uit ons hand!” — maar intussen is dit juis húlle wat teer op die volk se besittings en dit tot prooi maak van hulle gemak en genot. En durf iemand vir die skape, die volk, intree, dan gaan dit soos die slegte Sedekia met Jeremia gedoen het: put toe; in die interneringskamp! Alles, met volk en al, moet net vir hulle as prooi bly. Maar wat sê onse HERE, die Goeie Herder, wat sy skape opeis? Hy sê: “Ek sal maak dat hulle geen skape meer oppas nie ... Ek sal hulle van die stoele afstoot”. Slegs regeerders kom ook op die stoel, soms vir tientalle jare en ook vir eeue, as straf vir die sondes en wederstrewigheid van die volk; maar aan hierdie slegte regeerders maak God ook 'n einde, omdat *ook hulle sleg is.*

Kyk wat het met die koningshuis van Juda gebeur. Sedert Dawid was daar 'n hele ry konings, en op enkele goeies na was hulle almal sleg en het Dawid se volkstaat verwoes. Daarom sê die Here nou: “Die koningshuis sal nie meer oor Israel regeer nie... En Ek sal een herder oor hulle verwek, en hy sal hulle oppas, naamlik my kneg Dawid”. Die waaragtige regeerder oor Gods volk is die nuwe Dawid, die Christus, die een ewige Koning. So is dit nie net 'n profesie teen sosiaal-politieke wantoestande nie, maar dit is 'n Messiaanse profesie, vol oneindige Nieu-Testamentiese dieptes, vir die kerk van Christus. Die Messiaanse lig breek hier deur die skadu's van die Ou-Testamentiese volk, en vlak voor ons staan Hy wat sê: “Ek is die goeie Herder”.

Besien in die lig van die grote Dawid-Seun, die ware Herder, het u hier 'n profesie oor die regeer-amp in die kerk, die predikant as lerende ouderling, met die regeerouderlinge, en ook oor die koninklike amp van die gemeente, as gelowiges in Christus Jesus. So kom die profesie deur die politieke regering in Israel tot die kerklike regering in die Nuwe Testament.

Dit is dus 'n profesie oor die koninklike amp waarmee u en ek beklee is. En nou klink dit: “Profeteer teen hierdie herders, hierdie predikant en hierdie ouderlinge. Wee hierdie herders wat aan hulleself weiding verskaf. Moet hulle nie die skape oppas nie?” Ons kan hierdie woorde nie somaar so opsy stoot asof dit ons nie sou tref nie! Nee, laat ons maar in hierdie ampswerk onsself ondersoek voor die Nagmaal. Hier word gewys op sondes wat positief *gedoen* word, en op die negatiewe sondes van nalatigheid.

Nou sou ons in die algemeen op baie slegte dinge van predikante kan wys. Van dominees wat op hoë traktemente aas en nooit genoeg kry nie, ja, met die gemeente as 't ware in hulle eie voordeel besigheid dryf. Ons sou kan wys op predikante wat oral rond so baie lesings hou en allerlei drukte maak sodat hulle vir die gemeente nie tyd het nie. Op predikante wat sus en so spreek. Op dié wyse kan die leraar hier maklik van homself af wegbreek voor u. Laat ons daarom maar afsien van predikante in die algemeen.

Elke preek is vir die leraar, eerder nog as vir die gemeente, bedoel. Maar is die predikant nie miskien 'n slegter hoorder as die swakstes in die gemeente nie? Miskien dink die dominee nie so nie, maar eendag sal dit tog voor God geopenbaar word soos dit is: hoe swak hy is, hoe sleg! Hy kan homself nie beheers nie, en dan gaan hy om saam met die ouderlinge ander te regeer! En nou mag dit miskien wees dat die leraar 'n figuur in die kerk slaan, maar hy is tog nog 'n slegte herderouderling. Dikwels het sy vrou miskien al gesê: “Jou eie huis verwaarloos jy!” En as die mens dit sien, — wat sal dan nog te sê wees teen Gods Woord wat indring tot die verdeling van die murg en die gebeente? Die HERE kan die slegte herder afsit!

En nou mag die sonde van uiterlike bedryf om die gemeente se wol en vet en goed hom toe te eien nie so groot en sigbaar wees nie, maar die sonde van nalatigheid is groot. Die swakkes in hierdie gemeente kan oordeel en sê: "U het ons nie gesterk nie". Die siekes sê: "Ons kranke siel het u met Gods genesende Woord nie gesond gemaak nie". Die gebrokenes van hart oordeel en sê: "U het ons wonde nie verbind nie". En die weggedrewenes staan nou ver en sê: "Hy het nie gekom om ons terug te bring nie!" In die lig van die Woord van my HERE en God is hy 'n slegte herderouderling! Dan moet die predikant sê: "Ek bloos as ek dit hoor" en tog moet ek dit sê: "My ampsonde as ouderling is groot! Maar ek kom na die Heilige Nagmaal om deur die Goeie Herder, die *één Herder*, geregeer, gewei, versterk, geheel, verbind te word". Anders is ek geoordeel! Die Goeie Herder roep ons, en daar is alleen vrede as ons *luister*.

En, broeders ouderlinge, by u is dit miskien nog meer waar dat u uself nie wei met die wol en vet van die gemeente nie. Uiterlike sondes van bedryf wil ons daarom hier ook daarlaat. Maar die sonde wat hier welig tier, is die beleid van die gemeente aan sy lot oorlaat, die nalatigheid. U is die liggaam wat regeer; en u weet hoe het dit al hier met die regering gegaan. 'n Besluit wat u hier saam neem, is al weer deur ons individueel gekanselleer as ons by die kerk uit is. Dan doen ons soos ons goed dink of soos dit vir ons die gemaklikste of gerieflikste is. En dit is die sonde van selfweiding! En hierdie sonde wreek hom op die gemeente. Almal verag naderhand nie net die besluite van die kerkraad nie, maar die kerkraad self kom in minagting.

O, die sonde van die gemeente aan sy lot oorlaat! 'n Swak lidmaat, een wat geestelik bekwaald is en baie moeite gee, laat ons liefs vaar! U moet wil opsoek, wil verbind, wil genees, wil versterk tot die uiterste toe. Slegte ouderlinge laat toe dat hulle houding bepaal word deur die houding van slegte skape. Maar die goeie herderouderling, Dawid, het hom net laat bind deur Gods Woord, wat hom roep om te regeer, op te pas, te soek al die kreupeles en siekes en hulle te versorg deur die Woord te laat bedien.

En die ouderling mag huisbesoek doen en navraag doen oor leer en lewe, en die lidmate mag dit van hulle ouderling ontvang — maar die ouderlingsvrou weet hoe die huisbesoek soms gereël word. En weet die kinders dat hulle vader ouderling is, ook oor hulle?

En hoeveel van u, broeders, hou persoonlik toesig oor die leer daar in die katkisasie? Is dit nie soms so nie dat u meen: "O, die predikant of die katkiseermeester of daardie ouderling hou katkisasie"? En daarmee is almal aan hulle lot oorgelaat. U laat die kinders by huisbesoek vir u sê hoe dit met die katkisasie gaan, maar self *hou u nie toesig nie.* Dit laat die kindertjies verstrooid raak, soos Israel op die hoë heuwels.

En so kom daar dan naderhand verdwaaldes voor. Dooplede gaan in die wêreld onder. Hulle raak uit die kerk weg in die wêreld. Ons weet nie waar hulle is nie, of ons merk op: "Hy is nou in die of daardie sekte; dis maar waar hy tuishoort". Soek ons waaragtig naarstig die verdwaaldes, die geestelik siekes, die verdrewenes? Of loop ons soos 'n slegte kneg somaar maar net 'n draai met die rapport: "Ek kry hulle nie!" In Lukas 15 het u die beeld van die goeie Herder wat die verlore skaap soek, ja, die 99 wat Hy het, loslaat om die een verlorene waaragtig en biddend te soek totdat Hy hom kry. O, hoeveel van die kudde is nie verdwaal, ondergegaan, deur die roofdiere verskeur nie!

Laat die kerkmense aan hulle lot oor, dan sink die volk. En dat 'n groot deel van ons Afrikaanse volk so laag gesonke is, is die onbetaalde rekening van die kerk. En dan sê ons: "Erger as 'n heiden; laer as 'n naturel". Maar die vraag is: Wat het ons as herder ouderlinge daarteen *gedoen?* Miskien niks. Maar onthou, dis skape van die Verbondsgod, en ons nalatigheid met sy skape is daarom 'n vergryp teen die HERE self!

Maar met berou oor ons ampsondes is daar ook vergifnis. En u kom ook na die Nagmaal om krag, troos, sterkte te soek by die groot Goeie Herder, wie se Woord en sakramentstekens dierbaar is. — Maar sonder berou — net oordeel.

En, gemeente, die vraag kom ook tot u met u amp van gelowiges. In Christus Jesus is u konings. U staan tog in die algemene koninklike amp om te help regeer en te kontroleer. Lukas 15 bevat ook die gelykenis van die verlore penning wat deur die vrou gesoek word. Dis die beeld van die gemeente, by dié van die Herder.

Hier sit u nou in die voorbereidingsdiens. Wat het u gedoen om u broeder en suster op te soek en aan te spoor na die diens? Of kom ons maar die een los van die ander, net om homself te wei en die ander broeder en suster maar aan hulle lot oor te laat? Dis geen ware voorbereiding nie! Watter ontsag is daar vir die ouderlingamp? Die ontsag vir die gesag het skaars geword! En wat doen u teenoor verdwaalde siele of teenoor u broeder of suster wat sondig? Laat u hulle nie meesal in liefdeloosheid aan hulleself oor, uit vrees vir rusie nie? Ons pas maar die laat-vaar-beleid toe! En hoe moet ons ons nie skaam vir die engele nie? Die engele is maar knegte, maar ons is *kinders* van die HERE. Die engele staan gereed en snel tot hulp van diegene wat die saligheid moet beërwe; maar ons sê: “Laat hulle maar kom as hulle wil — die kerkdeure staan tog oop!” Maar laat ons onthou: Die goeie Herder eis een vir een skaap.

**II.**

Ons let ten tweede daarop dat die goeie Herder, onse HERE God ook die skape sal oordeel. Binne die kring van die skape is 'n skifting en skeiding noodsaaklik. “En wat julle aangaan, my skape, so sê die HERE Here, kyk Ek sal oordeel tussen skape en skape, die ramme en die bokramme”. Waarlik die skeidslyn tussen “kerk en wêreld” loop nie hier voor langs die kerkdeur verby nie! Nee, die skeidslyn tussen geloof en ongeloof loop dwarsdeur die kerk, dwarsdeur gesinne. Met die uitleiding van die kudde Israel, uit die ballingskap van Babel, uit die wêreld, is die Herderstaak nie afgeloop nie. Die skifting gaan deur... die skape moet nog bowendien weg van die bokke. Dis nie almal skape wat hulle by die kudde, by die kerk gevoeg het nie. Dis nie almal gelowiges wat gelowiges genoem word nie. Hier in die sigbare kerk vergader die skynheiliges ook. Dit is soos ons uit onsself *veelal vergader*. Maar *nou kom die Herder* en Hy *vergader* sy kerk, die uitverkorenes. Hy *skei* die bokke van die skape.

O, daar is dus groot verkeerdhede met die kudde, met die kerk, wat eers moet regkom voordat die Herder sy skape gaan wei in sy groene weivelde, aan sy gedagte tafel.

Die sonde van die skape hier is dat daar rusie onder mekaar is.

Daar is onder die skape dié wat met die sykant en skouer die swakkes uitdruk en hulle met horings stoot totdat hulle uitgedryf is. Dit is die bokramme. As mense nou so iets doen, is dit vreeslik. En tog is dit 'n alledaagse maatskaplike kwaad dat mense mekaar skof en skouer: oor water, oor beeste, oor diere wat nie opgepas word nie, oor die politiek! En soms is die mens so verfynd, want agter die verbyskuur skuil daar *haat.* Hulle loop wel saam in een gemeenskap, maar hulle verdra nie mekaar nie. En as dit nou nog 'n swakke is wat ons nie verdra nie, dan is dit somaar 'n horingstoot! En ergste van alles nog: dis skape van *een kraal,* lidmate van *één kerk, gelowiges* wat mekaar so te lyf gaan en mekaar met elmboë en met skerp woorde bykom. Die strydende kerk is dus eintlik bekend as die *twistende* kerk, waar alles vir ydele eer gedoen word — en nie tot die eer van die koning van die kerk nie.

En wat is die gevolg van dit alles? Die profeet sê: “Op dié wyse maak hulle die spyse vir die kleintjies, vir die swakkes ook ongenietbaar”. Met 'n bytende spot, vra die profeet: “Is dit vir julle nie genoeg dat julle die goeie weiveld afwei nie? En moet julle die orige van jul wei-

veld met jul pote vertrap? En moet julle die helder water drink, terwyl julle die wat oorbly, met jul pote troebel maak? (vers 18, 19).

Hoe kan, waar daar so 'n geskouer en geskof in die gemeente is, nou Nagmaal gevier word? Hoe kan die goeie Herder sy skape laat wei? Die bokke maak nie net rusie nie, maar hulle het die geestelike lewe van die gemeente verontrus, Hulle het die brood en die wyn van die Nagmaal besoedel: Die goeie Herder kan sy skape nie voed aan so 'n tafel nie. Want die bokke het mos altyd reg! Hulle het die suiwere waarheid aan hulle kant. Hulle proklameer vir hulle die reg, die waarheid, die geloof, die geregtigheid, die sakramente te midde van hulle rusies! Waarlik dan kan onse Here sy gelowige nie ook aan die tafel voed nie. Dit laat die ware gelowige in sy swakheid sug: "Nee wat, ek verlang nie om nou die nagmaal te gebruik nie". Die reeds verdrewene, die verdwaalde word nog verder van die kerk weggedryf! O gemeente, dis 'n swaar verantwoordelikheid van die herderouderling om die skape op te pas en as kudde bymekaar te hou. Maar dis 'n nie minder swaar verantwoordelikheid van die gemeente self nie om as gemeente, as liggaam van ons Here Jesus, Hom as ons Hoof en koning te vergader. Die hele gemeente moet hom as één liggaam, as 'n geheel voorbere**I.** En dis hier waar hierdie gemeente se sonde groot is.

O die Kaïnsgees, die laat maar-vaar-houding! Groot gemeentelike sonde! Hoe kan ons eintlik gaan Nagmaal vier? Ons moet as gemeente met heilige liefdebande van Gods Verbond saam gebind word tot een liggaam, soos baie graankorrels as hulle gemaal is tot een brood gebak word, en soos baie druiwekorrels as hulle gepars word tot een wyn en drank vermeng.

**III.**

Dan wil die Goeie Herder ook die nooddruf van sy heiliges vervul. Ons let nou daarop!

In 'n paar trekke deel die profesie ons mee hoe die goeie Herder sy koninklike amp vervul, hoe Hy sy skape wei, hulle regeer, red en versorg.

Eerstens word gesê dat Hy sy skape *red* uit alle plekke waarheen hulle in die dae van donkerheid verstrooid geraak het. En dit sien op die terugkeer uit die ballingskap. Daar het hulle Israel gehoon, gespot, ja Sion bespoeg en in die slyk getrap. Maar as die goeie Herder, onse Here Jesus, op kom daag, dan moet Israel terugkeer. Dit is 'n prediking vir die Nieu-Testamentiese gemeente, hoedat onse Here sy gemeente verlos uit die heerskappy van die Satan soos ons in Sondag 1 sing: " ... dat ek met liggaam en siel in lewe en sterwe... aan my getroue Saligmaker Jesus Christus behoort wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle *heerskappy van die duiwel verlos het".*

As u so persoonlik glo en bely dat die goeie herder u so verlos het, dan moet u kom tot u goeie Herder, Hy wil u wei aan sy tafel.

Verder bly dit nie net by die verlossing nie. Niemand haal 'n drenkeling uit die water en laat hom dan eenvoudig op die wal lê nie. Die goeie Herder doen dit nie, *Hy bewaar en versorg sy verlostes.* Soos Sondag 1 verder sê: "en my so bewaar, dat sonder die wil van my hemelse vader geen haar van my hoof kan val nie". Hy verlos u, ook versorg Hy u.

Ja op hoë berge sal Hy u laat lê en rus. Dis tekenend! Op die bergtoppe is die beeld van oorvloed. Hy sal u beker laat oorloop, sodat u kan sing: "My hoof druip van olie en my beker vloei van wyn".

En tog as ons navraag doen, dan sal 'n mens sê: "Die Here bedien ons maar skraal. Ons siel is so half vol, so half versoend, so half verlos, so half en half getroos en tevrede!" Maar dis die skape se skuld. Want ons kies ons eie weë en ons eie weiding. Ons wil onsself oppas en self wei soos die slegte herders doen! Hier by die Nagmaalstafel moet niemand kom wat

homself wil verlos en versoen en troos en versorg nie. Want as God verlos en voed en vertroos en regeer, dan — dan is alles so oorvloedig, so ryk. Dan lê u siel en rus op die hoë bergtop van Sion, volsalig in u Here! Kom so na u goeie Herder, en u siel sal versadig en verkwik word.

Ook is dit so heerlik dat hier staan: die Here sal *een* herder verwek, net een enkele! Nee dit sal een Herder wees en een kudde. Die splitsing van die ryk en die kerk sal daar nie meer wees nie. Dis die wêreld se armoede: soveel herders, soveel kuddes, en die volk is in repe geskeur. Maar hier één herder, en daarom een kudde. En dis die kenmerk van 'n gemeente van die Here, dat hy een *eie* Herder het, die Here, en daarom eensgesind is. Met ander woorde: daar sal in die gemeente harmonie, vrede wees. Nie elmboë en skouers van bokramme sal daar wees nie. Die vrede kom uit sy verbond. Hy maak *'n verbond van vrede!* Die vrede is die *toestand* van harmonie, nie net onderlinge eensgesindheid nie maar almal saam mét die Here. Daarom noem ons die Nagmaalstafel die Verbondsdis. By hierdie tafel skep God vrede in u hart deur Jesus Christus, met Hom en met mekaar.

Die ware Nagmaal het nie net met jou geregtigheid en ewige lewe te doen nie, soos die metodiste dit wil, maar voor alles om in Christus met God gemeenskap te hê! Daarom is dit so 'n heilige feesmaal!

Maar dan kom vervolgens ook in ryke stroom God se goedere jou toe. En dit skets Eségiël ons ook in trekke van Palestynse vrugbaarheid. Daar sal nie meer wilde diere wees wat sal verskeur nie. Nie meer stampende bokramme nie. Daar sal volop reën val op sy tyd. Die bome van die veld sal hulle vrugte gee, die land sal sy opbrengs bied. Hulle sal nie meer 'n prooi wees van nasies en slegte herders nie. Hulle sal smaak dat die HERE God mét hulle is en dat hulle sy volk is.

Dit is die toekomsbeeld, die toekoms van die ewige maaltyd. Dis die volkome heilstoekoms waarna die Nagmaalganger uitsien. Geen krisisse meer nie. Geen honger en geen dors nie. Geen son wat steek nie, en alle trane sal van die oë afgevee wees.

Ja, gemeente, so vervul God die nooddruf van sy heiliges! Maar dit hang nie in die lug nie. Die beginsel daarvan moet leef in die boesem van die gemeente: in die land, dit is in die kerk, sal nie meer verhongerdes wees nie. Dis dan ook 'n predikasie vir die diakens, oor die amp van barmhartigheid. In die kerk moet nie verhongerdes wees nie, as beginsel van die volsalige heerlikheid hierna. Hoe leef dié beginsel in die gemeente? Is dit nie so dat ons die verhongerdes uit die kerk stuur om daar en daar, en by dié en dié voedsel en kleding te ontvang nie? Of dat ons hulle wegstuur met leë hande met 'n bevel om te werk nie? Sekerlik, God het die gebod gegee dat elkeen moet arbei! Maar dis nie al gebod nie. Dieselfde God het ook gebied om barmhartigheid te bewys. En jy mag die een nie met die ander wegredeneer nie. En broeders, daar word groot liefdedienste bewys wat te pryse is, maar daar is armes wat ons wegstuur — na die regering of elders. Waar is die barmhartigheid dan?

Dit moet tog 'n beginsel wees van die ewige oorvloed uit Gods volheid hierna, dat daar nie verhongerdes in die land moet wees nie,

Baie van ons arbei nie soos daar staan nie: “ ... sodat ek die nooddruftiges mag help”, maar om die spaarbankboeke te styf, of nog slegter om alles selfsugtig te verteer. En dan sê ons dit gaan goed! Ek het goed gemaak, of dit is aangenaam en plesierig. Maar dit is ellendig en dit stink na walms van die dood, want balsems van barmhartigheid is daar nie. Hoe kan ons nagmaal vier en die maaltyd vol wyn en vet vol murg verwag as die beginsel van honger in die kerk beoefen word?

O, ons HERE, ons sonde is groot en swaar! Kyk hoe baie verarmdes is daar, nie net in ons kerk nie maar ook in ons land. Hoe kan ons aan Gods dis met oorvloeiende bekers aansit,

maar ons lewe is om elkeen vir hom soveel moontlik te tap en te vergaar!

Ag, laat die heerlike gestalte van die goeie Herder tog nie net voor ons verrys by die Nagmaalstafel nie, maar mag Hy deur Gods Gees tog ook in ons gestalte aanneem tot sy ewige eer en tot ons saligheid.

**Amen.**

## 19. DIE VERKEERDE TOON, KENMERK VAN DIE AFVALLIGE BONDSKIND

(Nagmaal)

**Lees**: Eség. 35:1—15.

**Teks**: Eség. 35:10—12.

Ander heidenvolke kom een keer aan die beurt met die aansegging van die oordeel van die Here, maar Edom kom hier nou 'n tweede keer aan die beurt. Hiervoor moet daar 'n besondere rede wees, want die profeet sal nooit in matte herhaling verval nie. Dan let ons daarop dat in hoofstuk 34 gespreek is van die goeie Herder wat sy verbond van vrede vir sy skape aankondig en rus voorspel onder sy regering as die ware Dawid. Maar van vrede kan nooit sprake wees nie solank as wat die rusiemakers van professie, die Edomiete, nog vrye spel het. Aan die afvallige Edomiete, afstammelinge van Esau en dus broervolk van Israel en tegelykertyd afvallige bondelinge en bastergeslag, wat van oudsher die rusiesoekers is, word nou weer eens in die lig van die herstel onder die goeie Herder, die oordeel in die Naam van die Here HERE aangesê. Hulle grootmond-rusies vertroebel die vredesfeer. Daarom sal die Here die mond stop en finaal met Edom afreken.

Dit is merkwaardig dat in hierdie profesie veral Edom se sondige *woorde* beklemtoon word, hoewel sy sondige dade ook genoem word. As *die* profeet die vernietigende vonnis hier motiveer, dan sê hy: “So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o berg Seïr.. . Omdat jy *sê:* die twee nasies daar en die twee lande (Juda en Israel) sal myne wees ... En jy sal weet dat Ek, die Here, al jou *lasterlike woorde* gehoor het wat jy teen die berge van Israel *gespreek* het deur te sê: Hulle lê woes ... So het julle dan julle groot gehou, teen My met julle mond en julle woorde teen My opgehoop, Ek het dit gehoor”.

Dit was dus veral die *woordsonde* van die afvallige geslag, die aanmatigende taal in hoë toon wat die Here se toorn so laat groei het. Dit was teen die land van Israel, teen die goeie Herder met sy vredebond — en so teen die HERE, die Verbondsgod self.

Vir ons Nagmaalsdiens wens ons stil te staan by die bestraffing van hierdie sonde deur die profetiese Woord.

Seker, gemeente, Edom het ook woordsondes gepleeg teen Israel in vroeër dae en voor en tydens die beleëring en val van Jerusalem en die neerlaag van Juda. En tog het die profesie nie met soveel nadruk daarop neergekom as hierop nie. Die besondere van Edom se aanmatigende grootpratery oor Israel en die land van Israel en Juda is geleë in die *tydstip* waarop dit gesê is. Dieselfde woord beteken nie te alle tye dieselfde nie. Die tydstip het dus die verbasende betekenis daaraan verleen.

Toe Israel nog vry in Kanaän beweeg en hom verdedig het, het Edom ook maar rusie met Israel gehad. Maar toe Juda in Jerusalem beleër is en sy vryheid beperk is, toe het Edom se lasterwoorde Israel in sy vryheid van daad erger getref as voorheen. En toe Israel gevang is onder swaar bewapende wagte — toe het Edom se aanmatigende grootpratery teen Juda vir

Juda selfs in sy taal, in sy vryheid van woord getref. O, om darem veragtelike woorde te uit teen 'n gevonniste — dis diep krenkend.

Maar erger nog, vreeslik erger, toe die ballingstoet in lange rye van aansienlikes, van oud en jonk, van vorste en priesters uit die landsgrense van Kanaän ver weg in die vreemde uitgevoer word — vreeslik is dan die hoon en lasterwoorde van 'n afvallige broervolk. Krenkend om dan te hoor: “Nou behoort jou land, jou huis, jou goed tog aan my! Ek gaan dit nou besit!”

Nou is dit woorde, nie meer teen die vryheid van *daad* of woord nie, maar teen die vryheid van *gedagte.* Nou kan, nou mag julle nie eens meer *dink* aan hierdie land en stad, as julle s'n nie. Uit met jou Juda, kastige verbondsvolk, wat alles erflik sou bly besit, uit met jou Naam en jou *gedagte.* Die harde werklikheid veroordeel selfs jou vroom gedagtes. En nou *kondig* ek met uitgestote bors af: “Die twee nasies daar en die twee lande is myne! Al die goed wat die Here julle sou gegee het, is Edom s'n”.

En ontsettend word die woorde as ons bedink Wie deur die woorde eintlik getref word. Ag, die afvallige Bondsgeslag van Esau wat in alle opsigte verbaster het, het ook 'n bastergodsdiens daarop nagehou en soos die heidene geglo het dat as 'n volk verslaan en in ballingskap gevoer is, dan is daardie volk se gode ook verslaan en in ballingskap gevoer. Dan lê daardie land bloot vir die sterkere om dit in besit te neem met sy gode.

En die godslasterlikheid van Edom se woorde wat hy hooghartig ophoop, tref nou nie soseer Juda, die verbondsvolk nie, maar die Verbodsgod, HERE met hoofletters! In sy aanmatigende grootpratery hoop hy woorde teen Israel se Verbondsgod op, en dit nie soseer teen Gods verbondsdade of sy Verbondswoorde nie, maar juis teen Gods ewige Ver*bondsgedagte,* sy *Verbondsraad,* ewige Vrederaad, waaruit in die tyd woorde en dade vloe**I.** O, Edom se *gruwelwoorde* wil die Naam en die gedagte van God uitroei! Dit is die hoogste helse vlam wat uit die demoniese helledieptes tot God self oplek. HERE, u reg op hierdie land en volk is op 'n end. Selfs die gedagte dat U nog HERE is van die land en volk is geloënstraf! Uit met U!

Hou hierby in gedagte dat die mens beelddraer van God is. Die mens is die seun van God gemaak, en die engele is maar diensknegte van God (ook die gevalle engele was dit). Daarom, as die mens sy God so hoon, is dit vreesliker as wanneer die duiwels dit doen. Nog vreesliker is dit wanneer nie die *heidene* dit doen nie, maar mense wat in die verbond, in die kerk gebore is, mense wat onder die bediening van Gods genadewoord gebore is, maar wat so ontaard en so uit die verbond uitgeval het dat hulle die Verbondsvolk, die kerk en die God van die kerk hoon!

Nog erger, nog handtasteliker, nog konkreter, ja volmaak konkreet, was die hooggetoonde lasterwoord, toe afvallige eie bloedbroers van dieselfde volk hulle monde in helse hoon oopgesper het teen onse Here Jesus. Toe was dit teen die beloofde Dawid, die goeie Herder, by Wie die Goddelike en die menslike natuur met mekaar verenig is, ons Verlosser, Jesus Christus, wat geen sonde gehad of gedoen het soos die slegte herders en die slegte skape nie en wat so 'n hoon nie verdien het nie. O swarte dag, toe drie uur duisternis toegesak het oor die aarde, toe nagswarte hellewoorde die uitgeworpe en gekruisigde Christus toegesnou is.

Ons moet veral daaraan dink dat die Evangelies ons verhaal hoedat onse Here Jesus Christus, toe Hy uit die stadspoorte uitgelei is en aan die kruispaal genael was om tussen hemel en aarde te hang — hoe dat Hy *toe* deur sy skuldige medekruiselinge beledig is, deur die soldate bespot is, deur die verbygangers met die pad gesmaad is, deur die Skrifgeleerdes, owerpriesters en ouderlinge — bloed van sy eie bloed — as Verlosser gehoon is. Hoë woorde is toe teen Hom opgehoop. O, en dit was soos walms uit die hel! Want onse Here Jesus is baie be-

ledig deur die owerpriesters en Skrifgeleerdes toe Hy nog in die land rondgegaan en met vryheid van daad wondertekens verrig het. Dit het erger geword toe Hy in Getsémane gevang is — toe het die beledigende woorde sy vryheid van daad in sy lyde getref. Nog erger het dit geword toe Hy in die geregshuis gestaan het, en onder die Mosaïese wet en by Pilatus onder die Romeinse wet nog vryheid van woord geniet het om Homself te verdedig. Maar na die vonnis geval het, het ook die reg van verdediging, die vrye woord Hom ontval. Toe het die soldate en die skare met Hom te kere gegaan. Dit was vreeslik, die hoon, die spottaal, die aanmatigende woorde teen so 'n gevonniste. Is die woorde van die vonnis self dan nie al vreeslik genoeg nie!

Maar toe Hy as 'n voëlvryverklaarde buite die stadspoorte gelei en aan die kruishout geslaan is, toe tref van alle kant en uit alle rang die skelwoorde Hom juis in dit wat Hy in sy bewussyn, in sy gedagte so geduldig en so sterk beleef het, naamlik dat Hy die goeie Herder van sy skape is, dat Hy Middelaar en Verlosser van sy volk, van sy kerk is. Toe snou die lede van sy eie volk, van sy vredeverbond Hom dit honend toe, en selfs sy gedagte word veroordeel: “U kan nie eers meer dink dat u 'n Verlosser is nie. Waar is U verlossersdade? U wonderwerke wat u gedoen het? Wat van al U baie verlossingswoorde wat u in u gelykenisse gespreek het? Daar kom niks van nie! Uit met u Verlossersnaam, ja selfs met dié gedagtes”. O, die hoë woorde van alle kant! Nie net *hellepyn* nie, maar ook die *helse hoon* moes Hy verduur. Waarlik, die woordbegroetinge aan die Man aan sy kruispaal was hovaardige helleproklamasie in Edomstaal, die taal van afvallige verbondskinders. “Here God, u gaan leeg uit. Daar is vir U niks meer op die aarde nie”. Dis klaar met God, met sy heilsraad, gedaan met die sogenaamde Verlosser, Jesus Christus. Daar is nie eens meer so 'n gedagte nie. Uit ook met die kerk se Nagmaal! Wat kan nog gedenk word? Niks meer hier ook vir julle te gedenk nie. Sit dit tog maar uit julle gedagte, nagmaalgangers, dat hier aan julle enige verlossing beteken of verseël kan word. Dis klaar met God, met sy verbond, met sy woord en sakramente, met sy kerk. Julle is die eiendom van die ewige verderf! En dis die skerptepunt van die sondewoorde teen mekaar uitgespreek, dat dit die gedagtenis van die lyde en dood van onse Here Jesus, ja van Gods genadeverbond uitroe**I.** Rusie-woorde van broeders beteken kort gesê: “Man, sit kerk, nagmaal, die gedagtenis van die Here se dood, van God se genaderaad uit die gedagte”.

Ag gemeente, hoe 'n vreeslike ding is dan tog nie die verdwaasde mens se woord nie! En o vreeslike gedagte om te dink, dat hierdie woordsonde nie soseer gepleeg word deur die Heidense mens nie, nie soseer deur die ongelowige buitestaander buite die verbond en kerk van die Here nie. Nee dis die sonde van 'n tweelingbroervolk, van 'n afgevalle verbondsvolk, van afgedwaalde en afdwalende lidmate van die Christelike kerk. 'n Sonde van ons as lidmate van die Gereformeerde Kerk hier. Ja, vra maar nie met 'n hoë bors op verhewe toon: “Waar en wie nie? Ons het dit nog nooit so *bedoel* nie!” En, ons meen soms werklik dat ons die sondige woorde teen mekaar sou kan neutraliseer met wat ons dan *wil* of nié sou *bedoel* het nie. Want die draagwydte van die honende krag van ons woorde word immers bepaal alleen deur Gods Woord, Gods wet. Daarom leer Gods toorn ons hoe honend woorde is, wat ons ook daarby bedoel het. Woorde wat God verbied het, is verbode afgesien van wat jy nou mag bedoel het. En ons Here het die Edomsonde veroordeel. In die gemeente, wat die dood van die Here wil gedenk en wat juis Gods verlossingsraad in gedagte wil hou, mag nie meedoen in die woordsonde teen 'n broeder of suster nie. Wanneer gelowiges met mekaar rusie maak — dan is hulle met *hellewerk* besig, dan roei hulle die gedagtenis van die dood van onse Here Jesus Christus tot ons verlossing uit. Die feit dat gelowiges rusiewoorde oor en weer besig, is 'n parmantige proklamasie uit helledieptes: “Here HERE, U het nou hier niks te sê nie. Here, hier is dit nou ons gebied en ons saak! Here u hoef nie eens te *dink* dat ons ons hier van u wil laat gesê nie. U is hier uit ons sinagoge met al U dade en woorde en gedagtenisse! Weg met

die Nagmaal en sy gedagtenis van die dood van die Here!" Dis vreeslik, maar so is dit.

O die tong is klein, maar 'n agtelose woord steek 'n vuursee aan. Twisvure wat die lewenshemel van kerk en gesin rooi kleur. Wie sal al die vure tel wat daeliks tussen gelowiges in die gemeente aangesteek word? Dis ruïnes, brandstapels, beroeringe wat veroorsaak is deur ons woorde! Daarom sê ons belydenis dat sondige woorde teen mekaar uitgespreek die eie werke van die duiwel is.

Daarom sê Jakobus ook dat die vuur van die tong uit die hel aangesteek is. Wie rusiewoorde spreek teen 'n broeder of suster is in hellevlamme gehul, staan met die duiwels in verbinding en is besig om die Heilige Nagmaal, waar die dood van die Here tot ons *vrede* gedenk word, uit te roe**I.** Waar lidmate van die kerk dus rusie maak, is nie meer 'n kerk nie, maar 'n sinagoge van die duiwel. Daar kan, daar mag nooit nagmaal gevier word nie.

Ons is vandag bekommerd oor die oorlog wat sy brand en brisantbomme afgooi, maar daardie bomme sal nooit soveel skade aanrig as die rusiewoorde van die tong nie. Deur die woord voer die publieke sprekers die wêreld mee, deur die radio en pers word die millioenmassas opgevoer teen God, teen sy kerk, teen sy Woord en sakramente met hulle skelwoorde.

Daarom, hier by die nagmaal pas geen aanmatigende woorde nie. Hier pas die ootmoedige toon van skuldenaars! Hier kom ek die Naam en gedagtenis van my Here gelowig ineet en drink om uit krag daarvan voortaan in liefde te lewe met my broeder en suster. En so dikwels as wat ek hulle in die lewe met liefde en liefdewoorde bejeën, so dikwels plant ek die gedagtenis van sy dood voort.

En nou gaan ek alleen maar net die lof van my Here en die lof van my broeder en suster spreek. Nou wil ek aan die beeld van my Here gelyk word, om nie 'n honer nie maar 'n voorspreker; nie meer 'n belediger nie maar 'n verdediger van my broeder en suster te wees. Nie meer 'n bespotter nie maar 'n bepleiter, 'n advokaat. Want die advokaat se taak is nie om wat krom is reg te praat nie maar om die ligkante op te soek en na vore te bring, om my naaste se goeie saak na my vermoë te bepleit en te bevorder. Of soos die Nagmaalsformulier sê: " ... dat ek van harte alle nyd en vyandskap aflê en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met my naaste te lewe".

Laat dan niemand 'n onheilige wees soos Esau, die bewoner van die gebergte Seïr, wat op 'n aanmatigende toon woorde teen die volk van die Here voer nie, maar laat ons heilige feesgangers op Sion wees, wat nie meer leef uit die haat van Esau nie maar uit die liefde van Christus. Want die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly met die waarheid. Die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie.

Die Esauhaat wil die naam en selfs die gedagte van u Here uitroe**I.** Maar die liefde vergeet nooit! Die liefde wil gedenk. O, die liefde vir my Here wil dink aan my Here. Die groot liefde van my Here dat Hy sy lewe en bloed uitgegiet het vir my en vir my broeder en suster, roep my toe: "Dink aan my dood vir julle!" En nou met 'n bloeiende hart, met brandende liefde wil ek dink aan my Here se dood, aan my broeder en suster vir wie Hy gesterf het. Nooit kan my siel vergeet nie, die lieflike Here-Naam, die liefdesgedagtenis van sy dood. En nou gaan ek met my broeder en suster vol liefde saam die liefdedood van onse Here gedenk!

**Amen.**

## 20. MENSETERS

**Lees**: Eség. 36:1—15.

**Teks**: Eség. 36:13.

Vol van heilige ontroering staan die profeet in hierdie gedeelte stil by die beskuldiginge teen die land Kanaän deur die vyande van die oorblyfsels van Israel. Soos dit by die profete gebruiklik is, word ook hier die onpersoonlike land Kanaän aangespreek asof dit 'n persoon is (vs. 1 en 13). En wat is nou hierdie beskuldigings? Dit, dat Kanaän met sy berge en dale en puine 'n *menseter* sou wees — dus soos 'n mensvreter of roofdier eet die land sy eie bewoners op en verteer hulle. Kanaän is dus 'n verwoester van sy volk en van die kinders van sy volk. So beklad en beswadder die vyande van Israel die beloofde land: die mooi land wat oorloop van melk en heuning, eet sy inwoners op.

Nou is die land Kanaän wonderlik en vol van die grootste teenstellings. Daar is hoë bergtoppe met sneeu bedek en dieptes soos die Jordaandal wat onder seespieël lê, onderskeidelik koud en warm; vlaktes en berge; waterryke bronne en dorre woestyne. Ook oorvloed in reënjare teenoor hongersnood as die dou of reën wegbly of as sprinkane uit woestynlande alles kaalvreet. Die bewoners het dit ook nooit rustig gehad nie. Dit was die brug van volke met handelsroetes vanaf alle windrigtings. Bowendien was dit die slagveld van volke. En in die dae van beleëring was die kindertjies die eerste slagoffers — ons lees tog hoe ouers hulle kindertjies geslag en geëet het by Samaria (2 Kon. 6:25), of hoe hulle aan die vertoornde gode in afgodsdienste ten offer gebring is.

Selfs die houding van die omwonende volke teenoor die land was so dubbelsinnig. Die een keer lag en hoon hulle: “Wat vir 'n land is dit nou! Hy vreet mense op”. Maar op 'n ander dag kyk hulle met begerige oë na die land om dit in besit te kan neem. Dink maar net hoe het hulle om die ewige berge geveg en intriges gevoer — en toe Jerusalem val, val hulle feitlik oormekaar om dit in besit te neem! Tog wonderlik dat juis die belasteraars van die land dit graag wil besit!

Die volke het egter nie daarmee rekening gehou nie dat die Here van hierdie land in besondere sin gesê het dat dit sy land is. Die HERE was altyd en is nog die Eienaar van die land, ook al het Hy sy bondsvolk vir 'n tydjie daaruit gedryf en die stede verwoes. Dink ook daaraan dat Israel nie van die land mog verkoop nie en elke vyftig jaar, met die Jubeljaar, het alles weer teruggeval soos die Here by die verdeling daaroor beskik het.

Daarom profeteer Eségiël tweërlei oor die berge. Eerstens dat Israel, die volk van die Here, spoedig weer uit die ballingskap sal terugkeer en die land weer in besit sal neem. Israel word herstel, nie omdat Israel dit verdien het nie maar omdat die heidense volke, ook Edom, die land in besit wou neem en so die HERE in sy eiendom aangetas het, dus ook in sy eer.

Verder sal die Here dit só doen dat niemand weer die kans sal kry om Kanaän vir menseter uit te skel nie. Geen vyande sal meer oor die land kom nie; reën of dou sal nooit meer wegbly nie — “En Ek sal nie meer teen jou laat hoor die skimp van die nasies nie, en die smaad van die volke sal jy nie meer dra nie; en jy sal jou nasie nie meer laat struikel nie, spreek die Here HERE” (vs. 15). Hiermee word nie net die terugkeer uit die ballingskap beloof nie, maar ook vrede en veiligheid, vrugbaarheid en voorspoed aan die vrygemaakte volk in so 'n mate as wat voorheen nog nooit geken was nie.

Hiermee gaan die profesie bó die werklikheid uit. Die betekenis van hierdie weelde is dat dit in aardse kleure 'n afskildering is van die salige lewe hierna. Hier tuur die profeet in die verte, met sy profetiese oog na die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. Daar sal die vrede volkome wees en ook geen gebrek meer nie: die graf sal nie meer wegruk nie, honger sal nie

meer gryns nie en die land sy eie bewoners nie meer opeet nie — ewige oorvloed sal daar wees.

So is Kanaän dan in hierdie profesie ten eerste 'n beeld van die Ou-Testamentiese kerk wat deur die vyande van Gods verbondsvolk as 'n menseter beklad word. En ten tweede is hierdie profesie in beginsel vervul in die koms van die koninkryk van die hemele, die Nieu-Testamentiese kerk op aarde, waaroor die verhoogde Heiland só 'n oorvloed van hemelse gawes uitgiet dat elke kerklid behalwe die lewe ook nog oorvloed het — selfs al word die kerk nog deur die wêreld as menseter geske**l.** Daarom bepaal ons u aandag by die volgende:

(1) Die skeltaal dat die kerk menseter is, en

(2) die profesie van die rykdomsweelde, juis vir die kerk.

**I.**

Die beskuldiging dat die kerk 'n menseter is, kom van meer as een kant. Dit bring, so sê die een, 'n betreurenswaardige verarming van die lewe mee, as 'n mens die wêreld met al sy genietinge die rug moet toekeer om juis deur die *kerk* as 'n poort die koninkryk van die hemele in te gaan. Die kerk gee 'n lewe sonder fleur en geur, van raak nie en smaak nie en roer nie aan nie. Dit 'n kluisenaarslewe, gespeen van alle vreugde; 'n slawerny waarin dit vir 'n mens met 'n bietjie lewenslus en opgewektheid nie uit te hou is nie. Dis 'n geestelike gevangenis waarin 'n beskaafde mens altyd na lig en lug moet snak. Dis 'n tuig wat jou aldeur skaaf as jy nie netjies loop nie! Dit mag nie, en dat mag nie. Jy moet jou hiervan en daarvan onthou en alle vermaak vermy. Die kerk is 'n land waar die son ondergegaan het. Die kerk is 'n aaklige, 'n sombere woestynland. Dis so aaklig dor en droog daar in die kerk. Daar raak jou gees uitgeteer. Daar vergaan jy. Wil jy lewe, bly dan weg uit die kerk, die vervloekte moderne Kanaän wat preek van so baie en sulke heerlike beloftes en gawes, en jy sien en jy kry daar niks van nie.

Daar in die kerk word jong seuns en jong dogters se laaste bietjie geesdrif vermoor deur die gedweep met kategismus en beginselstudie. Hulle mooie aande moet hulle verkwis by die bestudering van kerkgeskiedenisse, leertwiste en kerkvergaderinge. In saaie ou preekboeke moet jong lewenslustige mense nou hulle vermaak vind. Hulle word daar in die kerk ou mannetjies en ou vroutjies voor hulle tyd. Waarlik die kerk is 'n menseter, 'n bloedsuier. Dit mergel die lewe uit.

Laat vaar die kerk, en laat ons eet en drink, want more sterf ons.

En, gemeente, dis jammer dat hierdie hoontaal teen die kerk nie aan ons moderne *wêreldmens* oorgelaat is nie. Jammer dat daar baie in die kerk is wat in die koor saamsanik. Daar is ook sogenaamde “kerkmense” wat dit so aanvoel dat die diens van die Here na sy Woord 'n drukkende las of 'n knellende band is. Hulle kom soms nog in die kerk en sing dan ook die lofliedere saam. Maar dis duidelik te merk dat hulle van die diens en lofprysing van God eintlik nie veel verstaan nie, of dat dit maar net van die lippe afval. Kerkgang is vir hulle nie 'n vreugde en nie eens 'n plig nie, maar 'n ware las. Dis lastig, dis 'n hindernis om een maal op 'n dag kerk toe te gaan, wat dan nog van twee maal. Eintlik hunker hulle daarna om met hulle vriende saam vrolik te wees, of om op 'n kuiertoggie uit te gaan. Hoor maar hoe sê hulle: “Nee wat, dis my dood om vanmiddag ook nog weer kerk toe te gaan. Die kerk is so 'n mense-moordenaar; 'n verongelukker van die mens”. Sulke kerkmense is nie kinders van God in sy huis nie, maar gevange bandiete. Hulle is wel in die kerk, en allerlei verhinder hulle om daaruit te gaan, maar eintlik sit hulle met die kerk in hulle lewe opgeskeep. Van die blydskap van die geloof weet hulle niks nie.

Daar is ander kerkmense wat miskien graag kerk toe kom, maar jy moet tog net nie van

geld vir die instandhouding van die kerkediens praat nie. Die kerklike lewe is vir hulle te duur: Die kerk put 'n mens finansieel uit. Die kerk vreet 'n mens op.

Ag! Altyd moet daar *geld* wees. Geld vir die kerk, vir die diakonie, vir die sending, vir die Teologiese Skool, vir nog ander kerke, vir evangelisasie. Net geld! Weet die kerkliede dan nie dat daar krisistoestande heers nie! Waar moet alles vandaan kom! Dis 'n skandaal soos die diakens handevol uitdeel. En wat se baie steun aan die ander kerke en hier en daar? Kortom, die kerk met al sy behoeftes, die koninkryk van God met sy breedvertakte belange wat soos 'n uitgegroeide mosterdboom baie ruimte, baie lug, baie lig, baie water, baie grond nodig het, is 'n land wat sy inwoners opeet. En die predikant wat maar altyd meer op offervaardigheid aandring — hulle is die ware kannibale. Ag die diakens — hulle kom net vir geld. Die kerk is aldus vir hulle 'n uitbuiter, 'n uitsuiger.

So, gemeente, word in allerlei toonaarde die ou deuntjie nagesing wat die Filistyne, en die Moabiete en die Edomiete eeue terug al smalend gesing het van die ewige berge van Israel: “'n Menseter is jy en een wat sy eie volk kinderloos maak”. So het Israel, die verbondsvolk, die kerklike publiek, ook gesê toe hulle uit Egipte uitgelei is en die eerste beproewings oor hulle kom voor die Rooi See (Ex. 14:11—12).

Toets u nou maar self, gemeente. Met wie wil u saamsing? Met die moderne Moabiet, Filistyn, Edomiet, Jehowagetuie wat spoeg op die kerk? Of wil u waarlik met die vergadering van God saamleer, saamleef, saamhonger, saamdors, na die fontein van God se heil, saamsing:

*Soos 'n hert in dorre streke*
*Skreeuend dors na die genot*
*Van die helder waterbeke,*
*Skreeu my siel na U, o God!*
*Ja my siel dors na die Heer,*
*Na die lewensbron; wanneer*
*sal 'k, na swerftog en benouing*
*God weer sien in klaar aanskouing?*

**II.**

Gemeente, die tragiek van die lewe is dat die sondaar so blind is vir die klare waarheid van Gods Woord.

Dis net andersom as wat die vyande van die kerk sê. Daarop let ons vervolgens.

As daar van menseter sprake is, dan geskied dit juis deur die wêreld. O, die wêreld en sy ongeloof en verwerping van God, die wêreld met sy afkeer van Gods Woord en Sakrament, met sy klatergoud-lokmiddele van genot, vrede, geluk, plesier veral vir die jong seun en jong dogter, dié wêreld is 'n bedrieër. Die wêreld, met sy omhelsing van die sonde, vreet sy eie kinders met huid en haar op, want die sonde verteer die beste kragte. Kyk maar waar stroom die geld: Op die resiesbane, in die dobbelkantore — maar vanaand sit 'n vroutjie met kindertjies en huil sonder brood. En die wêreld strompel wreed oor haar voort — as die Christelike barmhartigheid sy hand nie uitsteek nie. Op die dansbane met die drankwinkel naasaan sien u direk hoe die sonde menselewens verteer en huwelike uiteenskeur.

Hoeveel pragtige lewens is nie al deur die sonde verknoei en hoeveel jeugdige lewens het nie al in die diens van die wêreld ondergegaan nie? Die slawerny is tog aan die kant van die ongelowiges. En wat die lewe *somber* maak, is nie die diens van God nie, is nie Gods woordbediening nie, maar die *sonde wat die Woord haat.* Die sonde gooi sy swart skaduwees oor menige lewe en het die lewenskragte van menige by die wortel aangetas sodat dit verwoes is.

O, daarom dank ons die nuwe Dawid, die goeie Herder, onse God in Jesus Christus, dat Hy hierdie Woord aan ons laat bedien en sy heilige sakramente om dit aan ons te beteken en te verseël. Ewige vrede, ewige geregtigheid, ewige lewe, word hier aan u beseël. Die heerlike en saligste gemeenskap word hier in vooruitsig gestel, soos onse God dit met eedswering aan u verkondig: Met God versoen! God se eiendom! Erfgenaam van God se ewige goedere! Aan God se ewige feesmaal met die Lam! Onverganklike goed wanneer die wêreld met al sy goed al sou vergaan het.

Wat glo u waarlik? Aan 'n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergiffenis van sondes, die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe — wat deur die kerk verkondig word? — Of glo ons soms ook die straatpraatjies van moderne afgevalle bondelinge dat die kerk 'n uitbuiter is? Sal ons nou waarlik hulle slimstories oor die kerk van die Here glo, eerder as die Verbondswoord, eerder as die Eedsweringswoord van ons troue Verbondsgod wat vir ons met eedswering laat verkondig: "Só, só spreek die Here HERE"? Sal ons dan waarlik Gods heilige Woord in die wind slaan vir die slimstories van 'n moderne Edom, 'n geestelike bastergeslag?

**Amen.**

## 21. OM SY HEILIGE NAAM ONTWIL!

**Lees**: Eség. 36:16—38.

**Teks**: Eség. 36:22, 26, 27, 32.

Die verlossingswerk deur die Here onse God van sy verbondsvolk en kerk word in die Skrif in die fynste besonderhede geopenbaar. So teken Eségiël die koms van die heilstyd vir die ballinge stap vir stap. Spreek hy van die heilstyd wat aan kom is, dan doen hy dit met die beeld van die goeie Herder in die plek van Israel se konings wat slegte herders was — en daarmee is die koms van Christus in die vlees aangekondig. In ons tekshoofstuk spreek hy nou van die hernieude en geheiligde volk wat op die berge van Israel sal woon — en daarmee kondig hy profeties met soveel woorde aan die uitstorting van die Heilige Gees in die harte van die verbondskinders, dus die Pinksterdag. "En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in My insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen" (vs. 27). Let goed op dat daar staan: *in julle binneste*, en nie "die Gees van die Here HERE is op *my* nie", of "die Gees van die Here is in julle *midde* nie". Volheid en rykdom van inwoning in die harte.

Maar intussen val hier by Eségiël die volle nadruk op die *motief* wat God beweeg het en die *doel* wat God met hierdie heilsfeite beoog het. Die gedurig terugkerende refrein in hierdie hoofstuk: "Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE, maar *ter wille van my heilige Naam"* geld as die motief. En omdat die gevaar akuut was dat die misvattings onder Israel sou toeneem in verband met die *diepere agtergrond* en die *vérstrekkende betekenis* van die heilsfeite, voeg die Here deur die profeet uitdruklik daarby: *"Laat dit julle bekend wees!"*

Ons moet goed luister na Eségiël wat met sy basuin 'n duidelike geluid laat hoor. Daar heers nog steeds onkunde en dwalings oor die *waarom* en die *waartoe* van die heilswonders van vernuwing en heiliging van Israel. Op hierdie twee sake let ons nou.

**I.**

Daar sou groot blydskap onder die ballinge aan die Kebarrivier gewees het toe hulle van Eségiël se lippe die vreugdeboodskap verneem het dat hulle weer 'n vrye, vernieude en geheiligde volk van God in 'n vrye land sal wees. Aan hulle word dus nie ondergang in vreeslike

straf verkondig nie, maar 'n deurgang tot ongekende weelde en heerlikhede — dus nie 'n betaling van die sonde nie maar 'n afsterwing van die sonde.

Maar ... waarom? Uit watter grondoorsaak? In die antwoord op hierdie vraag het die Here by die ballinge 'n dwaalhouding voorsien en daarom laat Hy Eségiël hier van die begin af elke neiging tot selfverheffing by die wortel afsny. Want die moontlikheid was nie uitgesluit nie dat, as die Here straks die gevangenes van Sion uitlei, daar mense sou wees wat waan dat die heil van verlossing uit die ballingskap aan hulle eie voortreflikheid toe te skryf is. Daarmee is die diepte van die skuld wat tot die ballingskap gevoer het, nie gepeil nie, want dit is veel eerder aangevoel as 'n soort onreg wat onverdiend oor hulle gekom het. Die een beroep hom daarop: "Ek is 'n seun van Abraham", 'n Tweede sê: "Ek het 'n ongekrenkte liefde vir die land van die vaders", 'n Derde voer sy hartstogtelike gebede en klaagliedere aan uit die dieptes van die ellende. En dit kom alles ten slotte daarop neer dat Jahwe nou *om* hulle vroomheid en voortreflikheid, ja om hulle sugte en gebede — dus *uit oorsaak* van hulle gebede — feitlik *verplig* was om aan die ballingskap 'n einde te maak. Hulle het meer daarvoor gevoel dat die Here hulle moet dien as dat hulle die Hére moet dien.

Intussen is daar harde feite wat die volk in ag moes neem deur daarop te let hóé *hulle* die Naam van die Here ontheilig het! Juis die sonde van die volk was tog die oorsaak van die ballingskap! Hulle het die *tweede* tafel van die Wet oortree: met hulle handel en wandel is die land verontreinig (vs. 17). Daar is bloed vergiet, deur onskuldiges hulle reg te onthou, en met valse getuienisse is ander in die dood gestort; daar was magsmisbruik teenoor weduwees, wese en armes. Dit was dus een stuk sosiale ongeregtigheid deurdat hulle nie meer wou sien dat ander ook moes leef nie. Verder is ook die *eerste* tafel van die Wet geskend deurdat hulle vir ander gode, drekgode, geoffer het (hfst. 7 en 8). Daarby was die ballingskap — waarin hulle op grond van hulle sonde beland het — nog 'n verdere ontheiliging van die Here se Naam. Want die omwonende volke het daardeur die indruk gekry dat die God van Israel nou die onderspit voor Mardoek, die god van die Babiloniërs, gedelf het en dat Hy in niks van hulle gode onderskei is nie. Die heidene het gesmaal: "Hulle moes uit die land gaan. Dit was tog 'n jammerlike ou godjie, die God van Israel!" En hierdie smaaltaal teenoor God se Naam was *Israel* se skuld.

Inderdaad was dit 'n eienaardige toedrag van sake dat Israel kon reken dat ter wille van hulle self redes tot verlossing moes wees terwyl hulle skuld berge hoog voor God gestaan het. En tog is dit 'n onuitroeibare neiging by die mens in die algemeen soos dit by Israel was om in die *eie* hart die diepste motief van verlossing te soek. Hierdie neiging van die mens *om altyd vir die Here se seëninge die oorsaak in die vlees te soek,* is soos 'n woekerplant wat steeds weliger as die plant self groe**I.** In Israel was, en onder ons vandag is, vele gelowiges wat die oorsaak van hulle verlossing eintlik maar in hulleself gevind het. Die geloofslied van Ps. 115 kan hulle nie sing nie: "Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil".

En nou, as die Here Hom gereed maak om die smaad van sy Naam uit te wis voor die heidene, deur Israel weer te verlos en seënryk in Kanaän te laat woon, dan geld bo alles dit: "Nie om julle ontwil nie, Israel! Julle het alleen rede om julle te skaam. Die terugkeer en herstel kom nie uit enige deug of voortreflikheid by julle nie, maar *om my Naam ontwil".* Die Here wil nooit sy Naam met Kamos van Moab of Mardoek van Babel vermeng hê nie. Hy sal nou toon dat Hy die Allerhoogste is, die Koning van die hele aarde — en dit doen Hy deur Israel weer uit die ballingskap weg te haal. Daarom sê die profeet nadruklik: *"Laat dit julle bekend wees".*

So kom hierdie profesie weer tot ons met sy openbaring van die God van die Skrifte. Laat dit ons tog bekend wees dat God volkome *selfgenoegsaam* is. God is volkome in Homself en

het geen skepsel, selfs nie eens die mens nodig om God te wees nie. Hy is selfvolheerlik! God is goed, nie omdat Hy aan Israel of aan sy kerk goed doen nie, maar Hy doen goed aan sy kerk *omdat Hy goed is.* Laat dit julle tog bekend wees! Want ook ons tyd stel die ewige God in sy Godsyn en in sy goedsyn van ons self afhanklik. Stuur onse Here sy strawwe en besoekings oor ons of bring Hy oorlog oor die wêreld of beproef Hy ons swaar, dan reken ons God is nie goed nie omdat Hy nie so iets moes gedoen het nie. Dis sonde-dwaasheid om die ewige God aan die eindige mens te meet, asof sy ewige goedheid deur ons tydelike genot en welvaart bepaal word. Kan ons miskien die grote God daag met die parmantige ultimatum: "U moet vir ons goed wees en ons voorspoedig maak, anders kan ons nie sê dat u God is en goed doen nie!" En dan spreek ons nog van Godsdiens!

Waarlik die mening dat God op die een of ander wyse sy verlossingswerk afhanklik stel van die mens en sy vroomheid, het met die ondergang van die Joodse nasie nie uitgesterf nie. En dis waarlik nie net die Pelagiane, die Roomse, die Remonstrante en ek weet nie watter ketters nog wat so dink nie, nee, dis die onuitroeibare neiging van ons verdorwe natuur, dat God eintlik van ons vroom gesindheid in die verlossing afhanklik is. O, die ou "vrome metodisme" setel maar in ons hart! Ons kom — toets u maar — met ons vroomheid, met ons goeie bedoelings, met ons goeie dade, met ons bekering, met ons gebede, en wil waarlik dat God uit ons oorsaak moet neem om ons dan te red! Ons loop oor van liefde vir Jesus — dink maar aan die metodisme — asof ons daarmee God wil beweeg om ons ook lief te hê. Ons vergeef ons naaste hulle skuld om God daarmee te beweeg om ons skuld ook te vergewe.

En nou mag dit waar wees dat Moab sy God Kamos en dat Babel sy God Mardoek gemaak het, en so die god van die mens afhanklik gestel en aan die ongod voorgeskryf het hoe hy moet wees om nou waarlik 'n sterk en 'n goeie god vir hulle te wees. Maar so was dit met Israel nie. So mag dit met die Nieu-Testamentiese kerk van die Here nie wees nie. Israel het die Here God nie gekies nie, maar Hy het Israel uitgekies vir Hom as sy volk en *Hy* het Homself as God van Israel *gegee.* En so het onse Here Jesus dit sy dissipels op die hart gebind (Johannes 15:16): "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies. Julle het My nie eerste liefgehad nie, maar Ek het julle eerste liefgehad". En tot in Openbaringe: "Ék is die eerste en die laaste, die begin en die einde, die Alfa en die Omega". God onse Here is dit wat sy heilswerk in ons begin en voltoo**I.** Nie ons nie. Die goeie in ons is dan ook van sy Heilige Gees.

Daarom kom onse Here vooruit na Israel, na u, nog voor Hy verlos met sy almagtige Ek en sê: *"Ek* sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en *Ek* sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En *Ek* sal my Gees in jul binneste gee en sal my Grote Naam heilig. Ek doen dit nie om julle ontwil nie, maar ter wille van my heilige Naam! Laat dit tog vir julle bekend wees!" En sal u waarlik teen die almagtige Ek wil kom aanvoer: "Nee Here, ek, ek, ek is dit!" Dis godslastering, en tog doen u dit! Gaan en skaam u diep daaroor voor u Here. U astrantheid, onder die dekmantel van vroomheid en goedheid, deug, voortreflikheid! En dit terwyl ons ganse lewe 'n besoedeling is van die Naam van die Here! Laat ons ons godsdiens nie belaglik maak, deur dit te verlaag tot 'n godsdiens-poppespel, waar ons met ons eie godjie diep afhanklik gesus word in die goeie sterk mens se arms nie. En die liewe Jesus wat as 't ware bejammer word omdat Hy sou lewe maar helaas tog so 'n swakke Saligmaker is — want as die mens hom nie wil bekeer nie, moet Hy heengaan! Arme Jesus! Laat dit vir julle bekend wees wie God is, en wie dat u self is, en *waarom* Hy verlos.

**II.**

Nou ook oor die "waartoe" van die verlossing in ons.

Die Here gee in plaas van die hart van klip (wat so onaandoenlik was dat die Here se seëninge en ook sy strawwe geen indrukke agtergelaat het nie) 'n hart van vlees, wat nou terstond reageer op die Woord van God. En die wil van die vernieude mens sal harmonies saamval met die wil van God, sodat die wil van die vernieude mens 'n verlengstuk is van die wil van God, waardeur God se insettinge en verordeninge nou die lewenstaak en lewensrigting van die mens is. Dit is wat ons Kategismus die wedergeboorte met die bekering noem.

Maar dit gaan nie maar somaar vanself so nie. Die HERE bring die wonder van lewensvernuwing deur sy Gees in ons binneste na sy Woord te gee. Die Here laat dus sy kragte in die mens oorvloe**I.** En dan is die doel van God se verlossingswerk bereik as ons een plant met Hom geword het.

Hierdie genadewerk van wedergeboorte, lewensvernuwing wat bestaan uit sondevergiffenis en 'n nuwe gehoorsaamheid, sê die profeet, sal die Here aan sy gelowiges beseël en beteken deur die besprinkeling met rein water. Hier het u die Nieu-Testamentiese doop deur die profesie voorspel. Dit is juis die doop wat van die wedergeboorte deur Gods Gees uitgaan, soos wat die Nagmaal van die bekering uitgaan. En die doop beteken en verseël twee dinge. Sondevergiffenis en hartsvernuwing. Dis dinge wat die Here ons God in ons doen deur sy Gees en Woord.

En nou moet ons in ons daelikse lewenswandel die heiliging en vernuwing van ons lewe deur Gods Gees en Woord, soos dit aan ons beteken en verseël is deur die doop, laat blyk. Dit is die *waartoe,* dit is die oogmerk van Gods verlossingswerk dat ons 'n nuwe lewe sal voer en 'n nuwe gehoorsaamheid sal openbaar. Dit vergeet ons te veel. God het 'n ander doel as net om die mens in die hemel te bring soos die sektes en metodiste dit leer. Ons het hier 'n veroordeling van die hemelskema van lewe, asof 'n mens maar hier kan doen wat jou lus en behaag, dat jy Gods Verbond, Woord en sakramentsbediening maar kan links laat, die kerk besoek wanneer jy lus het — maar met die hoop en verwagting dat jy een maal darem ook in die hemel sal kom — want die Here is mos nie so onregverdig nie: God is mos liefde.

O nee, God se *waartoe,* God se doel met ons nuwe hart, lê nie daar ver in die hemel nie, maar hier vlak voor ons: “Ek sal maak dat jy in my insettinge wandel en my gebooie bewaar en doen!” Nie saligheid van sieltjies nie. Dit gaan in die eerste plek weer nie om ons siele nie, maar om die ontwil van sy Heilige Naam. Laat julle dit bekend wees. En die ere van God se Verlossings- en Heiligingsnaam deur Jesus Christus in die kragtige werkinge van sy Gees in ons binneste, die eis ook 'n verloste lewenswandel.

Die *Gees in ons binneste* is nou die nuwe bron van ons lewe! *En die bewaring van die insettinge Gods* — dit is die stroom van nuwe lewe uit die nuwe bron. Die twee hoort bymekaar.

Ons kan dan nie maak asof ons nie in staat is om sy wil te doen nie. O nee, nou is dit eis vir u om Gods Woord te bewaar. Soos ons Nagmaalsformulier sê: “Dieselfde Gees woon in Christus en in ons as sy lidmate”.

Een plant en een Gees. Maar ook dit nie weer soos die sektes en metodiste leer asof daar by ons nou eensklaps somaar net stof tot Hallelujas bestaan sonder dat ons nog berou moet hê oor ons sondes nie. Nee, daar staan dit: “Dan sal julle dink aan julle verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels”.

Waarlik, dis met die tot God bekeerde lewe nie net lofsange en volmaaktheid nie. Dis hier 'n afsterwing van die oue mens en 'n opstanding van die nuwe mens. Dit is eendeels 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug. En eensdeels is dit 'n hartlike vreugde in God deur Christus, en 'n lus

en liefde om na die wil van God in alle gevalle goeie werk te lewer (en nie net in sommige nie).

Nou moet ons Christus in ons gestalte laat aanneem en aan sy beeld gelykvormig word. Nou moet dit blyk dat ons God in Christus deelagtig is.

Laat ons hierdie goddelike *waartoe* van Eségiël verstaan. Laat ons een plant met Hom word, en vrug dra deur sy gebooie te bewaar en te doen! Onvrugbaarheid is die grootste sonde van die kerk. As die kerk nie toon dat hy vernuwe is nie, dan ontheilig ons Gods Naam in die wêreld soos Israel voor die heidene dit gedoen het. Hierdie sonde van die kerk is net so gruwelik as diefstal, moord, owerspel, ens. En uit die vrugte sal die kinders van die Here geken word en sal blyk of die Here sy Gees in ons binneste gegee het.

**Amen.**

## 22. VERNUWING VAN ISRAEL

**Lees**: Eség. 37:1—14.

**Teks**: Eség. 37:11—14.

Die vernuwing van die volk in die vernieude land word verkondig in die indrukwekkende visioen van 'n laagte vol doodsbene. Eségiël geraak hier weer in geestesvervoering. Die hand van die HERE was weer op hom. En hy word deur die Gees van die HERE uitgebring in dieselfde laagte waar hy in hoofstuk 3 die heerlikheid van die HERE visionêr gesien het. Daar in die laagte sien hy hoe die volk lyk wat die HERE wil vernuwe. Die laagte by Tel Abib waar die ballinge verkeer, is vol beendere van gewelddadige doodgemaakte mense: Dit is dor, in die Oosterse son geblakerde bene van onbegrawe lyke, uiteengeslaan, onsamehangend. Daar was geen lewensritseling meer te bespeur nie. In daardie laagte was die stilte ... van die dood!

Dit, gemeente, is nie 'n profesie oor die afgestorwenes van Israel in die vreeslike oorlogstryd in en om Jerusalem, toe baie duisende deur die geweld van die swaard, die honger en die pes omgekom het nie. Nee, hier is 'n visioen oor die nasionaal-godsdienstige toestand van die ballinge aan die Kebar, van gans Israel in sy verstrooiing. Wegvoering in ballingskap is vir 'n volk net een ding: die *dood,* 'n massagraf. Dis dié verstorwe volk wat die HERE God nou wil vernuwe. En Eségiël wat visionêr 'n getuie is van hulle dorre doodsheid, sal medearbeider Gods wees in hulle vernuwing.

Hierdie visioen verklaar die HERE dan self: Hierdie beendere is die hele huis van Israel wat sê hulle verwagting is verlore. Maar aan hulle moet hy die vernuwing deur Gods Woord en Gees verkondig, dan sal hulle ervaar dat dit die HERE, Israel se Verbondsgod is wat dit gesê en dit gedoen het.

Ons wil kortliks u aandag bepaal by hierdie visioen en let

(1) op die enigste grond van die vernuwing;

(2) op die middels van vernuwing;

(3) op die betekenis en vervulling van die vernuwing en

(4) op die troos van die vernuwing.

**I.**

Hierdie gesig gaan uit van die opstanding van die dode, maar dit wil hier nie die opstanding van die dode self preek nie. Dit gebruik die opstanding van die dode slegs as gelykenis om die vernuwing van Israel uit sy nasionale en godsdienstige dood te verkondig. Net so min

as wat iemand sou kan dink dat die bleek gebakte bene van 'n slagveld weer sou kan uitgroei tot 'n strydbare leër, net so min kan Israel homself nasionaal en godsdienstig wederbaar. Die *grondoorsaak* van Israel se vernuwing lê buite homself! Israel is dood, nasionaal en godsdienstig dood in sonde en misdade. Israel glo nie eers meer in homself nie. Daar is geen lewensmurg, geen pit meer in hulle nie. Om 'n volk in so 'n hopelose moedeloosheid vervalle te sien, is om sy aaklige nasionale en godsdienstige doodswalm in te asem. Israel het sy huisgesinne, sy skool, sy onderwys en opvoeding, sy godsdiens, sy volkstaat, sy ambisies, sy inspirasies — al sy nasionale en godsdienstige volkskragte totaal opgegee! Ons beendere is verdor!

Gemeente, dis nog nie die ergste wat 'n ballingvolk kan oorval nie! Moedverloor onder teenslae is al erg, maar veel erger is dit dat Israel in sy eie doodsheid ook sy God as dood gewaan het: “En ons verwagting is verlore”. Onse God! Waar is Hy? Hy is weg. Hy is verlore. Van sy verbondsbeloftes kom niks! *“Dit is klaar met ons!”* Die volk se godsdiens is verstorwe!

*Kleingeloof!* Dit is wanneer jy van die Almagtige, getroue Verbondsgod so goed as niks meer dink nie en ook reken dat sy almag jou nie in jou ellende kan laat herleef nie. Dan bied sy Woord ook geen vastigheid of troos nie. Die kleingelowige sink nie net self in nagdieptes weg nie, maar die Almagtige God raak tegelykertyd vir hom ook weg in donker swart.

So lei die Gees van God Eségiël as die enigste lewend oorgeblewene onder die verstorwe ballinge. En dan vra die Here God vir hom: “Mensekind, kan hierdie bene lewendig word?” Hierop antwoord die profeet soos iemand wat nog nie deur die wurm van kleingeloof verteer is nie, soos iemand wat, self totaal onmagtig, vas glo in God Almagtig: “Here HERE, U weet dit”. Hy lê dus die saak van Israel se vernuwing in Gods hand. God in sy Almag, God in sy verbondstrou, God na sy profetiese woord is vir Eségiël nie weg, nie verlore nie! En dié Godsgeloof van Eségiël laat die HERE nie onbeantwoord nie! Hy moet profeteer dat die Here HERE sê: *“Ék* sal julle grafte (ballingskap) oopmaak; *Ék* sal julle daaruit laat opkom; *Ék* bring gees in julle in; *Ék* sal my Gees in julle gee; *Ék* sal julle bring in die land van Israel. En julle sal weet dat *Ek* nog die HERE is, dat *Ék* dit gespreek en gedoen het, *Ék* die HERE”. Daar het u dit gemeente: die enigste grond van Israel se vernuwing is *net in God geleë.* In God se vrymagtige *welbehae.* God alleen *kan* nie net nie, maar Hyself sê ook dat Hy *sal* vernuwe, al is die volk al in die graf van nasionale en godsdienstige ontbinding.

En ek moet dit vir u met klem verkondig waar ons Afrikaanse volksgeheel so aaklig uiteengeslaan lê deur die Britse oorlogsmag van 1899—1902 en deur magsmisbruik uiteengeruk is; waar ons eie Afrikaanse Christelik-nasionale bestaan op die grootste spel van die wêreld staan; waar ons Christelik-nasionale huisgesin, ons C.N.O., ons eie Afrikaanse volksstaat, ons eie Afrikaanse volksinstellinge, ons banke, ons sake, ons nywerhede, dood lê en ons godsdienstige lewe insink en sterf. Waar dit alles so is en die vraag na 'n egte Afrikaanse volkshernuwing op die lippe van baie lê, moet ons *dit* verkondig: “Die Here God alleen kan die Afrikaanse volk hernuwe”. Ons moet dit met krag preek waar sommige kleingelowige stamel: “Nee wat, die Afrikaner sal nooit regkom nie, dis klaar met ons”. Die HERE God Almagtig alleen kan na sy vrye welbehae! Die HERE God sal dit ook doen na sy woord. Hoe kan ons, as ons profete is in ons Here Jesus Christus, dan sê: “Ons is nie seker nie, ons glo nie God kan ons nog vernuwe nie”? Nee, daar staan dit en ons moet dit met alle klem preek: “Ons HERE God, onse grote God, onse Almagtige God is nog dieselfde en Hy kan”. Die vraag is maar of die wurm van die kleingeloof nie ons volksliggaam verteer nie, en of die Grote God wat Hom so kennelik aan ons vaders geopenbaar het, uit ons Afrikaanse volkslewe wegraak, verlore is. Onse God en sy Almag mag nie vir u klein en nietig wees nie, durf nie uit ons lewe wegraak nie. Daarom staan dit hier: “Profeteer vir hulle: Ek, die Here HERE

sê dit, Ek sal dit doen”. God is die grondoorsaak van die vernuwing.

Ons moet dit nog nader beklemtoon dat God die *enigste* grond van ons vernuwing is. Toe die Here vir Eségiël vra of die bene lewendig kan word, het hy nie gaan sit en politieke berekenings gemaak nie. Hy het nie 'n ekonomiese begroting van inkomstes en uitgawes opgetrek en gesê: as dit kan is daar hoop nie! Hy het nie gesê: ja as hierdie of daardie politieke party die oorhand behaal nie. Hy het nie gesê: Kom laat ons 'n vereniging of volksbeweging in die lewe roep — dis die enigste grond van ons redding nie! Seker, dis almal goeie *middele.* Maar die *grond* van vernuwing kan hulle nie wees nie. Die enigste grond van vernuwing is die Here God alleen. Laat ons daarom ook nie die meerderheid van ons party, of die eenheid van ons volk die grondoorsaak van ons redding maak nie. Dit was juis die sonde van Juda dat hulle as die Egipteparty die behoud van land en volk, van stad en tempel wou verseker teenoor die Babelparty. Dis ook nie 'n party wat die volk sal kan vernuwe nie — daar staan dit: Die Babelparty en die Egipteparty, Juda en Israel — hierdie *bene* is die hele huis van Israel. Niemand en niks, geen beweging, seksie of party nie, net die Here HERE alleen kan en sal vernuwe. Hy laat dit vandag nóg aan u verkondig: “Ék sal julle grafte oopmaak; Ék sal gees in julle gee en julle lewendig maak. Ek die Here HERE alleen!”

**II.**

Die vrymagtige welbehae van onse Here is wel die enigste *grond* van ons vernuwing, maar Hy stel ook uitdruklik die *middele* daarvoor vas.

In die eerste plek mag Eségiël self nie 'n lydelike toeskouer wees nie. Hy moet in sy profeetamp *medearbeider* van God wees, om die wedergeboorte van die volk 'n feit te laat word. As profeet het God hom geroep (roepingsvisioen) en hom aangestel om te profeteer. En hier kry hy sy uitdruklike opdrag om van die vernuwing van die volk te profeteer. Nie somaar enige selfaangestelde profeet het in hierdie vernuwingswerk van God aan Israel enige part of deel nie, maar alleen hy wat deur God verordineer is. Daarom is dit 'n prediking vir die Christelike kerk, reeds vanuit die Ou Testament, dat die verkondigers van Gods Vernuwingswoord wettige geroepe manne moet wees. Die leraarsamp is 'n bediening van *God* ingestel, en dis nie maar somaar vir 'n predikant om op te tree soos hy wil, wanneer hy wil, en waar hy wil nie. En dis nie vir die gemeente om maar somaar na elke goeie losloperprediker te gryp soos die A.E.B.[1], die Oxfordgroep en ander metodistiese drywers doen in hulle bekeringskampanje nie. Nee, laat dit tog vir die gemeente gepreek word, dat elke middel wat ons gebruik, en met name die leraarsamp, *wettig* moet wees.

En hoe streng bind Hy nie sy profeet nie! Eségiël het niks daarmee te doen of dit stry met alle gesonde verstand dat doodsbeendere kan lewendig word nie; hy mag ook nie vra of dit enige resultate sal hê om vir dooie beendere te preek nie. Hy moet net onvoorwaardelik gehoorsaam en presies net preek wat die Here hom gelas. En dis die profeet van die Here, die ware leraar wat soos Eségiël kan getuig: *Toe hét ek geprofeteer soos my beveel was.* So moet die predikant vandag preek soos wat daar geskrywe staan en die gemeente moet vra en luister na predikasies oor wat daar geskrywe staan. Dis die bevel van die Here. Deur sulke profete en leraars, (die apostel Paulus sê: “As ons of selfs 'n engel uit die hemel 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees”), deur sulke profete, apostels en leraars wil God vernuwend op die wêreld inwerk. In die weg van geloofsgehoorsaamheid van die leraarsamp, werk God grote dinge.

In meer besondere sin (as die profeteamp in die algemeen) is die *Woord van God* die eintlike genademiddel tot volksvernuwing. Deur die prediking van die Woord van God deur die wettige ampsdraer werk God herskeppend. God die Here bind die geestesgawes van weder-

[1] Afrika Evangeliese Bond.

geboorte en bekering altyd aan die verkondiging van sy Woord. Die verkondiging van die heilige Evangelie — dit is die uitgesoekte, die uitverkore middel Gods om 'n wêreld, wat dood in sonde en misdade is, weer lewend te maak na sy Woord. Die verkondiging van die Evangelie, dit is die Goddelike medisyne vir 'n geesteskranke wêreld. Maar dan moet dit tog nie storietjies of pluimstrykende woorde wees nie; dan moet die wêreld ook nie met allerlei vroom lokmiddels gelok word in plaas van deur die Woord van God opgeroep te word nie. Want dit is die eerste stuk van elke Evangelieverkondiging: die roeping. God roep jou op! God kommandeer jou! God gelas jou! Daar staan dit, Eségiël moet die bene roep: "Dor bene, kom nou en hoor die Woord van die Here. Mens dood in jou sonde, kom luister na die Here se woord! Sondaar dood in jou lusteloosheid om die kerk te besoek, kom hoor die woord van die Here. Sondaar dood in jou Sondagse kuierluste, laat staan en kom hoor die woord van die Here. Slaaf, dood in lus na meer en meer, kom, hoor die woord van die Here. Afrikanervolk, dood in nasionale volksbestaan, kom hoor die woord van die Here. Die Here sal jou weer met nasionale spierkrag, volkskrag voorsien; die Here sal jou weer met nasionale volksgoedere, volksbesittings verryk; die Here sal jou volkslede en volksdele in hulle verstrooidheid en in verskeurdheid weer tot een volksliggaam saamvoeg. Die Here sal jou bou in Christelik-nasionale huisgesinne, in C.N.O.-skole, in Christelike Universiteite, in Christelike-nasionale Volkstand, in 'n Christelike Pers, in 'n Christelike Nywerheid, in Christelik-nasionale Volksbanke, in Christelik-nasionale sake, in Christelik-nasionale arbeidskrag.

Sal daar nou op die roeping waaragtig niks gebeur nie? Sal daar nie 'n beroering, 'n dreuning, 'n beweging kom, dat die mense darem weer hier by die kerkdeur ingestrompel kom en die volk sal roer nie? Waaragtig, as dit 'n roeping van God is, dan moet, dan sal dit dreun — want die dooie beendere het geroer, beweeg na mekaar toe. Dit sien Eségiël tot sy grote verbasing, die wondere uitwerking op die verspreide beendere. Dis nie meer geblakerde beendere nie; dis ook nie afsigtelike geraamtes nie; maar dis nou mense! Maar hulle is nog dood. Gees was daar nog nie in hulle nie. Want dit was maar die uitwendige roeping. Dan moet Eségiël *inwendig* die gees roep. Profeteer vir die gees, mensekind, en sê vir die gees: "So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies dat hulle lewendig word". Want die mens mag hier in die kerk ingestap kom, tog kan dit nog slegs sy voete wees wat hier is, sy liggaam, sy vlees en bloed — maar sy gedagtes, sy begeertes, sy hart, swerf oor die aarde, by sy vriende, by sy boerdery, by sy beeste, by sy besigheid.

Hier sit 'n dooie mens sonder geestelike lewenskrag. Dan roep God u gees, u siel op deur sy Gees en Woord: "Kom swerwersgees, kom nou hier uit die wêreld en *luister nou, hoor die Woord van die Here.* Hy sal sy Gees in julle gee, julle ore oopboor, julle harde harte verteder, julle onwil ombuig in gewilligheid met nuwe wilskragte, julle gedagtes verlig, julle oë se skille wegneem!" En dan? Dan spring daar 'n magtige leër op die been, lewenskragtig, strydvaardig. Want dis God almagtig wat onweerstaanbaar deur sy Gees en Woord inwendig roep en vernuwe. Roeping uitwendig en inwendig om die Woord van die Here te hoor, en die toesegging van vernuwing, van geestelike lewe deur Gods Gees na sy Woord. Só, deur hierdie middel vernuwe God. Natuurlik gebruik God in sy vrymag ook baie ander middels. God het destyds Kores gebruik om Babel te oorweldig en Israel te laat terugkeer. Vir ons is dit gegee om die een middel tot vernuwing te gebruik en daarop te vertrou: Die verkondiging van Gods Woord! En, gemeente, dink u dat hierdie prediking dit kan doen? Glo u dit? Vertrou u daarop? Is dit vir u *God* wat u nou roep om te hoor na hierdie woord?

## III.

Die heerlike van die verkondiging van Gods beloftewoord is verder dat dit, anders as die mensewoord, *in vervulling gaan.* Wat die Here HERE sê, dit geskied gewis. En tog tref dit ons eintlik nie. Ja, as hier 'n mens, soos 'n soort siener of 'n fortuinverteller, met 'n voorspel-

ling kom wat nou ook so sou uitkom, dan praat almal daarvan asof dit 'n prestasie is! Maar die wonderbaarlike vervullinge van Gods beloftewoord raak ons veelal ternouernood. Dit is 'n blyk van minagting van Gods Woord, waarby ons verbyleef! En dit tot ons skade. Let tog nog nou daarop hoe wonderlik is hierdie gesig van Israel se nasionale en godsdienstige vernuwing nie vervul nie! Die voorlopige vervulling van hierdie visioen het plaasgevind met die terugkeer van Israel uit die ballingskap, uit alle oorde, na Kanaän, met die daarmee gepaardgaande godsdienstige ontwaking. Ons leer daarvan in die boeke Esra en Nehemia.

Maar die volledige vervulling het plaasgevind by die uitstorting van die Heilige Gees. Die terugkerende Jodedom was grotendeels maar soos doodsbeendere wat weer 'n geraamte gevorm en waarom heen weer vlees en vel gegroei het. Daar was wel beroering en 'n gedreun, maar daar was nog geen ware lewensgees in hulle nie. Ons het hulle beeld in die dooie verstarde Fariseïsme van wie ons Here Jesus gesê het dat hulle soos wit gepleisterde graftes vol doodsbeendere is. Maar toe met Pinkster die Heilige Gees onwederstaanbaar gekom het, het die ware Israel somaar meteens soos 'n magtige leër opgestaan, meer as drieduisend siele op een dag! Toe is die kerk geformeer! Nie 'n kerk met dooie mense waarin geen gees was nie. Op Pinksterdag staan Petrus daar sonder vrees, 'n strydbare held en die gelowiges 'n strydende kerk! Daar was *lewe* in daardie kerk. Hulle het volhard in die leer, in die sakramente, in die barmhartigheidsdiens en in die gebede. Dit was die Pinksterwonder van vernuwing! En die vrug daarvan sien ons wanneer die verkondiging van die Evangeliewoord aan heidene die kerk meteens laat tintel van nuwe lewe, van stryd en vooruitgang! En die eindresultaat sal eenmaal wees in die hemele: 'n Skare wat niemand kan tel nie!

Dit bring ons meteens midde in die nadere betekenis van die vernuwing. Onse Here wil nie 'n kerk hê van geraamtes waarvan die beendere nog netjies inmekaar pas nie; nie van lyke met borskas, buik, bene en arms maar sonder gees nie. Nie 'n kerk met mense wat lê en droom en hoogstens met hulle voete skuifel en hulle lippe roer nie — maar 'n strydbare leër wat op sy voete staan gereed vir die stryd. Ons kan so maklik ons kerklike lewe deur geestelike doodsheid laat ontaard in formalisering, vormdiens. Been vir been naas mekaar, spiere, vleis en vel, alles netjies in mekaar, maar sonder geestelike lewenskrag! Ons het 'n kerkgebou, 'n pastorie, alles in orde, al ons kerkskuld is betaal. Ons kerk is suiwer in die leer. Ons gee ons bydraes. Ons kom ook kerk toe. Ons doen nie sensurabele dinge nie. — En tog vorm ons as gemeente nie 'n leër nie. Tog is ons nie strydvaardig nie! Ons kom soos individualiste kerk toe. Elkeen op sy eie houtjie! Ons moet as gemeente saam op die been staan. Saam een wees! Hoe is ons houding insake Skrifondersoek as gemeente? Hoe toon ons as gemeente dat ons die leer van die kerk ondersoek, ken en betrag? Hoe doen ons as gemeente teenoor die jong broeders en susters wat hulle na hulle geloofsbelydenis van geloof in die Jongeliedeverenigings nog verder moet versterk in Skrif en belydenis? Ons lê soos begrawe lyke hier rondom die kerk.

Ag, en wat sal ons sê van die onderwys! Watter belang toon ons by ons skool as gemeenskaplike gelowiges? Lyke! Almal vitale dinge waarvoor ons asof dood is? Nee, ons moet nie as enkele individue nie maar as *gemeente* soos 'n leër op die voete staan, om te stry vir ons Here en Koning Jesus Christus. Ons moet *gemeentelike* lewe in die Here openbaar! Ons moet as Christelike *omgewing* lewe openbaar. Ons moet as *volk* in Afrikaanse volkseenheid die lewe in die Here openbaar. Ons moet op ons voete staan en stry vir ons Christelik-nasionale volksaak en volkstaat; vir ons Christelik-nasionale instellinge, banke, winkels, nywerhede, skole, universiteite! Ons moet nie 'n dooie, 'n verstorwe volk wees wat uit blote lyf sonder lewe bestaan nie. Glo ons in God, dan moet ons *leef*, dan moet ons op die voete staan, en saamstaan en strydvaardig wees soos 'n magtige leër.

Maar dan verstaan u ook, gemeente, dat ons aan die ander kant nie in geesdrywery mag

verval nie. Die lewe van die gemeente is nie net gees nie. Ons is nie engele nie, maar mense. Ons woon nie in die hemele nie maar op die aarde. Ons het bene, liggame, buike, ens. Soos u liggaam sonder gees 'n lyk is, so is u gees, sonder 'n liggaam 'n *spook.* En die soort Christene, soos die metodiste, wat kerk en politiek nie saam kan beoefen nie, wat te vroom is om hulle ook met sulke dinge soos Christelik-nasionale banke, nywerhede, winkels ens. te bemoei — is spoke van Christene. Hulle moet eintlik vertrek van die aarde, in die lug vertoef en so nou en dan net spookvertonings hier kom maak. O die geesdrywers is spoke met spookdienste, spooksamekomste! Nee, die kerk is nie van die wêreld nie, maar wel in die wêreld. Hier moet die gemeente van Christus leef, stry en by sy os en sy esel, by sy tabakskuur en sy Boerewinkel, by sy bank en koöperasie sy Here dien en verheerlik. Dit wil onse Here hê. 'n Vernieude volk, nasionaal en godsdienstig. En dis die bose geeste wat die nasionaal-godsdienstige lewe wil vermoor en onderdruk. Dis die vervloekte wêreldryke wat van nasionale volke vleie van doodsbeendere wil maak. In die naam van die Here, laat ons luister na Gods Woord wat ons roep, wat ons wil vernuwe, wat ons Christelik-nasionaal wil maak God ter ere!

IV.

Doen ons dit, dan sal ons in die heerlikste troos deel. Die *troos* naamlik dat ons weer teruggekry het wat ons verloor het. Ons het ons nasionale volkslewe verloor — maar ons sal dit weer terugkry. Ons het ons godsdienstige lewe verloor, maar ons is weer in lewensgemeenskap met mekaar en met onse God deur Jesus Christus onse Here. Ons het ons land verloor maar ons kry dit weer terug. Ja, bo alles, ons het onse God en Here verloor maar Hy is weer onse Here, onse God. Hy staan met sy vriendelike aangesig na ons gekeer en Hy roep ons toe: O, *my* volk. O, *my* volk. Ons het dit waaragtig nie geweet nie, en nou weet ons dit weer — en julle sal weet dat Ek die HERE is. Salige kennis om jou Here en God te ken. Dit is die ewige lewe dat hulle u ken in Jesus Christus wat u gestuur het. En nou ken ons Hom nog maar ten dele en raaiselagtig. Maar hierna sal ons Hom volmaak ken en ewig oor Hom juig: aan U kom toe die lof en die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Halleluja.

**Amen.**

## 23. GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

**Lees**: Eség. 37:15—28.

**Teks**: Eség. 37:16, 17.

Die volk van God word deur Hom uit die doodsvallei van die ballingskap genadiglik tot 'n nuwe lewe uitgele**I.** Hierdie nuwe volkslewe openbaar hom nie in allerlei buitengewone dinge nie — soos rykdom, gemak, genot, weelde of selfs uiterlike magsvertoon nie. Niks daarvan nie. Maar wel in 'n hegte *nasionale eenheid,* en in 'n lewende godsdiens wat geken word en sal blyk uit die heilige gemeenskap van die hernieude volk met hulle God en onder mekaar. Dit sal 'n gemeenskap van heiliges wees.

Ons wil met u stilstaan by hierdie twee gedagtes:

(1) Hoe dat Israel in sy hernuwing hom in 'n nasionale volkseenheid openbaar het;

(2) hoe dat Israel in sy hernuwing deur Gods Woord en Gees, godsdienstig hom in die gemeenskap van die Heiliges laat ken het.

**I.**

Die openbaring van Israel se herontwaking in 'n *nasionale volkseenheid* moet Eségiël op uitdruklike bevel van die Here simbolies voorstel en aankondig. Eségiël moes naamlik twee

stukke hout, waarskynlik 'n hout wat in twee gesplits was, vat en op die een stuk moes hy skrywe: *"Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote".* En op die ander stuk moes hy skrywe: *"Vir Josef en die hele huis van Israel, sy bondgenote".*

Die twee stukke hout, wat so van mekaar gesplits was en waarop die woorde uitgekerf gestaan het, moes hy dan in sy hand so mooi saamvat dat dit soos 'n heel stuk hout daar uitsien. En hy moes dit so doen dat dit die vraag van die ballinge ontlok: *"Wat bedoel u met hierdie dinge?"*

En dan moet die profeet vir die tweede keer die twee stukke hout vat en vir die tweede maal hulle so tot een stuk hout in sy hand mooi laat inpas en die volk dan laat verstaan, soos uit die ingekerfde letters blyk, dat die twee stukke in hulle uiteensplitsing op die ryke van Juda en Efraim sien — op Israel in sy nasionaal-godsdienstige verdeeldheid en verskeurdheid. Ook die ander volksdele wat minder op die voorgrond getree het as Juda en Josef (Efraim) was hier nie uitgesluit nie, want telkens moes die profeet byskryf: sy bondgenote.

Die twee stukke volksdele van Israel was so radikaal, so beslis, so totaal verskeur en verdeel, vir eeue al teenoor mekaar gestel asof dit so hoort dat hulle nie meer daaraan gedink het dat dit nie so mog wees nie. Praat van ander dinge, maar nie van die eenheid van Juda en Efraim nie, nee nooit nie. Dit kan nie meer anders nie as dat ons liewer uitmekaar moet wees en bondgenote van heidene. Dis die beste!

En teenoor hierdie hardnekkige moorddadige volksgedagte moet Eségiël die twee houte met die name daarop vlak voor hulle oë in een saamvat, sodat hulle dit sien en verslae-verleë vra: "Wat bedoel u met hierdie dinge?" En dan met nog groter opsigtelikheid vat Eségiël vir die *tweede* keer die twee stukke tot een saam in sy hand: "So spreek die Here HERE, Ek sal hulle, Juda en Josef, een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand!" Die hele Israel saam, 'n heerlike broederband! *Efraim sal Juda nie meer beny nie en Juda sal Efraim* nie meer benou nie. Saam sal hulle woon, as één volk, in hulle land. Dit word tot twee keer aangedui dat die verskeurdheid opgehef word.

Maar hierdie profesie is na die Here se woord aan Israel vervul onmiddellik na die beëindiging van die ballingskap. Onse Here het geroer aan die doodsbeendere van die verstrooide volk wat sy nasionale selfbewussyn verloor het en wat in sy nasionale volksbestaan deur die ballingskap totaal doodgeraak het. Maar toe die Here God roer, wie kon dit keer? Toe kom die dooie volksbeendere na mekaar toe, word voorsien van spiere, vlees en vel en hulle trek onder Esra, Nehemia, Serubbabel op na Jerusalem. Toe haal hulle weer hulle geslagsregisters (Esra 2) na vore! Toe herleef hulle nasionale selfbewussyn dat hulle nog tot die volk behoort of dit nou registers was uit Juda of uit Josef! Toe het Nehemia die wat met heidense vroue getrou het, se hare uitgepluk en geëis dat hulle hul vroue moes wegstuur, en hulle nasionale selfbewussyn het hulle dit laat doen. Toe het hulle rou bedryf, nasionale rou bedryf, dat hulle as volk hulleself so geskaad het deur hulle verskeurdheid en verbastering. Toe het hulle hulleself van die vreemde elemente gesuiwer. En so kom die hele Israel, Juda en Josef in hulle nasionale selfbewussyn, tot 'n nasionale volkseenheid. Almal het saam as een volk Jerusalem en die tempel herbou.

So leer die profesie dat God die eerste is om 'n volk te vernuwe. Volksvernuwing is Godswerk. Dis nie die werk van 'n party nie; dis nie die werk van 'n leier nie. Leiers kan 'n volksberoering, 'n volksgedreun veroorsaak. Dis ook nie volksorganisasie of volksbeweginge wat 'n volk hernuwe nie, want *egte volksbeweginge is juis die bewysstukke dat die volk ontwaak het,* aan die herstel is. Maar dit wil die profesie hier op die hart bind. As God 'n volk laat gebore word, en hy tot homself kom, dan word hy *een.* Die nasionale selfbewussyn openbaar hom in nasionale volkseenheid. Maar die baster-metode is net andersom. Die

wêreldryke het dit nog steeds beproef om die nasionale volke op te hef en 'n eenheid deur verbastering te beproef — 'n imperiale bastervolk. Die moet dan so mooi saamwerk en saamwoon! Dis die valse eenheid wat die Skrif nie leer nie. Die profeet het nie 'n klomp houte gehad en daarop ingekerf: Babiloniër, Assiriër, Egiptenaar, Siriër, Ammoniet, Moabiet, Edomiet, Israeliet, en dit in sy hand saamgevat tot 'n eenheid nie om vir ons die groot Imperiale les te leer: julle moet nie nasionale volkseenhede wees nie, want dis rassehaat! Julle moet 'n imperiale eenheid vorm, desnoods deur verbastering! O nee! Die profeet het 'n nasionale Volkseenheid gepreek. Daar moet bloedverwantskap wees. Daarom moes Israel hulle geslagsregisters kon aantoon. Daarom moes vreemde elemente uitgesuiwer word.

En dit moet ons Afrikanervolk tog leer verstaan: nasionale volkseenheid is nie 'n blote party-eenheid nie. Ons volk is in twee geskeur onder imperiale oorheersing en ons is nou besig om te veg met hand en tand, met voet en elmboog, met geskree en geskop vir blote *party-eenheid* teen 'n ander partyeenheid, sonder om te besef dat ons besig is om ons volk tot in die afgrond te verwoes. Die skriftuurlike nasionale volkseenheid het uit ons volkslewe verlore geraak. En ons, ons ken van naby net die party-eenheid wat dan moet bestaan uit Afrikaner, Jood, Baster, Slams en al wat vreemd is aan ons van God gegewe nasionale volksbestaan. En soos Juda en Josef beny en benou ons mekaar.

Daarom, ons moet ons nie laat betower deur mooi praatjies oor die woordjie *eenheid* nie. Want daar is die vals imperiale eenheid, 'n baster-eenheid wat nasionaliteite uitroe**I.** En solank as wat ons ons Afrikaanse volkslewe wil laat versmelt met wat aan ons volkseie vreemd is, solank moet ons weet is ons aan die versterf, solank is daar by ons nog nie 'n volksvernuwing nie, solank is ons sogenaamde eenheid nog van Gods Woord veroordeel. Maar ons moet die moed hê om dit te doen soos Nehemia. Stuur hulle uit. En dit preek ons vir elke volk. Elke volk is van Gods weë geroepe om hom suiwer te hou en nie te laat verbaster nie.

Daarom moet ons onse Here vra dat Hy ons Afrikaners tog hernuwe, bewus maak van onsself, van ons volkseie wat Hy ons gegee het; dat ons nie ons volkseie deur 'n verbasteringsproses bedreig nie; dat ons nie ons Afrikaanse volkseie deur onderlinge verdeeldheid, deur 'n roekelose onnasionale partystryd verwoes nie; dat ons mekaar nie haat, beny en benou nie; dat ons as Afrikaners mekaar sal liefhê, en dat ons een sal wees soos die twee stukke hout in Eségiël se hand, ja in Gods hand. Elke verbastering, elke ontaarding van ons volkseie moet ons teëgaan, en ons moet aan onsself gelyk bly, ons Afrikaanse volkseie liefhê, opbou, bevorder, ons eg-Afrikaanse huisgesin, ons eie Afrikaanse Christelik-nasionale skool en universiteite, ons eie Afrikaanse volksbanke, volkswinkels, ons eie Afrikaanse nywerhede, ons eie Afrikaanse pers, ons eie Afrikaanse taal en kultuur, ons eie Afrikaanse volkstaat, ons eie Afrikaanse leërmag, ons eie Afrikaanse volksorganisasies, liefhê om mekaar te help en by te staan. Ons moet ons eie Afrikaanse volksfront hê om onsself te handhaaf en te verdedig, teen die liste en aanslae van die Sanballats, die Arabiere, die Amoniete, die Asdodiete wat altyd vyande sal bly van ons nasionale volkseenheid. Mag onse Here ons daartoe sy Genade en Gees verleen na sy Woord.

**II.**

Maar gemeente, ons teksverse gaan verder, gaan dieper, en spreek daarvan dat Israel se volksvernuwing hom nog dieper, godsdienstig in die gemeenskap van die heiliges openbaar het. Israel se volksvernuwing en volkseenheid was nie somaar 'n blote nasionalistiese volksherstel en uiterlike volkseenheid, sonder terugkeer tot God nie; sonder vernuwing van die gemeenskap met God in sy genadeverbond nie; sonder bekering van sy volksgruwels nie. Daarom moet ons waarsku teen die blote nasionaal-sosialistiese eenheidsleer, wat die eenheid nie in Gods verbondswoord nie maar in eie ras, bodem en bloed wil fundeer, om dit dan te verafgood en te aanbid asof dit die hoogste goed op aarde is.

Nee die skriftuurlike leer van die ware hernieude nasionale volkseenheid het sy eenheidsgrondslag in Gods verbond waarin die Here sê: “Hulle sal *vir My* 'n volk wees, (nie vir hulleself nie) en *Ek* sal vir hulle 'n God wees (nie hulle self sal hulle God wees nie). En my *kneg* Dawid sal koning oor hulle wees en hulle sal almal een herder hê”. Dawid is hier 'n *kneg* wat *koning* is, om as kneg Gods wil te doen. Die *kneg* wat koning is, doen *Gods* wil. So is Dawid hier *'n* tipe van Christus en is hierdie profesie 'n Messiaanse profesie. Christus Jesus, die kneg van die Here soos Jesaja Hom noem, sal Koning wees en Herder, Ewige Vors, met 'n ewige Vredesverbond, waarin God sy tent oor Israel span en hom sy onaantasbare eiendom maak en waarin hy Hom dien en sy verordeninge hou.

En so, gemeente, as die Heilige Skrif van 'n nasionale volkseenheid spreek, dan is dit 'n beslis *Christelik-nasionale* volkseenheid, gegrond in Gods genadeverbond. Dit is sy godsdienstige grondslag. Daarom is dit nie genoeg om te spreek van ons nasionale volksgoedere nie. Ons moet Christelik-nasionaal wees. 'n Christelik-*nasionale* skool, universiteit, Republiek. Christelik-nasionale nywerhede, koöperasies, volksorganisasies, politiek ens.

Maar genoeg! Die profeet toon aan dat hierdie hernuwing van Israel in sy godsdienstige bestaan hom openbaar in die gemeenskap van die heiliges. Israel het hom radikaal losgemaak van die drekgode en die verfoeisels waarmee hy oortree het. Israel het gebreek met die Godtergende samesmeltingsgodsdiens. En hy het geword 'n volk van God, en die HERE alleen was sy God. Hy het weer in heilige gemeenskap met God geleef en die Israeliete onderling met mekaar ook.

Hierdie profesie is in die eerste plek vervul onder Esra en Nehemia toe hulle op plegtige wyse die verbond met God vernuwe het en die ganse volk weer die hele wet van God van die platform af aangehoor het — almal, klein en groot, oud en jonk. Toe het hulle ook weer Paasfees gevier. En daar was nie meer twee heiligdomme nie — Bethel en Dan het nie weer opgekom met hulle godsdienstige verset teen Jerusalem nie. Die hele Israel het godsdienstig sy eenheid in Jerusalem uitgeleef.

Maar die heerlikste vervulling van die profesie was met Pinkster. In Handelinge van die Apostels word dit vir ons so skoon beskryf. Teenoor die verdeeldheid van vroeër en die naywer wat daar selfs onder die apostels geheers het, was die ware Israel, die geestelike Israeliete almal *eendragtelik* byeen. Hulle was *eendragtig* volhardend in gebed en smeking. Hulle was *één* van hart en siel in die Here. Dit was die skone vrug van die werksaamheid van die Heilige Gees wat in hulle midde kom woon het met Pinkster en hulle met heilige liefde-vuur aangevuur het.

Dit was nie 'n skyneenheid bokant geloofsverdeeldheid soos die valse godsdiens die wêreld wil saambind in 'n wêreldbroederskap, 'n wêreldkerkeenheid en 'n wêreldgodsdiens nie. Nee, die Heilige Skrif ken so 'n valse eenheid ook van die godsdiens nie. En ons hoor soms ook onder ons vandag op dié wyse spreek van godsdienstige eenheid onder ons: Ag dis maar één Bybel, een God! en daaragter verdoesel ons verder alle godsdienstige verskeurdheid van die huidige Christendom weg. Dis die valse eenheidsgedagte wat die geloofsverdeeldheid nie ophef of uit die weg ruim nie maar wat homself bo die verdeeldheid verhef en maak asof daar nie so iets is nie.

Nee, die Nieu-Testamentiese heiliges was saamgebind in die eenheid van die ware geloof en liefde in Jesus Christus. Hierdie gemeenskap van die heiliges — hoe bestaan dit, waarin openbaar dit hom? Wat sê die Skrif? Wat sê ons belydenis?

Wat Eségiël daar met die twee simpele houtjies voorstel, wys verder ook op hulle godsdienstige eenheid. En Dawid, dit is Christus, sal Koning en Herder wees. Die heerlike waarheid word eers na Pinkster ten volle duidelik. Daardie heilige gemeenskap en eenheid

openbaar hom in die kerk van die Here. Wat die kerk *Kerk* maak, is juis dat dit die woon- en werkplek is van die Heilige Gees wat saambind, wat heilig, en geestesgawes uit een bron skenk; is juis dat daar *eenselfde woord en wil van God verkondig word,* waardeur die gelowiges vergader word. Die eer en die wese van die kerk is dat dit die *liggaam* is waarvan onse Here Jesus Christus ons enigste Hoof en Koning is, en dat hierdie liggaam nie vir die voet of vir die hand of vir die oor kan sê: ek het jou nie nodig nie! Alleen van 'n lyk kan jy somaar bene en arms afskeur sonder dat dit gevoel word. Maar van 'n lewende liggaam nie. Ons moet dit goed verstaan: waar daar verdeeldheid heers, is die duiwel die werker en daar is ook geen kerk nie maar 'n sinagoge van Satan. Daarom dat die eenheid van die heilige algemene Christelike kerk dan ook 'n stuk van ons belydenis is — dis 'n gemeenskap van die heiliges. Ons Hoof, Christus, werk met sy Gees deur die liggaam van die kerk as instituut, deur sy gepreekte Woord. Die Heilige Gees is dan ook nie somaar sonder 'n instelling, sonder kerklike organisasie op die breë golwe van die volkeresee uitgestort nie, maar *in die kerk* wat deur die apostels georganiseer is. Toe is in die wel georganiseerde kerk waarin hulle eendragtig saam vergader was en gebid het, die Heilige Gees uitgestort. En die lewe van die kerk in gemeenskap met al die gelowiges moet die lewende bewys wees dat die kerk die woonplek van die Heilige Gees is. En as die kerk die woonplek van die Heilige Gees is, dan moet die kerk *één* wees, soos die hele volk godsdienstig één in Jerusalem was.

En daarom, gemeente, moet ons ons steeds afvra, hoe openbaar ons die eenheid van die gemeente in Christus? Kom ons eendragtig bymekaar elke Sabbat? Gaan dit ons ter harte dat 'n broeder of suster somaar wegbly waar hulle hier kon gewees het? Voel ons kerklike liggame pyn as gelowiges op die Sabbat gaan rondkuier in plaas van om eendragtig hulle eenheid deur die geloof in Jesus Christus te openbaar deur hier saam te luister na sy Woord, saam sy lof te sing asof uit een mond, saam sy Naam te aanbid asof uit een hart, saam ons liefde vir die armes van Christus te openbaar deur tog nie na te laat om ons liefdegawes te gee nie! O, ons besondig ons grootliks teen die eenheid van die gemeente. Ons moet saamstaan soos een man in die stryd teen die sonde, om 'n kwaad in die gemeente teen te gaan! So het Israel, sien Eségiël, soos 'n magtige leër op die voete gaan staan. Dis die strydende kerk in sy eenheid teen die ongeloof, teen die wêreld. En dis veral hier waar ons Christelike kerke swaar skuldig staan. Kyk hoe is ons Afrikaners verdeeld in Suid-Afrika. Laat die oorsaak nou verder wees wat dit wil — ons kerklike verdeeldheid as gelowiges is 'n sonde! Die Skrif ken nie so iets dat onder een volk met een taal en eenselfde nasionale volksaard kerklike verdeeldheid moet heers nie. Ons is vandag nie net as volk verdeeld nie, maar ook kerklik-godsdienstig verdeeld en gedeeld.

Seker, as daar twee of drie volke, tale, ens. naasmekaar in een landstreek woon, dan kry ons, as hulle almal dieselfde geloofswaarheid bely, twee of drie groepe ware kerk, want God maak die tale, God skep die nasionaliteite. En God wil die verskeidenheid, die pluriformiteit in sy kerk tot openbaring laat kom onder die verskillende volke. Dis dan nie kerklike gedeeldheid nie. Maar onder *één* volk, met een taal en kultuur, moet die ware gelowiges nie twee of drie kerke hê nie. Dit het by ons soos by Israel 'n sondige tweede natuur geword, dat dit maar so moet wees; dit kan nie anders nie. Maar Eségiël vat hier voor u oë die twee stokkies in sy hand saam en sê: “Nie meer twee nasies; ook nie meer *twee* koninkryke nie, maar een volk vir my, sê die Here, en Ek julle God”. Ook ons kerklike gedeeldheid is sonde. In die hemele sal daar nie 'n Gereformeerde Kerk, 'n Nederduits Hervormde Kerk en 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk wees nie, maar slegs een heilige algemene Christelike kerk, wat as triomferende kerk die lieflikste eenheid rondom Gods troon openbaar. En van daardie heilige kerk moet ons as strydende kerk op aarde 'n openbaring wees.

O nee, ons mag nie ons sonde daar op die punt van die volkslewe wil voel en nie ook in ons kerklike lewe nie. As ons waarlik Christelik-nasionaal wil wees, dan moet ons ons sonde

hier gevoel. En predikante moet onthou, hulle is nie kerkedienaars nie, maar bedienaars van die Goddelike Woord. Elkeen moet nie sy kerkegroep teen die ander verdedig nie maar ons moet Gods Woord verkondig, al gaan dit ook teen ons kerkegroepe in. O, ons is te trots, te kleinserig op dié punt, maar dis 'n sondige sieklike kleinserigheid. Die Skrif spreek hier hard tot ons Afrikaners op kerklike gebied. Daarom, ons moet ons vernuwing hier openbaar, in godsdienstige kerklike eenheid, nie na ons sin nie, maar na Gods Woord. Ons moet bid, nie weer om die uitstorting van die Heilige Gees nie, (want Hy het gekom) maar om sy heerlike en kragtige *deurwerking!* Ons het die belofte van die Heilige Gees ontvang, maar in geen geval moet ons met die belofte stilsit en niks doen nie. 'n Jong kerk in Jerusalem het die belofte van die Vader gehad, dat hulle met krag uit die hoogte aangedaan sal word. Maar hulle het nie stilgesit nie. Hulle het eendragtig hulle geloof daarin beoefen. Dit was nie 'n belofte wat daar swart op wit gestaan het nie, sodat mens dit in 'n boekie mooi in 'n kassie kon wegsit nie, maar 'n belofte wat almal eendragtig in hulle harte gelowig omgedra en gekoester het, waarvoor hulle gebid het, dat dit mag geskied, meer en meer. Dis kerklike eenheid van 'n gemeente. Dis *gemeenskap* van die heiliges. Hulle het nie net eendragtig daarom gebid nie, maar hulle het selfs eendragtig die gebed verinnig tot 'n smeke. Hulle het op Gods troon aangeloop: “O Heilige Gees, breek ook in ons harte deur! Verlaat nie die bodem van ons volk nie. Verlaat die bedding van ons kerk nie. En laat nie toe dat ons langer u smaad, deur so koud en sonder liefdesgemeenskap te wees nie. Kom, o Heilige Gees, en deurwaai u hof, sodat die speserygeure daaruit opstyg. U liefdegeur moet elkeen tot liefde noop in die gemeenskap van die Heiliges. Vervul u belofte dat ons nie meer twee volke sal wees, verdeeld in twee of drie partye nie. Nie meer twee of drie kerke net met dieselfde belydenisskrifte nie, maar een volk, en een kerk, ook met dieselfde *belydenis.* Laat tog vandag Dawid, Jesus Christus, oor ons koning wees, en laat ons gehoed word deur een herder!” Een heilige Drieenige God, een heilige volk in 'n heilige land, daarop wag ons, daarop moet ons aanleef. Dit sal dan ons erfenis, ons deel, ons ewige verbond met God wees.

**Amen.**

## 24. GOG — DIE ANTICHRIS AAN GODS LEIBAND

**Lees**: Eség. 38, 39.

**Teks**: Eség. 38:2, 3, 17.

Eségiël 38 en 39 plaas ons voor een van die moeilikste Skrifgedeeltes uit die Ou Testament. Heelwat besonderhede daarin is tot vandag toe nie met sekerheid te verklaar nie. Maar die groot gedagte van die uiteindelike optrede van die Antichris teen die kerk van die Here, en hoe hy deur God self smadelik vernietig sal word, is duidelik genoeg tot troos van die kerk gegee.

Die geweldig belangrike vraag wat na hoofstuk 37 oorbly is dit: Wat sal gebeur met die nasies? Sal hulle nie weer opmaak *om* die Here se volk, sy heiligdom aan te val en te verwoes nie? Sal hulle nie wraak neem op die onverwagte herstel van Israel nie? Hierop gee Eségiël antwoord in sy profesie teen Gog, die veelal duistere persoonlikheid, die inkarnasie van die Gode-vyandige wêreldmag onder wie se banier dan ook die hele wêreld optrek. Hulle sal optrek om Israel se vrede te beroof en sy rykdom uit te buit — om die kerk van die aardbodem uit te wis. Maar Israel self sal nie hoef te stry nie, want God self sal sy mag in 'n vreeslike slag totaal vernietig. Dit is Israel se troos.

Na die stryd van die kerk op aarde teen sy sewetal vyande (hfst. 25—32) sal daar ten laaste nog 'n vreeslike krygsgeweld teen die kerk losbreek. Nie meer word Jerusalem deur die optrekkende leërs verwoes, soos onder Nebukadneser nie, maar in Gog se dae sal die Here sy

woning, Jerusalem, *beskut* en in 'n vreeslike slag die volkeremag *breek*. Gog se val is dus eintlik God se antwoord op Jerusalem se val. So bestaan daar dus 'n noue verband tussen die Babiloniese ballingskap, die terugkeer daaruit met die hernuwing van land en volk van Israel, en die neerlaag van Gog.

Dit alles geskied tot die heerliker openbaring van Gods Verbondsnaam, nou nie net vir Israel nie, maar ook voor die oë van al die nasies deur wie God nog altyd so kleinlik geag is. Dan sal hulle sien en weet wie die HERE is.

Om dan ook hierdie troosprediking vir die strydende kerk van die Here te bring, let ons

(1) op Gog, die Antichris in die Ou Testament verpersoonlik.

(2) Op die beskikking en beslissing van God oor Gog se mag tot Gods ewige eer.

**I.**

In die profesie oor Gog, gee Eségiël vir ons die wesenstrekke van die Antichris. Maar tegelyk bly Eségiël hierin kind van sy tyd; hy kies sowel vir die Antichris as vir sy medestanders name van destyds bekende groothede. Die organisasie en mobilisasie van volkere in die tyd wat onmiddellik op die ballingskap volg en wat nie veel verskil van dié tydens die ballingskap nie, is onder Gods beskikking sodanig, dat die profeet daarin die wesenlike kleure en trekke vind van die vleeswordende duiwel, van die mens van die sonde, van die Antichris wat hom teen God en sy kerk boosaardig verset. Sonder om die name nader te vermeld, het Daniël in hoofstukke 8 en 11 vir ons dieselfde antigoddelike mag geteken. En in Openbaring van Johannes 20:7—10 word die mens van die sonde in sy hoogste magsontplooiing en verset teen God en sy kerk ook aangedui met teruggrype na die benoeming “Gog” van Eségiël 38 en 39. Maar die feit dat Eségiël en Johannes dieselfde naam “Gog” gebruik, beteken nie dat hulle dieselfde historiese persoon op die oog het nie. Trouens, Eségiël het die oog op 'n vors wat op 'n bepaalde plek woon, in sy tyd, terwyl Johannes profeteer van die mens van die sonde wat aan die uiteinde nog sal kom. Die wording, ontwikkeling en koms van die antichristelike mag in verskillende persone openbaar deur die geskiedenis heen *presies dieselfde kleure en wesenstrekke*, en daarom noem die Skrif die Antichris deurgaans Gog, 'n naam wat tot hiertoe nog nie met sekerheid verklaar is nie.

Maar, gemeente, dit gaan in hierdie profesie dan ook nie om die vasstelling van die historiese figuur op wie die naam Gog van toepassing was en is nie. Hieruit mag nie afgelei word dat hy die naam God sal dra, dat hy die aanvoerder sal wees net van die met name genoemde geallieerdes en dat hy nou juis net in Palestina sal optree nie. Wie dit wil doen, misken die wesenlike aard van die profesie en verlaag die Bybel tot 'n waarsêersboek. Dit sou net so dwaas wees as om te sê sy naam sal wees “bees” (Openb.) of “mens van die sonde” (Thess.). Nee, hier is openbaring van die waarheid — die waarheid aangaande die Antichris, sy gees, sy wesenlike aard, sy bose bedoelinge, sy mag, sy optrede, sy smadelike ondergang, ens., sodat die kerk van die Here in hierdie lewe die gees van die Christus sal onderskei van die gees van die Antichris, in die waarheid sal wandel, en ten spyte van die magsvertoon van die Antichris verseker sal wees van die oorwinning van die Christus — ja, sodat die kerk des te heerliker die Here HERE mag ken tot sy ewige eer.

Sekerlik, Eségiël se profesie doel op so 'n bepaalde historiese figuur, wat volgens verklaring gekom het in die persoon van Antiochus Epifanes 175—161 voor Christus, in wie die tekening van die Antichris na die profesie van Eségiël tot volle verwerkliking gekom het. Maar daarmee is hierdie profesie nie uitgeput nie. Inteendeel, die profesie teken vir ons die trekke van die Antichris *deur die eeue heen*, totdat in Openbaringe die tekening ook van die Antichris sy eindbeslag kry. Vandaar dan ook die verskil tussen Eségiël en Openbaringe aangaande Gog, sonder dat die een teen die ander uitgespeel word:

1. In Eségiël is Gog die naam van die *aanvoerder* en Magog die land vanwaar Gog kom; in Openbaring is Gog en Magog die benaminge vir die volke van wie *Satan* self die aanvoerder is.
2. Die volke van Eségiël kom veral uit die Noorde, terwyl Gog nog sy bepaalde woonplek het; in Openbaringe kom die Gog en Magog uit die vier hoeke van die aarde.
3. Na die ondergang van Gog word volgens Eségiël sewe jaar lank vuur gestook met Gog se wapens en sewe maande lank word die lyke begrawe; in Openbaringe volg die ewige oordeel onmiddellik op die val van die Gog en Magog.
4. In Eségiël tref die nederlaag Gog sowel in Kanaän as in sy eie grondgebied. In Openbaringe word die Gog en Magog op een plek verwoes.

Hieruit word alleen duidelik die opkoms, die ontwikkeling van die antichristelike mag deur die eeue heen tot sy ondergang toe. Dit openbaar die profesie, en daarmee moet die kerk rekening hou.

Laat ons nou ten eerste let op die *mag* van die Antichris volgens Eségiël. Die profeet kondig hier aan dat Gog, die vors van Ros, Meseg en Tubal, dit is die noordelike gedeelte van die Eufraatrivier en Kaukasusgebergte tot aan Klein-Asië, onder sy vaandel sal aanvoer: 1e die Perse, die leiers van die Omman-Manda, 'n Iraniese volkeregroep; 2e Kusiete en Putiërs, die bewoners van Abessinië en Somaliland in die Suide; 3e Gomer en die huis van Togarma, dit is die Iraniese volkegroep, die Krimmeriërs rondom die Swartsee, in Armenië, later onder Midas in Frigië en onder Iyges in Lidië. En daarby word dan nog gevoeg: *baie* volke saam met Gog. En hulle is 'n goed gewapende, groot leërmag: perde en ruiters wat *pragtig aangetrek* is, sierlike uniforms. Verder dra hulle die groot en klein skild, en is hulle geoefen met die swaard. Hulle dra ook almal die helm. Uit hfst. 39 blyk nog dat hulle ook met boë, pyle, knopkieries (knuppels) en spiese gewapen is (vers 9). Hieruit blyk die mag van die aanvoerder Gog. Hy moet 'n geniale mens wees van wie 'n betowerende mag en invloed uitgaan; 'n kragtige persoonlikheid; 'n ryk begaafde mens. Hier sien ons 'n mens wat die samesnoering van alle moontlike menslike kragte ten volle beheer: die mag van die persoon, sielkunde, wetenskaplike tegniek, organisasie, politiek, diplomasie, mobilisasie, en veral militêre mag. Die Antichris sal 'n wêreld-diktator wees, met mag soos Openbaring 13:7 meld, om alle stam en taal en nasie tot 'n reusagtige totaalstaat, 'n magstaat, om te smee, sodat almal wat die aarde bewoon in bewondering en aanbidding aan sy voete sal neerlê.

Dit is juis die tekening van Gog as Antichris! Want aan ons Here Jesus, die Christus, is, ja nog voor sy kruisdood en opstanding, reeds *alle* mag gegee in hemel en op aarde. Let op: nie *Almag* nie, want dit het Hy alleen as tweede persoon in die Heilige Drie-eenheid, na sy goddelike natuur — maar alle mag, dit wil sê die totaalsom van alle beheersbare skeppingskragte. Mag oor die visse, die voëls, die see, die winde, die mens, die geeste. Ook organisasiemag. Ons Here Jesus het 'n organisasie in die lewe geroep waarteen die magtigste wêreldryke hulle te pletter geloop het, naamlik die kerk wat die Woord van God en sakramente moet bedien om so alle uitverkorenes te vergader, te organiseer en in 'n koninkryk te mobiliseer onder die banier van die kruis. En die Christus is die owerste Leidsman, die enige aanvoerder.

En nou kom die Antichris-mens en betwis dit dat alle magte aan die Christus behoort. Alle magte eien hy hóm toe. En hy daag die hemel en die aarde uit. Hy daag God en Christus uit. Hy daag die organisasie van Christus uit, die kerk: God, Christus, wie is jy? Hy organiseer, diplomatiseer, mobiliseer elke stam, nasie, taal en elke moontlike wapen fabriseer hy en stel hy in sy magtige totaalorganisasie in werking, om God en Christus en die kerk weg te veeg.

Dis die teenstelling van die Skrif. Solank as wat u sien dat oorloë nog gevoer word van Ryk teenoor Magstaat; solank as wat die teenstelling in die oorloë nog is oor geld, goud en

goed wat die een besit en die ander toekom of ook graag wil hê; solank as wat die gelowiges nog aan beide kante in die oorloë gewikkel is — solank is dit nog nie die antichristelike mag wat as sodanig optree nie. Volgens die Skrif is dit dwaasheid om byvoorbeeld Duitsland vandag as die Antichris te bestempel. Maar die Gees van die Antichris gaan nou skool. Hy neem les in die kuns om alle magte te organiseer. En die kerk van onse Here moet hom bewaar vir enige bewondering van imperiale of totaalmagte. En die kerk van onse Here moet leer om sy mag nie te soek in organisasies as sodanig, in diplomasie, in gemobiliseerde en in gemilitariseerde magte nie. Die mag van die kerk is die geloof in ons Here Jesus Christus, wat reeds in besit is van alle denkbare mag in hemel en op aarde. Want die Lam sal die Antichris oorwin. En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof dat Jesus die Seun van God is (Joh. 5:4, 5). Daarom word die kerk opgeroep tot geloof in die Christus, tot geloof in sy onfeilbare Woord; tot geloof in sy beloftes. Elke vertroue en geloof in wêreldryke is geloof wat al vooruitgryp na die Antichristelike mag. Teenoor elke imperiale militêre mag moet staan nié 'n ander militêre mag nie, maar die lydsaamheid in die geloof van die heiliges (Openbaring 13:10). Dis die oorwinningsmag van die kerk: die heiliges verenig in die eenheid van die ware geloof, vergader in die kerk van Christus.

Verder word in hierdie profesie die bose oogmerke of bedoeling van Antichris Gog vir ons ontvou. Die profeet sê: Sy werk is om 'n *listige plan te beraam.* Nie verniet teken Openbaring van Johannes hom as 'n dier wat eensdeels soos 'n luiperd is nie, 'n sluwe voorleer.

En wat die lis van Gog so afskuwelik maak is dit:

1. Hy maak nié 'n aanval op 'n *gelykwaardige weermag* nie. Nee, in sy lis sê hy: “Ek sal optrek teen 'n land wat ooplê, en sal kom by rustige mense wat in veiligheid woon; wat almal woon sonder muur en geen grendel of poorte het nie”. Dis die kerk van die Here wat deur die krag van die geloof en nie deur uitwendige magsmiddels lewe nie. En na die kerk sluip hy slu, na die heiliges van God, die weerlose skape van Christus, met sataniese bedoelings om uit te roe**I.**
2. Daarteen bring hy die *hele aarde in beweging* met perde en ruiters, met skilde groot en klein, met swaarde, pyle, boë, knopkieries, spiese, bomwerpers, duikbote, slagskepe, kanonne, granate, kartetse — teen mense wat geen kwaad beoog nie en die hande slegs in aanbidding van God in Christus vou.
3. Die Antichris se bose oogmerk is nie om die mens en die wêreld herskep te sien nie. Hy haat dit dat God Kanaän weer vernuwe het en dat God sy volk weer uit die ballingskap terugbring. Hy walg om te dink aan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, met 'n nuwe mensheid vol van geregtigheid. Hy wil nie opbou en behou nie maar verwoes en bloed vergiet. Hy doen wonderlike dinge voor die mense, maar net om te verlei (Openb. 13:13).

Hierteenoor leer u die Christus des te heerliker ken. Christus wil nie verwoes nie, maar red; Hy begeer nie 'n verlore wêreld nie, maar 'n verloste wêreld. Sekerlik, onse Here bring oorlog en ballingskap oor Jerusalem, maar dit is om die ongeregtigheid van die kerk te besoek. En in sy ewige liefde en om sy heilige Naam ontwil rus Hy nie voordat Jerusalem weer herbou en weer rykelik met 'n hernieude volk bevolk is nie. So stuur hy vandag hierdie oorlog om sy kerk te louter, nie om te verwoes nie. Ook hierdie oorlog is Christus se oorlog. En dis vir sy kerk om hom te bekeer tot die Christus van die Skrifte, tot die Here onse God, en aldus behou te word. Christus lei en red. Maar die Antichris kom net met sluwe planne om te verwoes. Die kerk van onse Here weet dit en moet daarom in lydsaamheid en in die geloof volhard tot die einde toe.

Verder spreek Eségiël oor die *smadelike einde* van Gog in sy beeldryke Oosterse taal. Juis

as Gog waan dat hy nou die hoogtepunt van sy mag bereik het, sal die Here God hom smadelik neerwerp. Eségiël teken hierdie ondergang in drie trappe na die diepte.

Die *eerste trap* is: Waar Gog listig gekom het om te roof, daar sal hy tot 'n magtige buit vir Gods volk gestel word (Eség. 39: 1—10). Net van sy boë, pyle, knopkieries, ens. sal Israel sewe jaar lank vuurmaak. Die sewetal hier is simbolies en wil sê dat Israel vir die volheid van sy werksweek genoeg aan brandstof sal buit. Die brandstof vir die verderf, die Hel, bring die oortreder self uit hierdie lewe saam! Daar wag 'n smadelike einde vir Gog. Al sy wetenskap, tegniek, organisasie, ens. sal hom somaarso ontval, dat hy totaal niks het nie. Dis 'n Goddelike ironie op die Antichris. Hoe sal onse God uit die hemel nie vir die Antichris — die magsmens met sy magsmiddel — lag nie!

Die *tweede stap* in sy smadelike ondergang is dat Gog homself met sy *eie* wapens in 'n groot verwarring te gronde sal rig. Die HERE sal die swaard van die een teen die ander keer. Sy smaad is nie net dat hy sy magsmiddels sal verloor nie, maar dit sal hom ontval nadat hy in sy eie mag verongeluk het. *Wat 'n maghebber!* So swak dat sy eie mag sy dood kos! Die land is vol van dooies. Sewe maande sal Israel begrawe aan die lyke en dan nog sal manne van beroep die bene oor die land vergader in die dal van Gog se menigte. Dis weer simbolies en dui die totale vernietiging van Gog in die helse grafkelder van ewige smaad aan.

Die *derde trap* van sy smadelike ondergang is dat allerhande onrein voëls 'n offerfees sal vier van Gog se dooies. Die smadelikste vir die heiden is dat die lyke nie begrawe is nie maar *in rusteloosheid daarmee heen is.* Waarlik, hier is die getal 666 vir ons uitgebeeld. Gog sal klim tot die hoogste moontlike magsmoondheid onder die son, maar by 666 eindig dit. In die sewetal, die getal van rus en vrede, deel hy nie. Sy ondergang is in die geheimsinnige dal Hamona — die rustelose verderf.

Die geloof oorwin die wêreld en gaan in God se rus van die sewetal in. So hét die heiliges deur die geloof die Christus, die ware maghebber, oor die dood en die graf heen oorwin. En by Christus is daar ook drie trappe: Sy vloek- en straflyde, sy vloek- en strafdood, sy vloek- en strafbegrafnis. Maar Hy het nie soos die Antichris in die gevangenis van die dood en dalgraf gevange gebly nie. Nee, as die ware maghebber het Hy daaruit opgestaan, oorwin, en deur die geloof in die Christus het sy gelowiges deel aan sy oorwinning en gaan hulle 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde tegemoet waarvan ons seker is, deur die geloof, dat Antichris Gog nie eens een daaruit sal kan ruk in sy onheilige verwoestingspoging nie.

Laat ons dan roem, nie in waens en perde nie, nie in die moderne oorlogtuig nie, maar in Christus, in die gekruisigde, in die Naam van onse God. Want heerlik is sy Naam bo alle name.

**II.**

Waarlik, hoe ryk word die heerlikheid en die majesteit van Gods naam dan ook tog nie geopenbaar in die smadelike ondergang van Gog nie! Ons let tweedens korteliks daarop.

In die smadelike ondergang van Antichris Gog gaan dit om die alleen-ere van die Here. Die vernietiging van Gog is uitsluitend die werk van God. Israel self bewerk niks van die oorwinning nie. Israel *verwerf* ook niks van die buit nie. Israel *deel* slegs in die buit. Israel *erf* die buit, en Israel moet die land heilig.

Die ere is aldus die Here s'n. En kyk tog net hoe heerlik en vol majesteit is die Here hier. Die verskyning van die Antichris in al sy pralende magsvertoon sal vir die Here nie 'n pynlike verrassing wees nie. Inteendeel, soewerein kondig die Here sy koms aan nog vóórdat hy daar is. (Eség. 38:17): "So sê die Here HERE: Is jy dit van wie Ek in die voortyd gespreek het deur my knegte, die profete van Israel, wat in dié dae geprofeteer het, jare lank, *dat Ek jou*

*teen hulle sal laat aankom?"* Die Here God het Antichris Gog se koms nie net *voorspel* nie maar dit ook *bestel!* Dis 'n duiselingwekkende gedagte — God roep sy boosaardigste teenstander op die wêreldtoneel. Wel smee die Antichris *sy* bose planne, maar dit dien slegs ter uitvoering van *God* se plan. Duidelik sê die Here dit in 38:4: "En Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit en jou laat uittrek en jou hele leër". Soos 'n dier wat met 'n haak aan sy neus willoos rondgelei word, só beskik die Here oor die Antichris.

Hier kom in heilige ironie die bevel tot Antichris Gog: "Hou jou reg en maak jou klaar, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het; en wees vir hulle 'n leidsman!" (Eség. 38:7). God beveel, en nie 'n uur, nie 'n sekonde eerder as wat God dit wil, mag die vyand opruk nie. Die Here self gee in die vyandige kamp die kommando: "Hou jou reg, Ek het jou nodig! Nodig om in jou totale instorting My Naam as Verbondsgod van My volk, My eer en majesteit te openbaar". En waar God self te heilig is dat Gog teen Hom kan stry, daag God die Antichris in sy kerk uit. En nog voordat hy Christus se kerk bestorm, reken God met hom af.

So pryk in heerlikheid bo die pralende Gog-mag die Naam van die Here HERE. So moet Israel insig kry in die eiesoortigheid van Gods wese! So moet die kerk tog leer om die Here God nie op een lyn te stel met die magte en gode van die volke van die wêreld nie! So moet die kerk leer om algeheel op die alvermoënde Verbondsgod te vertrou.

Sodra Gog nader, ontsteek God se toorn in sy heiligheid. In God se neus kom Gods grimmigheid op. Dis 'n mensvormige uitdrukking wat die sterke gemoedsuitbarsting van Gods toorn teken. Vandaar dat die ganse natuur, al God se skeppingsmagte in verweer teen Gog gebring word: 'n geweldige aardbewing wat hom oor heel die geskapene sal voortplant — voëls, visse, diere (lug, see en land). Die ganse skepping sal in diens van God vir Gog afskud! Die aardbewing is 'n vaste element in die gerig van die laaste oordeel. Maar wonderlik, Israel, die kerk, word daardeur nie bedreig nie, nes vroeër in Gosen. Dit kom ook uit in die volgende (vs. 22): Pes is 'n verderflike siekte — en bloed vloei uit die vreeslike onderlinge vyandskap; die son word gerem en hael val (Josua 10 — teen Kanaäniet en Amoriet), vuur en swael (Sodom en Gomorra), vulkaniese uitbarstings daarby. God stel alle skeppingselemente in verweer teen Gog.

Met hierdie strawwe en plae het God magtige ryke, Egipte, Kanaän, Assur verwoes. Hiermee verwoes Hy uiteindelik die magtigste vors, Antichris Gog, tot volkome verlossing van sy kerk.

En die nasies moet leer dat God nie somaar 'n miskenbare kwantiteit in die wêreldlewe is nie. Die vreeslike lot van Gog moet aan die wêreld toon wie en wat God is. As Hy Israel in ballingskap laat gaan, dan is dit nie omdat Hy swak is nie, maar dan is dit omdat Hy ywer vir sy Naam teen die trouelose Israel. As Hy sy kerk in oorlogswolke hul, en onder die vuurstrale van kanonne en kartetse laat deurloop, dan is dit nie omdat die wêreld handuit ruk nie! Dan is God nie te bejammer onder die vreeslike wêreldmag nie. Dan is dit God wat die kommando voer: "Wees paraat, Hitler, hou jou reg. Maak klaar, Rommel, Brauchitsch!" Hulle mag meen dat hulle generaals is, maar in werklikheid is hulle korporaals van die Opperbevelhebber van hemel en aarde.

Hulle aanvalsplan is ingeskakel in sy groot aanval. Dit moet die gelowiges weet, ook as dit tot besoeking van die kerk is, dat dit die Here onse God is wat in elke oorlog so die magte oproep.

Maar bo dit alles moet die kerk ook weet tot sy ewige troos, dat die allerlaaste en allermagtigste vyand van God en van sy kerk, wat vir goed die kerk van die aardbodem wil uitwis, maar net op *Gods bevel* wag, op die bevel van die Christus aan Gods regterhand. So weinig het die Antichris mag teenoor die Christus. En daarom só sterk is die kerk deur die

geloof in Christus — meer as oorwinnaars selfs teenoor die vreeslikste militêre mag.

Van die kerk word geëis die spankrag van die geloof, en dit veral in die tyd van die Antichris. Wees paraat in die geloof, weer die onheiligheid. Dis bes moontlik dat ons nie die tyd van die Antichris sal beleef nie. Dis net so goed moontlik dat ons dit wel sal beleef. Niemand kan sê nie. Maar u het niks meer nodig om te weet as *dit* nie: Staan in die *spankrag van die geloof* in Jesus Christus. Dis die gewisse oorwinning van die wêreld. Werk, en wag op Hom!

So sal die volk ingaan in die rus van God, rus deur God verwerf in die volkome vernietiging van sy vyand en daarom ook van sy kerk se vyand. So sal God dan in ewige heerlikheid woon onder sy geheiligde volk op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel. En sy volk sal Hom en sy Christus ewig prys. Halleluja, want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.

**Amen.**

## 25. DIE PREDIKING VAN DIE MUUR

(Voorbereiding)

**Lees**: Eség. 40.

**Teks**: Eség. 40:5.

Ons tref Eségiël hier weer in die gees aan. Dis nou die tweede maal in sy profesieë dat hy deur Gods Gees na Jerusalem gevoer word. Die eerste maal in sy profesieë (hoofstukke 8—11) het sy gees al wat gruwelik in Jerusalem is, gesien. Die tweede maal is byna twintig jaar later, en nou sien hy 'n gans nuwe *tempel*, simbool van 'n nuwe geestesgestalte van die vernieude volk. Hy sien ook 'n geheimsinnige begeleier, 'n man soos van koper met 'n linnetou en 'n meetroede in sy hand. Die "man" dra boumeestersgereedskap en verrig dus boumeesterswerk.

Volgens die geheimsinnige man is daar by hierdie oënskynlik droë lengte- en breedtemate iets te sien en te hoor. En dat Eségiël op alles noukeurig ag gegee het, blyk uit die beskrywing. Die geheimsinnige man wat as 't ware op Eségiël by die poorte gewag het, gee ook die sleutel vir die verklaring van hierdie stuk. Ons moet dit goed in gedagte hou dat ons hier 'n visioen, 'n gesig, het. Dit is dus nie 'n *teorie* oor die ideaal van 'n goed geordende staat nie, en ook nie 'n *program* van wat Israel by hulle terugkeer uit die ballingskap moet gaan uitvoer nie. Nee, want die man gee aan hom die opdrag: *"Verkondig* aan die huis van Israel alles wat jy sien". Eségiël moet dus gaan *preek* — preek van 'n nuwe toestand van sake: die nuwe Godsryk wat aan die kom is, nadat Gods Gees uitgegiet is (39:29).

Ons het hier dus te doen met die nuwe vorm van die nuwe geestelike lewe — met die Nieu-Testamentiese kerk as die nuwe vorm van geestelike lewe na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag. Maar die profeet doen dit alles in vorme aan die Ou-Testamentiese erediens ontleen: tempel, offers, reiniginge ens. En ons moet die *geestelike betekenis daarvan verkondig soos die geheimsinnige man* dit ook vir ons ten laste gelê het. En dan is die hoofstukke nie meer niksseggende Skrifgedeeltes vol blote lengte- en breedtemate nie, maar ryke Evangelieverkondiging.

Ons wil vir ons voorbereiding u aandag bepaal by die prediking van die muur wat Eségiël gesien het, en ons let op die prediking van:

(1) die muur rondom die tempel met sy poorte Noord-Oos-Suid;

(2) die muur wat aan die *weste* blind en sonder poort is.

**I.**

Die hele gebouekompleks van die nuwe tempel het op Eségiël die indruk gemaak van 'n stad — *iets soos 'n stad* (vs. 2). En wat in die oog spring is: daar *is* 'n *muur.* En as ons maar soos Eségiël die vermaning van die man ter harte wil neem, dan val dit ons dadelik op dat dit wat op die berg soos 'n stad is en tog nie 'n stad is nie *die kerk van Christus is.* Ons Here Jesus het die mensdom van die nuwe bedeling by die poort van die Nieu-Testamentiese tyd ingewag en vir sy dissipels gepreek: “Julle is die lig van die wêreld; 'n *stad* bo-op 'n berg!” (Matth. 5:14).

Die nuwe vorm van geestelike lewe nadat God sy Gees oor sy volk uitgegiet het, is die *kerklike vorm* van godsdienstige lewe. Die kerk van Christus is tog iets soos 'n stad en rondom is daar die *kerklike* muur! Hier het ons die openbaring van wat die ware Skrifkerk is! Die kerk van die Here is nie somaar 'n oop tuin waar elkeen maar kan uit- en inloop soos hy wil nie. Die kerk het gelyk soos 'n stad in die ou tyd: 'n muur daaromheen en wagters op die mure — dit is bewaakte, afgeslote gebied. En dis nie net 'n Ou-Testamentiese gedagte nie. Die geheimsinnige man, ons Here Jesus, staan by die muur van sy kerk en Hy sê vir Petrus: “Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee”. En, gemeente, waar daar *sleutels* is, moet 'n *slot* wees. En waar daar 'n slot is, moet daar 'n *deur,* 'n *poort* wees, en dan moet daar natuurlik ook 'n *muur* wees, anders is dit sinloos om van sleutels te spreek. Die muur is die kerklike leer en belydenis, met sy prediking van die Woord en bediening van die sakramente, met sy ampte.

Nou is dit kenmerkend van ons tyd dat daar 'n afkeer is van die kerklike leer en ampte. Daar is die metodistiese geestesrigting wat wel 'n verandering, 'n vernuwing van lewe (bekering) beklemtoon, maar wat die kerklike vorm met sy ampte waarin die nuwe lewe hom moet openbaar nie van groot gewig ag nie. Godsdienstige groepies wat vir geestelike ontboeseminge en eie stigting saamkom, is vir hulle hoofsaak, omdat die kerk die siel persoonlik nie sou raak nie. Die kerkleer met sy ampte word bestempel as dodende *formaliteite.*

Maar as dit waar is dat die vernieude geestelike lewe, waar die Heilige Gees self werksaam is, nie ook 'n nuwe lewensvorm nodig het nie, dan sou Eségiël sy profesie kon afgesluit het by hoofstuk 37 waar hy klaar van die vernieude land *en* die vernieude volk geprofeteer het. Dan sou dit waar gewees het dat die vernieude lewe vormloos kan gedy in godsdienstige kringetjies. Dan sou allerlei sektes, altans wat die vorm betref, reg gehad het as hulle alleen by die drywing van die Heilige Gees en uit blote geestelike entoesiasme wil leef, met veroordeling van die kerklike vorm met sy leer en dienste.

Maar, gemeente, so is dit na die wysheid van God nie! Die profeet kom met mate en vorme. Want geestelike lewe sonder 'n daarby passende lewensvorm is skimagtig — nou dié gedaante en netnou weer 'n ander. Daarom staan die geheimsinnige man met sy linnetou en meetroede nou eenmaal daar en hy waarsku: “Kyk tog met jou oë, hoor tog met jou ore, en gee ag op alles wat jy sien en hoor”. Hier kom die Heilige Skrif tot die volk van God, in wie sy Heilige Gees woon en werk, met die eis van *kerkformasie.* Daar is die heilige linnetou vir die groot afmetings en die heilige meetroede vir die kleinere mate. Alle afmetings en vorme van die kerk moet voldoen aan dié eise wat die Heilige Skrif stel.

Die nuwe gees, die Heilige Gees met sy vernuwende werksaamheid, moet Hom openbaar in 'n belynde gestalte, in vaste reël en orde. Ons sien dus duidelik dat Eségiël nie net Réveil, “revivals”, die nuwe gees verkondig nie, maar *formasie* van die kerk — die vorm vir die Nieu-Testamentiese kerk, en die *reformasie* van die ontaarde kerk.

Die profeet stel duidelik dat die inwendige vernuwing gestalte sal aanneem in uitwendige vorme wat daarby pas.

Daarom staan Eségiël met soveel voorliefde en so lank stil by die mate van die tempel. Nee waarlik, die uitgerekte opsomming van die lengte en breedte van poorte, trappe, deurposte, poortportale, poortlokale, kamertjies, plaveisel, is nie somaar teoretiese liefhebbery van 'n tekenaar nie, maar dis die hartstog van die profeet wat die formasie van die kerk vurig begeer, wat die kerk van die Here met sy hele siel liefhet en waardeer, wat belydenis doen van die heilige algemene Christelike kerk in sy openbaringe. Dis sy liefde vir die ware *leer, diens* en *tug* van sy kerk.

Die *leer* van die kerk staan uitgedruk in die *poorte* van die muur. Die muur is 'n vierkant rondom die tempel — dit staan na die vier windstreke van die aarde! Hierdie leer is vir die hele aarde, vir elke stam en taal en volk en nasie — dis 'n wêreldwoord, 'n wêreldevangelie. So het onse Here Jesus ook gesê: “Gaan dan heen in die hele wêreld, en maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”.

Om die muur — die kerkleer — te ken, lei Eségiël ons deur die drie poorte van die buitenste voorhof. Al drie is presies eenders, dieselfde mate, dieselfde aantal trappe, ens. Die poorte is eintlik *poortgeboue* deur die muur heen, binne in die buitenste voorhof ingebou. Voor die poorte staan die geheimsinnige man met sy linnetou en meetroede. Hy lei Eségiël deur die poorte. Dit is die Christus, Seun van die lewende God. Hy is *die deur* van die skape. Niemand kom tot die Vader dan deur Hom nie. Die kerk is sy liggaam wat in die wêreld gestalte aanneem, en ons is sy ledemate.

Deur die geloof in die Christus — die deur — gaan ons in Gods heiligdomme in. Alleen as u deur 'n ware geloof by Christus en al sy weldade ingelyf is en 'n ware belydenis van u geloof doen, is u 'n lewende lidmaat van sy kerk, en kan u toetree tot die tafel van die bediening van die versoening, van hulp en heil, van sondevergiffenis, geregtigheid en ewige lewe.

Beproef u dus voor die nagmaal of u deur die poort Christus Jesus ingaan, die Christus bely as u Heiland, u Verlosser en Saligmaker.

Op hierdie belydenis, so het Hy vir Petrus gesê, sal Ek my gemeente, my kerk bou. Op hierdie belydenis sal Hy die geloof versterk. Hierdie leer is dus 'n *kerkleer*, 'n *kerkbelyde*nis! Wie dit bely, moet tot die kerk kom, moet lidmaat van Christus se kerk wees; kan nie, mag nie buite die kerk wees nie. En wie dit nie bely nie, hoort buite die kerk. 'n Ander leer is daar nie.

En die *diens* van die kerk leer ons ook in die poorte ken.

Die poortgebou het 'n *poortportaal*, in die voorhof ingebou, waarbinne daar vier tafels staan, met nog vier tafels onder afdakke vooraan die portaal in die buitenste voorhof, met hake waaraan al die gereedskap opgehang word. Op daardie tafels word die brandoffers geslag en afgespoel asook die soenoffers, d.**I.** die sondoffers, en die skuldoffers geslag. Dis die drie heiligste offers in Israel se seremoniële erediens. Hier leer u wat die diens van die kerk is wat in Christus vir ons vervul is, en wat ons deur die geloof in Christus nou moet beoefen. Die *brandoffer* word heeltemal op die altaar gelê en geheel en al verbrand. Dit het nie op 'n bepaalde sonde gesien nie, maar op die algehele sondigheid, op ons sondige aard enersyds, en andersyds op die algehele oorgawe, die algehele opoffering in die diens van die Here. Dit is 'n *geheeloffer* en beeld af wat die apostel in Rom. 12:1 sê: “dat julle jul liggame stel as lewende, heilige en aan God welgevallige offers”.

Dis die liefdediens van die lidmaat, van almal saam en elkeen afsonderlik. Dis die verlange, die begeerte, die voorneme van die nagmaalganger om voortaan so vir sy of haar Here te lewe. Alleen dié wat deur die poort gaan met die vaste voorneme om hulle op die tafels as brandoffers in hulle Here se diens te laat slag, kan deur die poort ingaan in die voorhowe. En dit nie uit eie krag nie maar deur die geloof in Christus wat Homself vir ons as 'n Brandoffer

gestel het en so vir ons 'n poort geword het. Dit is sy dadelike gehoorsaamheid.

Maar nog meer. Daar word ook *sond*- en *skuldoffers* geslag. Dit was persoonlike offers by persoonlike oortredinge van Gods wet om skulddelging en versoening te verkry. Die verskil tussen die twee is, dat die sondoffer gebring word by oortreding van Gods wet waar geldelike skadeloosstelling nie kan gegee word nie. En die skuldoffer is gebring in geval van ontrou teenoor God of die naaste, bv. wanneer iemand iets gevat of teruggehou het wat aan die heiligdom of 'n ander behoort het. Dan moes dit vergoed word, plus nog een-vyfde van die waarde van wat jy gevat of teruggehou het. Die bloed van hierdie offers moes op die altaar gesprinkel word en op die Groot Versoendag moes die bloed sewe maal in die Allerheiligste gesprinkel word en dan ook die ark met sy versoendeksel en aan die horings ook van die reukoffer-altaar gesmeer word. En die aard van die sonde waarvoor die sond- en skuldoffers gebring is, moet nie moedswillige sondes wees nie. Vir sulke opsetlike sondes kon geen versoening verkry word nie. En op die Groot Versoendag, die Paasfees, is ons Here Jesus as die Groot Sond- en Skuldoffer vir ons geslag en is sy bloed versoenend voor Gods troon gesprinkel. Dis sy lydelike gehoorsaamheid.

En deur die geloof in Christus moet ons deur die poortportaal by die tafels onsself slag, ons sondes teen God en teenoor mekaar berouvol bely. Dan kan jy ingaan na Gods altare in sy voorhof. Dan is daar vir jou versoening. Elkeen wat onwillig is om hierdie offers te bring, sal deur die poort nie kan ingaan nie. En elkeen wat opsetlik sondig, vir dié is daar geen versoening moontlik nie. En dit preek die ware kerk vandag nog. Dis die eerste sleutel van die ryk van God. (Kategismus, vraag 84).

Dis die diens van die kerk. Wie hierdie diens in die wind slaan, sluit homself uit die ryk van God tot sy ewige oordeel.

Ook die *tug* leer u in die poort ken. Die poortgebou was langwerpig. En voor jy by die poortportaal kom waar die tafels vir die brandoffers en soenoffers kom, is daar drie halwe mure aan die een kant en drie halwe mure aan die ander kant teenoor mekaar gebou, sodat daar drie nou deurgange is sonder deur, waardeur daar drie kamers aan die een kant en drie kamers aan die ander kant gevorm word. En voor die aldus gevormde kamers in die poortgeboue staan die poortwagters by die deurgange om dié wat nie mag ingaan nie te weer uit die voorhowe. Dis die kerklike tug en dissipline wat deur die ouderlinge in die kerk uitgeoefen moet word voor elke nagmaal. Wat is dit anders as die tweede sleutel van die Ryk Gods (Kategismus, vraag 85), nl. die Christelike ban!

Dit, gemeente, is die vorm waarin die vernieude volk van God hulle godsdienstige gestalte vertoon. Dis die kerklike vorm wat vereis word na Gods Woord. Dis die taal, die prediking van die mure vir die nagmaalganger.

En ag, daar is nog meer! Daar is nog die drie poorte na die binneste voorhof met hulle kamers, vir die heilige sangers, vir die priesters wat die diens van die huis en vir die priesters wat die diens van die altaar waarneem. Dit sê dat die kerk 'n *singende* kerk moet wees wat berouvol, belydend, toewydend, lofprysend sing. En daar is die amp van die barmhartigheid wat die huis van die gelowiges moet bedien met liefdegawes.

O die kerk is iets soos 'n stad, vol van heilige dienste en vol ook van lewe, nuwe lewe. Want kyk, by sowel die drie buitenste poorte as by die drie binneste poorte staan *palmbome,* simbole van die *lewe,* ewige lewe. Dis poorte nie net van versoening en geregtigheid nie, maar van lewe, ewige lewe. Dis die nuwe lewe wat onse Here in sy kerk wil voed en aan sy tafel wil spys en laaf. Gemeente, hoe begerig is die kerk dan tog nie. Nou verstaan ons waarom Eségiël elke trap, elke poort, elke drumpel, elke deurpos, elke kamer, elke tafel, elke haak meet en meet en ken. Hy leef in die kerk van sy Here vol brandende liefde! Sulke lewende

lidmate van sy kerk lei die Here self met sy linnetou en meetroede van poort tot poort, leer en lei hulle in alle waarheid.

**II.**

Maar dan lees ons ook nog dat die muur na die Weste geen poort het nie — dis 'n blinde muur. Dit verstoor vir ons die heilige harmonie. Waarom so? Wat is die taal van die blinde muur?

Om dit te verstaan, geliefdes, moet ons u op die teenstellings hier wys. Die hoofpoort in die muur is die Oospoortgebou. Die Oospoort word ook die noukeurigste beskryf in nie minder as *14* verse nie, terwyl die Noord- en Suidpoorte elk maar in vier en drie verse beskryf word. Van die Westelike muur word slegs in 41:12 gemeld dat die bouwerk agter die tempel daarteen lê. En in hoofstuk 47:1 word vir ons die rivier van die lewende water geteken as ontspruitende van onder die drumpel van die huis, d.**I.** die Ooste en by die Oospoort uit. Teenoor hierdie Oospoort waar die lewe stroom, staan die Westelike muur. En volgens die Oosters-Semitiese voorstelling was die *Weste die land van die dood.* Daar gaan die son onder, daar vloei die geheimsinnige waters van die dood. Die grimmige dood stoot dus hier teen 'n blinde muur, en vind geen toegang nie.

So is die kerk. Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Die profesie van Eségiël gryp hier nog nie so ver as die nuwe Jerusalem (in Openbaringe) met sy twaalf poorte, drie na elke windstreek, dus ook drie na die Weste nie. Daar is die mag van die dood al volkome gebreek. Maar al is die mag van die dood hier in die strydende kerk nog nie volkome gebreek nie, al delf ons hier nog ons grafte, al bring ons ons dierbares nog na die kerkhof, al vier ons hier nog ons Paasfees onder die skaduwees van die dood — tog het ons uit die profesie van Eségiël die *versekering* vir die kerk van die Here dat die dood nie meer in die huis Gods sal gaan om te verwoes nie. En met die leer van die blinde muur aan die Weste jubel ons uit deur die geloof in Christus: “Dood waar is jou prikkel!”

Vandat Christus deur sy opstanding die dood *oorwin* het, loop die dood hom te pletter teen die blinde muur van die kerk, teen die belydenis dat Christus die dood en die graf oorwin het. Nog meer! So heerlik is Christus se triomf oor die dood, dat Hy die dood van ons ou natuur gemaak het die poort na die hemel. Die slagting van ons verdorwe natuur op die tafels van die poortgebou met ons sondeskuldbelydenis word vir ons 'n poort van ingang. Die Kategismus sê dit so skoon: “Ons dood is geen betaling meer vir ons sondes nie, maar 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe”.

Nou sing die kerk:

*Dit is die poort van Isr’els HERE*
*wat voor sy huis as wagter staan,*
*die poort wat meld van heil en ere,*
*waardeur sy gunsvolk in mag gaan. (Ps. 118:10)*

Maar gemeente, hierdie blinde muur preek ook waarskuwend en bestrawwend tot ons. Ons het u wel daarop gewys dat die nuwe geestelike lewe hom in die vorm van die kerklike leer en ampte, prediking en sakramente openbaar. Maar hierdie kerklike vorm van geestelike lewensuiting moet ons nie laat ontaard in lewelose kerklike *formaliteite* nie. Want soos 'n geestelike lewe sonder vorm spookagtig is soos 'n gees sonder liggaam, so is 'n liggaam sonder gees 'n lyk waarvan stinkende walms uitgaan. Daar is baie mense wat in naam lidmate is van die kerk van die Here — uit gewoonte, uit gebruik, maar hulle leef nie geestelik in die kerk nie. Hulle lidmaatskap is 'n dooie kerklike formaliteit Hulle is kerklike lyke wat geen geestelike, vernieude lewe besit nie. Hoeveel is daar nie wat baie selde die kerk besoek, deur die poorte ingaan om die dienste uit te oefen, en vir wie kerklike sake lastige formaliteite is nie?

Vir hulle preek die muur absolute uitsluiting. Geen toegang tot Gods heilsgeheimenisse nie — want die mense leef aan teen die blinde muur in die Weste, weg van God en sy Woord.

O, as die siel luister, spreek die mure 'n taal wat leef, maar ook 'n taal wat veroordeel. Die mure, die afmetinge van Eségiël se wonderlike tempel, preek vir ons. “En o, mensekind, kyk met jou oë, en hoor met jou ore en gee ag op alles wat ek jou laat sien; want om jou dit te laat sien, is jy hierheen gebring. Verkondig aan die huis van Israel alles wat jy sien”.

**Amen.**

## 26. DIE TAFEL VOOR DIE AANGESIG VAN DIE HERE

(Nagmaal)

**Lees**: Eség. 41.

**Teks**: Eség. 41:22.

Ons wil nou met ons nagmaal verder Eségiël volg soos hy visioenêr deur die man in die nuwe tempel self rondgelei en geleer is. In hierdie tempel was daar oral vaste mate, veelal soos die tempel van Salomo, maar die opvallendste verskil is dat daar in die Heilige nie meer van 'n kandelaar en ook nie van 'n tafel met toonbrode gemeld word nie. Daar is alleen nog sprake van die reukofferaltaar voor die Allerheiligste, maar dit was van hout sonder goudoordekking. En daarvan het die geheimsinnige man, d.**I.** die Christus onder die Ou Verbond, gesê: “Dit is die tafel wat voor die aangesig van die HERE is”. Nie meer 'n *altaar* nie, maar 'n *tafel.* En in die Allerheiligste is daar nie meer so iets soos 'n verbondsark nie.

Dit alles het Eségiël verkondig soos hy dit gesien het. En ons kan verstaan dat menige verstarde ou balling nie graag wou hoor van hierdie sogenaamde nuwe tempel sonder verbondsark, sonder kandelaar, sonder tafel met toonbrode nie dog slegs met 'n reukofferaltaar wat nou skielik 'n tafel voor die HERE se aangesig is. Hierdie *nuwe vorme* om te pas by die vernieude hart waarin Gods uitgestorte Gees werk, is vir die fariseïese Jood wat in die tradisie, in die ou formaliteite versteen geraak het, nie aanvaarbaar nie. En tog is dit die eis van die Evangelie: “Nuwe wyn moet in nuwe leersakke”. Die Nieu-Testamentiese bedeling eis sedert Pinkster ook nuwe lewensvorme. Hier is dus profesie van die oorgang van die Ou-Testamentiese na die Nieu-Testamentiese bedeling — die pasga loop oor in die Heilige Nagmaal tot gedagtenis van die Here onse God.

Die verbondsark met sy versoendeksel en die kliptafels binne-in was tog maar net 'n *floue afbeelding* van die Christus wat die wet van God in sy binneste dra en in wie alleen God sy skuldige volk wil ontmoet. Maar as die versoenende Christus self gekom het met die volbrenging van Gods wet — dan moet die verbondsark plek maak vir die Christus. So ook, as die Christus gekom het as ons enigste Hoëpriester met sy volmaakte offer en gebede, dan moet die tafel met reukoffers verdwyn. As Christus ook sy Heilige Gees in die boesem van sy gemeente uitgestort het, dan moet die hele tempel wyk en is die gemeente self die lewende tempel van Gods Gees en het die simbool van die kandelaar wat lig bring oorbodig geword. Nou wy die vernieude, lewend gemaakte gemeente deur Gods Gees homself gewillig toe aan sy Here en moet die tafel met sy toonbrode wyk. Die Nieu-Testamentiese vorm met sy kerk en tafel het gekom, en is deur die Christus met sy linnetou en meetroede, d.**I.** die Woord van God, uitgemeet en gestel.

En nou let ons met u op die tafel as

(1) 'n *gedagtenistafel* om Gods heerlike Naam;

(2) 'n heilige *gemeenskapstafel* van Gods volk met sy God;

(3) 'n *feestafel van oorwinning* in die Here tot die ewige lewe.

**I.**

"Dit is die tafel wat voor die aangesig van die HERE is".

As die geheimsinnige Man met die linnetou en die meetroede, die reukofferaltaar tot 'n tafel uitmeet en dit stel voor die aangesig van die HERE, *dan stig Hy daarmee 'n ewige gedagtenis aan Gods Naam.* Nou stig die Christus diep geestelik 'n gedagtenis vir Gods heerlike Naam. Dis 'n tafel voor die aangesig van die HERE, die Verbondsgod, om aan sy Verbondsnaam te laat dink. O, gemeente, moet tog nooit dink dat die nagmaalstafel in die eerste plek die gedagtenis aan Jesus wil stig nie. Onse Here Jesus het ook nie *teenoor* die gedagtenis wat onse Verbondsgod vir Hom onder die Ou Testament gestig het, nou vir Homself weer 'n gedagtenis in die Nieu-Testamentiese bedeling gestig nie. Nee, die Naam en gedagte van God, van Gods raad, van Gods verbond, van Gods werke, mag nooit uit die gedagtenis gedring word nie. As die Christus dit sou kom doen het, dan sou Hy 'n bestryder van Gods Naam gewees het — dan sou die nagmaal en die gemeenskap met Jesus Christus dieselfde gewees het as die gemeenskap met die duiwels, wat die Naam en die gedagte van God van die aardbodem wil uitwis. Nee, die tafel is voor die aangesig van die *HERE,* en die Christus meet dit só uit, stel dit só in.

*Hy wil dat u aan die tafel sal dink aan die grote God, aan die ewige Verbondsgod, aan sy ewige verbondsdade en -werke.* Want by die tafel openbaar God sy verbondsheerlikheid. Dit toon die Christus aan Eségiël deur hom te wys op die talle gérubs wat bewakers en draers van Gods heerlikheid is. En die heerlikheid Gods is die skittering, die uitstraling van Gods deugde, van Gods verbondsvolmaakthede en weldade. Hy tog het volmaakte versoening geskenk deur die gestorte bloed van die Christus wat in Hom alle bloedstorting beëindig het. Hy tog skenk volkome vergiffenis van sonde, geregtigheid en ewige lewe in Jesus Christus. Hy tog verhoor die gebed van ons enigste Hoëpriester Jesus Christus en maak ons al sy weldade deelagtig. En Hy tog het die geankerde altaar met sy horings wat met soenofferbloed besmeer moes word, verwyder en in plaas daarvan 'n verplaasbare tafel aangerig, wat jy orals waar twee of drie vergader in sy Naam kan plaas, en so rus vir sy volk gebring. Hy plaas bloedlose tekens, nl. brood en wyn, die volkspys en die volksdrank op die tafel, waardeur Hy sê: Die straf smart en vloeksmart is gedra en versoen, en geen bloedstorting is meer nodig nie. Aan My tafel gee Ek nou vir julle My heerlikheid om te aanskou in Christus Jesus, My goddelike deugde van barmhartigheid en geregtigheid. Want in Christus Jesus het God sy heerlikheid openbaar, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom (Joh. 1:14). Daarom en daarom alleen is die nagmaal ook 'n gedagtenis-maaltyd om die Here Christus.

En die heerlikheid van God moet ons aan sy tafel sien en smaak. Die heerlikheid moet ons in ons laat deurstraal soos die apostel sê (Rom. 15:7): "Neem daarom mekaar aan, soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God". Ons moet nie wrekend mekaar se bloed eis nie, maar die vergewende liefde laat uitstraal. Hier moet ons leef uit die Gees van God in Christus geopenbaar. Ons moet deur die geloof in Christus die gestalte van Christus vertoon. So diep het Hy geleef uit Gods Naam, dat Hy as 't ware gedurig te midde van die engele was, die gerubs wat Hom besing het. So diep geestelik moet ons om die Here se tafel aansit, dat ons as 't ware met die gerubs draers en bewakers is van Gods heerlikheid. Want o, die gerubs is met die heerlikheid van Gods Naam aldeur besig, hulle dra en bewaak dit, is vervul daarmee. En die tafel voor Gods aangesig — daar moet ons so diep geestelik wees dat ons saam met die gerubs Gods Naam gedenk, Gods heerlikheid uitdra. Dit is die diepe gedagte van Eségiël dat daar rondom die tafel in die Heilige gesien word gerubs met mense-aangesig en 'n

leeu-aangesig. So was dit in die Ou-Testamentiese tempel nog nie. *Daar was nog net gerubs, en die volk staan ver buite in die voorhof.* Maar in die Nieu-Testamentiese kerk tree die volk van God toe om die tafel voor sy aangesig en gedenk met die engele Gods Naam, laat straal met gerubs Gods heerlikheid uit tot sy Naam se ewige eer. Hoe diep geestelik openbaar die profeet Eségiël dan nie vir ons die nagmaal nie! Laat ons so die dood van ons Here gedenk en deur Christus die heerlikheid Gods met die gerubs verkondig. Laat die tafel dan tog vir u *voor die aangesig van die Here wees!* Laat hier aan sy tafel hemel en aarde versoen wees, mense met engele die heerlikheid Gods in Christus Jesus uitdra en verkondig! En die mense nog meer as die engele; want aan geen engel is gedaan wat aan die sondaarmens gedoen is nie.

**II.**

"Dit is die tafel wat voor die aangesig van die HERE is".

O dis nie net 'n gedagtenisdis aan Gods *heerlike Naam* nie, maar dis ook 'n gemeenskapsdis met Gods *heilige Naam* en met sy geheiligde volk. Voor die aangesig van die HERE! In sy teenwoordigheid! Verskriklik om dit te bedink! Ja, *by die altaar moes die offer- en reukofferroke nog opstyg tot God, maar vandat die tafel in sy plek gekom het is God self in Christus Jesus aan die hoof van die tafel.* God self is hier deur sy Gees en Woord die Groot Gasheer. En Hy soek die gemeenskap met sy kerk! Hy het die tempelgordyne weggeskeur en Hy rig nou sy tafel aan voor die groot publiek. Nie meer in 'n tempel met sy afskortings nie! Nie meer in 'n afgebakende lokale terrein op straf van die dood nie, maar *voor sy aangesig,* — waar gelowiges in Christus Jesus voor God vergader, waar ook al ter wêreld.

Maar dis dan 'n *heilige* gemeenskap. Aan die tafel tree God self in Christus Jesus uit sy heiligdom. So sing die digter in Ps. 20:3: "Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion". "O God, u weg is in heiligheid" (Ps. 77:14). By sy heiligheid het God gesweer van sy verbond (Ps. 89:36) en verbondseëninge, sodat sy heilige Naam geloof kan word (106:47). *Gods heiligheid is juis die beginsel van al sy heilsdade tot verlossing van sy volk. En hierdie heiligheid Gods sluit ook die straf in vir diegene wat deur sonde Hom ontheilig.*

Daarom is daar die muur met sy poorte waardeur alleen diegene deur die wagters op die mure toegelaat word wat deur die versoeningspoorte inkom deur die geloof in dié Christus. En die *heiligheid* is ook die *gemeenskapsbeginsel aan sy tafel.* Daarvan is die gerubs wat Eségiël gesien het self die verkondiging. Hulle is en bly die swygende wagters en die strakke bewakers van Gods heiligheid.

Hierdie gesig van die gerubs rondom die tafel in die *Heilige* is dan ook net 'n afbeelding van die Paradys van God waar God met die mens in die nouste gemeenskap verkeer het. Maar waar die mens deur die sonde uit dié gemeenskap met die vurige gerubswaard verdryf is, daar word die mensekind nou weer deur dieselfde gerubs binnegehaal rondom die tafel van gemeenskap in die weg, deur die poort van versoening, Jesus Christus, onder die strengste bewaking van Gods heiligheid (sonde gestraf en versoen). Die mens wat die tafel van Gods gemeenskap deur die poort van versoening in Christus genaak, moet dus deur die geloof Christus se heiligmaking deelagtig wees. Die mens moet soos die gerubs self heilig wees!

Kyk, daar rondom die palmbome sien Eségiël gerubs met 'n mense-aangesig en die aangesig van 'n leeu. Mens en gerubs is één in die diens as draers en bewakers van Gods heiligheid. Vyand van die sonde en 'n jong leeu in die stryd teen die sonde, konings wat triomfeer oor die sondemag, en hulle deur die sonde nie meer laat oorheers nie. En aan die tafel van sy gemeenskap kan God in Christus Jesus die heiligheid in Christus bevestig en versterk. Want ons kom nie aan die tafel omdat ons in onsself so heilig is nie, maar omdat ons deur die poort

heen, deur Christus, geheilig is in sy bloed. Daarom, gemeente, ons tree toe aan die tafel van heilige gemeenskap met God, heilig in Christus soos gerubs. En ons mag alleen so toetree as ons die heiligheid bewaak het onderling. Sonde by u broeder en suster moet ons soos met 'n vurige swaard weer. Soos gerubs moet ons die verkreë heiligheid onder ons bewaak. As iemand afwyk in die leer deur *onheilige* dinge te leer, moet ons hom met 'n ywervuur bestraf soos 'n gerub. As iemand 'n onheilige lewe voer, moet ons hom bestraf soos 'n gerub Gods. As iemand twis, moet ons die onheilige getwis uitban, want ook die gerubs, bewakers van Gods heiligheid, twis nie. En as Gods bondsvolk soos gerubs mekaar se heiligheid in Christus bewaak het, dan oefen hulle almal saam met God en met mekaar en ook met die gerubs heilige gemeenskap rondom die tafel wat voor die aangesig van die HERE is.

So, gemeente, is die tafel 'n tafel van heilige gemeenskap tussen die aarde en die hemel, tussen God en mens, tussen mense en mense, tussen mense en gerubs, deur Christus Jesus onse Here. By die tafel tree ons weer die Paradyspoorte binne na die lewensboom, waar die gerubs staan. En aan die tafel word hierdie geloof geoefen en versterk dat dit waaragtig so is. Daarom sit ons ook vandag nog hier om 'n tafel.

**III.**

“Dit is die tafel wat voor die aangesig van die HERE is”.

Eségiël het gesien dat om die tafel in die heiligdom staan nie net gerubs nie, maar rondom tussen elke twee gerubs 'n *palmboom.*

Die palmboom versinnebeeld die lewe. Ons het u gister reeds daarop gewys dat voor die poortportale in die buitenste en binneste voorhowe telkens palmbome staan. Daardie poorte wat telkens Christus versinnebeeld as die deur van die skape wat tot sy Vader gaan, *is poorte wat toegang tot die lewe verleen.* En deur die poorte van geloof in Jesus Christus word die gelowige opgeroep tot by die tafel in die heiligdom voor die aangesig van die Here waar die gemeenskap van die lewe, die gemeenskap tot die ewige lewe gesmaak en geniet word. Want Hy wat in sy heiligdom woon, is die God van die lewe.

*Ja my siel dors na die HEER*
*Na die Lewensbron; wanneer*
*Sal 'k na swerftog en benouing*
*God weer sien in klare aanskouing?*

En met die Lewensbron tree ons in verbinding aan die tafel wat voor sy aangesig is. O, die palmboom, lewensboom, verkondiger van die nuwe lewe in gemeenskap met God deur Jesus Christus.

Psalm 92 sing daar tog so skoon van:

6. *'n Palmboom hoog en rustig,*
*'n Seder sterk en skoon*
*met breë blarekroon*
*só groei Gods volk, so lustig.*
*Hul groei deur Gods genade:*
*hul bloei daar hoog en fris*
*waar God se voorhof is*
*in skone lofgewade.*

7. *Hul groei in balsemlugte,*
*selfs in hul ouderdom*
*sal daar geen mind'ring kom*
*van bloei en eedle vrugte.*

*Hul lof sal nie verstom nie:*
*Die HEER is reg! En Hy,*
*Hy is 'n rots vir my!*
*Geen onreg is in Hom nie.*

Dis die lewenslied van die palmbome, ja, ewige lewe! Eségiël verkondig hier dus nie vir ons 'n program om muur-skilderings aan te bring in die Nieu-Testamentiese kerk nie. Nee, hy *verkondig* (40:4) vir ons wat Hy gesien het in sy geestesvisioene. En dis die oorwinnende lewensvorm oor die dood vir die Nieu-Testamentiese kerk: die lewende *verkondiging* van Gods lewenswoord en die bevestiging daarvan by die tafel van gemeenskap met die lewende God, ja, die betekening en die verseëling daarvan!

Seker, ons gedenk hier die lyde en dood van onse Here Jesus Christus, maar ons gedenk Hom hierby nie as ewige gevangene, geboeide in die bande van die dood nie, maar as Oorwinnaar, as opgestane Heiland uit die dood na sy kruisiging. Hy het vir ons gesterf waar ons anders ewig sou moes sterf, en hy het nie net die dood en die graf oorwin nie maar vir ons die geregtigheid en die ewige lewe gegee, en die oorwinning en ewige lewe kom Hy aan ons beteken en verseël aan die tafel voor die aangesig van die HERE, ons Lewensbron, nadat Hy deur die lewende verkondiging van sy Woord die lewe beloof en gegee het vir elkeen wat die belofte in Hom aangeneem het deur die geloof.

Daarom, in die Nieu-Testamentiese kerk nie meer palmbome nie maar *gelowiges* wat groei en bloei en vrugte dra soos palmbome in die woestyne! Gelowiges wat die ewige lewe in hierdie ou sondige wêreld het en selfs in die ouderdom geen mindering van geestelike lewensbloei en vrugte ken nie. Gelowiges wat leef al het hulle gesterf. Gelowiges wat toeneem in lewenskrag in Christus al moet hulle nog soveel dode sterf. Gelowiges wat lewensvrugte dra al is hulle nog so gekwes en verwond in die ou lewe. Gelowiges wat balsemlugte van Godslof laat opstyg selfs uit elke ou kwesplek en skeur in die siel, Gelowiges wie se verwondinge almal genees, wie se gebrokenheid geheel, wie se treurigheid blye klanke, wie se bedroefdheid vreugdesange word.

Gelowiges wat leef en nimmer sal sterf nie, ook as hulle sterf, want hulle drink uit die lewensbron, Christus Jesus, lewende waters wat opspring in alle ewigheid. Hulle kom laaf hulle uit 'n stroom wat bruis uit die drumpel van Godshuis en steeds aanswel tot 'n bodemlose lewenstroom (Eség. 47).

Daarom, ons roep die gelowiges met die verkondiging van Eségiël se profetiese woord na die tafel wat voor die aangesig van die HERE is, om u lewe tot in ewigheid te kom verkwik uit God, ons lewensbron in Christus Jesus, onse Here.

**Amen.**

## 27. NET DIE MUUR

(Nabetragting)

**Lees**: Eség. 43.

**Teks**: Eség. 43:7—9.

Eségiël het in hoofstuk 10 verhaal, toe hy die eerste maal in 592 v.C. in geestesvervoering na Jerusalem geneem was, hoe die onheilige Gees, die bose gees van die heidene in die geheimkamers in die tempelmure intrek geneem het en hoe Israel vir die gode van die heidene gewierook het. En omdat Israel homself so ontheilig het, het hy met smart aanskou hoe die troonwa op die tempel se drumpel gekom het en hoe die heerlikheid van die Here uit

die tempel weggetrek het en die tempel toe verwoes is.

Maar nou, toe die profeet vir die tweede maal in geestesvervoering na Jerusalem geneem is in 573 op die 10e Nisan met die Paasfees, sien hy hoe dat die heerlikheid en die heiligheid van die Here nou weer intrek neem in die hernieude land, in die hernieude stad, in die hernieude volk, die tempel, d.**I.** die vergadering van sy gelowiges. Deur die Oospoort het die heerlikheid van die Here ingetrek en die huis was vervul. Die volmaaktheid van Gods deugde laat God nou weer in openbaring skitter onder sy volk. En toe hoor hy hoe die geheimsinnige man, d.**I.** die Christus, met hom spreek, soos in ons teksverse opgeteken.

Hier lê die man nadruk op die onafwysbare voorwaarde vir die onverstoorde saamwoon van God by sy volk, in sy kerk, en die volstrekte skeiding tussen die heilige en die gewone, die wêreldse, die sondige. Daarom herinner hy hier aan die verlede. Maar nou moet dit anders word.

Nou moet al wie met God verkeer, gemeenskap oefen aan sy tafel, ook hierby lewe en die Naam nie meer ontheilig nie — want die Here woon nou in die midde van sy gemeente, van sy kerk, deur sy Heilige Gees en die majesteit van sy Woord.

Ons wil vir ons nabetragting u aandag bepaal by die tekening dat daar *net 'n muur* tussen die HERE en die volk was en ons let daarop dat daar

(1) net 'n muur was tussen die Here en die koningshuis wat die kerk oorskadu en oorheers het, en

(2) dat daar geëis word dat daar net 'n muur moet wees tussen die Here en sy kerk aan die een kant en die wêreld aan die ander kant, sodat die kerk die wêreld kan heilig.

**I.**

Net 'n muur tussen die Here se huis en die koningshuis op die tempelberg — dit teken vir ons eerstens die gruwelike sonde van ontheiliging van Gods heilige Naam deur die vreeslike samesmeltingsonde.

Ons teksverse verwys waarskuwend hierna: 'n Sonde wat vroeër onder die Ou-Testamentiese bedeling veelvuldig plaasgevind het, maar wat in die Nieu-Testamentiese bedeling, noudat die heiligmakende Gees in die gemeente uitgestort is, nie meer mag voorkom nie.

Wat was nou die historiese agtergrond van die samesmeltingsonde wat heilig en onheilig so gruwelik met mekaar vermeng het, waarna ons teksverse hier waarskuwend verwys?

Eerstens dat onder Salomo en die konings na hom die afstand tussen *paleis* en *tempel,* tussen die huis van die koning en die huis van die Koning van alle konings, meer en meer verklein is. Vir die vreeslike paleis van Salomo met sy honderde vrouens en onheilige huwelikslewe was soveel ruimte nodig dat die paleisbouwerke al nader na die tempel opgeskuif het. En dit het so aangegaan dat die tempel naderhand 'n blote aanhangsel, 'n bygebou van die paleis geword het. Dink net, die tempel van die heilige God 'n bygebou van die koning se paleis! Op hierdie wyse het dit so gekom dat drumpel naas drumpel te staan gekom het. Daar was tussen paleis en tempel op die wyse nie meer 'n behoorlike grenslyn nie. En al was die koning se paleis nou nog so vol van luister en prag dat die koningin van Skeba daarvoor verstom gestaan het, het dit tog met ongepaste gemeensaamheid die huis van die Here oorskadu en die heerlikheid van die Huis van die Here feitlik geannekseer.

So het die gemeente van Korinthe later ook die grens tussen hulle liefdemaaltye en die Heilige Nagmaal verdoesel; hulle het die liggaam van die Here nie meer onderskei nie, dit somaar gelyk gemaak met die vleeslike lewe.

Die ergste was egter dat die paleis die tempel nie net *plaaslik* oorskadu het nie maar veral *geestelik.* Die paleisgees het gaan heers oor die tempelgees. Die priesters het oëdienaars van die koning geword i.p.v. dienaars wat voor God staan. En as gevolg van die noue kontakpunte tussen paleis en tempel het die tempeldiens onder die invloed van die politieke strominge gekom. Die politieke beleid, die politieke intriges, die diplomasie het ten slotte die tempel in sy diens geneem, in plaas daarvan dat die politiek in diens van die tempel gestaan het.

So het die tempeldiens ten spyte van telkens herhaalde reformatoriese poginge in daardie tyd van die skadudiens 'n spotbeeld geword van wat die tempel soos deur God bedoel. Dit het somaar doodgewoon geword, paleis se drumpel naas Gods drumpel, sy deurpos vlak naas Gods deurpos asof die tempeldeur maar 'n politieke kantoor deur was.

Ten derdens het as proef op die som daar nog bygekom dat die lyke van die gestorwe konings almal in die Dawidstad begrawe is, en met die anneksasie van die tempelberg deur die Dawidstad het dit meegebring dat die lyke naderhand *onder* die Sionsberg begrawe is. En seremonieel gesien was dit die gruwelikste ontheiliging, wat die lewende God nie net by die dode laat woon nie maar veral die heilige God by die walms van ontbindende lyke.

Gemeente, hierdie sondegevaar van die ontheiliging van die Naam van die Here, nie bloot seremonieel soos in die Ou-Testamentiese bedeling nie maar deur die Nieu-Testamentiese kerk, is nog steeds net so moontlik en aktueel: die gevaar dat die tempel deur die paleis, die godsdiens deur die kultuur, die kerk deur die wêreld oorheers word! Want die gees van die wêreld is nou eenmaal opdringerig van aard. Dit plaas met die grootste vrymoedigheid drumpel naas drumpel, deurpos naas deurpos; sodat in baie gevalle daar nie eens ’n muur tussen die twee bestaan nie. Die kerkmure, en die harte van die gelowiges bly vir hierdie vreemde oorheersing nie hermeties gesluit nie.

Dit is benouend om te sien hoe die sorg vir die paleis en huis, vir eie sake en besighede, vir boerdery en bedryf, vir ontspanning en kuiery alle aandag en tyd só in beslag neem dat die kerkterrein angswekkend inkrimp. As ons die Sondag of die naweek nou iewers wil heengaan — wel dan moet die kerkdiens maar eenvoudig wyk. As ons iewers na 'n ontspanning gaan, dan skrap ons die huisgodsdiens die aand maar van die program. Salomo se huislike lewe het die HERE koelbloedig van die Sionsberg verdring: as een van sy vrouens haar land se god wil hê en vir hom 'n huis wil bou, dan — dit spreek vanself — moet Jahwe wyk. Salomo se heidense vrou is van groter belang as die ewige God. Vreeslik om te dink dat ons soms nie eers deurpos naas deurpos stel nie maar God se deurpos kommandeer! Here, U moet padgee; ek het nou die tyd en die geleentheid vir my, vir my huis of vir my sake nodig. Ek is jammer, ek kan nie anders nie.

So kommandeer ons die meeste van die Sabbatsdae vir ons. En ons kindertjies word net so astrant. Hulle vat die tyd van die verbondsonderrig vir hulle. Dit lyk nie so nie, maar by die lig van die profesie is menige jong kind brutaal teenoor God se verbondswoord. Hy sal leer wanneer en soos hy wil. En menigmaal het hy 'n groter sê as wat die Verbondsgod in sy Woord het. God word deur so 'n kind geprofaneer tot 'n minderbevoegde maatjie wat hy ondersit en verdring van sy troon.

Gemeente, dis nog nie die ergste dat ons Gods plek, Gods dag, Gods tyd brutaal vir ons opeis asof dit vanselfsprekend aan ons behoort nie maar dat die gees van Christus deur die gees van die wêreld verdring word. Die wêreld se sake lê beslag op ons harte sodat Christus se kerk, sy poorte met kamers ens. nie die nodige aandag geniet nie. Die linnetou en die meetroede van die Christus, die profetiese Woord van God is nie meer die goue maatstaf waarmee ons meet en meet — alles meet nie. Maar die wêreld se maatstawwe, die denkrigting, die geestestrominge, die leringe van ons tyd — dié geld as die norm van wat jy mag doen en sê:

Wat dié of daardie een dink en doen, word die reël. Die onderskeid tussen die wat God vrees en die wat Hom nie vrees nie, word al hoe moeiliker te bespeur.

Daarby kom dan nog die politieke magte van ons eeu. Die groot here se woord is somaar wet en reël bokant Gods Woord en wet. Die politieke here wil vir die kerk voorskryf wat reg en verkeerd is, wat Christelik en wat onchristelik sou wees, wat Christelike onderwys en wat nie Christelike onderwys is nie, wat goed en wat kwaad is, watter gesag Christus het en waar Hy dan nou nie gesag sou hê nie.

Dis drumpel naas drumpel. Politiek van die dag die bepaal vir ons wat die kerk mag preek en wat nie.

Ons kan die verskynsel verflouing van die grense noem, wêreldgelykvormigheid. Maar ons sal nie verder kom as ons nie elkeen by homself begin nie. Ons moet vir onsself vra: in watter mate doen ek daaraan mee om die Here God, die Christus uit die daelikse lewe te verdring, om sy Sabbat te eis vir myself?

En dan moet ons ons bekeer. Want ons moet nie dink nie dat ons die grens tussen wêreld en kerk ophef omdat ons miskien nie dans nie, nie teater toe gaan nie.

Nee, wêreldgelykvormigheid skuil in die *innerlike* gesindheid meer as in die uiterlike gedraginge. Die Skrif dring dan ook juis aan op die vernuwing van ons gemoed: “Dat ons onsself stel as heilige, godewelbehaaglike offerande”. Ons moet nie toelaat dat God vir ons offer nie, maar ons moet vir onse God offer.

As ons nie ons broeder of suster wil vergeef nie, ons self nie wil verloën nie, dan heers juis die wêreldse gees al in ons gemoed, die swoele paleisgees, al *sê* ons ook ons het die Gees van Christus.

En dan die *lyklug,* die dooie lidmate, die wat vir God, vir onse Here, vir sy kerk, vir sy Woord en sy sakramente niks voel nie, Hom nie liefhet en soek nie, maar tog hier by die kerkdeur ingestap kom en leweloos soos 'n lyk aan die tafel kom sit — sonder 'n vernude hart, sonder 'n bekeerde lewenswandel! O, die lyklug in die kerk van die opgestane Christus! Die lyklug van begraafde mense wat in Christus nie opstaan tot 'n nuwe lewe nie — dit onteer onse Here. Dit ontheilig sy Naam. Dit profaneer sy diens. Dit laat Satan spot met God, met sy kerk en kerkmense! Dis gruwelik, die dooie doodsheid. Ons moet opstaan en leef! Gods Naam ondersoek. Sy Woord ondersoek. Ons moet leef in sy kerk soos Eségiël, wat meet en nog eens meet.

**II.**

Nee, gemeente, vir die Nieu-Testamentiese kerk waarin die Heilige Gees uitgestort is en woon — dié Heilige Gees wat 'n vuurvlam van lewensgloed, van brandende liefde in Gods diens is — moet dit net andersom wees. Ook drumpel naas drumpel, deurpos naas deurpos. Maar God se drumpel naas *ons* drumpel. God se deurpos naas ons deurpos. *Die nuwe tempel moet ook die paleis in beslag neem.* Die kerk moet in ons wonings indring en dit deurdring. Die profetiese Woord moet ons woord tot swye bring, sodat ons net spreek wat God spreek, dat ons bely en getuig van dit wat die Here ons laat sien en hoor het, dat ons profete, getuies is van onse God. God moet ons nie getuies maak van wat ons sê en dink nie, maar ons moet getuies wees van Gods woorde en werke. Want dis nie meer soos in die Ou-Testamentiese bedeling, dat die tempel geïsoleer staan in die wêreld nie, maar vierkantig staan die Nieu-Testamentiese kerk in die midde van die wêreld.

Lees Sag. 14:20: “In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! ...”

Die heiligheid van die Here moet verskyn op die profane terrein. Alle plekke is nou geheilig in die bloed van Christus. Al die potte, al die kanne is nou heilig aan die Here; nie net dié in die Heiligdom nie. Alle dinge is nou met Christus se bloed besprinkel en deur Gods Gees geheilig. Die woorde "Heilig aan die Here" moet nou nie meer net op die hoed van die Ou-Testamentiese hoëpriester staan nie maar op alle dinge.

Deurpos naas deurpos, drumpel naas drumpel — dit is Gods eis! Dit is gebode noodsaaklik! Maar só, dat die kerkdeure hulle verwyd

tot ons woonhuise, om daar vir ons die ingange en uit-gange, die vorme en verordeninge van God vir óns huislike lewe te bepaal, want die Here woon nou deur sy Gees in ons wonings;

tot Gods deurpos naas ons deurpos in
die skool, die winkel, koöperasie, Parlementshuis.

Ons moet Gods verordeninge ken en daarna leef, want die Here woon onder ons deur sy Gees.

En met name sy verordeninge en die vorme van sy kerk moet ons ken, al die vorms en wette van sy kerk, sodat ons die hele vorm van die kerk kan bewaar en sy verordeninge kan uitvoer.

So moet God onder ons vereer word. Hy is koning in sy kerk, maar ook koning oor ons huis en sy bewoners; ook oor ons besighede en bedrywe; ook oor ons skool en staat. Hy swaai sy septer oral — en sy priesterkleed staan binne in ons kamers.

So sê Kategismusvraag 32, dat ek deur die geloof 'n lewende lidmaat van Christus is en so sy salwing deelagtig is, sodat ek sy Naam bely en myself tot 'n lewende dankoffer aan Hom offer en met 'n vry en goeie gewete teen die sonde, die wêreld en die duiwel stry en hierna in ewigheid met Hom oor alle skepsele regeer.

Dan is daar geen *afstand* meer tussen my kerklewe en my gewone lewe nie, maar net... 'n muur!

Dan bly die heiligheid van die Here se huis gehandhaaf. Dan kry die psalms en die gerubs op die tempelmure ook betekenis omdat ek dan van die kerk 'n lewende en geheiligde lidmaat is.

**Amen.**

## 28. DIE HERE HERE, ONS BESITTING

**Lees**: Eség. 44.

**Teks**: Eség. 44:28.

Eségiël het gesien hoe die heerlikheid van die HERE weer deur die Oospoort intrek en die huis vervul. En daar het hy die woorde deur die HERE self hoor sê: "Mensekind, dit is die plek van my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel" (43:7). En in hierdie tekshoofstuk word Eségiël se aandag vooraf eers weer gevestig op die Oospoort, waardeur die heerlikheid van die HERE intrek geneem het. Vanaf die Noordpoort (42:1), binne die buitenste voorhof, word Eségiël nou gelei tot voor die Oospoort binnekant die buitenste voorhof. En vir hom word gewys dat die Oospoort nou *gesluit* is. En tot drie maal toe sê die HERE vir hom: "Hierdie poort moet toegesluit bly; niemand mag dit weer oopmaak nie; die HERE het daardeur ingegaan — daarom moet dit gesluit bly". Dit verkondig vir Eségiël dat die HERE sy tempel binnegegaan het om dit *nooit weer te verlaat*

*nie.* Dit profeteer vir ons dat God die Heilige Gees in sy Nieu-Testamentiese kerk uitgestort is om ewig by ons te bly. Dit verkondig wat onse Here Jesus aan sy dissipels geleer het: “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid” (Joh. 14:16).

Die ou tempel is verlaat en verwoes. By die nuwe tempel, die gemeente van die lewende God, is dit uitgesluit! Want die Nieu-Testamentiese kerk is die geestelike huis van God. Dit is die heerlikheid van die ware kerk! Die Here het deur die inwoning van sy Heilige Gees die heilige Besitting van die Nieu-Testamentiese kerk vir ewig geword. Dit is dan die heerlike erfdeel, die rykdom, die troos van die kerk van die Nieu-Testament: die Here is vir ewig ons Besitting deur die inwoning van sy Heilige Gees!

Die vraag kom nou op: Sal hierdie kerk hom van sy heerlike erfdeel en troos laat beroof deur sektes, wederdopers en dwaalleraars wat voorgee dat die Heilige Gees óór en óór uitgestort word? Sou daar dan weer tye intree dat die gemeente wéér as wese gelaat word — sonder God, van Hom verlate?! Waarlik, nee! Was ons Here Jesus dan nie van God verlate sodat ons nimmermeer deur God verlaat sou wees nie! O nee, dit is die erfdeel, die heilige besitting van die Nieu-Testamentiese kerk, dat God vir ewig onder ons woon om ons nooit weer te verlaat nie. Dit is die troos vir ons dat Eségiël die toegesluite Oospoort gesien het.

Nou leef die eensame weduwee en wees by die salige wetenskap dat Gods Gees hulle troos en ewig by hulle bly. Nou weet die bedroefde kind van God dat Hy ons troos en ewig by ons bly. Nou weet die verlate en verstote kind van God dat Hy ons troos en ewig by ons bly. Want die Oospoort bly gesluit, ja moet gesluit bly na Gods vaste ewige wil.

Maar hierdie duursame inwoning van die Here bring vir die kerk andersyds ook weer 'n groot verantwoordelikheid mee. Nou moet die Nieu-Testamentiese gemeente 'n koninklike *priesterdom,* 'n *heilige* volk wees. En dis veral hierdie heilige dienswerk, dié priesterlike dienswerk van die Nieu-Testamentiese kerk waarop Eségiël verder wys in beelde en kleure aan die Ou-Testamentiese erediens ontleen.

Maar met die besonderhede wil ons u nie vermoei nie.

Wat as vooropstaande gedagte van die nuwe priesterskap ons aandag trek, is dat hier dieselfde reël moes geld as vir die Leviete onder die ou bedeling. Hulle mag *geen aparte stamgebied hê nie.*

Van Aäron was gesê: “Jy sal in hulle land nie erwe nie, en jy sal geen deel onder hulle hê nie”. Maar terselfdertyd is hierdie gemis aan vaste goedere ruimskoots vergoed deur wat die HERE in een asem daarby voeg: “Ek is jou deel en jou erfenis onder die kinders van Israel” (Num. 18:20). Hulle het dus deel gehad aan die mees ontroerende Goed: die Goed wal nimmermeer vergaan — God self.

Maar wat van Levi onder die Ou Testament slegs seremonieel skaduagtig gegeld het deur die nie-besit van grond, geld nou vir die Nieu-Testamentiese gemeente *wesenlik,* waaragtig: “Ek is hulle erfdeel, Ek is hulle besitting, sê die HERE”. Die hele Nieu-Testamentiese gemeente is nou 'n geheiligde priesterdom! Hierdie profesie van Eségiël is nie 'n matte herhaling van die Mosaïese wet nie. Alle gelowiges in Christus Jesus, ons enigste Hoëpriester, staan nou sonder onderskeid in die amp, nie net van profete nie maar ook van priesterkonings. Opmerklik dat Eségiël die priesterskap hier onder Ou-Testamentiese kleure en beelde teken — maar die Hoëpriester ontbreek. Want die Goeie Herder is ook Priester, Hoëpriester.

En nou is almal in Hom priesters, klein en groot, ampsdraers en nie-ampsdraers, dominees en sakemanne, arbeiders en here tegelyk. Nou geld dit van almal: “Julle sal in hierdie land nie erf nie: die Here is julle erfdeel, julle Besitting”.

Dit bind ons op die siel dat God en God alleen ons Besitting moet wees, ons Deel in die land van die lewendes. Natuurlik nie só dat ons anders geen besittings mag hê nie, of dat ons verplig sou wees om te verkoop wat ons het om in vrywillige armoede van openbare liefdadigheid te leef nie. Dit is oorspanning en 'n veruitwendiging van die diep geestelike beginsel hier. Nee, dit is bedoel dat ons moet bedink dat ons besitting eintlik God se besitting is en ook omgekeerd dat God se besittings ons s'n is. Ons is kinders van 'n Ryke Vader en al syne is ons s'n. Ons mag hierdie aarde aansien en die hemel en sê: Dit alles is myne en staan tot my beskikking in my dienswerk van my Here; want ek is van Christus en Christus is van God.

God is dan ons Besitting. Hy is ons rykdom en ons kapitaal. Dink daaraan dat as die gelowige kind van God sou sê: die ganse aarde is ons besitting, dan het hy maar *iets* gesê. As hy sê: En ook die hemel — dan het hy *baie* gesê, maar by verre na nog nie alles nie.

Seker, dit is kostelik om só uit Gods hand te lewe, dat jy vry oor alle fortuine van die aarde beskik en vas glo: God sal vir my sorg. En dis heerlik om te kan sê: Ons gaan die hemel in en erf koninkryke. Maar as dit *alles* sou moet wees, dan sal ons nog *doodarm* wees. Want die aarde en die hemel is besittings *van* God, is maar dinge *van* God, en die *geloof* kan juis nie rus nie tensy dat dit God aanneem met al sy woorde en werke, met al sy goed. Die geloof rus eers in die heerlike woord: “Ek, jou besitting”.

Ag, wat vir 'n huweliksverhouding sou dit wees waarin die vrou dink: as ek maar net so of so 'n huis, met sulke mooi meubels het en genoeg geld — dan is dit 'n kille berekening sonder enige liefde. Dan gaan dit om die man se goed sonder sy persoon. Die hele huwelikslewe word dan verlaag tot 'n blote besigheidsberekening. Dit sou die vernietiging wees van die heilige huwelikslewe.

En wat vir 'n *geloof,* wat vir *Godsdiens* sou dit wees as iemand sou dink: as God my gebede net verhoor dat ek vanjaar tog net soveel win of soveel verdien, ens. Of op sy beste: as die Here tog net my gebede verhoor en ek straks ook in die *hemel* kan kom! Dit is *geen* geloof nie, geen Godsdiens nie maar selfdiens. Hierin onderskei die ware geloof hom van die valse geloof, dat dit die valse geloof nie om God te doen is nie maar om sy *goed;* nie om sy ewige guns nie maar om sy tydelike gawes! Nee, die ware geloof begeer nie iets *van* God nie maar om *God self* te besit! Die ware geloof en liefde wil liewers alles mis as dit God maar kan behou. Die gelowige begeer nie die aarde nie as hy Gods handdruk nie gevoel nie, en hy begeer nie 'n hemel waar God afwesig is nie. Soos ons Nagmaalsformulier so skoon dit stel: *“Eers* met Hom waaragtige gemeenskap om *daarna* aan al sy goedere, die ewige lewe, die geregtigheid en die heerlikheid deel kan kry”. Hier word op sy diepste die beginsel van die barmhartigheidsdiens gegee. Ons besit God ook in sy armes en moet vir hulle sorg in liefde.

Ag, so het die heiliges van die Skrif dit ook steeds uitgesing- So verklaar Dawid dit in sy goue kleinood:

> *“My erfdeel is die HEER, my Vreugdebeker,*
> *my lot is in sy hand vir ewig seker”* — (Ps. 16:2).

En as hy in die spelonk is dink hy nog dieselfde:

> *“U is, solank ek leef, my deel,*
> *dié God aan wie ek my beveel”* — (Ps. 142:4).

En met Asaf sing ons graag (Psalm 73:11):

> *“Wie het ek in die hemel, HEER*
> *— Wie kan ek newens U begeer?*
> *Wat het ek waar my hart onrustig*
> *Hom op die aarde in kan verlustig?*

*Beswyk dan ooit in bitter smart,*
*of bange nood my vlees en hart,*
*dan sal U wees vir my gemoed*
*my rots, my deel, my eew'ge goed".*

Dit is die *nuwe* in die heilige diens waarvan Eségiël profeteer: ons is van God — onbeskryflike saligheid, maar nog meer: God is van ons — ewige heerlikheid. God ons besitting! Dit is die ewige beginsel van die Nieu-Testamentiese diens, en tot in ewigheid. Ons deel, ons eie, ons vaste, ons ewige onroerende goed, ons onvervreembare kapitaal, ons ewige besit. Laat hulle nou maar in die wêreld weelderige, wellustige maaltye aanrig en ons na hulle feeste nooi — ons sal hulle antwoord: "Dankie, God is ons maaltyd, God is ons fees, ons sal nie kom nie". Hoe wonderlik is dit nie van toepassing op die nagmaal nie!

Maar, gemeente, hier kom die bange vraag waarmee Gods Woord ons hart deurboor: is dit wel waaragtig so met u en met my? Is dit nie veelal só nie dat ons vir niks anders as vir die ou "aarde" in die week aandag gehad het en dan Sondagmôre half halsoorkop die kerkdeur binnestrompel en ewe rustig en lustig saamsing:

*"Wie het ek in die hemel HEER,*
*Wie kan ek newens U begeer?*
*Wat het ek waar my hart onrustig*
*hom op die aarde in kan verlustig?"*

Sou dit *godsdiens* wees, van die vernieude siel in die Nuwe Testament van Christus se bloed? Dit is niks minder as vloektaal nie! Vroom gevloek! En dit dan terwyl so pas nog die wet van die Here gelees is: jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie.

O, daar is heelwat wat ons hart en nog meer wat ons oog newens God begeer! En, les bes, waarin die hart ook kan rus — newens U! 'n Mooi inkomste, 'n vaste werk, 'n groeiende spaarbankboekie, genot, 'n kuier op die Sabbat, en ag, wat ken die ou lewe nie tussen al die sorge deur heen waarin die mens — nee, die *gelowige* se hart nog in rus nie!

En soos die verlore seun hou ons dit goed uit solank as ons vaderlike erfdeel nog nie verteer is en solank as wat daar nog nie hongersnood is nie — sonder die *Vader!* Ja, as die nood eers daar is, dan kom die saak anders te staan. Dan, en dan eers, is God mos ook nog daar! Dan sing ons ook, behalwe die Psalm van Asaf:

*"Salig hy wat in die lewe*
*sonder hulp en sonder raad*
*as hom alles wil begewe*
*vlug tot God sy Toeverlaat".*

En verder het Gods kinders eeu in, eeu uit gesing:

*"In God is al my heil, my eer,*
*my sterke rots en teëweer.*
*God is my toevlug in die lewe".*

Maar die hulp en sterkte geniet diegene nie wat origens goed sonder God en sy heilige diens in die lewe klaarkom maar skielik dan nie meer nie as duisend sorge kom! O nee, net Gods kinders geniet dit, net hy vir wie God in die lewe sy besit is, dié wat God ook liefhet, dié wat God self soek as die hoogste goed en nie net God se goed nie, dié geniet dit.

Laat ons in ons heilige diens van God in die Nieu-Testamentiese gemeente nie van God 'n karikatuur maak deur Hom te laat optree as 'n toevlugsoord vir onbehuisdes, 'n toevlugsoord vir weduwees, wese, oues van dae nie! Laat ons God nie verlaag tot 'n reddingsboot vir skip-

breukelinge van die lewe om daarna, as die storm bedaar het, weer op eie krag verder te stoom nie!

Seker, God wil wel ook ons hulp in nood wees! Maar nie uitsluitlik hulp in nood nie. Dit is 'n verlaging van God. God is ons *besitting.* Dit is die godsdiens van die nuwe lewe om God self te besit deur die geloof, om in God self jou te verlustig, om God te bewonder in aanbidding, om met God om te gaan, te wandel en steeds voor Hom as sy heilige priesters in sy diens te staan.

Hoe meer ons dan

“sonder hulp en sonder raad,
as ons alles wil begewe,
vlug tot God ons Toeverlaat. ..”,

hoe meer sal ons in Hom ons rykdom sien.

As arme en beroofdes gaan ons steeds weer na God toe, en as ryk koningskinders staan ons op van ons gebed. Ons word dan telkens meer van ons eie armoede en van ons rykdom in God bewus. En dan word Hy meer en meer ons toevlug, ons Besitting. Dan word ons lewe meer en meer gewy aan sy diens. Dan eers leer ons om die wonderlike taal met Paulus (2 Kor. 6:4—10) te besig:

“Maar in alles beveel ons ons aan as *dienaars* van God: met baie geduld, in verdrukkinge, in node, in benoudhede; in slae, in gevangeskappe, in oproere, in arbeid, in slapelose nagte, in hongerly; in reinheid, in kennis, in lankmoedigheid, in vriendelikheid, in die Heilige Gees, in ongeveinsde liefde; in die woord van waarheid, in die krag van God, deur die wapens van die geregtigheid in die regter- en linkerhand; deur eer en oneer, deur slegte en goeie gerugte, as verleiers en tog waaragtig; as onbekendes en tog goed bekend, as sterwendes en kyk, ons lewe, as getugtig en tog nie doodgemaak nie; as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes maar wat baie ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit”.

Want dit is die geheim: God deur die geloof is Jesus Christus weer ons Besitting deur die inwoning van sy Heilige Gees om ewig by ons te bly!

Ek is julle erfdeel!

Ek is julle Besitting!

**Amen.**

## 29. 'N REGTE WEEGSKAAL, 'N REGTE EFA EN ‘N REGTE BAT

**Lees**: Eség. 45.

**Teks**: Eség. 45:10—12.

Eségiël sien nou simbolies hoe Palestina tussen die Jordaan en die Middellandse See as 't ware in 'n groot reghoekige blok van 25,000 by 20,000 el lê. En die blok word van oos na wes in drie stroke gesny, van respektiewelik 25,000 by 5,000 el en twee van 25,000 by 10,000 el, terwyl dwars teen die stroke — sowel aan die oostekant teen die Jordaan as aan die westekant teen die see aan — nog twee stroke lê. Altesame dus vyf stroke, met een daarvan in die middel van die ander vier. En in die middel van die sentrale strook lê die tempel met sy mure en poorte afgesonderd deur 'n strook van 500 el vierkant rondom. Die twee stroke aan die ooste en weste is vir die vorste van Israel, en die stad lê in die middel van die suidelike strook

as woonplek vir gans Israel.

Wat by hierdie tekening ooglopend is, is dat die tempel in 'n aparte strook, sentraal, buitekant en apart van die stad geleë is, terwyl die stad sydelings in die gebied geleë is. Dit is simbolies-profeties die aanduiding van die onderskeiding van *kerk* en *staat* in die Nieu-Testamentiese bedeling. In die tyd van die Ou Testament met sy teokrasie was kerk en staat aanvanklik in die families en stamme en later in Israel as volk so ineengestrengel dat ons dié twee (kerk en staat) moeilik van mekaar kan onderske**I.** Maar in die Nieu-Testamentiese bedeling sal kerk, staat en maatskappy elk sy eie soewereine kring hê — maar tog só dat die kerk met sy openbare erediens, prediking van die Woord van God, die sentrale plek in die lewe sal inneem en so feitlik die ganse lewe gaan beheers met die prediking van Gods Woord. So kom die kerk met sy preekamp ook hier preek van die koningskap van die Christen in staat en maatskappy. Hier word veral die burgerlike, die politieke en die sosiaal-ekonomiese regte en pligte van die "vorste van Israel" vir ons verkondig. Ons staan stil by:

(1) die vernaamheid van die koning-Christen, en

(2) die stryd van die Christen-koning.

**I.**

Hier word van die regte en pligte van die "vorste van Israel" gespreek, en dit dui dan nie uitsluitlik die *konings* van Israel aan nie maar ook die familie- en stamhoofde in Israel, wat samevattend die "owerstes" in Israel genoem is (Ex. 34:31; Num. 2:3; 1 Kon. 8:1). Maar Eségiël gaan nog verder en stel die vorste in die lig van hulle *amptelike* werk! Hy verwys wel na die verlede toe die "vorste" onreg, geweld en bedrog gepleeg het, maar in teenstelling daarteenoor teken hy die koninklike *ampswerk* af soos dit in die komende nuwe tyd verrig sal word. Hier het ons dus in Ou-Testamentiese kleure 'n profetiese afskildering van die Nieu-Testamentiese koninklike amp in Jesus Christus onse Here. Hier spreek die profetiese woord ons dus nou almal toe in ons *koninklike amp* as gelowiges in Jesus Christus, en wel die koninklike ampswerk soos dit uitkom in die stad as woonplek van die volk en as setel van die vors, en dit sowel in die regsreëls van die owerheid as in die sosiaal-ekonomiese aspek van die volkslewe. Want die stad is nou eenmaal setel van die owerheid, en knooppunt en polsslag van die sosiale en ekonomiese volkslewe.

En die koninklike amp word hier ontvou in sy koninklike *vernaamheid.* Die koning-wees van die koning-Christen kom met name daarin uit, dat dit regerend-dienend is. Dit word nie gedra deur 'n polisiemag met boeie en pistole nie maar besit sy mag en vermoë in sy geestelike adel, in sy innerlike majesteit en heerlikheid, in sy oorweldigende vernaamheid. Dit oorweldig harte tot gewillig dienende onderdanigheid. Die koningskap van die koning Christus werk nie met elmboë en vuiste daar in die drukte van die massa in die straat nie maar deur die boeiende majesteit van die geestelike woord. U sien die koningskap van die Christus daar in die strate van Jerusalem as die Jode en soldate skreeu en raas, met klippe wil gooi en met brute geweld dreig — om Jesus, Koning van die Jode, te onttroon. Selfs aan die vloekpaal is Hy en bly Hy *koning* Christus. Met Majesteit kondig Hy af vir die moordenaar aan die regterhand aan: "Vandag sal jy met my in die paradys wees!" En die ander een laat Hy tot sy regverdige straf in sy verderf. Wie kan hierdie woorde weerstaan? Watter mag kan dit keer? Koninklike vernaamheid! O, as Hy bespuug word, dan spuug Hy nie terug nie. As Hy geslaan word, dan slaan Hy nie terug nie. As Hy verag word, dan verag Hy nie in weerwraak nie, maar tussen al dié dinge heen, lei Hy, regeer Hy in hoë vernaamheid alle dinge.

Koning Christus vol hoë majesteit, so alles beheersend vernaam! Geen vors, geen keiser, geen generaal, geen imperiale eerste minister, geen diktator, het nog ooit sonder toom en teuel 'n ongetemde eselsvul met so 'n volkome beheersende majesteit bestyg nie as koning Chris-

tus! Hy is koning — groot amptenaar as Hy die stad Jerusalem met die eselsvul binne reis. Koning Christus — groot amptenaar as Hy die windstorms stil, die visse gebied, die voëls versorg, duisende voed met 'n paar brode en visse! Dan steel Hy nie, Hy pers nie af en neem nie buit nie! Hy pleeg geen geweld en knoei ook nie. Vyf sikkels is vyf.

O groot koning Christus — so ontsettend *vernaam* in sy koningskap: Die son staan stil en die maan om sy ontwil in die stryd (Josua — Jesus). Die winde gaan lê. Die son verduister as Hy sterf. Die aarde beef, die rotse skeur, die wagte val neer. Is dit dan geen prediking van sy *grootste vernaamheid* nie?

En nou profeteer Eségiël daarvan. Nou verkondig Eségiël vir u u vernaamheid in die koninklike amp in Jesus Christus. Weet u nie, o mens, dat God u so vernaam in die koninklike amp geskape het, dat Adam die voëls, die diere, die hele aarde in koninklike majesteit beheers het nie! En as u die heerlike koninklike vernaamheid deur die sonde verloor maar deur die geloof in Jesus Christus weer verkry het, moet u dan, as u u diere inspan, die goed skel en slaan en vloek soos 'n onverantwoordelike slaaf? Moet u dan as u uitgaan om sake te dryf gaan lieg en bedrieg, gaan uitbuit en konkel, armes, weduwees gaan besteel en tekort doen omdat u u in die mag waan om dit te doen?

O, die mens wat sy huurder of sy kneg knyp en tekort doen in die huur, misken tot sy grote skande sy koninklike vernaamheid in Christus en verlaag homself tot 'n brute rower wat vloekend en skellend langs Christus hang om self sy vloek te dra! Die mens wat geregtelike moorde pleeg, wat die reg smoor en die onreg laat heers, op die akker of op die mark, is 'n slaaf in die boeie van sy vreeslike selfsug. Hy is 'n niksnuts wat God eenmaal sal uitwerp soos nikswerd kaf.

O gemeente, verstaan u die heerlike vernaamheid van die koning Christus? Want die tempel of kerk — nie die mark nie — staan in die sentrum. Die tempel, met sy poorte, met sy leer, diens en tug! Die tempel, d.**I.** die kerk met Gods Boekrol wat die koningskap preek! Dis die Woord van God, die boekrol wat van die kansel verkondig word, wat elkeen wat die Woord hoor en dienend gehoorsaam, so 'n vername koning maak!

Die Christelike kerk met die verkondiging van Gods Woord in die sentrum, *maak* koningsmense. Die Woord van God en sy Gees in ons hart, maak ons so vernaam in al wat ons spreek en doen, in ons hele lewenshouding. Dis die Woord en die uitgestorte Gees van God in die kerk wat sulke koninklike getuies maak soos Petrus op Pinkster, soos 'n Moses en Elia, wat water in bloed verander, wat vuur laat reën, wat die wêreldbeloop beheers dwars teen 'n magtige Farao en 'n verslaafde Agab in.

Ag, mag die Christenmens tog net sy vernaamheid in sy koninklike amp in hierdie ou wêreld en lewe besef. Of hy nou 'n landheer is of niks besit nie, 'n werkgewer of 'n werknemer, 'n fabrikant of kruier, 'n landbouer of landarbeider, 'n koopman of drywer is — altyd moet in hom die vernaamheid van sy koningskap gesien word. Of sy nou 'n huisvrou is of wasvrou, diensmeisie of naaister — altyd koningin!

En so is die Christen die vleesgeworde Skrifwoord: vyf sikkels is vyf en tien sikkels is tien! Maar dit is 'n groot stryd vir ons arme sondaars.

**II.**

Die stryd van die Christen-koning lê daar op staatkundige en sosiaal-ekonomies gebied. Jy gaan uit die tempel, uit die kerk uit die stad in met sy regsreëls en met sy mate, munt en gewigte waar daar gekoop en verkoop word. Daar stap die Christen-koning nou af in die straat van die stad, met sy produkte of na sy winkel of besigheid. Daar lê sy duimstok, daar staan sy skaal, daar is die efa, die bat, die gomer, die geras en die sikkels. Hy gaan nou koop en ver-

koop.

Eségiël het vir die nuwe mens nou genoeg vertel van die tempel, van sy vorme, van sy dienste — die godsdienstige lewe in engere sin. Hy gaan nou spreek van die maatskaplike en staatkundige lewe van die vernieude mens, die koningsmens in Christus Jesus, soos die moet wees volgens die norme van Gods Wet.

Die ou sosiale ongeregtighede wat onder Israel tog so in swang was, moet deur die koningsmens volledig uitgeban word uit die maatskaplike en staatkundige lewe wat so swanger is van onreg, geweld, verdrukking, afpersing, en dit selfs van een offeraar teenoor 'n ander offeraar daar by die tempel, die een lidmaat teenoor die ander lidmaat van dieselfde kerk!

Daarom waarsku Eségiël nou (vs. 9, 10): “Julle moet 'n regte weegskaal hê en 'n regte efa en 'n regte bat. 'n Efa en 'n bat moet 'n vaste maat hê, sodat 'n bat die tiende van 'n homer bevat; ook 'n efa die tiende van 'n homer; die reëling daarvan moet wees volgens die homer”.

En in hierdie verband staan, volgens 'n baie duideliker tekslesing as ons vertaling, in vs. 12 ook die simpele herinnering: “Vyf sikkels is vyf en tien sikkels is tien en vyftig sikkels moet vir julle 'n pond wees”.

Dit is hier waar die regslewe en die ekonomiese, die sakelewe so deureengestrengel is. Vroeër het die vorste, die familie-en stamhoofde, op die mees willekeurige wyse nie net die inhoudsmate (efa en bat) en gewigte nie, maar ook die geldwaarde van die munte verander al namate die “vorste” dit in hulle belange nodig geag het. Met die geldwaarde van die munt, nl. die sikkel, het dit nie so presies toegegaan nie! As die vorste maar net vorstelik kon lewe.

O, hier kom Eségiël tog ook so na aan die vel van die Christen-koning! Hy het miskien 'n huurder op sy grond wat daar verbeterings op doen, en straks as hy moet vertrek, dan rys die goudstandaard van die eienaar omhoog en die verbeteringswaarde daal na omlaag! Vyf is dan skielik nie meer vyf nie, en tien is nie meer tien nie! Vyf het somaar omhoog geskiet na twintig. En tien staan gelyk aan veertig!

En daar meet een met die inhoudsmate vir nat ware olie af, maar as hy moet gee is die bat nie meer een tiende van 'n homer nie, maar skielik een vyfde! Maar as hy moet kry is die bat skielik een twintigste van 'n homer! Daar meet nog een koring af. Maar as hy moet betaal is die efa ook nie 'n tiende van 'n homer nie maar 'n vyfde, terwyl as hy betaal moet word, dan word 'n efa skielik 'n twintigste van 'n homer koring!

Elke dag is die *Christen-koning besig om* nuwe mate *en* gewigte te yk, om goudstandaarde vas te stel! En daarvan is die volk, die arme weduwees en wese, die behoeftige volksdeel, die lydende party. O, dis so 'n gruwelike afpersing, verdrukking en geweldpleging, dat onse Here dit nooit kan gedoog in sy Nieu-Testamentiese gemeente nie. Hier kom die Here in sy Woord teen die gruwelpraktyk op. Hier kom God nie alleen as die heilige Yker en Kontroleerder van die mate en gewigte nie, maar ook verbied Hy ten strengste elke devaluasie van die pond.

Gemeente, daar is 'n soort Christen wat só vroom is, só oorgeestelik is, dat hy van oordeel is dat die Skrif nie oor die gawe pond soseer spreek nie maar net oor die gawe siel. En dit mag waar wees dat ons tyd meer belang het by 'n gawe pond as by 'n gawe siel, maar hierdie oorbeklemtoning van die stoflike bo die geestelike gee ons nog nie die reg om met die vroom dwepers die Skrif verby te gaan en nou net met die geestelike, die siel se saligheid te dweep nie. Kyk, Eségiël is hier met heerlike geestelike dinge besig gewees, nl. die besit van God deur die gelowige, maar in die hoofstuk daarna handel hy oor die besit van ons *goud!* En dit in die komende Godsryk waar alles so heilig moet wees. Hier word die geestelike dinge nie teen die natuurlike dinge uitgespeel nie.

O nee, as die Skrif die lewensbelange van die gawe siel preek vir die priester-koning, dan

preek hy in een asem ook die belangrikheid van die gawe sikkel vir die koning-priester. Julle wat julle self gelowiges noem, moet goed luister: vyf is vyf en tien is tien! Dit lyk so oorbodig om dit te sê! Elke kind in die eerste klassie weet dat vyf gelyk is aan vyf en tien aan tien. Moet mens sulke dinge dan nie in rekenboekies gaan soek nie? Moet sulke dinge dan ook in die Bybel geleer word? O ja! Ons preek vir die mense dat dit nie maar die uitvinding van die mens is dat vyf vyf is nie, maar dat dit 'n *openbaring* van God is. Dit is 'n openbaringswaarheid van God vir ons sosiaal-ekonomiese lewe: Gód sê vyf is vyf en tien is tien. O ja, in die Nieu-Testamentiese kerk van die Here gaan dit nie soos sommige vroom mense meen net oor die hemel, oor die liewe Jesus, oor die saligheid van die siel nie. Hier gaan dit oor syfers! Vyf is vyf! Iemand spreek my eendag hard aan en sê: “Julle predikante moet nie Sondae ook nog met politiek en met besigheid kom nie. Ek het die hele week daar genoeg van. Ek is daar sat van. Sondags wil ek iets anders hoor”. En 'n kerkraadslid elders het onlangs opgemerk: “Moet ons nou vir geld ook al bid!” En die antwoord is: O ja, as jy 'n Christen-koning is, dan is jou kerklike lewe, jou godsdienstige lewe sentraal, maar daaromheen beweeg jy jou, leef jy en bid jy ook oor mate, munte, gewigte, vyf is vyf. Jy moet nie waan dat jy die hele week met mate, munte en gewigte en met rekenings werk en dat jy dan God die reg sou kan ontsê om op die Sabbat ook nog weer Hom met die mate, munte en gewigte te bemoei nie. Of daar is die onderwyser wat triomfantelik gevra het wat 'n rekensom met Christelikheid te maak het?

Moet nie dink dat u die mag het om op die gebied van besigheid uit te roep nie: “Besigheid is besigheid en godsdiens is godsdiens”. Moet nie waan nie dat u God sou kan toeroep soos 'n brutale heerser: “Wag, God; dis nou besigheid hier. Hier het U nie ook mate te yke en berekenings te maak nie. Dit doen ek in die week. En Sondae wil ek dit nie hoor nie, ook nie van U nie!”

O nee, Eségiël preek hier vir die Christen-koning, vir die mens in sy bedienende amp van koning! Hier is nie plek vir 'n eiemagtige, brutale heerser wat yk soos hy wil en meet soos hy wil en reken soos hy wil nie. *U koningsamp is 'n bedienende amp,* is 'n bediening van hierdie Woord van God, waarin God die mate en gewigte yk, is 'n bedienende amp van die Woord waarin God ons voorreken en ons Hom nou moet gaan nareken! U moet dit weet dat God in die hemel ook reken en veral dat Hy vir u in sy Woord vóórreken, en dat u in sy heilige koningsamp met die heilige Gees gesalf is om nou presies ook so te gaan reken as u uit die tempel in die stad gaan, as u op die mark gaan of in die winkel staan!

En daarvoor moet u oppas, só moet u bestier en leef as koning, dat u u laat beheers deur Gods Woord. Dat u so sal reken soos deur u God vir u voorgereken is; dat u syfers en getalle, dat die lone wat u betaal, en die verdienstes wat u bereken, goed uitkom. Dit moet klop met Gods berekeninge. Christus is na die hemel gevoer en reken u daar voor. En Hy het sy Gees bestuur om ons met die rekengees te vervul. Ons moet uit Hom, volgens Hom lewe. 'n Valse weegskaal is vir die Here 'n gruwel. God slaan sy boeke na, en al Gods kasboeke sal eenmaal oopgeslaan word en sy ewige balansstaat sal Hy op die oordeelsdag uitlees.

Vyf is vyf en tien is tien. U het nie gedink dat die eenvoudige rekening deur God binne sy heiligdom vir ons voorgereken is nie. Ons weet dit ook maar ons vergeet dit te veel *dat vyf voor God vyf is! En Christen-koning, dis u* amp *om in diens* van hierdie woord: “Vyf is vyf, tien is tien, tien efas is 'n homer, en tien bat is 'n homer, en vyf tig sikkels is een pond”, hier uit te gaan op u akker, as landbouer, as produsent, as koper en verkoper, as huurder en verhuurder, as lener en teruggewer.

Bedink dit: God reken goed — vyf is vyf en tien is tien.

**Amen.**

## 30. ORDEMAATREËLS

**Lees**: Eség. 46.

**Teks**: Eség. 46:1—3, 8—10.

Op die Sabbatfeeste moes 'n groot toeloop van mense in die tempel verwag word. Daar was dus ook allerlei prosessies wat daar beweeg het. Wanorde en botsings mog op hierdie heilige plek nie voorkom nie, dog alleenlik orde en harmonie moet heers. Om gedrang en ophoping van die verkeer uit te skakel, was ordereëls daarom ook vir die tempelverkeer noodsaaklik. Hierdie reëls was hoogs eenvoudig: die mense wat deur die Noorderpoort die tempel binnegekom het, moes deur die Suiderpoort weer na buite gaan, en die stroom uit die Suide moes by die Noorderpoort uitgaan.

Intussen moet ons in gedagte hou dat die Oosterpoort volgens hoofstuk 44 steeds gesluit moes bly, en in die Weste was die tempelmuur blind, sonder enige poort. Die ordemaatreëls vir die nuwe tempelverkeer het dus slegs die Noorder- en Suiderpoort getref, en daarvoor het 'n soort eenrigtingsverkeer gegeld.

Maar by hierdie ordemaatreëls staan verder nog die veelbetekenende, die magtig predikende woorde: *Elkeen moet reguit vorentoe uitgaan.* Uit dit alles is dit duidelik dat Eségiël hier rekening gehou het met dié omstandighede dat daar ook binne die vernieude volk in die Godsryk op aarde balhorige, eiewyse en styfkoppige Jode was wat al téén die stroom in die tempel sou wou verlaat. Sulke feesgangers was daar altyd en sal daar in hierdie bedeling ook steeds wees.

Daarom moet ons nou luister na die prediking van

(1) die ordemaatreëls in die kerk van die Here, en

(2) die openbaring van die heerlikheid van die Here deur die kerkgangers wat reguit vorentoe uitgaan.

**I.**

In sy visioen van die nuwe tempel met sy feesdienste verkondig Eségiël vir die kerk van die Here in die komende Godsryk, dit is in die Nieu-Testamentiese bedeling, vaste orde-reëls: eenrigtingverkeer uit noord na suid en andersom. Nie heen en weer omkeer in die tempel of kerk nie. Dit het heelwat vir ons te preek! Want verkeersreëls is tog nodig waar groot mensemenigtes bymekaar verby moet beweeg. En só moet die Nieu-Testamentiese kerk wees waar die gelowiges vergader!

Die Nieu-Testamentiese kerk moet op die Sabatte en feesdae druk besoek word! Dit is die vergaderplek van die gelowiges by uitnemendheid op die Sabbatdae! Ja, só naarstig en ywerig moet ons met die gemeente van die Here vergader om sy Woord te hoor, sy sakramente te gebruik, om te kom aanbid en ons liefdegawes te bring, dat verkeersreëls beslis nodig moet wees. Na Pinkster, op die Sabbat, moet die gelowiges nie meer by tientalle nie, selfs nie eens by honderdtalle nie maar by *duisendtalle* vergader, sodat noodsaaklikerwys die verkeer gereël moet word. Dit, gemeente, is die beeld van die Nieu-Testamentiese kerk na Pinkster, op die Sabbat, na die eis van die profetiese Woord van God.

En hoe vergelyk die Nieu-Testamente kerk by hierdie profetiese beeld? Waar is vandag die plekke by uitstek waar verkeersreëls noodsaaklik is? Daar by die stadion, by die voetbalwedstryde, by die stoeigevegte in die nag, by die sportwedstryde, by die kunswedstryde, by die honde- en perdewedrenne, by die rekordbrekers en motorjaers, by die moderne rolprentvertonings. En op die Sabbat by die kerk? Niemand droom tog om verkeersreëls daar op te stel nie? Dit is die klaagtone vandag oral: die kerkgangers is so angswekkend weinig teen-

oor die mense op die moderne genot- en vergaderplekke, dat dit veelal gek lyk om die verkeer te reël! Dit lyk asof dit maar die krummelgetalle uit ons Afrikaanse volk is wat gereeld Sondae die kerk besoek.

Weet u, daar is beslis nie kerkgeboue om elke Sondag die Afrikaner Christene te bevat nie? Daar is nie plek nie en die verkeer sal gereël moet word as almal die kerk moet besoek! En waar is hulle Sondae? O, die beskamende beeld, die benouende beeld van die Nieu-Testamentiese kerk in die twintigste eeu teenoor die eis van die profesie met sy drukke verkeersreëls! Daar is menige vir wie dit waarlik geen saak sou gemaak het as kerke met blinde mure sonder deur gebou sou gewees het nie! O, daar moet verandering kom onder ons volk; daar moet 'n grondige reformasie kom.

Let op: verkeersreëls in die kerk! Daarvoor is Eségiël nie te geestelik, soos sommige klein groep- of kring-godsdienstiges vandag oordeel nie. Nee, hy is die profeet van God, die man vir die “massa”-godsdiens op die Sabbat.

Nee, verkeersreëls is nie 'n te ongeestelike saak vir die kerk nie. Dis die eis! Laat ons nie in 'n soort oorgeestelikheid met veragting neersien op die stiptheid, die orde en reëlmaat in die diens van God, in sy Nieu-Testamentiese kerk nie. Daar is vandag dié soort mens wat die kerklike ordereëls as sieldodende vorms, as wettiese letterknegtery bestempel. Dis hierdie soort mens wat die wanorde en reëlloosheid liefhet en uitroep en hom oorgee aan geestelike uitspattinge in woeste gespring en gedans soos die sektes, en dit nogal wanneer die Gees in hulle sou werk! En al sou die ordelose mens in sy hoog geestelike godsdiens nou ook die geestelike woestheid van die losbandige sektes verag, as hy hom nie onder die ordereëls en tug van die profetiese woord en die leer van die Heilige apostels vir die Nieu-Testamentiese kerk stel nie, dan is hy in beginsel ook net so 'n geestelik verwilderde!

En van hierdie soort mense het ons ook in die Gereformeerde Kerk. Hulle sal selfs veragtend spreek van die geestelike losbandigheid van die sektes wanneer hulle die Gees ontvang. Maar watter ordereëls het hulle vir die Sabbat? Onder watter tug staan hulle vir die Sabbats verkeer? Hulle leef by wat hulle die Sondagmore voor *lus voel.* Voel hulle lus om te gaan kuier, dan gaan kuier hulle. Voel hulle lus om die dag leeg deur te bring aan huis, dan doen hulle dit. Voel hulle lus om kerk toe te gaan, dan gaan hulle.

Dis hulle van wie die apostel sê: “En ons versoek julle, broeders, vermaan die *onordelike mense”.* As daar 'n plek is waar van begin tot end orde moet wees, dan is dit juis die kerk van die Here. Want God is 'n God van orde!

Daar moet reël en orde wees met ons kerklike bydrae; dit mag nie aan elkeen se willekeur oorgelaat word nie.

Daar moet orde wees by die bediening van die sakramente. As die kerkraad besluit het dat die kindertjies uit die kinderkamer vir die doop aangebied word, dan moet dit so geskied. As die kerkraad gereël het dat die susters met kindertjies op die punt van die banke moet sit om so min moontlik te steur by die in- en uitgaan, dan mag ander susters nie vir hulle die sitplekke langs die paadjies opeis nie. Daar moet dus orde en reël wees vir die sitplekke, vir die toetreding tot die Nagmaal, ja, ook vir die manier waarop karre van die plein wegstroom. Dis mos geen mark waarop almal deurmekaar krul en beweeg nie. Hier kom ons voor Gods aangesig en God is 'n God van orde, wat voorskrifte daarvoor in sy Woord gegee het.

Seker, daar is beginselsake van die suiwere leer, van die godvrugtige lewenswandel in 'n Skriftuurlike kerkinrigting waaroor die ampsdraers, nl. die ouderlinge in die eerste plek, moet toesien, maar die Heilige Skrif leer ons dat hulle nie minder moet toesien op die ordesake nie, nl. op die tyd waarop die kerk begin, op die seremonies van bevestiging van ampsdraers, huwelike, ens.

Naas die *belydenis* moet daar ook plek wees vir die kerkorde. Kerkorde vir die kerke in kerkverband, en kerkorde vir die kerke plaaslik. Dis die werk van die kerkraad (ouderlinge) om die orde te reël en te handhaaf en dis die roeping van die gemeente om dit te bewaar en die kerkraad te kontroleer. Ouderlinge moet stip en ordelik wees en moet nousienend op hierdie dinge let. Ouderlinge moet nie slap wees om die goeie orde in die kerk van Christus te bewaar nie. En die gemeente moet leer om die goeie orde te bewaar! As 'n lidmaat vertrek, moet hy tog volgens die ordereëling sy attestaat aanvra. En tog is daar so baie lidmate wat nalatig en slordig is in hierdie dinge, en dit mag net nie. Die goeie en gewillige onderwerping aan die kerkorde is dan ook die eerste toetsteen vir die suiwerheid van iemand se belydenis en van die nougesetheid van sy godsdiens. Daarom, die kerkordeboekie moet in elke huisgesin lê en hulle moet dit van kleins af aan huis aanleer om kerklike dissipline aan te kweek. Hierdie nuwe mode om lidmaat van die kerk te wees en nie eers te weet van die kerkorde nie is 'n sondige laksheid en losbandigheid. Selfs ouderlinge en diakens is daar wat die kerkorde nog nooit eers gelees het nie. O, dit maak alles in die kerk so slap en laks. Dis 'n ontsiering van die geïnstitueerde kerk van Christus.

Nee, u moet dit *weet* en u moet dit *doen:* by die noorderpoort in en by die suiderpoort uit of by die suiderpoort in en by die noorderpoort uit. Orde, reël, tug, dissipline!

**II.**

Eségiël bepaal dan die orde nog nader deur daaraan toe te voeg: *“die volk moet reguit vorentoe uitgaan”.* Onthou tog, geliefdes, in die Skrif staan niks oorbodigs nie! Hierdie woorde is dus ook nie sommer ingevoeg nie. Ons gedagtes word daardeur teruggevoer na hoofstuk 1 waar telkemale van die vier lewende wesens, die gerubs met die troonwa waarop die HERE in heerlikheid getroon het, gesê word: *“Hulle het nie weggedraai as hulle gaan nie; hulle het elkeen maar reguit vorentoe gegaan”* (1:9, 12, 17).

By die troonwa het die groots moontlike orde en reëlmaat geheers — wel wonderlik dog nie *wanordelik* nie — volstrekte harmonie sowel by die vier lewende wesens onderling asook tussen die diere en die wielwerk. Hulle het nie weggedraai as hulle gaan nie, selfs as hulle bliksemsnel opgehef word, maar hulle het elkeen reguit vorentoe gegaan waar die *Gees* ook heen wou gaan. Altyd in die koers van die Gees, en die Gees is altyd reguit, koersvas! En die Gees is in die wesens, en die gees van die wesens is in die wiele. Onsekerheid, wispelturigheid, onvastheid is geensins te bespeur in die gang van die troonwa nie.

Dit is 'n openbaring van Gods heerlikheid, van die skoonheid van Gods volmaaktheid, te midde van die vreeslike en verwarrende ballingskaps-oorlog oor Israel. Geen vaste koers meer by Sedekia nie — dit was 'n gehink op twee gedagtes. Ook die volk verskil onderling met mekaar en bots gedurig. Die een skreeu hiernatoe en die ander roep soontoe! Nasies lê oorhoop met mekaar, wêreldryke bots, krone val en nuwe trone word opgerig — ook op die groot wêreldtoneel geen koers en rigting nie.

En dan hierdie heerlike visioen: bo die aardse warboel verskyn God in sy heerlikheid, op sy troonwa met die gerubs vol van die Gees van die Here. En sy troonwa gaan met sy gerubs *reguit* vorentoe, op *die doel van die Gees* af. Deur die woeste, klotsende see wil Hy vir sy volk 'n weg baan, soos die digter daarvan sing (Ps. 66:3):

*Die Heer het deur die woeste seë,*
*en wilde strome 'n pad gebaan*
*soos wand'laars op gebaande weë*
*het Hy sy volk daar deur laat gaan”*.

O, dit was besonder vertroostend vir Eségiël om te sien dat daar bo die verwarring onder die mense onder die nasies en wêreldryke, ja selfs ook in die kerk, *Een* is wat reg op sy doel

afgaan, dat daar in Gods regering niks bots nie, niks onsekers is nie.

En wat Eségiël so van Gods heerlikheid op die troonwa en van die gerubs gesien het, kom hy nou vir die mense, die vernieude volk, die Nieu-Testamentiese kerk preek waar hulle in die erediens vergader.

Die ligtende voorbeeld van die heerlikheid van die HERE en van sy gerubsengele hou hy vir hulle voor. Die herbore Israel moet voorbeeld neem van die engelewêreld vol van harmonie, orde en vaste koers. Mensekinders, doen julle soos Nieu-Testamentiese kerkgangers dieselfde as die gerubs: gaan reguit vorentoe! Soos in die hemel, net so ook op die aarde tog! So het onse Here sy dissipels leer bid: "Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak en U wil wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam mag wees, sodat elkeen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag uitoefen en bedien as die engele in die hemel".

Elkeen in sy hele lewensamp en *lewensberoep* — net reguit vorentoe gaan, *koersvas* in die rigting van Gods Woord en Gees. Koers hou in die krisis. Reguit vorentoe aanhou!

O, dis tog so treurig dat lidmate van die Nieu-Testamentiese kerk so sonder vaste koers is; dat hulle so wiggel en waggel, dronk van die chaosgeeste van die wêreld. Dat hulle so onseker is oor die koers oor die pad wat ons moet bewandel. Dis nie 'n openbaring van die heerlikheidsgees van die Here in die lewe nie, maar van die bose misleidingsgees van die wêreld. Die moment wat u onseker is en huigel — dan raak u al gevang deur die bose gees! Dis ons vloek dat daar te veel lidmate is wat huigel, wat só sê en anders doen! Te veel lidmate van die kerk wat in die volkslewe krom draaie loop, heen en weer slinger juis in die krisistyd! Dis laag en gemeen. Dis duiwels en nie hemels nie. Lidmate van die Nieu-Testamentiese kerk loop te midde van al die botsinge en wirwar koersvas volgens Gods Woord en Gees die Christus in sy koms tegemoet. Gelowiges gaan reguit vorentoe soos die heilige engele en openbaar so die heerlikheidsgees van God in hierdie ou verwarde wêreld.

*Dis wat God, die Here HERE, sê:* Dis Goddelike gesag, Goddelike seggenskap. Dit moet die kerk preek in die volle besef van die amptelike roeping daartoe. As vandag Nuwe Ordes van politieke platforms uitgekraam word in ons verwarde tyd, dan moet die kerk die gesag, die majesteit en die heerlikheid van God openbaar deur God se *oudsynde* en tog immers *nuutblywende* reguit orde te verkondig vir die wêreld. Hierdie gesag van die kerk is sy van God gegewe prerogatief! Ons hoor vandag by die Nuwe Orde-mens nie die Skriftaal van *kerklike gesag* nie, maar van *groot mate van kerklike gesag.* Nee! net sy van God gegewe gesag om God se Woord te verkondig. Niks minder, niks meer nie.

Wie is die bron van die kerk se gesag: die Nuwe Orde, of koning Christus aan Gods regterhand? Het Hy nie toe Satan vir Hom in die woestyn gesê het: "Al die koninkryke (gesag) gee ek u, aanbid my net" — Satan met Gods Woord afgewys nie: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien!"

Moet die kerk gaan buig voor die Nuwe Orde-mens?

*Nog meer:* Die Nuwe Orde met sy kronkelinge, staan teenoor Gods reguit orde. God het eenmaal die Noorde en die Suide vasgestel en gesê: reguit van Noord na Suid of reguit van Suid na Noord. Dis nie die wisselende winde wat die windstreke bepaal nie, maar die windstreke bepaal die rigtings van die winde. Sal u dan so dom wees om die Noorde en Suide te laat wysig deur die wind wat more gaan waai? Sal daar dan nog orde wees in hierdie ou wêreld!

O, wat ons vandag nodig het, is manne en vroue van wie ons weet waar hulle staan, van wie ons weet dat hulle te midde van die grootste nasionale, internasionale en imperiale verwarring en vertroebelinge reguit vorentoe gaan! Manne en vroue wat deur dik en dun, deur

dieptes en donkertes van die nag koers hou! Na tien, na twintig, na sestig of tagtig jaar nog koers hou, sonder om te slinger. Altyd die hemelse beeld vertrou en Gods koninklike heerlikheid openbaar: reguit vorentoe gaan. Uit die kerk, deur die poorte, deur die wêreldlewe: reguit vorentoe gaan. Dan sal u nie bots met u broer of suster nie. Dan leef en werk ons soos die gerubs saam. Dan bewaak en openbaar ons Gods heerlikheid.

Reguit vorentoe: Soos in die hemel, so ook op die aarde!

**Amen.**

## 31. DIE GROEIENDE WATERSTROOM

**Lees**: Eség. 47:1—12; Joh. 7:32—53.

**Teks**: Eség. 47:3—5.

Ons het as 't ware al gewag op hierdie profesie van die heilige waters. Want die tempel en water kon die Israeliet nie sonder mekaar dink nie. Reeds by die oprigting van die Tabernakel moes Moses ook 'n koperwaskom maak, en daaruit moes Aäron en sy seuns hulle was voordat hulle in die tent gaan of 'n vuuroffer aansteek — hulle moes was sodat hulle nie sterwe nie (Exod. 30:17—21). En Salomo het met die tempelbou ook opgerig 'n koper *see*, wat op twaalf koper beeste gestaan het, en verder tien afspoelwaentjies. Die tempeldiens met sy slagting van offerdiere, met bloedbesprenkelinge, offervure en die eis van wassinge en Levitiese reinheid was ten ene male onmoontlik sonder water.

Verder was water ook 'n onmisbare element by die vreugdebedrywighede van die volk met die Loofhuttefees. Op elkeen van die agt dae wat die fees geduur het, het die waterplenging met plegtige seremonie plaasgevind. Die Loofhuttefees het tog herinner aan die omswerwinge in die woestyn. Heerlike ligte is aangesteek voor die tempel om met vreugde aan die vuurkolom in die nag te herinner. Ook is in gedagte gebring die water uit die rotssteen wat Israel se dors geles het. Elke more van die Loofhuttefees het die priesters, vergesel van die volk, afgedaal van die tempelberg na die bekende bron van Siloa en in 'n goue kruik water geskep. Saam keer hulle dan terug na die tempelvoorhof, en as die priester daar met die kruik verskyn, dan sing die volk uit Jes. 12:3: *"En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil".* Nadat die water met wyn vermeng is, word dit in 'n bakkie wes van die brandofferaltaar gegooi, en hieruit vloei dit dan met 'n pypie af na die spruit Kidron. En by hierdie hele plegtigheid juig en sing die volk hulle Psalms.

Tempel, vreugdefeeste in die voorhowe en water is onafskeibaar!

Verder is dit 'n merkwaardige feit dat die tempelrivier van Jerusalem, die Siloabron, so swak is. Dit ontspring uit die voet van die tempelberg, maar hoe verder dit van die bron kom, hoe swakker is die ou stroompie, en eindelik word dit in die dorre aarde opgeslurp. Daarom is die waterverkoper 'n bekende figuur in Jerusalem, waar hy luidkeels in die straat sy water te koop aanbied. Hieraan herinner Jes. 55: "O, almal wat dors het, kom na die waters ..." Dis alleen maar wonderlik dat die profeet se aanbod lui: "Kom koop sonder geld en sonder prys".

En nou, as die ballinge van Eségiël deur die moedelose gedagte oorheers word dat dit met hulle gedaan is, dat hulle as Gods volk eerlang heeltemal sal verdwyn en soos die ou watertjies van die Siloabron in die sandjies doodloop, dan sien Eségiël in sy tempelvisioen tot hulle troos uit die nuwe tempel waters stroom van onder die drumpel uit, en waters wat nie versand nie maar steeds aanswel tot 'n magtige, onverganklike stroom wat die Dooie See nie net bereik nie maar selfs genees! Nou nie meer waters in 'n kruikie bietjies-bietjies aandra na die tempel, en nou nie meer 'n ou stroompie wat vlak langs die stadsmure in die sand doodloop

nie! Dis nou 'n stroom van lewende water wat onder die drumpel van die tempel ontspring en allengs aangroei tot 'n groot rivier.

Ons let met u slegs op twee punte:

1. Die prediking van die waters wat onder die tempel-drumpel ontspring;
2. die aangroei van die waters tot 'n magtige stroom.

**I.**

Eségiël sien in sy tempelvisioen van die komende Godsryk dat water by die ingang van die huis uitstroom onder die drumpel en eindelik die tempelvoorhof aan die Suidelike symuur verlaat en in groeiende mate wegbruis in suidoostelike rigting na die Dooie See. Nie meer water wat deur gebruik altyddeur verminder nie maar stromende water wat onder die gebruik daarvan aanswel tot 'n peillose vloedstroom.

Dit, gemeente, is die simbolies-profetiese aankondiging van die uitstorting en oorweldigende, meevoerende werk van die Heilige Gees.

Wat seremonieel afgebeeld is by die waterplenging in die Ou-Testamentiese bedeling met die Loofhuttefees, wat Eségiël hier simbolies-profeties aangekondig het — dit het ons Here Jesus op die aangrypendste wyse vertolk toe Hy op die *Loofhuttefees* in Jerusalem met die waterplenging op die laaste (agtste) dag van die fees uitgeroep het: “As iemand dors het laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in my glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei”. En dan staan daar verklarend by: “En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie” (Joh. 7:37—39). So het die apostels na Pinkster dit ook verkondig dat die Christus wat gekruisig, gedood en begrawe is maar wat ook weer uit die dode opgestaan het en na die hemel gevaar het — dat dit Hy is wat die Heilige Gees uitgestort het, soos Hy ook beloof het. Hy is die deur waardeur ons moet ingaan om die Heilige Gees deelagtig te word. In Hom moet ons glo. Hy is die poort van geregtigheid. Hy is die man met die meetroede aan die oostelike poort waar die waters suidwaarts uitstroom. So sal vanuit Jerusalem die heil van Christus in die wêreld ingedra word en die Heilige Gees sal weer met die verkondiging van die evangelie, die geestelike verdorde aarde, 'n dooie see, genees en met nuwe geestelike lewe vervul. Die dooie see van menseharte sal Hy genees.

So het ons dan hier in Eségiël se visioen die heerlike prediking dat die Christus in die Nieu-Testamentiese bedeling sy Gees sal uitstort op alle vlees.

Wel het die Ou-Testamentiese bedeling ook die werking van die Heilige Gees geniet, maar soos by die tempeldiens die water bietjies-bietjies in kruike na die tempel aangedra is, so het God sy Heilige Gees as 't ware drupsgewys — en net onder Israel — nog nie in volle mate vir die Ou-Testamentiese kerk gegee nie. Die Ou-Testamentiese tempeldiens met sy gebrekkige watervoorsiening en klein stroompie deur 'n pypie was 'n voortdurende prediking van die groot behoefte aan die volmaakte werk van die Heilige Gees. En wat die aardse Jerusalem in 'n floue skadubeeld afgebeeld het, sien Eségiël visionêr van die Hemelse Jerusalem, die komende Godsryk, die Nieu-Testamentiese kerk. Die volle stroom van Gods Gees is vir ons uitgestort in sy Nieu-Testamentiese kerk.

En die Heilige Gees uitgestort in sy kerk, moet ons kostelikste besit, ons lewensbeginsel wees. Nie uit die vleeslike beginsels nie, nie uit sielkundige opwekkings nie, nie uit kunsmatige gewekte entoesiasme moet ons leef nie, maar uit Gods Heilige Gees. Daarom en daarom alleen kan ons lewe nou *geestelik* wees en moet ons geestelike mense wees, beheers, geleer, gelei deur die Heilige Gees. En soos Eségiël moet ons deur die waters loop, in die waters swem. In die waters die dieptes van Gods genade peil.

Ag, en hoe 'n troos is dit nie vir die gemeente nie. U moet let op die tyd toe Eségiël die gesig gekry het. Toe sit die kerk in ballingskap. Toe heers daar by hulle die moedelose gedagte dat dit met Gods volk gedaan was. Die ou bietjie ballinge, 'n armsalige oorblyfsel, wat straks heeltemal sal verdwyn. Hulle sien hulle lewe verdroog soos die watertjies van die Siloabron. Daarvan kom geen druppel in die woestyn van Juda of in die Dooie See nie. Dit skyn eerder of die invloed van die waters van die Dooie See uitbrei. Alles loop dood. Daar is geen heilige sange, geen gebede wat uit die hart wil voortkom nie. Die harpe hang aan die wilgerboom. Hier in die heidenland loop die Kebarrivier, die Eufraat en Tigris. Jerusalem verdroog! Juda verdor!

En toe laat die profeet hulle sien dat God in sy Raad anders beskik het. Dit lyk wel asof Gods werk 'n mislukking is; dit lyk soms of by die heidene, by die ongelowiges meer entoesiasme heers, meer lewensopgewektheid, groter besieling. O, dit kan soms bruis en dreun soos 'n onstuimige see onder die volke, en dan lyk die ou kerkie so doods, so leweloos, so sonder besieling en geestelike opgewektheid. Maar dit het die Here tot blywende troos vir sy kerk openbaar, dat God dit met die uitstorting van sy Gees sal verander. Hulle sal wonder op wonder hoor. In plaas van dat hulle in die ballingskap doodloop, sal hulle soos 'n stroom voortstu, met Gods Gees besiel.

So het die honderd en twintig, 'n klein en veragtelike ou klompie daar in die bovertrek gesit terwyl die menigtes juis vol besieling was oor hulle sukses met die Jesus. Sadduseër en Fariseër het getriomfeer! Maar hoe heerlik het God nie die lot van die honderd en twintigtal gewend nie! Toe op Pinkster sy Gees uitgestort is, hoe was hulle nie besiel en het daar nie van hulle uitgegaan kragte en tekens nie! Te midde van teenstand en duisende geestelike dode het hulle gestaan en getuig, en kyk net die nuwe lewe wat van hulle uitgegaan het.

En vandag moet ons as Nieu-Testamentiese gemeente die belofte van die Gees besit en moet daar van ons krag uitgaan. Ons moet dit weet dat ons nie alleen en verlate is nie maar deur die geloof in Christus deel in die volheid van sy Gees. Daarom, geen mistroostigheid meer onder ons nie, geen slapheid nie, geen *geestelike lusteloosheid nie, geen* gesangloosheid nie. Dit moet juig onder ons. Ons moet met besieling die lof van ons God uitsing, soos woestynbewoners wat onvoorsiens 'n kabbelende waterstroom sien stroom en die dorre woestynsand oorstroom.

En dit moet hieruit blyk dat ons nie meer soos 'n poel water stilstaan nie, maar in die mense- en heidenwêreld soos 'n stroom met ons nuwe, geestelike lewe voortbruis om hulle met ons mee te voer. Want Eségiël sien 'n magtige stroom vanuit die tempel wegbruis. Nou moet die gelowige nie meer lydelik sit en vir hulle godsdiens maar na die kerkgebou wys met nagmaaltye nie: vier keer per jaar groot kerk! Nee, nou moet ons die evangelie as 'n lewewekkende stroom uitdra onder die menseharte wat so dor as die woestyn van Juda is: onder die nasies wat geestelik dood is soos die Dooie See. Nou moet die kerk sending bedryf. Nou moet dit nie vir ons al wees om te voet kerk toe aan te stap nie, maar ons voetstap moet aangenaam ruis onder die heidennasies en onder die verwaarloosdes, om die lewe van die Gees in ons voort te plant. Die ware Skrifkerk is uit die aard van die saak sendende kerk.

Nou moet ons weet dat ons lewe in die bedeling van die gekome Godsryk in Jesus Christus en van die sewe geeste wat voor Gods troon is en in ons midde woon! En die koninkryk is soos 'n suurdeeg wat die hele deeg deursuur. Dit soos 'n mosterdsaad wat klein begin en uitgroei tot 'n boom waarin die voëls nesmaak!

**II.**

Daarom, laat ons ten tweede let op die waters as groeiende waters.

Die geheimsinnige man wat Eségiël vergesel, meet met sy snoer eers duisend el van die

oorsprong van die stroom, van die tempeldrumpel af, en toe was die waters enkeldiep. Daarna meet Hy weer duisend el, en toe moes Eségiël vasstel dat die waters sterk aangegroei het en nou kniediep is. Daarna meet Hy duisend el, en toe moes Eségiël andermaal vasstel dat die waters nog sterker aangegroei het — dis nou heup-diep. En toe meet Hy vir die vierde keer duisend el, en toe was die waters so geweldig diep dat dit bo-oor Eségiël se hoof gegaan het, dat hy die diepte daarvan nie kon peil nie. En as onpeilbaar diepe stroom bruis dit af na die Dooie See en genees sy waters.

Hoe? Dit word hier nie gesê nie. Vir nuuskierigheid is daar in Gods Woord geen plek nie. Dit word alles as heilsfeite vasgestel wat roep om geloof en *nie* as probleme vir die mens om op te los nie.

Maar een ding is duidelik. Dis alles so ongewoon! So teennatuurlik. In Jerusalem, in Palestina is dit so dat waters wegraak hoe verder van die bron Siloa. Maar hier is 'n nuwe Palestina waar die waters aanswel. Dis die prediking van hoe die geesteslewe na Gods gees anders is as die natuurlike lewe na die "vlees" soos Paulus sê.

In die Ou Testament is dit volledig afgebeeld, en Stéfanus het voor sy steniging daarvan 'n immer blywende prediking gegee in Hand, 7. God het sy genade geopenbaar in 'n steeds groeiende vernuwing. Eers roep Hy vir Abraham en Sara. In hulle ouderdom word vir hulle 'n kind gebore — iets wonderlik nuuts. Die kind sal so geweldig vermeerder in sy nageslag. Uit hom roep God uit Egipte al 'n volk. En dit gaan van wonder tot wonder. Moses tree op as profeet uit hulle met wonders en kragte. Iets nuuts. By Sinai ontvang hulle die verbondsvernuwing met die tabernakel en offerdienste. Weer iets nuuts. In Kanäan later die tempel van Salomo. Weer iets nuuts. En as die tempel daar staan, kom die profeet en sê in Jes. 66: Die Here woon nie *in 'n tempel* wat *met* hande gemaak *is nie.* Daar moet weer iets nuuts kom. Dit swel steeds aan. Groter, heerliker, ryker, wonderliker. En as die Christus kom, dan is dit somaar wonder op wonder. Dan kom die Godsryk. Dan daal Gods heerlikheid neer tot ons. Dan stort Hy sy Gees uit. Magtige nuwe heilsfeit. Dan tap dit nie meer nie, maar dan bruis dit van nuwe lewe: Honderd en twintig persone sit daar — veragtelik klein in getal — maar op een dag groei dit aan met drieduisend en dit klim tot vyfduisend. Jerusalem raak vervul! En dit breek deur oor Judea en stuit op tot in Samaria, en dan skiet dit na alle kante *die* heidenwêreld in tot die uiterstes van die aarde — Klein-Asië, Masedonië, Italië, *Europa!* Dan is dit 'n onpeilbare stroom wat die aarde se aanskyn vernuut. Die ou wêreld se verstorwe politieke, sosiale lewe wat orals ontbind, word met nuwe lewe begiftig. Dit het met die stroom van die Gees waarlik so gegaan soos Eségiël gesien het.

En, gemeente, die stroom van die vernieude lewe uit en na Gods Gees en Woord mag en kan nooit stilstaan soos 'n verrottende poel nie. Dit moet voortstroom en voortbruis. En dit moet nie net van plek tot plek, van tyd tot tyd *verder* gaan in die vernuwingswerk onder die volke en nasies — die sending waarop ons u reeds gewys het nie. Nee, dit moet van skrede *tot* skrede *dieper* gaan.

Ons moet verstaan dat ons geestelike lewe van vernuwing tot vernuwing moet voortgaan. As daar ooit 'n lewe is wat nooit eentonig is en ook nooit eentonig gemaak of voorgestel mag word nie, dan is dit die geestelike godsdienstige lewe van die Nieu-Testamentiese kerk. Ons vind dat die geestelike lewe van die kerk in geestelike hoogte styg na die bron van al die nuwe, ewig nuwe, heerlikheid. Na die koms van Christus as ons Redder en Regter van die wêreld! Na die nuwe hemel en nuwe aarde! Na die ewige volsalige gemeenskap met God rondom sy troon! Na die triomferende kerk en die tien-duisende van engele (Hebr. 12). Na die feestelike vergadering van die Maaltyd van die Lam op die berg. Na die Halleluja-singende kerk.

Moet ons dan soos die tradisionele Jode van Jerusalem liewers in die woestynsand vasbyt met ons tradisie-bekrompenheid, as om soos Eségiël telkens die diepe stroom by vernuwing te peil? As die man met die meetroede vir Eségiël duisend el verderaan meet en sê: "Gaan deur", — moes hy dan sê: "O nee, ek het mos my ou deurgangplek"? As die Christus Gods, ons grootste Profeet en Leraar, met die meetroede van sy Woord vir ons sy Woord gee en sange ryker en dieper en voller van die openbaring van Gods genade, moet ons dan sê: "Nee, Here, die uitmeting tot so ver is genoeg"?

O gemeente, u moet dit tog verstaan: Nie verstar nie, maar van vernuwing tot vernuwing verder! Dit moet uitkom in ons lewe, in ons prediking, in ons kerklike lewe. Watter vernuwing, watter verdieping van ons kerklike lewe openbaar ons gemeente?

Al mag dit wees dat daar nie afval is nie maar toename in getalle, is daar by dit alles nie vervlakking i.p.v. verdieping nie? Hoe kan die kerk van die twintigste eeu hierdie toets deur staan? Ons moet onthou die waters wat die draak uit sy bek spoeg, sal in die woestynsand versand. Maar die Gees van onse God bring verdieping, verryking, vernuwing van tyd tot tyd, van bedeling tot bedeling.

O, ons voel besorgd oor die onloënbare tekens van geestelike vervlakking, selfs van oppervlakkigheid, in ons kerk. Maar dis dan nie 'n besorgdheid oor die werk van die Gees van die Here nie, maar oor die skuld van ons kerk. Die skuld van die kerk — dat dit te min stukrag, te min groeikrag in die diepte het. Ons het 'n kerk, en daar word gepreek, en te midde daarvan vervlak ons.

Daarom kom preek die profeet vir u: vernuwing deur Gods Gees, verdieping deur Gods Woord — die man met die meetsnoer — en Gods Gees.

Steeds dieper ons sonde en ellende voor God ken!

Steeds oorweldigender moet die stortvloed van Gods barmhartighede oor ons word.

En daarom ook steeds dankbaarder in lewenswandel en gebed en in lofsange moet ons lewe voor God wees.

Groeiende waters.

**Amen.**

## 32. GENESENDE WATERS

(Voorbereiding)

**Lees**: Eség. 47:1—12; Joh. 7:32—44.

**Teks**: Eség. 47:8, 9.

Wat 'n wonderlike gesig — die gesig van die heilige waters! Eers wys Eségiël op die heilige waters as wonderlik *groeiende* waters! Maar daarmee is die wonderlike nie uitgeput nie. Dit is tegelyk ook *geneeskragtige* waters. En dit, gemeente, is 'n verkondiging van die genesende en vernuwende krag van die Evangelie onder die nasies. En dit is ook 'n verkondiging daarvan dat die vernieude en geneesde mense self ook in die wêreld 'n vernuwende invloed van hulle laat uitgaan.

Ons let dan op:

1. die waters as verkondigende die genesende krag van die *Evangelie;*
2. die waters as verkondigende die vernuwende krag van elke *Evangeliebelyer*.

## I.

Eségiël word in sy gesig van die heilige waters van wonder tot wonder gevoer. Vertroostende wonder — die vinnig groeiende stroom, wat somaar binne 4,000 el van enkeldiep tot 'n peillose stroom aanswel. Vernuwende, lewewekkende wonder — die heilige stroom laat somaar menigtes van bome, immergroen van blad, opskiet waar eertyds dor woestyn was. Want daar tussen Jerusalem en die Dooie See, waarlangs die waters stroom, lê die aaklige woestyn van Judea, kaal en dor. Dit is 'n doodse vlakte. Toe Eségiël langs die stroom afgegaan het om na elke duisend el die stroom deur te gaan, het hy daar nog geen boom sien groei nie. Maar na die vier-duisendste el, toe hy weer langs die kant van die stroom teruggaan, toe sien hy meteens 'n menigte van pragtige altyd groeiende bome aan beide kante van die waters. Pragtig, dié groen bome aan beide kante van die waters in 'n dor woestyn! Dit, gemeente, is tog die duidelikste bewys — die tekentolke — van die lewewekkende, vernuwende kragte wat daar in die waters skuil.

En toe hy die bome gesien het, toe was dit immers makliker vir Eségiël om te glo wat sy begeleier, die man met die meetsnoer, hom nou vertel van die merkwaardige gedaanteverwisseling van die omgewing van die Dooie See en wat die waters van die Dooie See self ondergaan ten gevolge van die aanraking met dié heilige waters. Dit het hy nie gesien nie. Dit het die man aan hom vertel en dit het hy geglo toe hy tegelykertyd die bome *sien.* Hier het u vir die oor die verkondiging van die Evangelie deur die Woord wat die man tot Eségiël spreek, en die vertolking vir die oog van dieselfde Evangelie deur die bome as bewystekens van wat Eségiël sien. Woord en sakrament. En wat 'n verkondiging is dit nie! Die Evangelie wat die Nieu-Testamentiese kerk verkondig is nie net lewewekkend nie. Dis nog meer! Dis genesend! Want die Dooie See is, om so te sê, 'n poel van gif en dood — die doderyk! Dit skyn inderdaad of in die skoot van daardie see nog steeds die vloek van God sluimer oor die goddeloosheid van Sodom en Gomorra. Dis 'n poel giftige water, oorversadig van sout en chloor-magnesium. En elke lewende wese wat in aanraking met daardie waters kom, is tot die dood gedoem. Geen vis leef vir 'n oomblik daarin nie; geen sprietjie groei aan die oewer nie, want die dampe van die water is gifdampe, só giftig, dat geen voël oor die Dooie See vlieg nie of dit val dood neer in die dodelike waters.

Maar nou, dit verkondig die man aan Eségiël: die waters uit die tempel baan sy weg deur die dor woestyn na die Dooie See, en nou gebeur die wonderlikste! Wat die waters van die Jordaan en die Kison (wat ook in die Dooie See loop) nooit kon doen nie, dit doen die heilige waters, die Evangelie: dit genees die giftige waters van die Dooie See. Die heilige waters het die krag om die giftige waters te ontsmet en dit nie net drinkbaar nie maar ook vrugbaar te maak! Wat eertyds die dood veroorsaak het, word nou waarlik 'n heilsfontein. Hier werk bomenslike, bonatuurlike kragte. Waar vroeër die verderf geheers het, ontkiem nou nuwe lewe. In die water wriemel dit van groot en klein vis. Wat eertyds 'n verlate strand was, word nou vir die vissers oor die ganse lengte van Engedi tot En-Eglaim 'n besigheidsoord waar nette gedroog word. Die Dooie See het geword 'n lewensee, 'n bron van lewe en welvaart.

So triomfeer die nuwe tempel se wonderstroom oor die dood. Dit doen die geneeskragtige waters uit die heiligdom. Dit doen die Heilige Gees met die Heilige Evangelie uit Gods Heiligdom, aan die dooie sondaarshart, ja aan die verpeste, die swaar vergiftigde mensehart deur die sonde!

Want, gemeente, hoe het die wêreld nou daaruit gesien voordat die Heilige Gees te Jerusalem in die eerste gemeente uitgestort is en die Evangelie uitgedra is aan die verstorwe ou wêreld? Daar was die grootste geleerdes en wyse manne van die ou tyd — Griekse wysgere wie se geleerdheid vandag nog verbyster en bewonder word. Hulle het gepeins en gesoek na 'n leer van ware blywende lewensgeluk in hierdie ondermaanse jammerdal met sy baie smart,

nood en dood!

Daar was die Egiptiese geleerdes wat lyke gebalsem het teen die ontbindende verderf van die dood en tot die uiterste gegaan het om die mens te ontruk aan die verswelgende mag van die dood en die graf met sy verpestende walms!

Daar was andersyds die Epikuriese wyses wat geleef het onder die sinspreek: "Laat ons eet en drink want more sterf ons". Die dood heers tog, en solank hy nog nie daar is nie, geniet tot die uiterste toe van die lewe! — Maar, ten spyte van dit alles het die dood met sy aaklige swart oor die mens bly toesak! Die verderf, die verdriet, die mistroostige woestynuitsig het hom tot oor die verste gesigseinder uitgebrei, sodat die wêreld voor Christus wanhopig daaruit gesien het met net die dood wat hom aanstaar.

Die beste wat die mens kon uitvind of kon uitdink, was maar soos die Jordaan-stroom en die Dooie See. Die beste raak self ook verpes! Die Griekse wysheid word dwaasheid. Die Jood se teken 'n struikelblok. Maak die mens sy mond oop, dan is dit soos die verdampings van die Dooie See! Dood en verderf! Van die mens gaan van nature slegs verpestende doodwalms uit! Daar is geen redder van die dood en die graf nie. Maar toe die Christus gebore is en Hy die dood en die graf oorwin het en sy Heilige Gees in Jerusalem uitgegiet het, toe na Pinkster die gekruiste Christus vir die verlore wêreld gepreek is, toe word die mens opgewek tot 'n nuwe lewe. Toe begin dit sprankel van nuwe lewe; die mensheidslewe het genees geraak onder volke, tale en nasies. Die Evangelie van die gekruiste Christus is die middel Gods tot die ewige lewe. Dis die middel Gods tot *lewensgenesing* van ons swaar vergiftigde sondaarswil waarvan net verpestende dood-walms uitgaan. Die Evangelie is verder die middel Gods om ons verstorwe lewe in die sonde te *vernuwe!* Glo u dit, gemeente? Glo u dit waaragtig dat die verkondiging van die Woord van God uit sy heiligdom geopenbaar en deur sy Heilige Gees in die kerk getuig, die verstorwe, die vergiftigde hart *alleen* kan genees? Glo u dit, jonge broeders en susters?

Ag, maak ons ons mond oop om 'n woord te spreek, dan is dit soos die verpestende walms van die Dooie See — daar raak 'n broeder of suster getref en sy hart bruis op van gif en dodelike venyn; ons is gesteurd en kwaad vir mekaar. Verdorwe, geheel en al verdorwe. Verstorwe, driemaal verstorwe. Daar is in ons van nature geen lewe hoegenaamd nie. Ag, sal ons tog nie maar liewers minder praat nie; dan vermoor ons tog minder siele! Helaas, ons kan nie! Die sondegif dryf ons, en ons saai dood en verderf dag na dag! Ons monde is oop grafte, ons harte is verstorwe poeldieptes. Kom die vuur van Gods toorn oor ons, dit red ons nie, maar vorm gifsoute uit ons sondevuil — straf tot die dood.

Alleen toe onse God sy mond oopmaak, toe spreek Hy van die wysheid en die krag van God — die gekruiste Christus, die enigste middel, die middel Gods, die genademiddel Gods om sondaars te red!

O, glo u dit waaragtig?

Die Evangelie *beloof* nie net 'n nuwe lewe hiernamaals nie! Die Evangelie stel die ewige lewe nie uit ver in vooruitsig, hoog agter die wolke, ver bo die sterre nie! Nee, die Evangelie red nóú en hier op aarde! Die Evangelie genees u vandag, hier waar u dit tans hoor! — Elkeen wat waarlik glo! Die Evangelie vernuut u hier onder sy klanke na die ewebeeld van God in kennis, geregtigheid en heiligheid — as u dit maar waarlik glo! As u dit omhels met hart en siel as God se genesende, as God se lewegewende Woord!

Maar wat hoor ons so baie sê in ons kerklike kringe, in die Nieu-Testamentiese kerk? *"Ag ja, 'n mens bly tog maar 'n mens!"* "Jy *is*, jy bly tog maar 'n ou sondaar!" "Ag, 'n mens is nou maar eenmaal so!" En hier agter *verberg, verdedig, regverdig* ons menigtes van ons ongeregtighede. Want hierdie taal is 'n belediging van die Evangelie van die gekruiste Christus, die

redmiddel Gods! Dis 'n ernstige verloëning van die Evangelie van God, *ons* vernuwings- en genesingsmiddel.

Hoe kan tog die dooie sondaarsmens met die Evangelie van God in aanraking gebring word en dan net *maar 'n mens bly?* Hoe kan die deur sonde vergiftigde hart waarin die genesende krag van die Evangelie gelê word nou maar eenmaal so bly? Hoe kan die waters van die Dooie See vergiftig en dodend bly as die waters uit Gods heiligdom dit bestrooi met lewe Gods? Hoe kan u onder die prediking van die Evangelie nou maar eenmaal so bly as u sê u glo, as u kom om te bely wat u glo?

U moet, omdat dit Gods Evangelie is en omdat dit Gods Heilige Gees is, van gedaante verander, vernuwe word na die ewebeeld van Christus Jesus ons Heiland, en in u hart en lewe u God verheerlik! Daar moet ook van u nie meer dood-walms, nie meer gifwoorde, nie meer dodende invloede in hierdie lewe uitgaan nie maar genesende, behoudende, vernuwende invloede! Want daar staan dit geskrywe: “En die waters *sal* gesond word, en *alles* sal lewe waar die stroom kom” (vs. 9). O, weet dus, as u nie gesond word van hart en as u nie lewe na die Gees nie, dan het die stroom van Gods Woord en Gees u siel nog nimmer bereik nie! Maar dan, dan mag u ook nie nagmaal gebruik nie as daar niks lewe te bevestig is nie. 'n Dooie kind laat 'n mens immers aan geen moedersbors drink nie. Dan mag u nie kom om belydenis van geloof af te lê as daar geen geloof is nie.

**II.**

Maar laat ons ten tweede let op die vernuwende en genesende invloed wat daar van ons as *Evangeliebelyers* moet uitgaan.

Die Evangelie maak verder die Evangelie*belyer,* die Evangelie*draer* sélf ook 'n vernuwende en genesende krag in die lewe. Die heilige waters is dus nie net 'n beeld van die Heilige Gees en die Evangelie nie maar ook van die gelowiges. Die Heilige Gees is uitgestort in die *kerk* en die Evangelie is aan die *kerk* toevertrou. Die kerk is die instrument van Gods Gees waardeur Hy sy herskeppende werk onder die sondaars uitvoer. Daarom het ons Here Jesus op die Hutte-fees en vir die Samaritaanse vrou gesê: “Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei”.

Die gelowiges word onder die prediking van die Evangelie, deur die bearbeiding van die Heilige Gees, op hulle beurt ook tot lewewekkende waters en laat seënend hulle spoor na, oral waar hulle kom. Die tempelganger kry dus die eienskap van die tempel*water.*

Die gelowige kerkgangers moet hier uit die kerk gaan soos die tempelstroom. As hulle daar op die wêreldmark beweeg tussen mense wat God nie ken, sy Christus en Woord nie bely nie, ja, tussen mense van wie daar selfs dodende en verpestende in vloede uitgaan, dan moet hulle nie in die verpestinge opgaan en self verpes word nie, maar dan moet hulle genesend en vernuwend werk. Ook daar op die pad, op die akker, in hulle werk, op die vergaderinge, in hulle bank, koöperasie, winkel, moet daar invloed uitgaan. Hulle werk nie soos ongelowige arbeiders maar net vir geld, vir kos en klere, vir verryking nie. Nee, hulle hoofdoel in die lewe is soos die tempelstroom om in die dor wêreld vernuwend, genesend te werk.

Maar, gemeente, dit doen 'n mens alleen as jy nie net jou belydenis glo nie maar as jy jou geloof bely. As ek nie maar net toestem en sê: Ja, dit is só, so leer die Skrif, en so sê ons belydenis nie, maar die geloof belydend beoefen. Dis nie so dat die wat die Evangelie met die hart glo en met die mond bely net sélf regverdig en verlos word nie. Nee, hulle trek ook ander tot die regverdiging en verlossing tot geloof en belydenis van die Evangelie.

So pas het u daar die ongeloofsleer uit die mond van kerkgangers verneem tot self verdediging in die sonde: 'n Mens *bly* tog maar 'n mens! Maar weet u dat dit soms veel erger is:

menige kerkganger word in aanraking met die “wêreld” 'n *slegter* mens! Hulle win hulle omgewing nie vir die heilige lewensgewoontes van Gods Evangeliewoord nie maar volg die lewensgewoontes van die wêreld na. Hulle gee nie die Evangelietoon aan nie maar sing saam in die groot ongeloofskoor. Hulle sit nie die geloofstempel op hulle omgewing nie maar laat hulle soos vee met die wêreld se yster brandmerk.

Sien u, gelowiges, dit is die ernstige versaking van die lewensroeping van die kerk! Wie so leef, sien nie en verstaan nie dat God sy kerk in hierdie wêreld gestuur het om die dooie wêreld te vernuwe en vrugbaar te maak orals waar die kerkgelowiges hulle voetstappe sit. Wie dus nie die lewensroeping van die kerk verstaan en nie beoefen nie — hoe kan hy nagmaal gebruik? Hoe kan hy of sy belydenis van geloof aflê! Dis tog die roeping van die kerk om steeds reformerend, vernuwend in te werk op die lewe. Die kerk se lewensroeping is van vernuwing tot vernuwing in die nuwigheid van die Gees en van die Evangelie!

Vir 'n gelowige is dit tog heerlik, skoon, vreugdevol as hy of sy in die persoonlike lewe, verryk met die heerlike genadewerk van Gods Woord en Gees, ryker word, voller word, dieper word. Watter sedelike moed, watter geloofsdurf kry so 'n kind van God nie! Sy gees, vernuwe en besiel deur Gods Gees, beheers koninklik sy omgewing. Daar gaan van hom krag uit, en eerbied en ontsag omring hom soos 'n sierlike blarekroon van vernieude en vernuwende lewe. Hoe word hy tog nie uit hierdie vrugte van sy geloof in die geloof versterk nie! En hoeveel trek en win hy nie vir die kerk van Christus nie.

Maar ag, nog heerliker is dit as die ganse gemeente soos een liggaam, met oud en jonk in die nuwigheid van die Gees wandel! Dan vlug die sonde uit daardie gemeente weg, soos die woestyn al verder wegwyk van die stroom. Dan wyk die sondedoodsheid soos die vrugtelose dorheid van die woestyn weg, en dan tree 'n ryk en pragtig geboomte met wuiwende krone in die plek daarvan. Dan kom daar lewe! Visse, voëls, diere! Alles waarin daar lewe is, snel na die stroom. Ja, dan brei God se seëninge hulle letterlik uit oor die graan, op die akkers, oor die reën, oor die plante, oor die diere van die veld, oor die vee! So word die wêreld weer 'n paradys. So sal eenmaal selfs die woestynland deur Gods Gees en Evangeliewoord vernuwe word tot 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

So begin Gods Gees inwendig in ons *hart* met die Evangeliewoord, en dit gaan eindig met sy vernuwingswerk by die *liggaam*, by die bome, plante, diere, by die aarde.

Maar laat ons nie by hierdie uiterlik sigbare stroom met sy geboomte bly stilstaan nie. Laat ons by die nagmaal nie by die uiterlike tekens van brood en wyn bly staan nie, maar laat ons met Eségiël, saam met die man, sy begeleier, Christus, langs die stroom en die groen bome van Gods genade, sy lieflike beloftes, teruggaan na die bron in die Heiligdom van God. Laat ons onse God se Naam dankbaar verkondig, roem en prys. Laat ons Hom, die bron, die ewige fontein van ons heil, eer en prys tot in ewigheid. Aan Hom in Christus Jesus onse Here, kom toe die lof en die eer en die aanbidding en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.

**Amen.**

## 33. VRUGTEBOME

(Nagmaal)

**Lees**: Eség. 47:1—12; Openb. 22:1—5.

**Teks**: Eség. 47:12.

'n Gedagte wat deur die Skrif loop — van Genesis tot Openbaring, van die Paradys tot by die nuwe Jerusalem — is dat daar riviere of 'n rivier van lewende water is.

By die ongerepte tuin van Eden was daar 'n rivier wat hom in vier takke verdeel het. En as die mens na sy sonde en moedswillige ongehoorsaamheid uit die paradys weggedryf word, weg ook van die boom van die lewe met sy ryke vrugte, dan gaan hy die *woestyn* in waar Gods vloek rus, waar geen water, geen riviere en geen bome is nie.

Dan kom God in sy ewige genade en openbaar aan Moses op die berg die tabernakel, waarby ook 'n waskom met water is. Later as Salomo die tempel bou, is dit al 'n kopersee vir nog meer water. En op die Loofhuttefees word gejuig oor die lopende water uit die voorhof, al word hierdie water ook met ŉ kruik bietjiesgewys aangedra. Wanneer dit skyn asof Israel in ballingskap ondergaan, dan sien Eségiël in 'n heerlik troosryke visioen die nuwe tempel, en onder sy drumpel uit vloei 'n helder stroom water. Hierdie gedagte loop deur tot Openbaring, waar Johannes 'n rivier van die water van die lewe sien, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam, met aan weerskante van die stroom die lewensgeboomte wat twaalf maal vrugte dra.

O gemeente, dan is dit alles so vol, so ryk, so diep! Dan leef alles! Die water vloei, die bome groei en bloei en bring onophoudelik vrugte voort. Die water gaan staan nooit, die blare van die bome verdor nooit en hulle vrugte raak nooit op nie — dit bring elke maand *nuwe vrugte* voort.

Laat ons nou hierby stilstaan en let op

1. die feit dat die bome vrug dra;
2. die getye van gedurige vrugdra;
3. die vrugbaarheidsoorsaak van die bome, nl. die rivier.

**I.**

Daar is 'n groot ooreenkoms tussen die gesigte van Eségiël en Johannes. By albei 'n rivier van heilige waters, lewewekkende waters. By albei groei die lewensgeboomte langs die some van die rivier en hulle dra elke maand vrug. By albei verdor die blare van die bome nooit nie en dien die blare tot genesing. Tog is daar ook 'n groot verskil tussen die twee sieners. By Eségiël is daar nog 'n *tempel*, en by Johannes is geen tempel meer nie, omdat God Self en die Lam die tempel is. Dit wys ons onmiskenbaar daarop dat Johannes in sy visioen die *hemellewe* sien, in die staat van ewige heerlikheid hierna. Die nuwe tempel van Eségiël daarenteen is 'n simbolies-profetiese aanduiding van die komende Godsryk in die Nieu-Testamentiese bedeling — dus van die koninkryk Gods op *aarde*, van die kerk! En dis juis in hierdie lig gesien dat Eségiël se bome so 'n ernstige prediking vir ons bevat.

En die prediking is dit, dat daar tussen die hemel en die aarde, tussen die hemellewe en die kerklewe geen teenstelling kan of mag bestaan nie. In wese is die lewe van die gelowiges nou hier op aarde en hierna in die hemele *dieselfde* lewe; dit is die ewige lewe.

Ons Here Jesus sê dan ook nie: wie in My glo *kry* die ewige lewe nie, maar *het* die ewige lewe. En so spreek ons Kategismus ook van die ewige lewe dat ons “nou, *hier reeds*, die beginsel van die ewige vreugde in ons hart gevoel, en *na* die lewe sal ons dit in volkome saligheid besit”.

Die hemellewe, so laat Eségiël in vergelyking met Johannes ons sien, vorm nie 'n *teenstelling* met die aardse lewe van Gods kind nie. Nee, die hemellewe is net die voltooiing van wat hier begin is deur Gods Gees. Dis net die voldrae vrug van die Evangeliesaad wat hier in die hart gelê is.

Daar is dus slegs 'n *graadverskil* tussen die hemellewe en die kerklike lewe van Gods kind op aarde. Dis nie 'n verskil soos tussen dood en lewe nie; want die dood ontkiem nooit tot die

lewe nie. Maar dis 'n verskil soos tussen *saad* en *vrug,* soos tussen *kind* en *man.* Daarom moet die gelowiges in hulle kerklike lewe op aarde reeds die beginsel van die ewige vreugde in hulle harte gevoel. En die beginsel bestaan in die hartlike verlange van die kinders Gods dat die aarde en die aardse lewe die beeld moet vertoon van die hemel en die hemelse lewe.

Dis die bede uit die mond van ons Heiland geleer: “Laat u wil geskied op die aarde net soos in die hemel”.

Dis daarom die roeping van die kerk om die aardse lewe hier reeds die beginsel van die hemelse lewe te maak. Wat Eségiël in die Nieu-Testamentiese kerk op aarde sien onder die beeld van die tempel, die heilige waters met die ryk belaaide vrugtebome, is net die beginsel van wat Johannes in die hemel sien onder die beeld van die rivier met die lewensgeboomte wat van maand tot maand sy vrug dra. *Vrugte dra!* Dit moet op aarde reeds die beginsel wees van die hemelse vrugte dra!

In die hemel is vrugteloosheid, onvrugbaarheid iets totaal ongekends. En gemeente, as in die hemel nie so iets bestaan as vrugteloosheid nie, dan mag dit op aarde in die Nieu-Testamentiese kerklewe ook nie geduld word nie. Die kerk se grootste kwaad is die kwaad van onvrugbaarheid. Dit is wel 'n *negatiewe* sonde: dit is 'n nalaat van wat ons behoort te doen; dit is dat ons geen geloofsvrugte vertoon wat daar wel moes gewees het nie, maar hierdie nalatigheid is net so ernstig as die positiewe sonde van misdryf. Ons dink egter nie altyd so nie. Ons as kerkmense meen dat die oordeel oor die sonde baie gunstig vir ons is, terwyl ons self harde oordele vel oor die positiewe sonde van bv. diefstal, doodslag, onsedelikheid. Maar dat onsself met kale, naakte takke staan in die tuin van Gods kerk, sonder geloofsvrugte van dankbaarheid, dit verontrus ons nie so erg nie. O, en dat ons as geloofsbome in Gods kerk, langs die stroom van Gods Gees, die Evangeliewoordbediening en sakramentsbediening soms geen vrugte voortbring ter verheerliking van God nie, is op kerklike erf 'n sware sonde. Dis verskriklik as die werke van die geloof, die arbeid van ons liefde, die lydsaamheid van ons hoop op God in Christus uitbly. Dis ontsettend as ons begerige kennis in Gods Woord, ons ywerige opkoms tot die prediking nie verbeter nie.

Vir die res van die lewe is ons hardwerkend; ons leef ook fatsoenlik; ons kom selfs ons stoflike kerklike verpligtinge goed na — maar ons getuienis van Jesus Christus, ons gedurige verkondiging van sy dood, ons belydenis van Gods Naam, ons verering van sy Naam in die openbare eredienste is by baie erg swak! En, gemeente, Gods Woord is verpletterend teen hierdie sonde van geloofs-onvrugbaarheid. Elke rank wat in My geen vrug dra nie, neem Hy weg!, sê onse Here. Die onvrugbare vyeboom wat die aarde nutteloos beslaan het met sy baie blare, is verdoemend dor.

Ons Here plant nou eenmaal langs die Godsrivier uit sy heiligdom geen sierbome nie, net vrugtebome van die lewe. En om die *vrug* is dit Hom te doen. Na die vrugte sal die Grote Landman in die dag van die oordeel kom soek, na die dankbare geloofswerke in sy Naam. Of u in geloof geëet en gedrink of iets anders gedoen het, of u *in sy Naam* hongeriges gevoed, dorstiges te drinke gegee het, vreemdelinge geherberg het, nakendes gekleed, siekes besoek, gevangenes opgesoek het, daarop sal gelet word. Dit lyk almal na kleinighede. Maar as dit ontbreek, dan verraai dit dat daar geen geloof, geen liefde is nie. Dan is daar geen vrugte wat die bekering werd is nie. En sulke vrugtelose ranke word afgesny en in die vuur gewerp. Wie na die nagmaal kom, moet sy gewete ondersoek, of hy ook gesind is om voortaan met sy ganse lewe in waaragtige dankbaarheid jeens God die Here opreg te wandel; ook of hy sonder enige geveinsheid van hart alle vyandskap, haat, nyd wil aflê en 'n ernstige voorneme het om van nou af in waaragtige liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe. Bring vrugte voort, dankbaarheidsvrugte, die bekering werd.

Vrugte dra, dis die heerlikheid van die hemellewe. Vrugte dra, dis die groot beginsel ook van ons kerklike lewe op aarde!

**II.**

Vrugte dra, ja nie net in een jaargety nie, nie net eenmaal of tweemaal per jaar nie, maar vrugte dra in watter jaargety dit ook mag wees. Hierop let ons ten tweede.

Gemeente, ons mag miskien nog veel verontskuldiging vind onder die eerste punt, dat ons tog darem ook vrugte voortbring. Maar hier by hierdie tweede punt loop ons ons beslis vas. Want een ding is seker, dis nie altyd somer in ons geloofslewe nie! Die herfsstorms steek gereeld op in ons lewe, en dan blyk dit by menige dat hulle maar eengetybome is — hulle blare val af en dan staan hulle daar kaal. O en dan kan dit soms bitter koud word in ons geestelike lewe. Koud, liefdeloos, dood! En op 'n tyd, ons somertydjie, dan bloei ons miskien weer op en daar is weer 'n ou groen skynseltjie met bloeisels en vruggies. Maar, gemeente, so mag dit juis nie wees nie Die lewensbome langs die heilige waters — in die paradys, en later in Eségiël se visioen asook in Johannes se gesig — se blare val nooit af nie, hulle is ewig groeiend, hulle is nooit sonder vrug nie — elke maand bring hulle nuwe vrugte voort. Hulle ken geen somers en winters, geen herfs- en lentetye nie.

Seker, die natuurlike bome aan die natuurlike Jordaan-water, hulle ken jaarseisoene. Maar die gelowiges, die lewensbome van God wat Hy uitverkiesend geplant het aan die bonatuurlike stroom van sy heilige waters — die gelowiges onder die gereelde bediening van sy evangeliewoord en van sy sakramente, is nie bloot natuurlike mense nie maar is wedergeborenes en het die beginsel van die ewige lewe. By hulle mag daar nie tye van biddeloosheid, periodes van onvrugbaarheid wees nie. By hulle mag dit nie so wees dat hulle net uitgerekte periodes van kerkbesoek ken nie. En tog is daar lidmate wat die beeld vertoon van die natuurlike bome met hulle jaarseisoene. “Ek was Januarie by die Nagmaal. En as daar nie 'n hindernis voorval nie, sal ek in Julie 'n plan maak om weer te kom”. Dis die periodieke vorm van geestelike lewe. Maar die Skrif leer dat die gelowiges die beginsel van die *ewige* lewe deelagtig is in Christus Jesus. En dan moet in beginsel ook die ewige lewe ewigdeur in ons bloei en groei en vrugte dra. Altyd vrugte dra, vrugte dra ook as die herfs-storms oor ons opsteek hier op die ou aarde, vrugte dra ook as die winterwinde van geestelike doodsheid en godsdiensloosheid oor die natuurlike mens waai. En dit moet in ons kerklike lewe *op aarde* reeds blyk.

Natuurlik, gemeente, ons dra nie altyd dieselfde vrugte nie. Dit hang allereers van ons leeftyd af. Van kinders verwag jy nie die diepe geloofsvrug wat jy van manne en vaders verwag nie. Ook in die geestelike lewe moet jy nie van kinders ou mannetjies en vroutjies maak nie. Jeugdige opgewektheid is nog nie ligsinnigheid nie. Maar verbondskinders toon die beginsel van die ewige lewe daarin bv. dat hulle gereeld ingesteld is op hulle katkisasies, op hulle Skrifondersoek, op hulle toename in die kennis van God en sy Woord. Daardie katkisant wat net so nou en dan leer as daar groot kerk is of as dit aannemetyd is, toon nie die beginsel van die ewige lewe nie, dra nie vrugte aldeur nie. Maar volwassenes in die geloof moet weer vrugte voortbring soos dit hulle betaam. Ons kan nie altyd doen soos 'n kind nie. Ons moet nie altyd met melk gevoed wil wees nie. Ons moet nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die geloof in God. Daarom moet daar in die gemeente verskeidenheid van vrug gedurigdeur wees: om in droefheid getroos te wees, om in jou eensaamheid tog jou gemeensaamheid met God te smaak, om in jou leed tog nie te kwyn nie.

Die verskil in vrugte hang ook af van die weë waarop God ons lei. In droewige dae berus die kind van God stil in Gods beleid, en in blye dae kan hy weer uitjubel. In teenspoed geduldig, in voorspoed dankbaar. Soms is die vrugte van die geloof dat ons 'n rou en 'n spyt het

dat ons nie meer vrugte gedra het nie. Ja, dat dit ons van harte leed is dat ons dinge gedoen het wat ons nooit moes gedoen het nie en nagelaat het wat ons moes gedoen het. Ons berou oor ons sonde, ons selfmishaging, ons geloof in die vergiffenis van ons sonde — dis alles vruggevolge van Gods Gees en Woord.

Maar nooit mag ons sonder vrugte wees nie.

En ons moet nie sê: ja, dis makliker om dankbaar te wees as om geduldig te wees nie; makliker om te dank as om te berus nie. Want vir alle vrugte van die geloof het ons behoefte aan die genade van God, aan die vernuwende en versterkende werkinge van Gods Gees en Evangeliewoord en om aan die stroom van Gods heilige waters te staan.

**III.**

Want — daarop wys ons u ten slotte — so min as wat in Eségiël se visioen die bome vrugbaar kon wees sonder die waters uit die heiligdom, so min kan ons in alle omstandighede van die lewe vrug dra as ons nie die lewenskrag en die lewens-vrugbaarheid uit ons kragbron, die gekruisigde Christus, aldeur put nie. Soos geen rank uit homself vrug kan dra as dit nie in die druiwestok bly nie, so kan u en ek ook nie vrugte dra as ons nie in Christus bly nie. Geen vrugdraende bome in die woestyn nie as net dié wat aan die heilige waters staan! Geen vrugdraende ewige lewensbome in die hemelse heerlikheid nie as net dié wat aan die rivier Gods geplant staan! En, gemeente, as dit dan selfs in die hemelse heerlikheid so is, hoeveel te meer dan nie hier in die aardse woestyn met sy geestelike dorre doodshede nie! Hoeveel te meer is dit dan nie noodsaaklik vir u en my om tog aldeur aan die stroom van Gods Evangeliewoord en sakramentsbediening te verkeer nie, ja, om te leef uit die bediening van sy Woord en sakramente!

Ons kom soek die bedieninge as Gods genadestroom waaruit ons leef om baie vrug te kan dra! So kom ons dan na die Nagmaal nie omdat ons baie vrugte van die geloof gedra het nie, maar juis om baie vrug te *gaan* dra. Net so min as wat die lewensbome met blaregroen en vol vrugte na die stroom van Gods heilige waters gekom het, net so min kom ons na die Nagmaal omdat ons baie geloofsvrugte sou hê. Maar soos die lewensbome altyd groen en vol lewensvrugte is omdat hulle langs die waters staan, so wil ons alleen vrugte voortbring uit krag van die bediening van Gods Woord en sakramente aan ons. Deur die Evangeliewoordbediening en die sakramente werk en versterk die Heilige Gees die nuwe lewe, die geloofslewe. Maar dan moet ook volg: vrug dra.

Vrug dra tot Gods verheerliking. Vrug dra, die bekering werd.

**Amen.**

## 34. GRENSE

(Nabetragting)

**Lees**: Eség. 47:13—23.

**Teks**: Eség. 47:15.

Die profeet moet nou op las van die Here die grense van die land, wat deur die tempelstroom so bonatuurlik vrugbaar gemaak is, noukeurig vasstel. Hier is dus 'n stuk aardrykskunde. En dit word so eenvoudig en duidelik gestel dat dit moeilik sou wees om vir 'n kind op skool dit beter voor te stel: die Noordgrens van die Groot See tot by Hamat ens.; die Oosgrens van tussen Damaskus en Hauran met die Jordaan af tot by die Oossee, by Tamar; die Suidgrens van Tamar af na die Spruit van Egipte; en die Middellandse See vorm die Wes-

grens.

Nou mag ons geneig wees om te vra: wat het die Bybel met aardrykskunde te doen? Is Gods Woord dan nie sy openbaring met Christus as hoofinhoud nie, sodat hierdie saaklike mededelings oor grensbepalinge eintlik bietjie ver buite dit wat ons openbaring sou wil noem, val? Sommige reken miskien dat so 'n Skrifgedeelte sonder veel skade uit die Bybel gemis kan word, omdat dit vir hulle nie 'n sentrale Skrifwaarheid is nie. Is dit nie hoe ons oppervlakkig te werk gaan met ons praktyk van daaglikse Skriflesing nie — dat ons die gedeeltes maar oorslaan? Indien dit wel die geval is, dan stem ons menings ooreen met die beskouings van die Skrifkritici van ons dae!

Tog is sulke oppervlakkige opinies onjuis, en dit word deur Gods Woord geloënstraf, want Gods Woord is 'n organiese geheel, en net soos elke lid van die liggaam sy plek en funksie het en nie gemis kan word nie, net so het hierdie Skrifwoord van die landsgrense sy betekenis en kan dit nie gemis word nie. Die openbaring van die landsgrense is nie somaar 'n onverskillige grenssaak van die openbaringswaarheid nie — dit lê aan die sentrum, aan die hart van Gods Woord. Dit hang saam met Gods raad en wil aangaande ons verlossing, en ook hierna moet ons ons geloof reël, dit daarop grond en dit daarmee bevestig.

Met hierdie voorskrifte en bepalinge omtrent die grense *staan of val die kerk van die Here.* Want dit gaan om lewensvoorwaardes vir die kerk van die Here. Al spreek Eségiël Ou-Testamentiese taal, dan weet ons dat hy wys op die Nieu-Testamentiese kerk. Van hierdie kerk nou sê hy in die Ou-Testamentiese taal van die landsgrense drie dinge:

1. dat die kerk *grense* het;
2. dat niemand hoef te *vra* waar die grense presies loop nie;
3. dat met die grense die kerk van die Here *staan of val.* Hierdie drie dinge het ons nie maar uit onsself nie. Ons weet dit nie, en meesal wil ons dit nie weet nie — en daarom het hierdie aardrykskundige les noodsaaklik geword vir die kerk, vir die Godsryk.

## I.

Die kerk het dus grense, maar in een asem moet bygevoeg word dat dit nie territoriale grense is nie maar Nieu-Testamentiese kerklike grense. Op die landkaart lê duidelik aangeteken: Asië, Afrika, Europa, Australië, Amerika — vyf kolossale, duidelik waarneembare wêrelddele met grillige vorms en maklik van mekaar te onderskei. Die uitgewers van landkaarte skryf ook die naam van elkeen met dik letters daaroor — dis immers duidelik en tasbaar. Wie hieraan twyfel, kan in 'n lynboot of vliegtuig klim en daarheen gaan om homself te oortuig dat die landkaart reg is. En jy kry briewe uit dié landstreke, met 'n posseël van elke respektiewelike land daarop. Jy kan ook inskakel en oor die radio inluister wat in dié lande gebeur.

Maar waar is die Ryk Gods? Is daar ook 'n kaart van die Ryk Gods? Het iemand al ooit daar voet aan land gesit, soos bv. op Europa? Kom daar briewe vandaan? En het iemand al 'n radioberig vandaar ontvang? Die antwoord op al die vrae is natuurlik: Nee! Daarom lui die konklusie van die wêreldmens: die Ryk van God, waarvan Eségiël profeteer, met sy nuwe tempel, is net 'n fantasie, 'n gedagte-ding van vroom mense. Daar is dan nie 'n mark om produkte te verkoop nie, en nog nooit het daar handelsware daarvandaan by ons markte gekom nie; daar is ook geen beurs en allerlei aandeletransaksies nie. Ryk Gods?

Maar, gemeente, as Eségiël hier die grense vasstel van die Ryk Gods, van die Nieu-Testamentiese kerk, dan gee hy nog geensins te kenne dat die Ryk Gods sigbaar sou wees nie. Inteendeel, dis onsigbaar. Want die aftekening van landsgrense staan hier nie in 'n historiese boek nie, maar hier het ons 'n simbolies-profetiese visioen of vergesig. Wie hier dus nie geestelik verligte oë het nie, sien ook niks nie — hy kruip soos 'n blinde mol oor 'n geskrif wat vir

hom waardeloos is.

Die feit dat die kerk van die Nieu-Testamentiese bedeling grense het, beteken ewe min dat die kerk alleen 'n afgekampte terrein sou hê. Só asof die kerk wel op 'n bepaalde lewensgebied of in 'n bepaalde lewenskring mag optree, maar dat op ander lewensterreine vir dié toegeroep mag word: “Halt, hier is dit nie kerklike terrein nie. Hier arresteer ek jou, kerk! Hier sit ek my masjiengewere op jou!”

In hierdie sin is die kerk natuurlik juis onbegrens. Daar is geen van God verordineerde lewensterrein te dink nie, of daar tree die kerk op — op die gebied van die handel, nywerheid, boerdery, arbeid, politiek, en selfs ook op militêre gebied, en by die wetenskap, tegniek en kuns. Die kerk as heilige, algemene kerk, die kerk as organisme *in die lewe*, leef juis nie binne grense nie maar, soos dit uit die vorige dele geblyk het, voer anneksasies uit, Woestyne, die Dooie See word geannekseer; hulle word genees en vernuut en vrugbaar gemaak tot 'n eie kerklike gebied met kerklike invloed, met sy kerklike roeping en taak van Godverheerliking. As sodanig is dit juis die kerk in die Godsryk se taak om homself uit te brei oor alle rasse en volke en tale en nasies, oor alle stande en klasse — om hulle vir Christus op te eis en voor sy kruisbanier te laat swig. Die Ryk Gods is in dié sin wêreldimperium. Wie hiervan 'n kaart wil maak, sal die ganse skepping moet aftrek en met die bloed van Christus daaroor moet skryf: *Ryk Gods.* En dan is niks uitgesluit: nie 'n grasssprietjie, nie 'n voëltjie, nie 'n sandkorrel nie.

Dis geestelike krankheid om te sê dat die kerk as heilige algemene Christelike kerk 'n eie terrein het, as sou die politiek of die handel of die wetenskap of die kuns daarteenoor eie gebiede hê. Ons ken hierdie ou dwaling van die moderne politieke dwaalgeeste al van ver! Hulle wil mos die kerk in die vier mure van die kerkgebou toesluit. As hulle hier by die drumpel uitstap, dan is die kerk nou toe. Dan is dit weer die ander gebiede wat aan die woord sou wees. Daar moet die kerk se mond gesnoer word.

Nee, die kerk hét grense, maar dis lewensgrense. Dis goddelike wetsgrense. Dis, om so te sê, gehoorsaamheids- en dankbaarheidsgrense.

U moet daarop let: die twaalf stamme gaan nou terugkeer uit die ballingskap. En nou word vir hulle in simbolies-profetiese taal hulle verloste, herstelde, hersiene lewensgrense aangedui. Wat daarby opval en hier so predikend is, is dat die Oos-Jordaanse land, waar die twee en 'n halwe stam vroeër gewoon het, nou *buite* die grense val. Die oosgrens is nou die Jordaan. Binne die grense kry elke stam verder 'n ewe groot stuk grond. En die wesgrens stuit nie meer op Filistynse bendes van onbesnedenes, onwedergeborenes nie maar is net die Middellandse See.

Wat wil dit sê? Dit: dat in die Godsryk, in die heilige algemene Christelike kerk daar nie plek vir ongelowiges, vir onwedergeborenes of vir ongeloofslewe is nie. Die grens hier is Gods Wet, Gods Boekrol, as dankbaarheidsreël. Hierdie grens beteken dus dat, hoewel die kerk *in* die wêreld is (territoriaal), dit nie *van* die wêreld (gees en rigting) is nie maar van Gods rigting, besiel is met Gods Gees, verryk is met Gods weldade, en as sodanig lê dit op die wêreld beslag en eis die wêreld op, eis dit u op. Maar die wêreld kan die kerk nie opeis nie. Hier by Gods verseëlde wet deur die gekruisigde Christus, hier is 'n onverbreekbare grens. Geen bose, geen mag, geen dood, geen hel kan daar deurbreek om daar die geheiligde, vernieude, verloste gebied weer te besit nie. Geen sondemag kan daar meer indring nie. O, gemeente, dan voel u hoedat ook die ekonomiese, die politieke, die nasionale volkslewe hier binne die grense van die kerk as heilige algemene Christelike kerk val.

Vroeër, toe die paar stamme van Israel as 't ware buitekant Kanaän gewoon het, waar die heidense invloed hulle oorheers het, toe het Israel selfs ook nasionaal, ekonomies en polities

telkens ingestort. Die sondemag is toegelaat binne die grense van Gods volk se geloofslewe. Toe het die Filistyne binnegedring met sy onwedergebore gees en rigting en het Israel op alle gebiede gedesimeer.

Nee, dis die grense van Gods kerk. Hierdie boekrol, met Gods wet en profesie en die leer van die apostels. En elke broeder en suster, elke nagmaalganger is van Gods weë daaraan gehoue. Wat geheilig is deur Christus se bloed, moet heilig bewaar word. Geen Filistyn of Moabiet moet weer toegelaat word om dit te besoedel nie. Geen onwedergebore en verdorwe natuur van ons moet daar heers nie. En of u op die politieke platform staan of in die kateder in die skool of op die mark in Amerika, Asië, Europa of donker Afrika — dis die grense van die kerk. Duidelik is dit aangegee in die profesie en afgebeeld in die sakramente. Hieraan hou God u, broeder en suster.

**II.**

*Waar loop die grens?*

En oor die grense moet u as gelowige nie in die twyfel verkeer nie. Daar is geen vaagheid of twyfelagtigheid oor hierdie grense nie. Hulle is duidelik en onfeilbaar uitgestippel en afgebaken in Gods Woord, egter nie so dat op alle hekke en toegange geskrywe staan: verbode toegang nie, nie in 'n kode-vorm soos menige nog waan dat dit moet wees nie. As hy gedans het, dan vra hy triomfantelik: “Bewys my met 'n teks uit die Bybel dat dans sonde is”. Hierdie grense is so aangegee soos ons Here Jesus in die gelykenis van die saaier geleer het: dis net duidelik en geestelik sigbaar en aanvoelbaar vir dié wie se oë deur Gods Gees geopen is en wie se hart wedergebore is, net aan die aan wie dit van God gegee is om dit te sien. Daarom is hierdie grense van Gods Ryk almal deur gelykenisse, deur raaisels, spreuke geleer, sodat dié wie se oë toe en wie se hart verstomp is, nie miskien die grense ook sien en dit sou verstaan nie.

Dis grense vir die geestelik wedergebore mens in Christus Jesus. Dis nie 'n kode van simpele gebooie en verbooie nie, maar 'n geestelike openbaring vir geestelik vernieude mense. Hulle vra nie meer na wat mag en wat nie mag nie. Hulle vra nie meer hoever kan ek gaan sonder om te sondig nie. Hulle kyk nie meer hoe na hulle aan die randjie van die afgrond kan trap sonder in te tuimel nie. Hierdie mense vra nie korttermyn en kortdistansie-ekskursies om net so 'n endjie oor die grens te steek en net te kyk hoe dit daar lyk nie. Hulle leer nie om aan alles te gaan proe-proe en op eie ervaring alles wat bitter is uit te spoeg en alles wat lekker is te verorber nie.

Nee, hierdie wedergeborenes, gelowiges in Christus Jesus, haat die wêreld en het God lief en sy Christus en sy Woord en dit wat sy sakramente aan ons beteken en verseël. Die koninkryk het dan ook eintlik nie grensbewoners nie maar net stadsbewoners. Hulle woon en hulle trek na die nuwe stad van die Ryk, die Nuwe Jerusalem. Hier in die stad Gods skitter dit van Gods heerlikheid. Hier is God self en die Lam, die tempel en die lig. Hier is immers geen nag, geen vermoeidheid, geen onreg, geen kwaad nie. Hier is almal diep gelukkig en tevrede. Niemand wil hiervandaan wegtrek grens toe nie.

O, gemeente, waar woon u? Aan die grens of in die stad Gods?

Hier is geen smokkelaars wat verbode ware insmokkel nie. Almal ban dit uit, uit liefde vir God en uit haat vir die sonde!

Dis die kerk met grense.

**III.**

Maar u verstaan dan ook, geliefdes, dat die kerk met hierdie grense staan of val. Die mens

wat met die sonde heul daar op die grense van die geestelike lewe, die mense wat daar op die grense saamdrom om te wil sien — selfs net te wil sien — moet daaraan dink dat hulle 'n gevaarlike spel speel. Dis juis die eie werke van die duiwel. Hy is die man wat die mense na die grense nooi. Hy wil bewys dat dié buite die grense nie so ongelukkig is en dié binne die grense nie juis so gelukkig is nie. Hy spartel gedurig om die grens te vervaag en desnoods uit te wis. Want slaag hy, dan verdwyn die kerk. Dan is daar mos geen verskil meer tussen gelowige en ongelowige, tussen heilige en onheilige, tussen nagmaalganger en wêreldling nie. Dan is die kerk verwoes. Dan is Gods Ryk weer verower. Dan triomfeer Satan. O, die kerklike grense is die onmisbare vereiste van die kerk, van die Ryk Gods. Die stryd lê juis by die grense.

Wie wil oorwin, kom weg van die grense en neem u toevlug na die stad en gryp die horings van die altaar. Glo en bely Christus wat vir u gestry en oorwin het. Moenie met eie krag grens toe gaan en u self probeer handhaaf nie. Daar val u.

Soms gebruik Satan geweld teen die kerk. Maar dit het nog altyd in die voordeel van die kerk uitgedraai. Want die kerk is geestelik, en uiterlike magsmiddels deer die kerk nie. Die bloed van die martelaars was ook nog steeds die saad van die kerk.

O, luister daarom tog: “Daarom so sê die Here HERE: Dit is die grens van die land”.

**Amen.**

## 35. OOR DIE GANSE BREEDTE

**Lees**: Eség. 48.

**Teks**: Eség. 48:2—7, 23—29.

Eségiël wy die laaste hoofstuk van hierdie merkwaardige profetiese boek aan die *grensbepalings* van die gebied van die verskillende stamme. En wat ons in die twee teksgedeeltes aantref, is dat die profeet met soveel nadruk, vanaf die afbakening van die eerste tot by die twaalfde, bepaal dat elke deel “van die Oostekant af tot by die Westekant” moet strek, d.i. vanaf die Jordaan as oosgrens van die Heilige Land tot die Groot See as westelike grens. Elke erfdeel moet oor die *ganse breedte* van die Heilige Land strek. Dit is só in die oog lopend dat dit skyn asof die profeet geen verdere kwalifikasie of beperking vir die erfdele nodig ag nie.

En by hierdie hoofgedagte van die profesie wil ons nou stilstaan. Oor die ganse breedte van die Heilige Land — dit preek vir ons:

1. hoe die geheiligde volk as 'n gemeenskap van heiliges die heilige land só erf en bewoon;
2. hoe elkeen en almal saam Gods Verbondswoord, die Heilige Skrif, van begin tot end, moet deursoek en deurleef; en
3. hoe elkeen en almal saam die Christus van die Heilige Skrif en al sy skatte en gawes deur die geloof volkome deelagtig moet wees.

**I.**

Vir hierdie grensbepaling — dat elke erfdeel oor die ganse landstreek moet strek — wy die Heilige Skrif 'n baie ruim plek in, terwyl dit oënskynlik 'n kleinigheid lyk. Maar hierdie grensreëling is inderdaad van meer betekenis as wat ons aanvanklik sou vermoed.

Grensreëlinge, verdelinge is meesal uiters delikate kwessies, waar dit ook al mag voorval. As daar verdelings van 'n boedel tussen broers en susters gemaak moet word, dan kan daar

soms hewige rusies, twiste en verwyte losbars wat skokkend en onaangenaam is. In die reël loop dit egter darem sonder ongelukke af. Anders is dit wanneer dit gaan oor staatkundige of landsgrense — watter bloedige oorloë is nie al gevoer oor die grense tussen volke, tussen Ryk en Ryk nie! So was dit al van die vroegste tye af, en die vreeslikste oorlog wat die wêreld nog beleef het, die huidige oorlog, gaan van die mens se kant oor grense. En vreeslik dat selfs ook op kerklike gebied soms so onbetaamlik, so onbroederlik en onchristelik stryd gevoer word: oor wyksgrense, oor gemeentegrense (met appèlsake daarby).

Hierdie soort rusie is nie van vandag af nie. Ons lees hoe daar vanaf die eerste verdeling van die land af al verbitterd getwis is. Ruben, Dan en die halwe stam van Manasse het buite Gods belofte om die Oor-Jordaanse gebied begeer en besit. Van die rusies in verband met hierdie sake en van die stryd teen die Kanaäniete lees u in Josua. Verder bewys die Rigtertyperk dat daar omtrent nooit tevredenheid was oor die grense tussen die stamme nie, sodat die afskuwelikste dinge hulle afgespeel het. Bowendien het die grense die mees grillige en willekeurige vorms vertoon, wat luid van bedrog en verdrukking spreek. Ja, hierdie grensstryd met alles wat daaraan gekleef het, het ten slotte vir Israel in die ballingskap laat beland!

Nou sien Eségiël in geestesvervoering dat alles so anders is! Hy sien hoedat die hernieude land onder die geheiligde volk wat God uit die ballingskap sal terugvoer, op die mees sonderlinge wyse verdeel word, en dit sonder die minste rusie of twis hoegenaamd. Behalwe die heilige heffing (hoofstuk 45) word die orige land in twaalf ewewydige stroke oor die ganse breedte met reguit lyne verdeel — sewe stroke benoorde en vyf stroke besuide die heilige heffing waar die stad en die tempel is en die Leviete woon.

Hierdie ewewydige reguit grense hou so te sê met geen enkele faktor rekening nie: (1) nie met die feit dat die een strook feitlik net bergagtig is en die aangrensende die pragtige en vrugbare vlakte van Jisreël sou omvat nie; (2) nie met waterlope, fonteine ens. nie; (3) nie met die getalle van die stamme nie; (4) nie met 'n bepaalde orde van stamme of hulle vroeëre besittings nie. Sonder dat daarvan enige verklaringe gegee kan word, erf die stamme van die noorde na die suide soos volg: Dan, Aser, Naftali, Manasse, Efraim, Ruben, Juda; en dan Benjamin, Simeon, Issaskar, Sebulon en Gad. Daar is net een vaste bepaling: Van oos na wes!

O, as so 'n verdeling vandag vir ons mense gemaak moet word, dan sal jy tale hoor waarvoor die helpoort te klein is: “Ons word op die klippe gegooi!” “Hoe moet 'n mens daarvan leef!” “Ons het nie 'n druppel water nie behalwe aan die uiterste oosgrens”. “Hoe kom jy met jou vee by die water”. “Ons is weer te veel vir so 'n ou strepie grond”. “Ons bou hom toe”. “En ons, ons moet weer ons hoewe en haard verlaat en van die suide na die noorde gesmyt word”. “Ja, en ons van die noorde na die suide”. “En waarvoor? Ja, vra dit!”.

Maar gemeente, Eségiël sien in sy profetiese vergesig van sulke ontevredenheid, van vervolgings, van verdrukkings, van sosiale node, van bakenverskuiwings, van oorloë, van anneksasies alles niks! Geen familietwiste meer nie. Geen tweestammeryk teen 'n tienstammeryk meer nie. Geen burgeroorloë nie. Geen sosiale node nie. Geen wêreldoorloë oor die verdeling van Palestina tussen Jode en Arabiere soos vandag nie!

Nee, in sy profetiese vergesig is daar van sulke sosiaal-ekonomiese, van sulke politieke, van sulke onsedelike, ongodsdienstige vuil niks te bespeur nie. Hy sien daar niks van, hy hoor daar niks van nie. Daar is nie meer so iets nie. Want... dis die geheiligde volk van God wat uit die ballingskap van sonde-slawerny verlos is, onder wie die heilige land op so 'n wyse verdeel word. Dis die volk van die komende Godsryk, die Nieu-Testamentiese kerk, die gemeenskap van die heiliges, wat vir ons deur hierdie grensreëling van die oostekant af tot by die westekant voorgehou word. So kan die wêreldmens, die ongelowige nooit wees nie. Dis nie gelo-

wiges nie maar ongelowiges wat rusie maak by boedelverdelings en wat met 'n helse naywer besiel is teen mekaar oor grense in die maatskappy, in die volkerelewe, sodat hulle mekaar ten bloede toe beoorlog. Die huidige oorlog is daarom 'n vreeslike aanklag van die heilige naywer.

By die heiliges in Christus Jesus is daar nie, moet daar nie, mag daar nie onheilige rusies, selfs nie oor delikate grenskwessies wees nie! Onder die heiliges is daar vrede, vriendskap, offervaardigheid. Ja, waarlik, die gemeenskap van die heiliges is nie net negatief nie. Dis nie net só dat daar nie rusies en nie twiste en nie oorloë onder hulle voorval nie. Dis nog veel meer. Dit is so dat hulle hulleself skuldig weet om hulle gawes tot nut en voordeel, tot saligheid van hulle medegelowiges in Christus gewillig en met vreugde te gebruik. Wat hulle het, is tog eintlik *Christus syne.* Nou gaan dit nie meer daarom hoeveel hulle nog van ander kan afpers nie maar hoeveel hulle kan verdeel. Só was die gemeente van Jerusalem na *Pinkster:* 'n ware gemeenskap van heiliges. Elkeen baie begerig om sy gawes tot nut en saligheid van die ander aan te wend, *gewillig* en met vreugde. Dit is die beeld wat die Christelike kerk moet vertoon teenoor 'n gulsige wêreld. Nie wilde diere (honde) wat mekaar verjaag en verskeur nie, maar heiliges wat mekaar met hulle gawes dien in Christus Jesus.

Dit preek die Heilige Nagmaal — gemeenskap van die heiliges. Volhard in die leer, in die gemeenskap, in die breek van brood en in die gebede.

**II.**

Maar, gemeente, hierdie verdeling van die heilige land oor die ganse breedte heen, breek vir ons verder 'n dieper waarheid: hoe die heiliges elkeen afsonderlik en almal saam die Heilige Woord van God van begin tot end moet deursoek en deurleef.

U moet by hierdie verdeling oor die ganse breedte heen in gedagte hou dat hierdie profesie nooit werklikheid geword het in die sin dat Palestina werklik in twaalf reghoekige dwars stroke verdeel is waar die stamme so broederlik saamgewoon het naas mekaar nie. Tot vandag toe het dit nie gebeur nie. En dit sal ook nie so uiterlik vleeslik gebeur nie. Hier teken Eségiël, om so te sê, die landkaart van die koninkryk van God, die kerk van die Nuwe Testament. En op hierdie gebied is hierdie profesie heerlik vervul.

Ons het u met ons nabetragting gewys op die landsgrense as 'n prediking van die Nieu-Testamentiese kerklike grense waarmee die kerk staan of val. Toe het u gesien die grens is die verordeningswoord, die wetswoord van onse God as dankbaarheidsreël vir die verloste uit die ballingskap van die sondemag.

God stel in sy heilige Woord vir ons ons lewensgrense vas, of ons in Amerika of Afrika of in die lug of op die aarde of op die see of onder die see is; of ons boer of predikant is, amptenaar of landheer; of ons op die mark staan of in die kerk sit — Gods Woord lê vir ons nie in kode-vorm nie maar in openbaring neer wat ons mag en wat ons nié mag nie. Dit is die oos- en wesgrens. En die openbaring is vir ons as Verbondswoord in die Heilige Skrif gegee. Dit is gegee oor die ganse breedte van die Skrifopenbaring, van begin tot end. En in die ganse Skrif spreek God tot gans sy kerk, tot elkeen afsonderlik en tot almal saam van begin tot end. En waarlik, Gods openbaringswoord is in die geskiedenis ook van die ooste uit tot by die weste gegee. Die paradys het in die ooste gelê en daar in die ooste het die tragiese toneel van die sondeval hom afgespeel. Daar in die ooste het die ark gaan rus, op Ararat, na die sondvloed. Uit die ooste, uit Ur, het God Abraham geroep, weswaarts. En onder die weswaarts geroepe Abraham en sy saad het God sy openbaring gegee. En in die Nieu-Testamentiese tyd het ons Here Jesus sy dissipels as getuies van sy lyde, dood, opstanding en hemelvaart gestel van Jerusalem af in Judea en Samaria tot die uiterste van die aarde weswaarts. In Rome het Paulus gesterf, en op Patmos aan die weskus van Asië, Johannes.

Oor die ganse breedte heen van die heilige woorde en dade van God, vanaf hulle gebeurtenis in die ooste tot hulle afsluiting in die weste, moet die kind van God, moet die kerk van Christus dit naspeur, dit ondersoek, dit bepeins, dit deurvoel en deurleef. Van Genesis tot Openbaring, oor die ganse breedte heen, moet u die Heilige Skrif lees en ondersoek soos onse Here Jesus gesê het: "Ondersoek die Skrif te want julle meen om daarin die ewige lewe te hê".

Gemeente, dis u erfreg, dis die *erfdeel* van die geheiligdes om die beloftewoord van die ooste tot die weste te deurwandel. Dis 'n van God gegewe voorreg dat die Heilige Skrif vir u in u eie taal gegee is. Maar dis dan ook ons plig om die testament van Gods beskikking oor ons te lees. Watter erfgenaam is so dwaas om die testament waarin sy erfenisse bemaak is nie te wil lees nie! En nou is dit juis ons sonde as erfgename van die verbond en van die ryk van God dat ons ons reg en ons plig nie besef om die volle breedte van die Heilige Skrif te ondersoek nie, dat ons soveel verborge skatte ongebruik laat lê.

Dit is te wyte aan ons *geestelike traagheid.* Dit word wel in koerante versprei dat die Bybel die mees gewilde boek is; hy verkoop nog die beste. Maar dis nog iets anders om 'n Bybel te hê as om jou Bybel te lees. Menige lees die koerant en die romans om ook mee te kan praat oor die dinge van die dag, maar die Bybel lê daar, óf as 'n antikwiteit — dié of dié grootjie se Bybel was dit — 'n erfstuk — of as 'n dekorasie 'n pragtige Marokkoleerband op "India paper" gedruk. Seker, ons hoor die Bybel lees in die kerk, in die huis aan tafel. Daar is baie wat persoonlik vir Skrifondersoek nie meer die Bybel lees nie.

Daar is huisvroue en moeders wat miskien vir hulle kinders lees, maar wat nooit self die Bybel lees om dit van Genesis tot Openbaring te ondersoek nie — uit geestelike traagheid.

Daar is onderwyseres(se) wat wel die Bybel lees omdat hulle moet klas gee — maar - verder is dit 'n dooie boek vir hom of haar. Daar is geen geestelike lus om Gods Woord van Genesis tot Openbaring te deursoek nie.

Daar is ouderlinge wat wel vir lidmate die Bybel lees of omdat hulle 'n diens moet waarneem maar persoonlik vir Skrifondersoek die Bybel nie ter hand neem nie.

Ja, daar is predikante wat die Bybel net dan lees wanneer hulle 'n preek moet voorberei of katkisasie moet gaan hou maar persoonlik nie die Bybel deurstudeer nie.

Ons laat God nie meer *voluit* tot ons daeliks spreek deur sy Skrifwoord te lees nie.

Geestelike traagheid, luiheid het die moderne Christendom bevange gemaak, sodat Christene nie meer oor die ganse breedte heen hulle erfdeel deurwandel nie. En dis nie net vir ons almal saam bedoel nie maar eers vir elkeen van ons afsonderlik, en dan pas eers vir ons almal saam in die kerk as instituut bedoel om die Heilige Skrif te lees.

O, u as gemeente elkeen afsonderlik en almal saam, word geroep om u erfdeel oor die ganse breedte heen te besigtig, te ondersoek en aan te neem. Anders geen nagmaal nie. Die sakramente kom bevestig net die Woord. En as die Woord nie gelees word nie, wat moet die sakrament kom bevestig en verkondig?

Maar naas geestelike traagheid, kom verder die sonde van geestelike *selfsug.* Ons soek selfsugtig, kieskeurig net dié Skrifgedeeltes uit wat ons behaag, en die ander bestaan vir ons so goed as glad nie. O seker, ons bely dit, die ganse Skrif is Gods Woord, en ons het teoreties ernstig beswaar teen die modernes wat leer dat die Bybel nie Gods Woord is nie maar dat Gods Woord slegs in die Bybel staan, sodat sekere skrifgedeeltes nie Gods Woord sou wees nie. Maar in die praktyk, in die stuk van ons Skrifondersoek laat ons voortdurend gedeeltes weg. Geslagsregisters, "droë" gedeeltes, "onverstaanbare" profesieë lees ons nie, ondersoek ons maar nie. Maar hierdie prediking bestraf ons geestelike selfsug en kom tot ons met die

eis: oor die ganse Skrifbreedte heen.

Ag, en by dit alles kom nog ons sonde van *geestelike eensydigheid.* Daar is mense wat gedurig net een kant van die Skrifwaarheid wil sien. Van die liefde van God, van die liefde in die Skrif lees hulle, maar van die geregtigheid van God? Al lees hulle die woorde daar, hulle eensydige siel slaan dit oor. Van die geloof en bekering lees hulle — maar nie van die wedergeboorte, roeping en verkiesing nie; van die saligheid, maar nie van die mens se verdoemlikheid nie — of miskien wel van sy verdoemlikheid, maar soos 'n wanhopige nie ook van die verlossing nie. Mense met halwe Bybels, met halwe Bybelwaarhede! O, dit laat toe dat die ellende ons siele-lewe verstik. Dit laat ons rusie maak en twis, dit skei ons van mekaar, omdat ons nie oor die ganse breedte heen ons erfdeel deurwandel nie. Die een kerk sing net Psalms uit die Ou Testament en verseg om ook uit die Nuwe Testament te sing. Hy loop net half pad oor sy erfdeel. Die ander wil uit Ou en Nuwe Testament sing. En nou is die gemeenskap van die heiliges verbreek, nog erger verdeel! En so bly die rusies, die twiste!

Nee, oor die ganse breedte heen, gemeente! Dis skriftuurlik. Eségiël het u geroep tot die dieptes daar by die heilige waters wat 'n mens nie kan deurloop nie. Dit moet daar wees. Hier roep hy u oor die breedte heen van Gods beloftewoord. Ondersoek en bewandel dit! Hier by die nagmaal moet ons siele sing van Christus se volbragte werk.

**III.**

Oor die ganse breedte heen — dit preek vir ons nog dieper hoe ons Christus en al sy skatte en gawes deur die geloof geheel en al deelagtig moet wees. Ja, dit kan ook nie anders nie, gemeente. Want van wie anders lees ons in die Heilige Skrif, van Genesis tot Openbaring as van die Christus? Hy is die van God beloofde Messias. Hy is vir ons van God geskenk tot wysheid, geregtigheid en heiligmaking. En dit is juis die wesenskern van die gemeenskap van die heiliges waarvan Eségiël hier spreek by hierdie grensbepalinge, nl. dat die gelowiges almal en elkeen aan Christus en aan al sy skatte en gawes gemeenskap het. Elke Israeliet, van die vooraanstaande Judeër af tot die geringste Benjaminiet toe, se stamgebied het oor die ganse breedte gestrek. En elkeen moet persoonlik besitter wees van die Christus self en dan ook almal saam in heilige gemeenskap. Want, gemeente, die ware godsdiens is per slot van rekening nie 'n blote boekrelasie nie, maar alleen deur die Skrif heen moet ons kom tot 'n persoonlike verhouding met God in Christus Jesus. Ons moet die verborge omgang, die mistieke unie met die Christus hê. Ons moet elkeen met 'n bloeiende hart die hele Christus liefhê as my Here en my God. Oor die ganse breedte heen; in lewe en in dood — my Here Jesus Christus. Hy is my Heiland, in sy staat van vernedering en in die staat van verhoging, as Hy daar aan sy kruis rooi met bloed tors en as Hy daar opvaar met gejuig omhoog, as Hy vreeslik sterf en heerlik opstaan: die ganse Christus.

Met 'n omhelsende geloof moet ons Hom elkeen vasklem soos 'n skulp hom aan die rots vasklem, sodat selfs die woedenste seebare ons van Hom nie kan losruk nie. Hy is my Here en my Verlosser as Hy my tugtig en my besoek. Hy is my Here Jesus as Hy die storms oor my hoof laat losbars. Hy is my heil en my lig in die swartste nag. Hy is my vreugde en my lied, by dag as Hy my met gunste en gawes oorlaai. Van Hom sing my siel selfs in die nag: "God het ek lief, want die getroue HEER hoor na my stem uit vrye welbehae" (Ps. 116).

Oor die ganse breedte van my lewe, in voorspoed en in teenspoed, in rykdom en in armoede, in diep dale, en op berghoogtes, deur waterstrome en stowwerige droogtes.

En dit nie net vir elkeen alleen nie, maar vir almal saam — oor die hele breedte van die gemeente. Dit maak geen verskil of die gelowige 'n dominee, ouderling, diaken of eenvoudige lidmaat van die gemeente is nie. Dit maak hier ook nie verskil of die een in 'n blink motor ry en die ander op 'n slingerende donkiekarretjie nie; of die een landeienaar en die ander 'n

pagter is nie, of sy 'n juffrou of 'n diensbode is nie, of jy 'n kindjie of 'n grysaard is nie — almal is in Christus ewe ryk en heerlik verlos. Die verskil is slegs dan wanneer u uit 'n stukkie van die ganse breedte afwandel en nie die ganse breedte nie.

En omdat die Christendom 'n godsdiens oor die ganse Skrif- en Verbondsbreedte heen is, daarom kan ons hier heerlik saamsit, saam luister, saam sing, saam bid, saam liefhê: die ganse Christus, met al sy onmeetlike rykdomme. Sy hemel is ook ons hemel, sy erfenis is ons erfenis, sy geregtigheid is ons geregtigheid, sy heiligheid is ons heiligheid, sy engele is ook ons diensknegte, sy wêreld is tans ons domein, sy Vader is onse Vader wat in die Hemel is.

Alles en almal *in God.*

**Amen.**

## 36. DIE HERE IS DAAR!

**Lees**: Eség. 48.

**Teks**: Eség. 48:30—35.

Deur die goedheid van onse Here, geliefdes, kan ons vanmore die predikasies uit die profesieë van Esegiël afsluit. Aan die einde van hierdie merkwaardige profetiese boek pas dit ons om die woorde van die apostel Paulus na te sing: "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?" (Rom. 11:33, 34). Want in Eségiël se profesieë lê wonderdieptes van Gods ondeurgrondelike oordeelsweë met sy bondsvolk Israel. Veral by hierdie laaste hoofstuk wil ons soos Paulus uitroep.

Wie kan verwag dat Eségiël só sy profesieë sou afsluit soos hier? Dit gaan oor *landsgrense* en *verdeling* van die land en die stad van die land. Ons as mense sou mos 'n ander slot wou geskryf het — ons sou dit tog gepas gevind het om af te sluit met die *hemel,* met die salige en ewige hiernamaals en heerlikheid *by God.* Maar hoe anders is die weë van die Here nie! Die profetiese woord eindig ... *by die aarde!* Hy spreek nie eens van die verheerlikte mens nie, maar van die land, sy grense en verdeling en die stad. En spreek hy van die stad, dan gaan dit nie oor sy inwoners nie, maar oor sy *poorte* en oor die *naam.* Die Bybel is 'n goddelike boek, maar hierdie goddelike boek begin met die *aarde* (skepping) en eindig met die *aarde* (herskepping van nuwe aarde). En sy laaste woorde is nie: Die HERE is in die hemel der hemele nie, maar daar, *op die aarde!* Juis hierin sit die vreeslik aangrypende, die verskriklik ontsettende, die magtige prediking van die boek! Asof hy met nadruk dit in ons ore wil inhamer: hier op *aarde,* hierdie *selfde* aarde, is alles deur God begin en hier kom God ook alles beëindig. Daar is die HERE. Op die aarde!

In die laaste deel van sy profesie het Eségiël geprofeteer oor die herbore, vernieude *volk,* oor die vernieude *land,* oor die nuwe *tempel.* Nou sluit hy af met die nuwe *stad* op aarde! Hierin bereik hierdie profesie sy hoogtepunt. Presies nes Johannes in Openbaring is die laaste woorde aan die *Nuwe Jerusalem* gewy. Maar dis so uiters sober! Baie hoofstukke het hy gewy aan die volk, land, tempel, en nou net ses verse aan die stad — en dit terwyl Jerusalem vir die Israeliet die liefdesplek van sy hart was. Verder sê hy ons in dié paar verse niks van die stad self nie: van sy paleiswerke, torings, strate, pleine nie. Hy kom slegs met die skrale mededeling dat die stad vier keer drie poorte, d.i. twaalf poorte het, en daarby 'n eentonige herhaling van afmetings en omtrek. En aan die einde kom ten slotte net die blote naam: nie meer Jerusalem nie, maar *Jehoesjamma* — Die HERE is daar.

En tog, gemeente, het hierdie sobere mededelinge oor die poorte en naam 'n diepte van

inhoud en prediking wat ons uit ons self nooit sou weet of vermoed nie. In hierdie paar verse is nie geopenbaar 'n profetiese matheid nie maar 'n profetiese *hoogvlug* waaruit hy die dinge van bó sien. Met 'n meesterlike selfbeperking staan die profeet stil by:

1. die poorte van die stad; en
2. by die naam van die stad.

**I.**

Aan elkeen van die kante van die stad met sy lengte van 4300 el is daar drie poorte, altesaam twaalf poorte. Vir elke stam één poort. Dit dui baie duidelik aan dat Jehoesjamma die stad vir *gans* Israel sal wees. Jerusalem was deur die geskiedenis heen net in naam die stad van Israel, want in werklikheid was dit maar die stad van twee stamme. Die ander tien stamme het 'n ander stad, Samaria, gehad. Maar nie meer so met Jehoesjamma, die nuwe stad, nie. Dit sal die stad van gans Israel in sy herstelde eenheid wees. Alle verbrokkeling, alle skeuring behoort tot die verlede. Jehoesjamma is die stad van hernieude volkseenheid, van genadeverbonds-eenheid, van die eenheid van die heilige algemene Christelike kerk.

Dit is baie duidelik dat die profeet met die stadspoorte die hernieude volk as 'n *herstelde eenheid* teken! Die volk van God is nie net "gemeenskap van heiliges" nie, maar bepaaldelik *één* heilige gemeenskap. So bely ons dit vandag nog, soos ons so pas gedoen het: die kerk van die Here is 'n heilige algemene Christelike kerk. Israel is na die eeue van verskeurdheid en verdeeldheid, weer *één.* Geen Samaria meer naas Jerusalem nie, maar Jehoesjamma, met sy twaalf poorte.

Maar — hierdeur word die prediking so aangrypend — Eségiël sien die stad met sy twaalf stampoorte nie *in die hemel* soos Johannes die hemelse Jerusalem met sy twaalf poorte geskou het nie, maar op die *aarde!* Dis 'n eenheidseis vir die volk van God, vir die gelowiges, vir die kerk van die Here hier op aarde. Die eenheidseis vir die volk van God is nie iets wat vir die hemele alleen sou geld nie, maar juis hier op aarde! Ons mag ons roeping hier nie verskuif van die aarde na die hemel nie. Ons mag die eenheidseis vir die volk van God nie wil begrawe onder die hiernamaals om op aarde ons twiste te regverdig nie. Dit klink wel mooi en goed as ons sê: in die *hemel* sal dit *hierna* anders wees: één stad, één volk, één kerk. Maar die vraag is of ons ons juis nóú, hier op aarde, van Esegiël wil laat gesê? Dis baie maklik om die "hemelskema" van lewe te voer! Hier op aarde veroorloof ons ons enige ding, maar net as ons na die hemel opsien en dink aan die ewige hierna, dan plooi ons hele uiterlike aansien meteens so pragtig vroom!

Nee, *één* moet die volk van God, moet die kerk van die Here reeds hier op aarde wees. En dan moet ons nie aan die kerk dink net as instituut nie, nie aan 'n blote uiterlike kerkeenheid deur kerklike vereniging nie, maar aan die kerk as organisme, aan die gelowiges waar hulle ook al in die lewe hier op aarde mag gaan of staan, mag arbei of stry! Altyd één in die geloof!; een in die liefde; een in die dankbaarheids-diens van onse God na sy Woord; een in die huis; een in die skool; een in die arbeid, die nywerheid, die besigheid; een in ons taal en kultuur; een in ons wetenskap en kuns; een in ons ekonomiese strewe; een in ons bankwese; een in ons koöperasies; een in ons politiek; een in gans ons volkslewe; een hegte, vaste eenheid in die geloof in God en sy Woord om dit te doen.

Niemand minder nie as ons Here Jesus het geleer: "'n Huis wat teen homself verdeeld is, kan nie bestaan nie!" En as ons groot Hoëpriester het hy gebid: "Vader Ek bid dat almal één mag wees, net soos U, Vader, in my en ek in u; dat hulle ook in Ons een mag wees sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het".

En in hierdie profesie deur die Gees van Christus, beluister ons tydens Israel se verskeurd-

heid na die ballingskap die onuitspreeklike sugte van die gees van Christus, dat Israel tog een mag wees; dat die gelowiges in Christus Jesus hier op die aarde tog waarlik een mag wees in die geloof. Ag, die verdeeldheid het Israel gans en al verwoes. Die verdeeldheid in ons volkslewe verwoes ons as Afrikaanse volk van dag tot dag.

Maar laat ons tog daarop let dat, alhoewel dit 'n eenheidseis is vir die gelowiges hier op aarde, dit nie somaar 'n onheilige samesmeltingseenheid met die wêreld mag wees soos Israel in sy sonde beoefen het nie. Nie 'n kommunistiese eenheid nie, nie 'n nasionaal-sosialistiese eenheid nie! Eségiël openbaar met die verdeling van die land eers die hernieude volk van God in sy *heiligheid,* en dan, daarop, die volk in sy *eenheid* in God.

So gaan Gods weg: deur heiligheid tot eenheid; nie deur eenheid tot heiligheid nie; deur vernuwing tot eenheid, nie deur eenheid tot vernuwing nie! So lei Gods oordeelsweg én verlossing van Israel in sy wêreldse samesmeltingseenheid tot 'n heilige geloofseenheid in God hier op aarde! 'n Eenheid nie *van* die wêreld nie, maar wel deeglik *in* die wêreld! Hier lê ons Christelik-nasionale volksroeping voor ons. Ons mag geen ander eenheid nastreef nie as alleen die heilige geloofseenheid in Christus Jesus, oor die ganse front van ons volkslewe. Daarbinne die stadsdrukte van ons ganse volkslewe! Eenheid in die geloof in onse *Here* van al twaalf ons volkstamme! Dit bewys die feit dat dit eintlik nie meer poorte met grendels is nie maar *uitgange,* poortgeboue. Oop uitgange. Dis dus nie 'n propagandistiese eenheid of 'n unitaristiese eenheid nie maar 'n geloofseenheid, 'n vrede-eenheid, 'n liefdeseenheid in die Here onse God! Dit eis onse Here van ons op aarde.

**II.**

Daarom vereis die eenheid niemand minder as ons HERE self nie. Daarom word in die stadsnaam *die HERE is daar* die heilige eenheid in sy diepste fondament vir ons ontbloot. Jehoesjamma, die HERE is daar! O gemeente, dit gaan vir die profeet hier nie om allerlei bysake nie. Dis vir hom by hierdie stad verder nie die vraag of daar pragtige pleine, pragtige tuine, grootse bouwerke is nie. Dis nie die vraag of daar 'n vredespaleis trots teen die hemelsblou pryk nie; of daar 'n museum of ontspanningsoord is nie. Dit gaan hom nie aan of die strate daar van goud is nie. Al die dinge skeel hom niks. Dit gaan vir hom alleen hierom, *dat die HERE daar is.* Die HERE is die skoonheid van die stad; die HERE is die lewe van die stad; die HERE is die vreugde van die stad; die HERE is die trots van die stad; die HERE is die vrede, die eenheid van die stad.

O Jehoesjamma, die HERE is daar!

Vroeër het Israel gesê: die tempel, die tempel, die tempel! En die HERE was daar nie, selfs nie in die tempel nie. Maar nou is die naam en die wese, die alles, van die stad: die HERE is daar. Jy kan dit aan alles in die stad sien. Gaan jy na die mark — daar vind jy die HERE. Gaan jy na die pleine: daar vind jy die HERE. Gaan jy in die huise, daar ontmoet jy die HERE. Besoek jy die skole, daar leer en onderwys die HERE. Stap jy in die Universiteit — daar sit die studente aan die voete van die HERE — die HERE staan agter die kateder. Stap jy in die banke, daar reken die HERE en daar is die HERE die teller. Gaan koop jy in die winkels — die HERE tref jy agter die toonbank. Gaan jy in die geregshof — die HERE sit op die stoel. Stap jy in die stad se raadsaal — die HERE regeer daar. Gaan jy na arbeidersburo's en -bedrywe — daar is die HERE. Gaan jy na die kunsgalerye — jy sien die skoonheid en heerlikheid van die HERE. Gaan jy na die kerk — daar hoor jy die HERE ons grootste Leraar. Die stad is so vol net van die HERE en sy rykdom en sy heerlikheid, dat die stad genoem word: die HERE is daar. Van alles in die stad, van alles van die stad, van die stad sélf is die een wesenskenmerk: die HERE is daar!

En gemeente, nogmaals: dis nie die hemelse Jerusalem nie! Dis 'n stad hier op die aarde!

En so vervul die HERE die stad hier op die aarde. Dink aan Jerusalem in die dae van apostels (Hand. 5:28): die ganse stad met sy Naam en leer *vervul.* Ons is geneig om die HERE mos net weg van die aarde af, daar hoog bo in die hemel, te soek. Die hemel is die woonstede Gods en die aarde — nou ja, dit is en dit bly nou maar eenmaal die domein van die duiwel en die bose!

Hoogstens sou 'n mens die HERE hier op aarde Sondae in die kerk aantref. Daar is die HERE en ons gaan Sondagmôre vroom kerk toe, weg uit die bose, vuile wêreld, om onse God te gaan ontmoet!

Praat van die politiek! Maar dis mos geen gebied vir die heilige God om Hom mee te bemoei nie. Politiek is mos politiek. Daar wil ek geen preke hoor nie. Die parlement is mos geen kerk om daar Skrifpredikasies te lewer nie! En die skool is nie die plek om die dogma van God in te leer of te onderwys nie. Van God leer 'n mens net in die kerk van die predikante! Die *dominee* is 'n laakbare figuur op politieke terrein! In die skool leer 'n mens mos nie van God nie maar net mooi stories van voortreflike godsdienstige karakters.

En op die mark krioel dit van allerlei uitlanders en uitbuiters met hulle geldhandel, met ore en oë wat niks anders hoor en sien nie as hulle geldelike voordeel. En in die banke en nywerhede is van God niks te bemerk en te bespeur nie. Dis 'n lewe sonder God, weg van God. God, o God is hoog bo in die hemel. Eendag hierna sal ons Hom sien. Vandag het ek nie tyd nie, ek moet selfs op die Sondag my sakies regsit.

So mag dit nie toegaan in die lewe van 'n Christenvolk nie. Dis juis die lewenskern van alle ware godsdienstige lewe dat ek in alles my Verbondsgod sien. In die bome, plante, in die wetenskap en kuns, in die tegniek, handel en bedryf, in die skool, huis, bank, winkels, ja op alle strate. Dit maak die lewe so verhewe, so skoon, so ryk, so diep, so heerlik, so vol, so bly, so dankbaar, so opreg, so eerlik, so eg — as ons met ons God leef en wandel en leer en werk hier op die aarde. As onse God met ons is, nie meer ver van ons nie maar met ons. Die HERE is ons vriend. Ons leef en werk voor sy aangesig. Altyd voor sy oog!

O, as iemand by u kom waar u werk of spreek, in die politiek, die handel, die nywerheid, in die myn, in die skool of waar ook, dan moet hy die HERE by u vind. So is die lewe van Christenmense, van 'n Christenvolk.

Dit is juis so diep droewig dat 'n mens in ons moderne stad omtrent alles kan vind, maar nie die HERE nie. En wat behoef die arme sondaar anders as die HERE? Selfs in ons kerke gaan dit so dat ons dit met nadruk daarop nahou: my kerk is die Gereformeerde Kerk By óns vind u die suiwerste bediening van Woord en sakramente! En by ons vind u die suiwerste kerkvorm! By ons word net Psalms gesing of skrifsange; ons is regsinnig! En geliefdes, dit alles is niks, totaal niks, ja ydelheid, *as die HERE nie by ons gevind word nie.* Wat wil jy met 'n suiwere kerkvorm sonder die HERE? Wat soek jy met 'n Psalmsingende kerk sonder die HERE? En wat met sulke suiwere bedieninge maar sonder die HERE? Wat met 'n gemeente sonder die HERE? Wat beteken lidmate wat jy in niks van die wêreldlinge kan onderskei nie as behalwe net dit dat dit hulle kerkgebou daardie is?

O, laat ons dit verstaan: die weg van God is van binne na buite, van die siel na die liggaam, van die hemel na die aarde! En die aarde met alle lewe moet wees Jehoesjamma: Die HERE is daar! Ons het die HERE gevind! En nou leef en werk ons met die HERE op aarde.

Jehoesjamma, die HERE is daar in sy genade, liefde, trou in sy Woord en Gees, in sy werke en wêreldbestuur. Gemeente, wie die Here nie nou hier op die aarde in alles sien en vind nie, sal Hom in der ewigheid ook nie hierna in die hemel vind nie. Jehoesjamma: die HERE is daar. Dis ons vaandel. Dis ons slagspreuk, ons strydkreet, ons oorwinningskreet en krag. Ja, dis ons vreugde en blydskap, ons troos in teenspoed, ons eer en trots.

Dis die naam vir ons aarde, vir ons werkplek.

Jehoesjamma!

**Amen.**

# 37. DIE VEROORDELING VAN DIE VERONTSKULDIGINGS VAN DIE GESONDE VERSTAND DEUR GODS EIS VAN LIEFDEDIENS

**Lees**: Haggai 1:1—15.

**Teks**: Haggai 1:3, 4.

Saam met die eerste groep teruggekeerde ballinge uit Babel staan ons met hierdie profesie by 'n Nuwemaansfees op die ruïnes van die ou tempel in Jerusalem. Dit is die jaar 520 v.C. Reeds in 584 v.C. het Nebukadneser die tempel in puin gelê en is die laaste groep ballinge weggevoer. Maar Kores (Cyrus die Pers) het op sy beurt weer die Babiloniese ryk verower. En sy imperiale politiek was volkome vryheid en beskerming van die godsdiens van elke nasie. Om dit te bewerkstellig, het Cyrus onder andere bepaal dat die tempel in Jerusalem herstel moet word, en elke Jood in die Persiese ryk is aangemoedig om na Jerusalem terug te keer. Ook moes die tempelgereedskap terugbesorg word, en uit die rykskas moes selfs 'n bepaalde som afgesonder word vir die tempel-bou (Esra 1).

Nou weet ons uit die Babiloniese Talmoed dat die ballinge wat aanvanklik teruggekeer het, die armstes was. Die welgesteldes het verkies om eers nog in Babel agter te bly. In 536, dus 16 jaar voordat hierdie profesie open, het hulle weer 'n brandofferaltaar in Jerusalem opgerig en is ook die fondament van die tempel gelê. Daarmee het die werk van heropbou egter tot stilstand gekom. Die Samaritane het dit begin teenwerk en waarskynlik het Cyrus, ook om die opkomende onluste te onderdruk, tydelik die toelae uit die skatkis ingehou. Eers Darius Hystapsis, die tweede koning na Cyrus, het weer daardie beleid heringestel.

Op hierdie Nuwemaansfees, in die tweede jaar van Darius, vind ons die teruggekeerde ballinge, saam met Serubbabel en die priester Josua, by die altaar en die kale fondament van die tempel. Die algemene gevoele onder hulle oor die bou van die tempel was dat dit nog nie tyd is om te bou nie. Dit was goed te verstaan uit al die teenslae wat hulle gehad het: misoeste, droogtes ens., sodat die hele sosiaal-ekonomiese toestand maar armoedig en ellendig was. Hulle wil wag om te bou tot die tye gunstiger is, omdat dit nog nie die regte tyd was om so 'n kosbare bouwerk te begin nie.

Op hierdie sielkundige moment van die Nuwemaansfees waarop die feesoffer vir die Here gebring moet word, tree die profeet van die Here, Haggai, op om die nalatigheid te bestraf en die volk op te wek om te bou. Die hoofgedagtes wat hieruit tot ons spreek, is:

1. “Haggai, die profeet van die HERE”.
2. Die bestraffing van die volk se nalatigheid by die herbou van die tempel, asook die opwekking daartoe.

**I.**

“Haggai, die profeet van die HERE”. Direk mag gestel word: Hoe kan nou oor Haggai gepreek word? Ons verkondig tog alleen Gods Woord, en nie vir Abraham of Moses — of Haggai nie? En tog is dit in hierdie profesie 'n onderwerp om oor te preek! Want wie was Haggai nou eintlik, en wie was sy vader? Ons weet nie! Was hy oud of jonk, en is hy uit die priesterlike geslag of nie? Ons weet nie! Sowel in hierdie profesie as in die boek Esra word niks meer gesê nie as dat hy Haggai die profeet van die HERE is. Gemeente, juis omdat ons van die mens Haggai niks weet nie, juis daarom is hy vir ons 'n onderwerp van prediking uit die Skrif. Enige “gewigtige” persoonlike besonderhede van die mens Haggai vind die Skrif in hierdie profesie onbelangrik.

Van ander profete word wel familieregisters gegee en besonderhede meegedeel, omdat die

Skrif daar iets daarmee tot ons te sê het. Maar nou spreek die Skrif juis tot ons deur te swyg en net te meld: *die profeet.* Hier moet die aandag nie deur besonderhede van die hoofsaak afgelei word nie. Hier val alle nadruk op hierdie een saak: *boodskapper* en *boodskap* van God! As die mense wat hom hoor dit maar wil besef en vashou, naamlik dat hy *profeet* is en dus die boodskap van die HERE het en dat hulle daarom na hom moet luister — dan kom dit verder nie aan op persoonlike besonderhede nie.

O wee, as gelowiges die dag die profetiese amp, die leraarsamp, nie meer raaksien nie omdat hulle net oog het vir persoonlike besonderhede en menslike eienskappe wat as onmisbaar aangesien word! Dis soos iemand wat die bos nie sien nie vanweë die bome wat sy oog trek! O, en dis so 'n gewigtige saak, so 'n ernstige woord van God tot die mens, dat Hy as 't ware soms ons nuuskierige en rondkykerige oë toedruk om ons te laat verstaan: profeet Gods — dis die hoofsaak.

So maklik verdwyn die amp Gods uit ons gesigskring, en dan bly net die mens met sy deugde of ondeugde daar staan. Vandag is dit nog so onder ons ook. Neem maar 'n roman uit ons Afrikaanse literatuur en daar sal u merk wat die wilde idees is oor bv. die preekamp en die ouderlingamp. Wat hierdie ampte in die kerk van Christus is, sal jy nie teenkom nie. En die bediening van hierdie ampte word gesien en geteken in sekere persoonlike deugde of ondeugde van die ampsdraers. En die predikant wat nou nie so predikantagtig is nie maar ook in 'n wit broek loop, hy is die sieleredder. Die een wat nou nie daaraan dink om oortreders te sensureer nie maar meer menslik optree — hy is 'n tipiese romanpredikant. Hy het so 'n familie ens., hy is 'n liefhebber van musiek, of van blomme, of van die veld! En nou mag dit seker ook so wees, gemeente. Predikante en ouderlinge is ook mense met deugde en ondeugde, Maar dis tog nie die kern nie. Die hoofsaak is dat hulle *gesante, ampsdraers van God* is, dat hulle bedieninge van *God* uitoefen! En dit het verdwyn! Dit raak weg uit ons Afrikaanse volkslewe.

Daarom moet ons dit weer hoor, en verder niks anders nie as: Haggai, die profeet! Gesant Gods! Boodskapper Gods, boodskap Gods! Die preekamp is daar, en net daar, waar Gods Woord vir die sondaar gepreek word. En wie nie meer sien as hierdie mens en die sosiale fatsoenlikheidjies nie, het nog nooit van die preekamp iets gesnap nie.

Haggai, die profeet! En toe hy sy mond oopmaak, was dit oor offers: oor geld, oor tempelbou, oor kerkbou! Daar het jy dit. Is dit nou waaragtig so 'n hemelse boodskap: tempelbou, kerkbou? Is dit nou 'n profesie, 'n preek vir die feesdag: kerkbou? Ek het nou werklik iets meer geesteliks, of opgeweks, of troos verwag, jy weet! En ag, as die toestande nou nog gunstig was, dan kon hy nog so 'n beroep gedoen het, maar ons het in hierdie vreeslike tyd van ellende, misoeste, armoede, opbouwerk na die oorlog (ballingskap) iets anders nodig as sulke preke wat net offers eis! In sulke swaar tye is dit onmoontlik om tempel of kerk te bou! 'n Mens moet tog darem rede verstaan! Ons moet tog leef!

Maar Haggai, die profeet, het in die na-ballingskapse verwoesting, in die ekonomiese krisistoestand, te midde van soveel misoeste en teenslae gekom met die eis: bou tempel! Nou is dit tyd! Haggai die profeet, neem nie van mense se redenerings notisie nie maar net van Gods Woord! Haggai die profeet breek deur ons menslike vernissies, ons menslike idees en beskouings heen. 'n Deurbreker selfs voor Serubbabel en Josua, voor die volk en voor aansienlikes met die *Godsboodskap!* As hy offerdiens kom eis, dan kom vra hy nie: "Hoe pas dit julle?", maar: "Waarom laat julle God se diens na?" As hy kom troos, dan kom praat hy nie die mense se gevoelens en idees goed sodat hulle kan sê: die profeet sê ook só nie, maar dan gee hy *God* se belofte! Laat ons daaraan dink!

## II.

Laat ons nou nader ingaan op die bestraffing wat van Godsweë oor die nalatigheid van tempelbou kom. Daartoe moet ons ook die toestande van destyds ken.

Die land met sy stede en dorpe lê in puin. Die lande en vrugteboorde is verwoes. Alles moet van die grond af opgebou word — deur armes. En boonop hou dit nou al vir jare aan: die een misoes na die ander. Swaar droogte! Hulle saai maar oes so te sê nie. Die kleding, die voeding, die loon — alles is ellendig swak. Hulle woon wel in met planke betimmerde huise, maar daar is niks wonderliks of weelderigs aan nie. Daar was alle rede om te kan sê: die tydsomstandighede is ongunstig. En dis geen wonder dat die fondament van die tempel nou sestien jaar daar bloot lê nie. Niemand is onwillig nie, maar dis sosiaal-ekonomiese onmag onder drukkende toestande. En waarskynlik het hulle vir hierdie gedagte, nl. dat die tyd nog nie gekom het nie, grond gevind in die profesie dat die tempel sewentig jaar na die ballingskap herbou sal word. Dan is daar nog twee jaar oor! Nog is dit nie tyd nie! Alle beurse is as 't ware deurboor. In so 'n tyd lewe jy hier en daar. Jy koop op skuld, jy leef vooruit op die oes! En kom dit nie, dan moet jy dit net so vat en vir die skuldeiser gee. Jy hou niks oor nie en so gaan dit hoe langer hoe erger.

O, dit is 'n bitter swaar tyd. Mens kan sê: jou *gesonde verstand* sê vir jou dat dit nie nou boutyd is nie. En daar sien jy my oesie. Die arbeider sê: dis my loontjie. En ons moes letterlik *hardloop, draf,* om ons huise in stand te hou (vs. 9). Dis immers verstandig en prakties geredeneer: Omdat die tyd sleg is, is ons arm. Omdat ons arm is, kan ons nie bou nie. As jy nie het nie, kan jy tog nie gee nie. Geen onwil nie, maar *onmag.* Uitstel beteken dus hier nie afstel nie, maar die tyd is nog nie daar nie.

Maar Haggai, die profeet, werp al hierdie verontskuldigings van die “gesonde verstand” omver met sy Godseis van offerdiens vir die tempelbou! Liefdesdiens vir die tempelbou!

Julle sê: die tyd het nog nie gekom om te bou nie! Maar so sê die HERE: Het die tyd dan gekom om vir julleself te bou — betimmerde huise? Julle hardloop, elkeen van julle, vir sy eie huis, om op te bou, weer bymekaar te maak en te red. Alleen daarvoor sê julle is daar nou tyd, maar nie om nou ook almal saam te hardloop vir die huis van die HERE nie!

Julle leef by redeneringe en praktiese berekeninge van julle gesonde verstand en nie meer by die Woord van God nie! Julle is nie gelowig in offerdiens en liefdediens vir die huis van julle God nie.

O, die verstandige berekenings in krisistyd ten koste van die diens van God! Dis die sonde van die mens as redelike wese! En op dié wyse keer ons die goddelike lewensorde totaal om. Op dié wyse, met ons gesonde verstand, stel ons God se huis, die kerk, afhanklik van ons huis, asof die kerk 'n bloot sosiale verskynsel is soos 'n skuur wat gebou moet word. Op dié wyse word die godsdiens afhanklik gemaak van die sosiaal-ekonomiese toestand, terwyl ons hele lewe van God se diens afhanklik is. Op dié wyse leef ons nie meer by Gods profetiese Woord nie maar by ons gesonde verstand! En dis dan die verbondsvolk so pas uit ballingskap gered!

Húlle sê: ons gee nie, omdat ons so arm is; die profeet sê: julle is so arm, omdat julle nie gee nie. Hulle sê: ons bou nie omdat die tyd so ellendig sleg is; die profeet sê: die tyd is so ellendig sleg omdat julle nie bou nie. Hulle sê: ons huise, ons persoonlike sake kan nie regkom nie, daarom kom die tempel se sake ook nie in orde nie. Die profeet sê: julle huislike sake kom nie in orde nie omdat julle die tempel se sake nie in orde stel nie. Hoe eerder julle die tempel bou, hoe eerder sal julle toestande verbeter en julle huise gebou word.

O gemeente, die profeet gee vir ons hier nie 'n blote *beskrywing* van die sosiaal-

ekonomiese krisistoestand nie maar 'n *profetiese verklaring* daarvan: om my huis ontwil wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop. Daarom saai julle, maar oes nie; daarom eet en drink julle, maar julle word beswaarlik gevoed; daarom maak julle as arbeiders wel geld, maar dit raak weg soos uit 'n stukkende beurs. Daarom hou die hemele bo julle die dou terug en het die aarde sy opbrings teruggehou.

Maar verstaan hierdie profetiese verklaring, ook van na-oorlogse krisistoestande, tog nie verkeerd nie. Ons moet tog as Nieu-Testamentiese gemeente die Ou-Testamentiese tempelprofesie nie so simplisties toepas asof ons kerkgeboue nog ook tempels is nie. Ons kerkgeboue is nie tempels nie. Daarom is dit ook vandag nie so dat ons nasionale krisistoestande kry omdat daar nie kerkgeboue verrys het nie, of dat daar volop tye sal kom omdat ons kerkgeboue opgerig het nie. Inteendeel, ons kan die omgekeerde kry, nl. dat 'n krisis oor die gemeente kan kom juis omdat hy te swaar gebou het. En as iemand by die uitwendige vroomheid wil bly: ek sal vir die kerk mild gee, sodat my boerdery of saak suksesvol kan wees, dan toon hy alleen dat hy van Haggai, die profeet, niks snap nie.

En predikante wat sulke Skrifgedeeltes uitbuit om kollektes af te pers vir kerk en sending, bedien ook nie Gods Woord nie maar slegs hulle eie selfsugtige vroom planne. Die skreeuers oor geld — geld in die kerke, wat dan daaraan die vloek of seën van God verbind, is nie bedienaars van Gods Woord nie. Let tog op wat daar staan: Die profeet lê nie die nadruk op die armoede nie maar op die *vloek Gods* vir hulle sonde!

Hy sê nie dat hulle saai en nie win nie maar dat hulle *min* win. Hy sê dat hulle eet maar nie gevoed raak nie, wel drink maar nie vrolik word nie. Hy sê dat hulle klere het maar nie warm word nie. Hy sê dat die arbeiders werk en loon kry maar niks vergader nie. Wat is dit dan? Dis die vloek Gods wat op hulle rus. En die oorsaak daarvan is *die harte wat liefdeloos vir die diens van die HERE is.* En 'n hand vol geld sal die saak nie regmaak nie maar wel 'n hart wat brand van liefdediens, al is ons nog so arm! Dis nie ryk mense wat 'n kerk uitmaak nie maar *gelowige mense,* ryk of arm. Dis nie geld wat 'n kerk laat leef nie maar die geloofsliefde. Ja, die liefde vir die kerk van die HERE laat die kerk juis floreer selfs in die duurste tye, die geloofsliefde wat jou laat sweet vir die diens van jou HERE. O, die selfsugtige mens soek homself en sy eie huis bokant God en sy kerk, maar die geloofsmens wat deur die liefde leef, offer hom dankend in die diens van sy God.

Vir ons tyd het hierdie profesie daarom so 'n ernstige boodskap!

Daar is vandag nie net indiwidue nie maar reeds volke wat al lankal nie meer aan tempelbou dink nie. Let goed op: Ja ons sê nie net kerkgeboue nie maar *tempels.* En daarmee bedoel ons wat die profeet bedoel: die hele diens van God, soos dit deur die tempeldiens afgebeeld is. Tempels word gesloop en fabrieke word gebou, masjiene word gekonstrueer, woonstelle word opgetrek. Deur ons verfynde kultuur word die lewe weelderiger en ons geniet van dinge wat ons vroeër nooit van gedroom het nie (motors, radio's ens.). Maar — die lewensblydskap is weg! Die lewensvrede, die lewensgeluk het soek geraak. Jy sien liglose oë in verveelde gesigte. By al die weelde en drukte en gejaag om besigheid, winste, voordele, voel die mens van ons tyd hom ontsaglik arm, onbevredig en moeg. Die moderne mens ontvang sy loon in 'n deurboorde beurs. By al die weelde word ons innerlik, geestelik, godsdienstig steeds armer, leër. Dit is die vloek Gods oor ons eeu wat Gods heiligdom, Gods liefdediens in verwaarlosing laat lê, mense vir wie nie die kerk met die prediking van Gods Woord die vernaamste is nie maar die fabriek of die aandelebeurs, of die genothuise.

En daar is ook “kerkmense”, lidmate van die kerk wat baie meer belangstelling toon vir eie huis en vir eie sake wat gereël word as vir die huis van die HERE. Mense wat draf vir hulle huis, genot of plesier, maar gaap of steun as jy van kerk praat. En tree 'n krisis in, dan besui-

nig hulle by die kerk eerste, mense wat dit maatskaplik goed het maar geestelik, godsdienstig dit uiters skraal het. Hulle kom ook wel in die kerk, maar die brood van die lewe versadig die siel nie. Hulle is mense met deurboorde buidels, altyd leë siele, geestelik bleek. Hulle ken of smaak die blydskap van die geloof nie. Dis Gods vloek omdat hulle sy heilige diens in puin laat lê.

O, die vreeslike sonde van liefdelose nalatigheid ten aansien van Gods koninkryk knaag aan die wortel van hulle lewe. Die nalatigheid is nie bloot net 'n gebrek nie, maar dis 'n gulsige groot vis wat al die klein vissies opeet. Dis die monster in ons lewe wat alle geestelike lewe uitput en opvreet. Die wat hierdie groot gat in sy beurs het, word opgewek met die woorde van Haggai: Die berge uit, om hout te gaan kap vir die bouwerk! Opstaan! Hy het nie na hulle sakke gegryp nie, maar na hulle *siele.* Hulle *harte* wil hy vir die Here hê! Let op jou weë en bekeer jou. Neig jou hart tot God! Leef en moenie sterf nie.

**Amen.**

## 38. DIE KRAGTIGE WERKING VAN GODS WOORD AS GENADEMIDDEL

(Nagmaal)

**Lees**: Haggai 1:1—2:5.

**Teks**: Haggai 1:12—2:la.

In Jerusalem lê die kaal fondamente van die tempel reeds vir 16 jaar tussen die ruïnes in die son en blaker. Ook die huise daar is nog nie juis weer opgebou nie, daar woon ook maar min mense, en die meeste van hulle is ook armes. Omdat baie van die teruggekeerdes na hul voorvaderlike plekke gegaan het, woon daar ook nie veel in Jerusalem nie. (Om die waarheid te sê, selfs in 445 v.C. — dus byna 100 jaar later — toe Nehémia teruggekeer het, was die stad nog wyd oop, met min mense en huise wat nóg nie opgebou was nie). Die toestande was ook maar swaar en drukkend, en ten spyte van groot inspanning en harde arbeid, kan die mense daar nie op die been kom nie.

By die brandofferaltaar en die ruïnes staan die volk saam met Serubbabel en Josua om die Nuwemaansfees te vier. Juis omdat die tye so swaar was, het hulle gemeen dat dit *verstandig* was om onder dié omstandighede nie die tempelbou direk aan te pak nie. Dan tree Haggai, die profeet van die Here, met 'n boodskap van God na vore. En hy sê dat die oorsaak van hierdie versuim nie die swaar tye is nie maar juis hulle liefdeloosheid vir die diens van die HERE. Die HERE word gedien nie met beurse vol geld nie maar deur gewillige harte wat dien selfs as die beurs leeg is.

Só het Haggai nie net die tye en toestande verklaar nie, maar met sy profetiese verklaring daarvan het hy in die hart van die volk op die feesdag gegryp — daar langs die kaal fondament. Hy roep uit: kom, word warm van liefde vir sy diens, en hardloop 'n bietjie die berge uit en gaan haal hout — dan sal julle kan bou! So gryp die profeet met sy prediking nie na hulle sakke, hulle goud en goed nie maar na hulle siele om in hulle die liefdediens vir die HERE, hulle Verbondsgod, op te wek.

En nou, gemeente, staan ons voor die vraag: wat was die uitwerking van hierdie preek? In ons teksverse word ontsluit die kragtige werking van Gods Woord as genademiddel, naamlik:

1. Dit vervul ons hart met vrees voor die aangesig van die HERE.
2. Dit verseker ons van Gods gunstige nabysyn tot ons heil
3. Dit wek ons op tot, en sterk ons in die liefdediens.

## I.

Die seën van die kragtige werking van Gods gepreekte woord was dan eerstens dat die hele volk se hart met vrees vervul is voor die aangesig van die HERE. Want die preek op die feesdag was suiwere bediening van Gods Woord. Haggai het nie sy opinie, sy beskouings, sy idees, daar voorgehou teenoor dié van Josua, Serubbabel en die hele volk nie. Ook nie met blote teenargumente van die gesonde verstand nie. Dan sou daar op die feesdag miskien net warm diskussies ontstaan het, en die volk sou verdeeld uitmekaar gegaan het. Nee, Haggai het enkel met die woord van God gekom — as gesant enkel met die opdrag van sy Sender. En dit gaan alle verstand te bowe. Dit is oneindig meer as ons idees of beskouinge. So bind die Woord tot eenheid saam. So moet die prediker ook vandag nog net Gods Woord suiwer verkondig. Hy mag nie menslike opinies, menslike idees of oorlegginge voordra nie. Dan, gemeente, sal daardie preek nooit tevergeefs wees nie maar kragtig werk. Eenheid onder ons volk op grond van Gods Woord.

Maar dan moet die gemeente ook die preek *as Gods Woord* aanhoor! Dit staan dan ook hier so tekenend: *"en* die hele oorblyfsel van *die volk het gehoor* gegee aan die stem van die HERE hulle God en aan die woorde van Haggai die profeet". Hulle het dus só geluister dat die stem van die HERE die woorde van Haggai was en dat die woorde van Haggai die stem van die HERE was. God se stem het nie uit die blou hemel apart van Haggai se preek geklink nie. Daar was maar net gepreek, en die preek was vir hulle die stem van die Here. Die persoon van Haggai het gaandeweg voor hulle oog verdwyn, sodat hulle nie meer vir Haggai gesien of gehoor het nie maar as 't ware die HERE gesien en die stem van die HERE beluister het.

Gemeente, wie só luister kan homself nie meer handhaaf nie. Hulle vérontskuldigings dat die tyd nog nie gekom het om te bou nie, is hulle béskuldiging dat hulle die tyd laat verbygaan om te bou! Dit is die uitwerking van die Woord: afbraak, verbreking van die harte, swaar skuldbesef. Die volk was vervul met vrees voor die aangesig van die HERE. En die vrees van die Here is dit dat hulle nou die opgehewe hand van die HERE sien in die rampspoed, teenslae, misoeste, swaar tyd. Hulle sien in dat die HERE hulle regtens met nog swaarder gerigte kan tref. Hulle oordeel: ons verdien na ons skuld swaarder oordele.

Vervul met vrees voor die aangesig van die Here! Ja, voor die preek was hulle in hulle gedagtes nie voor die aangesig van die HERE nie, maar Haggai, die profeet, het die mense weggeruk en direk voor die Verbondsgod se aangesig geplaas en vir hulle getoon: mense, moenie blind wees nie. Kyk die hand van die HERE. Dis sy vingers wat bestraffend die arbeiders se beurs oopskeur, sodat dit altyd leeg bly. Dis sy hand wat strawwend die oes wegraap, deur die droogte. Dis sy hand wat strawwend die dekking van die klere wegneem!

Vervul met vrees! Hulle sien Gods hand en is met groot eerbied en ontsag vervul. Hulle ag God van die grootste gewig. Hulle eer God, d.i. hulle ag God nie lig nie, maar God en sy diens weeg nou by hulle swaar! God en sy diens is nou die beslissende faktor in hulle lewe en nie meer hulle sg. gesonde verstand en hulle voordeel of die sosiaal-ekonomiese toestand nie.

Daarom is hulle nou vol van die vraag: HERE, wat wil u hê moet ons doen? Vervul met vrees, vol van die begeerte om Gods wil nou na te kom. Om Gods Woord te hoor, beteken vir hulle om dit te gehoorsaam, om dit nie langer by praat te laat nie, maar om dit te doen! Hulle het dan toe ook dadelik die berge in gehardloop en hout gaan haal en op die 24e dag staan die steiers van die bouwerk!

So, gemeente, is die kragtige werking van die genademiddels: Woord en sakramente. Dit breek ons eie ideetjies, ons insigte, ons voornemens af. Dit laat ons God sien in sy strawwende geregtigheid, hier in die gebreekte brood en uitgegiete wyn. Dit veroordeel ons as doem-

skuldiges. Dit stel ons voor Gods aangesig. Dit vervul ons met skrik vir sy strawwende hand, met vrees en eerbied vir sy Woord en Wet. Dit vervul ons weer met die begeerte om sy behae te doen! En dit dan nie uit ons self, asof ons uit onsself daartoe in staat sou wees nie, maar kragtens sy heilsbelofte: Ek is met julle, spreek die HERE, ons troue Verbondsgod.

**II.**

Die heerlike en kragtige werking van Gods Woord en sakramente is nie alleen dat dit ons veroordeel nie maar dat dit die ware luisteraars, diegene wat die genademiddels met gelowige harte reg gebruik, kom verseker van Gods gunstige nabysyn tot ons heil. Dit is dan ook die tweede heerlike seën van die preek soos ons dit by Haggai, die profeet, opmerk. Haggai, die boodskapper van die troue Verbondsgod, het kragtens die boodskap van die Verbondswoord van die Here, met die volk gespreek en gesê: “Ek is met julle, spreek die HERE”. Dit is die heerlikste verbondsbelofte wat aan die verbondsvolk verseël kan word, dat die troue Verbondsgod trou met sy volk is, dat Hy met die Verbondshoof, Christus Immanuel, God met ons, is.

So preek die boodskapper van God hier: Christus, as die Verlosser van die volk van God en hulle sondeskuld en berou. As hulle die hand van die Here sien en hulle skuld erken, dan is dit omdat God alreeds met hulle is. Sonder God, sonder sy Woord sal hulle Hom nie gesien en Hom nie gevrees het nie. Maar sien hulle berouvol God in sy regmatige oordele, dan is Hy tegelyk ook by hulle in sy genade in Christus Jesus na sy Woord, om hulle te verlos en hulle by te staan in hulle stryd en in die dienswerk van hulle God.

Gemeente, is dit nie 'n heerlike bevestiging van Gods genadeverbondswoord nie dat dit Gods onmisbare nabysyn vir 'n siel verkondig. Sodra u die prediking gelowend aangryp, dan bevestig dit die geloof, dan fundeer dit die geloof. Die fondament van die geloof is nie u opinie nie, is nie u beskouing nie, is nie u idees nie maar net dit wat God sê! En wat God sê, staan vas en is seker. Dit kan later blyk dat ons idees 'n illusie is, waaroor ons net skromerig skaam voor die mense voel, omdat ons so vurig was en so ywerig dit gepropageer het.

Maar wat God gesê het, staan vas na sy eedswerings-woord — dit is soos God self vas en seker. En dit is die heerlike versterking wat die bediening van die genademiddels aan diegene skenk wat goed luister en die stem van die Here gehoorsaam: God is met hulle. In sy onveranderlike liefde en trou is Hy by en met u. Hy sal u as sy verbondskind nooit verlaat nie. Want waar u van God verlaat moes gewees het, was Christus in u plek van God verlate, sodat u nimmer deur God verlaat sou word nie.

En nou gaan ons van hier met die versterkte geloof: die HERE is met ons. Gemeente, besef u wat dit beteken? Dit beteken oneindig meer as miljoene leërs, duikbote, slagskepe, lugmagte, tenks. Dis oneindig meer as duisende perde en waens. Dis oneindig meer as blote aaneengeslote geledere. Dis oneindig meer as die fynste organisme. Dit is alles God met ons. Dit is ons oorwinning van die wêreld: die Here is daar, hier by ons. Hier waar ek ploeg, ploeg Hy met my, saai Hy met my, plant Hy met my, staan Hy met my in die skool, in my huis, in my winkel, in my bedryf, in my koöperasie, in my raadsaal, in my regterstoel, in my politiek.

O, gedoem is almal wat die belofte, die bevestiging nie het nie: die HERE is met my. Maar meer as oorwinnaars is dié wat deur die geloof wis en seker weet: die HERE is met my! Hulle is ook brandend van ywer en vlyt in die Here se diens,

**III.**

Dit blyk ook duidelik uit die derde heerlike werking van die prediking van Gods werk. Dit wek ons op. Die HERE wat met ons is, is nie 'n dooie HERE nie. Sy Gees is juis lewegewend en lewewekkend. Haggai, die profeet, het met sy prediking van die Woord van die

HERE, die gees van Serubbabel en die gees van Josua en die gees van die hele volk opgewek. Wat doen die bediening van die Woord van God tog nie aan die vors van die land, aan die geestelike leier en aan die ganse volk nie!

Dit moet dan ook die eerste vraag wees wat ons stel: nie wat het dié man of dié man vir die volk gedoen of opgeoffer nie, nie hoe hoog hy in ons agting aangeskryf staan nie. Maar: luister die man ook na Gods Woord? As hy nie 'n hoorder van Gods Woord is nie, dan kan hy ook nie 'n dader van Gods Woord wees nie. Dan kan hy die volk mislei. En sekerlik, dit kan ook gebeur dat 'n leier foute maak, soos Serubbabel en Josua ook die fout gemaak het om die diens van die Here te laat afhang van hulle oordeel oor die tydsomstandighede. Dit is almal se swakhede en gebreke — ook selfs Serubbabel en Josua s'n. Maar te midde van hulle swakhede het hulle na Gods Woord geluister, en so is hulle verfloude gees weer opgewek. Hulle wou die lewe na Gods Woord voortsit. Hulle wou van Gods Woord nie afwyk nie. O, wee die arme volk wat leiers het wat nie wil luister na Gods Woord nie! Hulle gees word aangewakker vanuit helledieptes om die volk in algehele ondergang te dompel.

Mag God ons manne gee wat, hoewel hulle ook kan foute maak, tog net wil luister na Gods Woord, wat hulle gees in sy diens opwek as leiers oor ons volk.

Ook die predikant, die ouderlinge, die ampsdraers is nie maar somaar vanself lewende dienaars van die Here nie. Soos Josua kan hulle gees insluimer sodat hulle meegevoer word met die gees van die tyd. Maar as hulle luisteraars is na Gods Woord, is daar ook lewe vir die kerk. Die predikant en ouderlinge moet manne wees wat Gods Woord in hulle harte dra.

En ook die volk moet 'n volk wees wat soos een man luister na die Woord van God. As dit so is, hoe kragtig werk die Woord van God dan tog nie, én in die volksleiers én in die geestelike leiers én in die volk, om elkeen en almal se gees in die diens van die Here op te wek. Vaste, hegte eenheid bestaan daar dan tussen kerk en staat, tussen volk en owerheid, almal is besiel deur eenselfde Gees, die Gees van God, almal met net eenselfde leer, die leer van Gods Woord. En bo alles: *God met ons!* Dan eers sal u die ware besieling sien. Dan eers sal u nie somaar massapsigologie en luidrugtige entoesiasme op volksvergaderings bemerk nie maar vurige geeste soos deur God diep en eg opgewek om Hom te dien.

Die Hebreeuse woord vir opwek beteken dan ook eintlik *warm maak.* Gods Woord en God met ons: dit moet ons siel laat gloei en glinster van gewillige diens. Dit moet ons laat brand van onuitputlike liefdesywer in sy diens. Dit moet ons almal laat wees soos engele op aarde wie se aangesigte ene glans is wat skitter, gedra, beweeg deur Gods Woord en wil, lewend gemaak in sy diens.

En dit laat ons dan nie meer net die kruis van Christus bely nie. Dit laat ons nie bloot die waarheid van die kruis aanvaar terwyl ons louter bedaard bly nie. Nee, dit laat ons *roem* in die kruis. Dit maak dat ons nooit en nimmer uitgeput raak oor die kruis van Christus nie.

Dis die ware besieling wat voortkom uit verslaenheid oor ons self, 'n besieling wat *uitkom* uit gehoorsaamheid aan Gods Woord, 'n besieling wat neerkom op tempelbou, soos Israel wat die veld ingehardloop het en gaan hout haal het.

Dis die seën van die preek na Gods Woord.

Mag God die preke seën in sy kerk!

**Amen.**

## 39. 'N GODSWOORD TOT BEMOEDIGING

**Lees**: Haggai 2:1—9.

**Teks**: Haggai 2:4.

Haggai verhaal ons in sy boek slegs vier profesieë, vier preke van hom. Die eerste is uitgespreek ongeveer sestien jaar nadat die ballinge teruggekeer het. Ons teksgedeelte bevat die tweede preek, wat ongeveer twee maande na die eerste gelewer is — op die 21e van die sewende maand, ongeveer 18 Oktober 520 v.C.

Dit was weer feesdag in Jerusalem — die Loofhuttefees. Dit was 'n dankfees vir die vrugte- en wynoes en tegelykertyd ook 'n herdenking van die omswerwing in die woestyn, van die wonderlike leiding en beskerming wat Israel van die Here God in daardie tyd ontvang het. Op die laaste dag of hoogtepunt van die Loofhuttefees spreek Haggai hierdie tweede profesie uit. En dit was nodig gewees. Die Loofhuttefees was tog 'n dank- en vreugdefees, maar die feesgangers was ontmoedig, neerslagtig gestemd, en Haggai het meesal op sombere gesigte vasgekyk. Die lewenskyk van die mense was somber!

Die profeet bring nou 'n bemoedigende Godswoord om die ontmoedigde volk van God te versterk en weer moed te laat skep. Ons wil nou met u stilstaan op die inhoud hiervan en let op:

1. Gods bemoedigende *Verbondswoord* teenoor die volk se ontmoedigende gedagtes!
2. Op Gods gerusstellende *Verbondsdade* en *-werke* teenoor die moedverlore volk se vrees.

**I.**

Sedert Haggai se eerste profesie het daar al baie gebeur. Die volk het direk begin hout haal en hier met die Loofhuttefees het drie weke se bouwerk al gestaan. En tog het ontmoedigende gedagtes die volk se siel só vervul dat Haggai nou weer daarteen moes profeteer. Almal, die vors en die hoëpriester en die mense, was ontmoedig. Hulle het begin dink dat dit nooit weer só sou word soos in vroeër dae nie; die glorieuse ou tyd van Dawid en die pragtige tempel van Salomo is vir goed verby. Die ou tempeltjie wat nou gebou moet word — wel, ons moet nou wel tevrede wees, maar...!

En so begin die moedeloosheid van die mense by die *gedagtes.* 'n Heerliker tyd van vroeër word vergelyk met 'n teenwoordige tyd wat slegter is. Serubbabel sit en dink aan die tyd toe Dawid koning was. Josua dink aan die tyd van Salomo en sy tempel. So doen ook die volk. En hoe lyk dit nou? Hulle dink nie meer aan God, aan sy Verbond en aan sy trou nie maar stel die een tyd teenoor die ander tyd. Daarom dié moedbenemende gedagtes.

Maar die pessimisme grond hom verder op wat elkeen met twee nugter oë *sien!* Die tempelmure wat hulle nou bou! Die hout — dis somaar hier uit die berge! En silwer en goud — dit het hulle nie eens in die swaar tyd na die oorlog en ballingskap nie. Hoe sal die tempel nou lyk?

Juis as die ontmoedigende gedagtes die volk op die fees neerdruk, tree Haggai op met die vraag: wie onder julle het die tempel in sy vroeëre heerlikheid (70 jaar gelede) gesien? Hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie na niks in julle oë nie? Daarmee het Haggai vir Serubbabel, vir Josua, vir die volk op die feesdag in die hart gegryp! Want hy spreek hulle ontmoedigende gedagtes uit! En daarteenoor kom hy met bemoediging! Skep moed! Die ou geslag en die jong geslag, die owerheid, die kerklike ampsdraers, die volk — almal vuur hy aan.

Gemeente, dit was nie somaar goedkoop gepraat van Haggai nie! Dit was nie somaar om die *moreel* 'n bietjie op te bou nie! Dit was ook nie somaar 'n metodistiese, bloot sielkundige opwekking nie! Dit was nie beoefening van massa-psigologie nie! Nee, Haggai noem die *gronde* vir sy aanvuring om moed te skep!

Die eerste en diepste grond hiervoor is dat die *HERE* dit sê. Haggai is immers nie 'n propagandis wat grootpraat en lawaai maak soos een wat in die diens van een of ander diktator of imperiale eerste minister is en menslike idees verkondig nie. Nee, Haggai is prediker-profeet, *bedienaar van Gods Woord.* So ver soos die hemel van die aarde verwyder is, *so* verskil 'n propagandis van die profetiese amp, die leeramp van Christus.

Ons tyd se vloek is dat die propagandiste meer aangesien word as die bedienaars van Gods Woord. En die gevolg sal wees dat ons met propagandiste en al die ongeluk in sal stort. As u wil moed skep, kom luister na die bediening van Gods *Woord!* Kom luister wat God, Wat nie lieg nie, spreek deur sy Woord. Die Here HERE *sê* dit. Dis nie koerantstories, propaganda-praatjies vir 'n leuen-idee nie. Die HERE van die leërskare spreek dit. Dit gee vir die siel vastigheid, sekerheid! Dit fundeer die ontmoedigde siel wat begin om te wankel en te weifel. Gemeente, die hemel kan wyk, die aarde kan wankel, maar die Woord van die HERE bly ewig wis en seker staan! Alle dinge het 'n einde, maar Gods Woord het geen einde nie. En alle mense is leuenaars, maar God is die waarheid en die lewe tot in ewigheid. En wie glo in wat God sê, *skep* moed — of hy 'n volksleier is, of 'n kerklike ampsdraer, of burger of lidmaat. Wie luister na Gods stem, skep moed! — werk teen sit en dink (vs. 4).

Want wat sê die HERE? Hy sê: *Ek is met julle!* Die troue Verbondsgod, die onveranderlike God en sy liefdestrou *met ons!* Hy sal julle nooit verlaat nie, sy verbondskind, die aannemer van sy Woord, wie hy ook al is, sal Hy nooit begeef nie! En dit maak ons so sterk: die HERE met ons! God ons bondgenoot! Dis oneindig meer as miljoene leërs, as duisende kanonne, tenks, vliegtuie, bomwerpers, slagskepe. Dis oneindig meer as die pragtigste organisasie of party. Die HERE met jou volksleier Serubbabel! Die HERE met julle ampsdraers! Die HERE met julle, oorblyfsel van die volk.

Maar laat ons goed verstaan, dit is heeltemal anders as om met vroom gebaar die Here vir jou te *annekseer!* 'n Mens kan nie maar somaar enige ding doen en dan sê nie: Die HERE is met ons! “Dat 's Heeren zegen op u daal”! Dis propaganda! En geen geloof in Gods Woord nie. Alleen wanneer ons luister na Gods Woord, leef na Gods Woord, arbei en stry na Gods Woord, van Gods Woord uitgaan — is dit so dat Hy met ons is. God is nie teen sy eie Woord nie! Daarom wie wil moed skep: Gryp na Gods Woord. Luister na Gods Woord. Glo Gods Woord.

Ek is met julle, sê die HERE! Hoe? Deur die verbond wat Ek met julle gemaak het by julle uittog uit Egipteland! Dit is die tweede grond by Haggai. Ek dink aan my verbond met julle. Julle ontrou vernietig nie my trou nie. As julle verander, Ek verander nooit! Julle sit hier met pessimistiese gedagtes: vroeër was dit so en vandag lyk dit na niks in ons oë nie! Maar die HERE is vroeër en vandag en tot in ewigheid dieselfde. Dis nog dieselfde God van Abraham en Dawid. Die pessimistiese gedagtes, wat net vergelykings wil maak, is ongeloofsgedagtes! O seker, ons kon verander het en anders geword het teenoor God en sy Woord, maar God verander nie. Skep moed! Die HERE het nie swak of leuenagtig of bedrieglik geword nie. Hy gedenk nog steeds sy verbond van geslag tot geslag. Die vraag vir ons tyd is: Ken u God as u Verbondsgod? Dan sal u nooit moedverlore raak nie.

En, sê die HERE, my Gees sal onder julle bly, staan onder julle, soos vroeër in die woestyn. Dis die derde rede by Haggai. In die woestyn was Gods Gees, die Leidsman en uitwerker van Gods Heilsplan met Israel! Die Heilige Gees was Israel se krag, besieling en bestiering.

En Hy is nie maar net Goddelike krag nie, maar self Goddelike Persoon! Hy leer, Hy lei, Hy werk, Hy troos, Hy gee moed en krag, Hy besiel, Hy skenk lewe en wysheid.

En soos in die dae van die woestyn mag dit vir die blote *oog* alles nietig lyk, 'n mislukking lyk, maar wat was die uitkoms? Skep moed! Moet julle nie deur julle blote oog laat bedrieg nie. Wat *niks* is in julle oë, is by God alles!

Die kerk van die Here mag ook vandag in die oog van die mens soos niks lyk. Dit lyk vir ons soos niks dat die evangelie gepreek word en dat deur die prediking die wêreld vernuwe moet word. Dit lyk soos prulwerk as die onheilige geeste, leringe, strominge, wat soos 'n vloedgolf met propaganda en kragtige organisasie voorgestaan word, deur die prediking bestry moet word! Dit lyk na niks! Dit lyk of die klompie gelowiges soos skaam mensies van stap tot stap agteruit gaan! Hoeveel gedoopte kindertjies is nie vir die kerk verlore nie? Dit lyk inderdaad of onheilige geeste ons meer in besit neem as wat ons dit uitdryf — of die strominge ons meevoer in plaas daarvan dat ons dit afkeer!

Maar ons moet nie afgaan op wat voor oë is nie. Dan sal ons moedverlore raak. Ons moet leef deur die *geloof* in wat God sê en vermag. Dan sal ons die wêreld oorwin. Geen ding is onmoontlik vir die kerk waarin die Gees van die Here bly en staan nie. Met die Gees van die Here in ons midde, in ons hart, slaan ons die bose geeste op die vlug, is die kerk 'n onverwinlike mag. Deur die geloof is die kerk nie soos niks nie maar die organisasie wat die wêreld deur die geloof oorwin. Magtige ryke (bv. die Romeinse Ryk) is deur die kerk oorwin. O, as ons maar wil glo in die Woord van onse God! As ons maar wil vertrou op die werke van onse Here — dan sal daar geen vrees by ons wees nie! Dan sal ons moed skep en sterk wees!

**II.**

Want, en dis ons tweede gedagte — Gods Verbondsdade en werke in die wêreld stel die bevreesde gemoed gerus!

As die feesgangers daar om die mure staan wat aan 't opbou is en hulle hoor hoe die Samaritane hulle wil verhinder om te bou en van die wisselinge in die Medies-Persiese Ryk; as hulle dink dat hulle geen silwer en goud het nie; as hulle dink aan die ongunstige natuurseisoen (droogte, ens.), dan raak hulle bevrees langs die mure!

En nou kom Haggai en sê: so spreek die HERE van die leërskare: Ek sal die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe! Ek sal ook die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei. En Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare. Aan my behoort die goud en die silwer, spreek die HERE van die *leërskare.* Die HERE is die HERE van die *leërskare.* Hy spreek nie net verbondswoorde nie, maar Hy doen ook verbondsdade.

Kyk net, die HERE laat die *ganse natuur beweeg:* hemel, aarde, see en droë grond. Die HERE beheers die ganse *kultuurwêreld,* goud en silwer en die skatte van die nasies. Die HERE laat die *mense*wêreld lewe — al die nasies van die aarde. Oorloë, ryke, trone, ens. is alles in sy hand.

En dit ter wille van wie?

Ter wille van die 49,000 ballinge wat daar tussen die tempelruïnes voor Haggai staan! Ja! Is dit nie verskriklik nie! Al die vreeslike dinge in die wêreld en met die nasies verbind Haggai met die tempelbou. Haggai sê: mense, skep moed! Die aardbewings, die seebewings, die lugbewings en die volkere-beroerings en oorloë, laat die tempel gebou word! Wat in die wêreld gebeur, laat God meewerk tot sy koninkryk se koms, tot sy kerk se uitbreiding! Dit is immers die skone rusgewende gedagte vir bevreesde, ontmoedigde mense op die feesdag, dat die Heilige Skrif vir ons verkondig: die wêreldgeskiedenis, die vreeslikste wêreldgebeurtenis-

se soos wêreldoorloë, is daar ter wille van die *kerkgeskiedenis.* O, ons weet dit moet jy nie vir diktators en empaaierbouers sê nie. Ook pessimisties gestemde mense dink daar nie só oor nie! Maar Gods Woord sê: wêreldgeskiedenis ter wille van die kerk. Die afbrekers is in werklikheid die opbouers, want die Here annekseer dit alles vir die voltooiing van sy tempel, sy ryk op aarde.

En nou sit die kerkmense voor Haggai ontmoedig: ons het nie die silwer en goud om die tempel te bou nie! Maar Haggai sê: skep moed — want God is nie 'n arm God nie. Die goud en silwer is syne. As julle nie materiaal genoeg het nie — God het oorvloedig. Die Here sal net die volke in beweging sit en op hulle goud en silwer beslag lê om sy tempel heerlik te bou. So *doen* God!

Darius het al beveel om uit die Ryk se skatkis die tempelkostes te dek, en na hom Artaxerxes, en later niemand minder nie as Herodes Antipas, wat die tempel van Serubbabel met marmer en goud uitgebou het tot 'n pragstuk. Daarvoor het die Here die volke en ryke beweeg en geskud. Eers moes die Babiloniese wêreldryk instort, daarna weer die Medo-Persiese ryk. En vandag, as die wêreldryke instort, trone wankel, volkere beroer is — skep moed, kinders van die Here! Die Here bou sy kerk, sy ryk op aarde! Ag, en nog meer. Die toekomstige heerlikheid van die tempel sal dié van Salomo nog ver oortref. Nie net wat die uiterlike goud en prag aanbetref nie. Maar hier sal die Messias, die Christus, die Vredevors, vrede spreek! Salomo se tempel het dit nie gesien nie. Serubbabel s'n sal dit sien: die vleesgeworde Woord — Christus.

Christus sal die glorie en heerlikheid aan die tempel verleen. En ons weet dit, toe die Jode, Amaas en Kajafas die Christus geloën en uit die tempel geban het as 'n tempelskender, het sy heerlikheid van die tempel gewyk en dit is in 70 n.C. verwoes, sodat nie een steen op 'n ander gelaat is nie! Waar Christus nie is nie, is geen heerlikheid nie, ja daar is net verwoesting! Daarom is die tempel 'n skadubeeld van die gemeente van Christus. En die kerk, die gemeente is heerlik net wanneer Christus onder ons woon en sy tabernakel by die mense is.

O, dit is die glorie van die staat, Serubbabel, as Christus deur die owerheid, deur die volksleiers bely en gedien word in die volkslewe. Christus, die Christelike woord en gees moet in die volkslewe gestalte aanneem. Die volk moet sy heil verwag van Christus aan Wie alle mag gegun is in die hemel en op die aarde. Christus se gees moet die volkslewe besiel! Dan is die volk heerlik! Christus se woord en gees moet in ons volksorganisasies, in ons politiek, in ons raadsaal wees! Sonder die Christus is die volkslewe verlore! Nie hierdie leier of daardie leier nie! Nie hierdie partyman of daardie party nie! Maar Christus. O, hoe heerlik sal ons volkslewe wees, die dag as ons nie meer vir dié of dié veg en stry en ons beywer nie maar vir Christus! Dan word die volkslewe heerlik!

Dit is die glorie van die kerk, Josua, as die tempel nie net bloot uiterlik van silwer en goud skitter nie. Seker, vir die kerk van die Here mag dit aan niks ontbreek nie. Daar moet genoeg wees om die kerk in stand te hou. Daar moet alles ook in orde wees. Die Woord van God en die sakramente moet ook suiwer bedien word ens. Die gemeente moet ook getrou en naarstig opkom om die Woord te hoor.

Maar as in dit alles Christus self nie is nie, as Christus in die kerk nie gestalte aanneem nie deurdat ons Hom nie deur sy Gees en Woord in ons laat werk nie, as Christus die gemeente nie soos 'n liggaam saambind nie, dan kan ons maar op die mooiste kerkgeboue skrywe: *Ikabod.* Dis die heerlikheid van die kerk dat ons gedra, beweeg word, dat ons besiel word met die gees van Christus, dat ons soos engele straal van volwaardige, gewillige liefdesdiens, dat ons skitter soos doudruppels in die oggend-sonstrale (Ps. 110) vanweë die liefde en ywer vir ons Here Christus, dat ons as die bruid ons vir Christus versier. O, dan word die kerk hoe

langer hoe heerliker.

En dit is die glorie van die huisgesinne, dat Christus in julle wonings tasbaar teenwoordig is, deur sy majesteit, genade en gees. Ag, die armoedigste Afrikanerwoninkie waar die huisgesin Christus bely, van Christus as hulle Heiland spreek, die Here dien, sy Naam ken, in hulle samelewing vir Christus leef en 'n Christelike lewe voer, gewas in sy bloed, en hulle rein bewaar — dit is huislike heerlikheid. Die gees van Christus straal uit vader en moeder en uit die kinders. Ag hoe goed, hoe lieflik, hoe heerlik is dit nie. Geen rusies tussen huis en huis nie, maar liefde. Waar liefde woon, gebied die Heer sy seën, daar woon Hyself, daar word sy heil verkry.

Wat sal dit help dat die seuns en dogters sulke en sulke hoë posisies in die lewe inneem — maar Christus is daar weg! Dis onegte klatergoud. Bedrog.

En dit is die glorie van elke persoon in die kerklike en die volkslewe, dat Christus deur sy Woord en Gees besit geneem het van sy hart. Dan word daardie mens so heerlik! Dan word hy soos Stéfanus, voor die oë tot 'n engel! Al was jy dan ook soos die Gadarener wat tussen die graftes gedwaal het, 'n eerbare mens word jy aan die voete van u Here. Al was jy dan ook soos Saggeus wat sy boeke vervals het, of soos Saulus wat oor homself geroem het — die Woord en Gees van Christus maak wat donker is lig, wat vuil is skoon, wat asvaal is laat Hy skitter!

O, die heerlikheid van die mens sal groter wees as dié van die eerste tempel.

Ons Here beweeg in ons dae nog maar net volke, nasies, wêreldryke. Die hemel, die aarde, die see en die droë grond het Hy nog nie beweeg nie. U voel Haggai wys hier op die voleinding. Haggai gryp hier na wat Johannes op Patmos gesien het. O, as God ten slotte die hemel (sterre, son en maan), die aarde, die see, ens. gaan beweeg, omkeer, omskep, vernuwe, dan sal daar nie meer tempel- of kerkgeboue wees nie. Dan sal die ganse skepping Gods een heerlike tempel Gods wees. Dan sal God in heerlikheid by die mense tabernakel en sal hulle van heerlikheid ewig voor God skitter.

O kinders van God, wees nie bedruk nie. Wees nie ontmoedig nie, bruid van Christus! Skep moed mense, skep moed. God beweeg volke en nasies, trone stoot Hy om, Hy bou sy ryk van ewige heerlikheid.

**Amen.**

## 40. DIE BESMETLIKHEID VAN DIE SONDE

**Lees**: Haggai 2:1—14.

**Teks**: Haggai 2:11—14.

Die profeet Haggai stel 'n paar vrae aan die priesters wat juis met die offerdienste besig was, en verkry ook die antwoorde daarop. Hy doen dit nie om vir die skare, wat op die tempelplein vergader is, 'n soort kategetiese onderwys te gee nie. Die wette het hulle geken — almal het geweet dat die reine nie besmetlik is nie dog die onreine wel. Nee, Haggai stel hierdie vrae maar net as 'n aanleiding om by wyse van 'n gelykenis by sy eintlike boodskap te kom. Hy wil die volk hoëre dinge leer.

Wat Haggai by hulle wil tuisbring is hoe hulle sonde alles bederwe. Eers was dit hulle besmetlike sonde van nalatigheid met die tempelbou wat alles bederf het. Maar nou bou hulle mos die tempel en hulle bring weer offers vir die Here, vir die tempelbou. Nou is hulle vol moed en verwag dat hulle sake sal regkom. Hulle verwag dat deur die offers vir die tempel-

bou, en bloot deur tempelbou, sal alles geheilig word: die brood van die land, die wyn, die olie, die beurse! En daarom moet hulle goed verstaan, net so min as wat die heilige offervleis in die slip van die priester se kleed deur aanraking brood, wyn en olie kan heilig, net so min kan hulle deur 'n blote uiterlike hartlose tempelbou, alles in die land weer herstel kry.

Gemeente, hierdie dwaling is so inherent in ons sondaars se merg en been dat Haggai ook vandag nog sy vrae met die toepassing in ons midde moet slinger. Hier leer die Woord van die Here ons wat *wél besmetlik is* en wat *nié besmetlik is nie*. Die sonde is so verbasend besmetlik. Maar die heilige is glad nie besmetlik nie. Op hierdie twee sake vestig ons nou u aandag!

**I.**

Ons weet, gemeente, dat as ons oor die besmetlikheid van die sonde preek, ons al dadelik die instemming van ons hoorders geniet, veral van ons Gereformeerde, ons Protestantse hoorders. Dit is trouens mos 'n uitstaande Gereformeerde leerpunt: die sonde bestaan in daadwerklike sondes en in *erf*sonde. En as erfsonde is dit 'n erfskuld, en 'n erfsmet, wat so vreeslik besmettend is dat dit oor ons hele menslike geslag bederwend heengryp om almal en alles te besmet, te ontheilig, te bederf. O seker, daar is nie 'n Gereformeerde lidmaat wat nie "op hoogte" is met die leer van die erfsonde se besmetlikheid nie. Ons bespeur dan ook die besmetlikheid van die sonde in sy ontsettende gevolge. Niemand sondig net vir hom- of haarself nie, maar ook vir sy nageslag! Menige ouer ontdek sy eie sondes soveel maal vergroot in sy kinders terug. Die sondes van die vaders word dan ook besoek aan die kinders, aan die derde en vierde geslag. En as ons oë daarvoor oopgaan, is ons berou veelal te laat — die kwaad is nie meer te herstel nie en die lewe is nie meer oor te lewe nie. Dis klaar gelewe! Die onheilige sit sy bederwende verwoesting onkeerbaar deur.

Ons dogmatiese kennis van die leerstuk van die erfsonde en die praktiese resultate van die besmetlikheid van die sonde wat ons met ons oë opmerk in die lewe, bring ons egter tog nie tot die praktyk van die godsaligheid nie, en dit laat ons tog nie die sonde in sy besmetlike karakter sodanig ter harte neem nie. Ons reken die sonde wat so vreeslik besmetlik is, veelal as 'n kleinigheid. Prakties neem ons dit nou eenmaal nie so ernstig met die sonde en sy besmetlikheid nie.

Vir 'n besmetlike *siekte* is ons o so bang! Ons bly op 'n versigtige afstand daarvan weg. Ons hou ons kinders daar weg en ons waarsku hulle in alle erns om daar weg te bly asof die ewige lewe daarmee direk gemoeid is. Maar vir die besmetlike *sonde* is ons glad nie bang nie en ons laat dit rustig teer, asof dit glad nie eers besmetlik is nie.

Dit is dus glad nie genoeg dat ons soos die priesters wat die seremoniële wet goed geken en regsinnig verklaar en verduidelik het, so ook 'n dogmatiese kennis het van die sondebederf nie O nee, ons het by dit beslis nodig dat die profetiese Woord die vreeslikheid van die sondebederf vir ons nader aan die hart bring!

Die sondebederf, van geslag tot geslag, is vir ons 'n afgetrokke leerstuk wat feitlik los van ons lewe staan. Dit is nie meer vir ons 'n gevaar wat ons hele lewe met verwoesting en ondergang bedreig nie. Dit is vir ons nie meer 'n aktuele saak nie. Miskien ken ons dit nog soos die priesters die seremoniële reinigingswette geken het. En daar is selfs diegene wat dit selfs ook nie eers meer *ken* nie. Diegene wat van die sondebederf nie eers meer iets weet nie! Dis nog meer tragies.

Nou kom Haggai weer vir ons leer wat sondebederf is. Moenie die besmetlikheid van die sonde net daar by die skurwe sondes soek nie! By die onsedelikheid, die hoerery, die dronkenskap, die rowery en bedrieëry nie. Dis nie net die ergste grade van die sonde wat besmetlik of bederwend is nie! Dis al juis die vloek dat ons net 'n sekere ergerlike graad van sondes

as so bedorwe erken.

Nee, die sonde in watter graad ook, hoe klein ook, of hoe onskuldig dit ook skyn — is vreeslik besmetlik en verderwend! Ja nie net die sonde wat positief bedryf word nie, maar ook die sonde in sy negatiewe karakter. Die sonde van blote nalatigheid om die goeie te doen, is so vreeslik besmetlik.

Die teruggekeerde ballinge het nie gesteel nie, nie geroof nie, nie onsedelikheid bedryf nie, nie gemoor nie — nie daardie skurwe sondes bedryf nie. Nee, hulle het onder omstandighede wat na hulle mening dit eerlik geregverdig het, *maar net nagelaat om die tempel te bou.* Dis maar al, soos ons sal sê. En dis hierdie sonde wat so uiters besmetlik was en so bederwend op die hele land gewerk het. Hierdie sonde het soos 'n roes op hulle klere gewerk. Hierdie sonde van nalatigheid in die tempelbou het die voedende krag van hulle spyse verwoes. Dit het sy smette gewerp op die reën en die dou. Dit het die beurse deurgevreet. Dit het die hele lugruim, die natuur van Kanaän, die kulturele lewe, die sosiaal-ekonomiese toestand so bederf dat die bestaan haas onmoontlik geword het. Hierdie sonde het hulle offers — ontheilig! So besmetlik en verwoestend is die sonde!

En dis die sonde van die kerkmens! Die blote nalatigheid in die diens van die Here. Ons mense is nie openbare gruwel-bedrywers, hoereerders, rowers en moordenaars nie, maar hulle is nalatig in die diens van die Here. Hoe staan dit met ons gereelde kerkbesoek? Met ons gereelde Skrifondersoek? Met ons gereelde verbondsonderrig aan ons kinders? Hoe gaan dit met ons katkisasie, kindertjies? Maar net 'n bietjie nalatig omdat ons hart nie liefdevol in die dinge sit nie. Dis al! Maar dis hierdie sonde wat so vreeslik besmetlik en verwoestend is. As jy eers begin nalaat om die kerk te besoek en die sakramente te gebruik, dan versmelt alles om jou heen netnou maar. Dit roep die vloek Gods in, in jou beurs, in jou kleed, in jou spys en drank, in jou bedryf, tot in die natuur, in ons staatshuishouding, in ons volkslewe.

Hoe aansteeklik is die nalatige hart tog nie. Daar is geen dodeliker kiem, as die siekte van die nalatige hart nie. So sê die HERE, vra vir die priester: As jou hart verontreinig is, en jy raak dan net aan die brood, olie en wyn — dan is dit bedorwe. As jou hart onrein is en jy steek die ploeg in — dan is die akker besmet, en die lug bo jou hoof is besmet.

Laat ons dan elkeen sien en skrik vir die besmetlikheid van die sonde!

**II.**

Maar deur die optrede van Haggai is die volk van die sonde van nalatigheid genees en is hulle nou al vir drie maande besig met die tempelbou. Maar nou bou hulle weer uit 'n onrein motief. Nou is hulle weer van oordeel dat hulle offergawes op die altaar, nou weer al die moeilikhede sal regmaak. Die ontheiligde land en bedryf deur hulle nalatigheid in die diens van die Here, sal deur die altaar geheilig word. So het hulle vroeër reeds al gemeen toe hulle die altaar herbou en gereeld daarop geoffer het. En nou dat hulle bou, word hulle in hulle gevoele nog meer gesterk: die tempelbou en die tempel sal dan nou verder wel hulle moeilikhede wegruim en alles sal weer geseënd wees. En hulle poog dan ook om met hulle offers die tempel so goed en so mooi moontlik te herbou. Die altaar, die heilige offergawes, die tempel — almal heilige dinge, sal die land heilig, die verderf wegneem en die seën van die Here bring. Dis nou die dryfkrag vir hulle optrede.

En nou moet Haggai nie meer die nalatigheid bestraf nie, maar wel die verkeerde en onheilige motief in die tempelbou. So sê die Here: Vra die priesters en luister: As iemand heilige vleis in die slip van sy kleed dra, en hy sou met sy slip aan brood, wyn of olie raak, sal dit heilig word? As iemand heilige offers bring, as die volk die Levieties heilige tempel bou sal die onheilighede dan uit die land verdwyn? Die priesters antwoord: Nee, die heilige is nie besmetlik nie. Verstaan dit, o volk. Die altaar wat julle opgerig het, en die offers wat julle

gebring het, het geen krag om goed te maak wat julle met onrein harte besmet het nie. Die tempel sal nie kan vergoed vir die verkeerde motief waarmee gebou word nie. Ook die nagmaal nie. Die sonde kan wel die goeie bederf, maar 'n goeie saak kan die verkeerde dinge nie goedmaak of neutraliseer nie. Die mense wat met onrein harte voor die altaar kniel, ontheilig die altaar (of nagmaal), maar die heilige altaar (of nagmaal) kan die onheilige bidders nie heilig nie.

Die verkeerde hartsmotief in die tempelbou, nl. dat hulle nog nie suiwer uit liefde tot die Here gedring word nie, maar slegs uit die oorweging dat as hulle die tempel bou, die ellende in die sosiaal-ekonomiese toestand sal wyk, ontheilig die hele tempelbou, maar die hoogheilige van die tempel kan die verkeerde motief nie heilig nie. Die allernouste aanraking met heilige dinge, met heilige mense, kan ons nie heilig nie, as ons nie heilig *is* nie. 'n Vroom vader of moeder, kan 'n stout kind nie heilig nie; die *kerk* waar Gods Woord gepreek word, kan die harte nie heilig nie; die sakramente van doop en nagmaal kan ons harte nie heilig nie. Al kom sit ons nog soveel maal aan die nagmaalstafel, dit sal ons nie heilig nie. Die blote aanraking van heilige dinge maak niks hoegenaamd heilig nie. Maar o, as ons met ons onheilige hart aan die heilige nagmaalstafel kom sit, as ons voor God nie in Christus Jesus geheilig is deur die geloof nie — dan ontheilig jy nie net daardie stukkie brood en drankie wyn wat jy eet en drink nie, maar ook die hele nagmaal, die hele gemeente, die hele omgewing sodat God se strawwe en plae oor ons kom. Want met onheilige harte eet en drink ons Gods oordele oor ons.

En nou weet ons dat daar mense is wat verkeerde en sondige dinge doen, met die oorleg om daardeur 'n baie groot goeie ding te doen, waardeur — na hulle oordeel — die kwaad dan geneutraliseer sou kan word. Hulle sal lootjies vat en vir die kerk 'n groot offer bring — dan, so meen hulle, sal die kwaad wel geneutraliseer wees. En ons veroordeel dit in sulke mense. *Maar ons doen dieselfde ding elke dag!* Ons moet tog nie waan dat bv. 'n suiwer Gereformeerde leer, ons besonder vroom en heilig sou kan maak voor God nie. Ons moet nie waan dat die bloot regsinnige bediening van Woord en sakramente van ons gebed en sang en lied, ons voor God sal regverdig nie. As ons hart voor God nie reg, nie heilig is in sy motiewe deur die geloof in Jesus Christus nie, dan kom besmet ons die regsinnige leer, die suiwere bediening van Woord en sakramente, die regsinnige Psalm wat ons sing. O Israel, die mooiste tempel help niks, as julle harte voor God deur 'n verkeerde motief gedryf word in die tempelbou. Die suiwerste kerk baat niks, as ons harte nie geheilig is in die bloed van Christus nie.

Die skoonste volksideaal, die mooiste nasionale volksstrewe, die pragtigste volksorganisasie baat niks as ons volk se hart voor God nie reg is nie. Die goeie dinge wat ons nastreef, ons Christelike Nasionale Republiek, sal mos nie ons land en volk heilig, en ons ellende ophef as ons volk se hart voor God nie reg is nie!

Die vreemde gees, die liberalistiese, nasionaal-sosialistiese metode en praktyk, sal nie geheilig of geneutraliseer word, deur die Republiek wat ons gaan verkry nie. Ag, ons is maar net soos daardie teruggekeerde ballinge. Die goeie dinge of die heilige saak, so meen ons, heilig nou somaar alles, ook die liberalistiese demokrasie — die nuwe orde is nou somaar heilig en goed.

En nou wat sal ons sê: Die onheilige is vrugbaar, maar die heilige is onvrugbaar? Kyk, die straatdeuntjies tel die kinders somaar vanself op, maar 'n psalmvers leer hulle alleen met moeite. Vuil praatjies tel hulle maklik op, maar 'n kategismusvraag wil nie daar in nie. 'n Slegte vrug maak al die goeies sleg, maar 'n klomp goeie vrugte maak nie 'n enkele slegte goed nie. Die onheilige leef van anneksasies, maar die heilige bly in sy isolement, in sy alleenheid.

Is ons dan magteloos teen die onheilige? Ja, solank as wat die hart onheilig en verkeerd is voor God, vermag selfs heilige engele, wat neerdaal en lieflik sing en preek, niks. Ons besmet hulle eerder.

*Dis maar net die heilige bloed van Jesus Christus wat ons reinig van al ons sondes.* En geen ander heilige ding nie. En ook nie die bloot *uitwendige* aanraking van die bloed van Christus (wat ook vandag nie eers meer moontlik is nie — dit sal ons onheilige hande ook ontheilig) maar die persoonlike, gelowige aanraking van die Christus. Die omhelsing van die Christus en sy bloed met 'n gelowige hart, dit en dit alleen reinig die hart. Dit laat die hart bloei van liefde vir die Here. Dit maak die hart so innig en teer. Dit heilig die hart in al sy motiewe, sodat hy opreg is voor God. Die hart wat ons Here aanraak, soos daardie bloed-vloeiende onreine vrou ons Here aangeraak het, word genees en geheilig. Dit verkondig die Heilige Nagmaal. Die gelowige hart word dus gereinig deur die bloed van Christus. En die Woord van ons God roep u toe: Glo in die Woord van God. Glo in God, glo ook in u Heiland, en julle is geheilig. Die gelowige hart raak nie net uiterlik aan soos 'n stuk heilige offervleis in 'n kleed se slip nie, maar sluit innerlik aan, raak verenig en verinnig met onse Here. Die gelowige hart wat met onse Here verenig word, word geregverdig en geheilig. Deur die geloofsaanraking met Christus, word sy heiligheid aan ons onheiliges meegedeel en vloei sy lewe oor in ons lewe.

En dis deur die gelowige hart alleen dat ons die sonde, die onheiligheid, die wêreld oorwin. As die gelowige hart 'n werk aanpak, dan is daardie werk heilig! Want die gelowige hart handel na die reg en wet Gods, tot Gods eer. As die gelowige hart in liefde tot God, tot Gods eer die tempel bou, dan is dit heilige werk. As u met gelowige hart brood eet, wyn drink, dan is die brood en wyn geheilig. As u met 'n gelowige hart die ploeg in die grond steek dan is die akker geheilig, en die graan en plante daarop en die lugruim daarbo. As die gelowige hart die kind in liefde onderwys, dan word daardie kind in heiligdomme opgevoer. As uit die gelowige hart gespreek word, in die bedryf, die besigheid, die koöperasie, die politiek, die volksorganisasies, dan word dit alles geheilig. Maar as daar nie die gelowige hart in Jesus Christus is nie, dan word alles ontheilig, vrugteloos, bedorwe, verwoes, en raak dit deur die sonde, soos deur roes verwoes.

Heilige dinge sal 'n onheilige hart nooit kan heilig nie, selfs nie die Nagmaal nie, maar 'n heilige hart deur die geloof in Christus heilig 'n onheilige wêreld, oorwin die wêreld, en heilig die wêreld vir Christus.

Gemeente, hoe raak u die Christus aan? Soos 'n nasionalistiese Judas, wat oorloop vir die herstel van 'n nasionale Jodedom? Dan is u verlore! Soos die skare, somaar in die gedrang en drukte? Dan sal u in sy heil nie deel nie!

Hoe raak u die Christus aan! Soos die bloedvloeiende vrou met 'n gelowige hart? Dan is u geheilig en behou! Dan sal u die wêreld oorwin!

**Amen.**

## 41. KERKBOU EN AKKERBOU

**Lees**: Haggai 2.

**Teks**: Haggai 2:15—19.

Iets wat ons so besonder tref in die profesie van Haggai is die bestendige verband wat hy bewaar tussen kerkbou en akkerbou — die verband tussen godsdiens, en boerdery en bedryf. Vir sestien lange jare het die volk nie die innige verband tussen hierdie twee sake ingesien nie

— terwyl al die rampspoede wat die volk voor die hervatting van die tempelbou ondervind het, net te wyte was aan hulle nalatigheid in die tempelbou. Nou is hulle al vir drie maande besig om aan die tempel te bou. Andermaal wys die profeet op die verband tussen akkerbou en kerkbou, *maar nou met die versekering dat dit van daardie datum af geseënd sal wees.* Dus nie meer vloek nie maar nou seëninge deur God.

Haggai wys dus andermaal op die verband tussen hierdie sake maar hy doen dit om die teenstelling tussen vloek en seën, tussen lig en duisternis, goed te laat gevoel. Twee dinge is die profeet hier besig om die volk te leer in die verband tussen kerk- en akkerbou:

1. dat alles aan die seën van die HERE geleë is;
2. dat hulle hul op die HERE met vertroue kan verlaat.

Op hierdie twee gedagtes wil ons die aandag vestig waar ons straks ons in smeek- en dankgebed voor die troon van onse Here gaan stel, met die oog op ons akkerbou en veeboerdery.

**I.**

Haggai spreek oor die teenslae van die afgelope sestien jaar nie uit leedvermaak of om die volk met die strawwe bang te maak nie! Nee, die beweegrede is om vir die Jode van daardie tyd die groot les te leer, wat ons almal ook nog elke dag moet leer, naamlik dat alles in ons boerdery en bedryf van die seën van die HERE afhang, en dat hierdie seën alleen via die kerkbou, via die godsdiens, uit Sion kom.

Op daardie merkwaardige 24e dag van die 9e maand — omtrent half Desember — lê die akkers in afwagting. Sestien jaar se rampspoede het daaroor heengegaan. Die klein Palestynse akkertjies is deeglik bewerk, bemes en goeie saad is gesaai — want het elkeen nie gedraf vir sy eie huis nie? Nou is dit weer saaityd; die graan is andermaal in die akkers gelê. En die angstige vraag is: Wat sal hierdie oes oplewer? Die skure is leeg; die tempel is in aanbou, en as hierdie oes ook op 'n mislukking moet uitloop, wat moet dan van die teruggekeerde ballinge word, en wat van die tempelbou?

En gemeente, vandag gaan dit presies nog net so! Op die vraag wat sal die oes oplewer, kyk ons na die barometer, en luister na die weerberigte. En dit het al stereotiep geword dat ons sê: “Die ou tabakkies wil reën hê. As dit net kan reën, dan moet jy kyk hoe groei die goedjies!” Die behoefte aan die *seën* van die Here word nie so sterk gevoel as wat ons behoefte het aan die *gawes* van die Here nie. Nee, ons sal verder let op die kwaliteit van die saad, op die bewerking en bemesting van ons akkers. Dit is seker ook alles noodsaaklike dinge. Maar, sê Haggai, met al God se gawes, met reën en ons bearbeiding, kan dit alles tog nog op 'n mislukking uitloop. Bo dit alles is die beslissende vraag of onse HERE sy *seënende woord* oor die akkers, oor ons arbeid by sy gawes, sal uitspreek. Die boer wat alles van landbou af weet en wat selfs ook hard gewerk het, maar wat nie geleer het om voor God te kniel nie, is geen goeie boer nie. *Eenvoudig omdat landboukunde, jou landbouarbeid, jou goeie bemesting, God nog nie kan vervang nie.* Die boer in Suid-Afrika — daar is niemand meer afhanklik as hy van God nie. Dit gaan in Suid-Afrika soos in Palestina — ons het soortgelyke natuurgesteldhede. Daarom, meer as arbeid en ver bo sy arbeid uit moet die boer se smeekbedes opstyg tot Gods genadetroon: *O God, seën tog my akkers!*

Dis tevergeefs dat ons vroeg opstaan en laat opbly en brood van smarte eet; as die Here sy seën nie gee nie — is alles tevergeefs, al reën dit nog so lieflik. Die Here gee vir sy bemindes ook in die slaap. Ons kan die seën van die Here nie uitwerk of verdien nie. Ons kan dit slegs biddend afwag.

En gemeente, hierdie les moet ons leer. Daarom hou Haggai vir die volk die afgelope

sestien jaar in herinnering voor. Wat al die tyd ontbreek het, was *net die seën van die Here.* En die seën van die Here word juis oor Jerusalem, uit Sion, oor die kerk heen verkry! Dis van so 'n groot belang. Die teruggekeerde ballinge het dit net omgedraai. Hulle het gemeen die kerk, Jerusalem, die tempelbou kom oor die akkers heen eers daar! En die sonde heers ook vandag nog onder ons. Daar is mense wat leef by die gedagte om eers 'n goeie oesie te maak en dan die kerk te besoek en die Sabbat te vier. Met trane in die oë word dan op 'n hardverskeurende wyse daarop gewys, dat daar niks in die huis is nie — en hoe kan ons so kerk toe gaan!

O gemeente, dis hard! En dit moes Haggai seker bitter leed aangedoen het om dit te sien. Maar die man het die weg en die ordegang van die seën van die Here weer reggesit. Die kerk leef nie by die akkers nie, maar die akkers dra vrug deur die seën van die Here wat via die kerk kom. Want die kerk is die Sabbatvierende gemeenskap van die heiliges. En het die Here nie sy skeppingseën oor die ganse skepping aan die ware Sabbatsviering verbind nie, waar hy gesê het: “En die HERE het die Sabbatdag geseën en dit geheilig”.

En gemeente, laat ons dit goed verstaan: Waar daar 'n waarlik Sabbatvierende kerk is, daar stuur God sy seënende woord oor die akkers en velde! Dis nie genoeg dat ons toestem nie: As die Here nie seën nie, dan is alles tevergeefs. O nee, uit die kerk van onse Here, laat Hy sy seëninge drup oor die land. So het onse Here kerk- en akkerbou aan mekaar verbind. En ons slimmigheid of ons verontskuldigings sal hierdie twee nie van mekaar losbreek nie, maar ons sal onsself verongeluk. Ons kerklike Sabbatviering laat veel te wense oor. Ons verbeel ons dat die Sabbatviering ons benadeel.

Met ons gereelde kerklike Sabbatviering gee ons te kenne: ons het gearbei en kan nou verder aan die graan of plant niks meer doen nie. Alleen die HERE kan verder die wasdom gee. En nou kom ons as sy gelowiges saam om Hom te vereer en van Hom af te smeek sy onmisbare seën: “Ag Here, seën tog ons akkers”. En om Hom te prys: “Dank, ons Here, dat u ons akkers geseën het”. So bewaar ons die Skriftuurlike band tussen kerkbou en akkerbou. So alleen verkry ons ook die seën van onse Here.

**II.**

Maar Haggai wou met die noukeurige tydsbepaling van die vloek van die Here vir sestien jaar lank tot op die 24e van die 9e maand, en van die seën van ons Here vanaf dieselfde dag af en verder, tweedens die volk leer dat hulle *waaragtig op die Here kan vertrou.* Ook ons gebed om Gods seën oor ons akkers, moet 'n *vaste grond* hê. Want hoe kan jy nou in die kerk kom bid om God se seën oor die akkers en veld, en jy het nie vertroue op God nie! Jou gebed moet 'n sekuriteit hê; want dis nie somaar 'n wens of blote begeerte nie. Nou goed, Haggai wil die volk leer dat *God sekuur* is. So sekuur as wat God is in die uitvoering van sy bedreiginge, so sekuur is Hy in die uitvoering van sy beloftes. God se bedreigings, volgens die wet van Moses, het hulle vir sestien jaar as werklikheid ondervind. Maar nou sal hulle sien dat God se *beloftes* net so sekuur en betroubaar is.

Nou is daar mense wat dink dat God altyd gereed is om sy oordele uit te voer, maar met sy beloftes is dit maar 'n getalm. En dit is 'n goddelose gedagte. Die Here is juis haastig om te help en die Here vergeef graag! Wie dink dat God eerder vloek as seën, het God nog nooit geken en die Skrif ook nog nooit gelees nie. Milde hande en vriendelike oë is by Hom van ewigheid. Die Here gee só graag vir ons, dat Hy in die reël gee vóór ons vra en baie méér as wat ons vra. Voor hulle roep, sal Ek antwoord, sê die HERE.

Dit wil Haggai die volk laat verstaan. Daarom herhaal hy dit soveel maal: Merk dan nou tog op van hierdie dag af en verder. Merk op die datum! Nie net op die aarde word daar 'n kalender gehou nie. In die hemel veral hou God die kalender baie sekuur.

Seker, God reken met eeue, maar ook met dae, selfs met minute en sekondes. Daarom merk op! Vat julle kalender en julle oorlosie in die hand: van hierdie moment af, sal Ek seën gee, sê die Here. Van hierdie moment af sal nou die groot omkeer plaasvind. Die vloek sal in seën verander word. Die vyeboom sal nie lieg nie; die vee in die krale sal in menigte uitbreek, die koringhalms sal swaar gelaai word. Noudat die tempelbou, die kerkbou weer in ware geloof hervat is, noudat julle weer die Here van harte en met liefde dien, nou sal die akkerbou weer geseënd wees. En daarop kan julle steun, want die Here is so sekuur en sterk. Die Here self is die waarborg. En so is hierdie noukeurige tydsbepaling 'n uitnodiging om op die Here te vertrou, om in Hom die enigste sekuriteit vir die akkerbou te hê.

Ons kan dus nie net hier in die kerk op God vertrou, maar daar op die akker weer staan en twyfel of van dit alles iets sal kom nie. Nee, Gods Woord hier in die kerk gepreek, is die sekuriteit, geleraar uit die Heilige Skrif. En daar op die akker moet ons hierdie leer in ons lewe gaan toepas. Anders waar en hoe wil jy dan jou geloofsvertroue in God se sekuriteit beoefen? Godsdiens en boerdery is nie twee aparte dinge nie! O, dis die vloek van die liberalisme wat ons van die imperiale politiek geërf het. Sake wat bymekaar hoort, word losgerafel en God word uit die lewe verstoot. So het boerdery los van God geword; los van die godsdiens, los van die kerk. So het die liberalistiese imperiale politiek ook van ons liberalistiese boere gemaak. En waarom sal jy dan bid om seën op die akkers! Dis mos nie modern nie! En so sterf ons gebed vir ons akkers uit. Nee, ons moet dit weer leer verstaan: Kerkbou en akkerbou is één, en God self is die enigste sekuriteit vir die akker-vrug. Maar Hy wil deur ons aanbid en gesmeek wees om sy sekere seëninge oor ons akkers!

Maar geliefdes, daar is nog 'n gevaar wat ons eeu se boer gaan bedreig. Van alles word nou 'n proef gemaak. En op sigself is proefboerdery ook goed en nuttig. Maar daar is die soort mens wat in die akkerbou *ook met God* proewe maak. Die soort mens wat met die akkerbou God wil bewys! Vir sover God dan die akkers seën sou Hy God wees. Vir sover as wat die akkers nie geseënd is nie, is God ook nie daar nie, en sal dit jou nie help om op God te vertrou nie. Dis die Amerikaanse leer van 'n mens wat glo dat God net werklik is vir sover as wat Hy *gesien* kan word, en *nuttig* vir ons is. In hierdie vals Amerikanisme kan ons verval as ons die Ou Testamentiese bedeling van kerkbou en akkerbou somaar so op ons tyd wil uitwendig gaan toepas. In die Ou-Testamentiese bedeling was dit wel so dat die verband tussen kerkbou en akkerbou altyd sigbaar uitgekom het. Want die tempelbou was uiterlik sigbare simbool van die godsdiens, en daarom het die ywer vir Gods huis sigbare en tasbare resultate opgelewer vir die skure en vir die akkers. Maar toe die tempel in die Nuwe Testament wegval en die godsdiens verdiep en vergeestelik is deur die geloof in ons Here Jesus, toe het die verband tussen kerk en akkers daarmee diep geestelik geword.

Ons dien God immers nie om sy seëninge op die akkers te wil sien nie. Ons soek as geestelike mense Gods nie net God se seëninge op die akkers nie. Dit ook ja, maar nog oneindig meer. Ons godsdiens is nie 'n soort van 'n ruilhandel wat ons met God voer nie. Uiterlik skyn dit dan ook soms asof daar geen verband tussen kerk en akker is nie. Want kerkgelowiges wat getrou in hulle armoede hulle offers bring, vind soms teenslag op teenslag, terwyl diegene wat buite die kerk staan en vir Gods koninkryk niks oor het nie alles voor die wind kry! Dis mense wat daar niks van verstaan dat ons nie *renteniers* is nie, maar slegs *rentmeesters* is oor God se goed. Dis mense wat nie verstaan dat ons nie vir die Here iets kan afsonder nie, want alles is syne; ons kan maar slegs vir ons iets afsonder! Alles is die Here s'n. En tog gaan dit met hierdie soort mens soms reusagtig goed. Alles wat hulle onderneem, slaag hulle in.

Sal ons dan sê dat die verband tussen kerkbou en akkerbou, tussen godsdiens en boerdery met die geestelike verdieping in die Nuwe Testament verander het, sodat daar vandag geen verband meer bestaan nie? Het Haggai ook nog vir ons iets te sê? O ja, maar in die Nieu-

Testamentiese bedeling met sy geestelike verdieping van die gelowige se lewe moet ons die seën van onse Here tog nie net stoflik op die akkers gaan soek nie. Ons het 'n skat in die hemel. En ons gelowige hart is waar ons skat, ons Here Jesus Christus is. Daar vergader ons vir ons wat die mot en die roes nie kan opvreet en verwoes nie — onverganklike goed, onvervreemdbare skatte wat ons tot in ewigheid sal bybly.

En dit is ook net so waar dat die vloek Gods nie net in onvrugbare akkers te soek is nie. Die vloek Gods openbaar hom nie juis net in mislukking en teenslae in boerdery en bedryf nie. Dit kan wees dat Gods *vloek* daar werk waar mense groot suksesse behaal en groot skatte vergader, wat hulle dan heel vroom bestempel as die seën van die Here. Gods vloek verteer hulle hele hart en siel reeds by die groot inkomste. Ons sal tog voorwaar nie kan sê dat die groot kapitaliste wat van God niks wil weet nie, in die seën van die Here deel nie! Nee, die vloek Gods is daar. En ons sien dit as ons bedink dat so 'n miljoenêr tog nie die vrome blydskap, die pragtige rykdom van die weduwee besit, wat haar enigste penning in die skatkis gegooi en so die hele akker in diens van die kerk gestel het nie. O, daardie weduwee het geen spaarrekening nie, het geen huise en produserende akkers nie, maar sy deel in die seën van haar Here op 'n onuitputlike wyse. Geen miljoenêr kan dit met al sy skatte verwerf nie!

Daarom, gemeente, laat ons as Nieu-Testamentiese gemeente die seën van onse Here nie uitwendig en stoflik beperk tot vrugbare akkers nie.

Dis ook waar dat ons nie vandag met die kalender voor ons die Here kan nareken soos Haggai dit vir Israel gedoen het nie. Maar een ding weet ons en dis vir ons genoeg: God se kalender in die hemel is sekuur aangeteken. God faal nie. As dit nie vandag kom nie, dan more, maar dit kom. Hy sal nooit herroep wat Hy eenmaal gespreek het nie. God is in sy beloftes net so sekuur as in sy dreigemente. Hy wy sy aandag selfs aan die hare van jou hoof.

En laat ons as gelowiges vernuut na Gods beeld, ook in ons diens so sekuur soos God wees in sy diens. Laat ons maar net sekuur wees met ons hartsliefde tot God; sekuur met ons godsdiens, sekuur met ons sabbatsvierings, sekuur met ons Skrifondersoek, sekuur met ons bedes, sekuur met ons katkisasielesse, sekuur in ons goddelike beroep en arbeid, ook op die akkers. Ag, mag ons soos onse God sekuur wees met God se gebooie. Laat ons tog nie slordig wees in ons geestelike lewe, in ons Sabbatviering nie. Met slordige Sabbatvierings vertoon ons nie die afbeelding van Gods sekuriteit nie, en onteer ons Hom. Laat God se sekuriteit in u sy afbeelding vind. Laat ons van gedaante verander word na die heerlikhede van die sekuriteit Gods. Laat ons so ons dae tel en wyse harte verkry, sekuur na Gods Woord. Dan sal die rykdomme van Gods seëninge sekuur na sy Woord vir tyd en ewigheid, na die liggaam en die siel, ons heerlike erfenis wees!

**Amen.**